# DIE KLINIESE DIAGNOSE, BEHANDELING EN HEROPVOEDING VAN DERTIG JEUGOORTREDERS.

..........

deur

D. J. STEENKAMP, B.A., M.Ed.

....

PROEFSKRIF VOORGELÊ TER GEDEELTELIKE NAKOMING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD DOCTOR EDUCATIONIS AAN DIE POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

....

PROMOTOR: PROF. DR. J. CHRIS. COETZEE, M.A., M.Ed.

....

POTCHEFSTROOM.

10 FEBRUARIE 1954.

Opgedra

Aan

MY VROU.

In hierdie verhandeling is deurgaans van skuilname gebruik gemaak. Die werklike name van gevalle kom nêrens voor nie.

# VOORWOORD.

Onder invloed van die opkomende natuurwetenskappe en die algemeen-empiriese benaderingswyse het die geesteswetenskappe gedurende die neëntiende en twintigste eeue voortdurend getrag om deur te dring tot die etiologie van die verskynsels in hulle afsonderlike ervaringsgebiede. As gevolg hiervan het ook misdaad in die algemeen en jeugmisdaad in die besonder onder die soeklig gekom van sosioloë, sielkundiges, opvoedkundiges en kriminoloë. 'n Opvallende verskynsel in ondersoeke oor jeugmisdaad is die oorbeklemtoning van etiologiese faktore in teenstelling met die weinige aandag wat gegee is aan terapeutiese prosedures en rehabilitasiemetodes. In hierdie verband is dit veral die individueel-kliniese behandeling van die jeugoortreder in inrigtings in die besonder, sowel as inrigtingsbehandeling in die algemeen wat deur outeurs afgeskeep is. Die skrywer het reeds in 1945 bewus geword van hierdie leemte. Met verloop van tyd het hierdie behoefte hom steeds sterker laat voel en vandaar hierdie poging om 'n studie te maak van die kliniese behandeling en heropvoeding van jeugoortreders in 'n Verbeteringskool. Vir doeltreffende behandeling is korrekte diagnose egter noodsaaklik. Gevolglik is ook die oorsaaklike faktore agter die wangedrag van elke individuele geval noukeurig bestudeer.

Die ondersoek is eers na verloop van etlike jare voltooi omdat 'n noukeurige studie van die veld gemaak en verskillende metodes proefondervindelik aan die ervaringsfeite getoets moes word ten einde die doeltreffendheid daarvan te beoordeel. Die werk het geleidelik gegroei uit 'n daaglikse kliniese ervaring met 'n verskeidenheid van wanaangepaste jeugoortreders. Die hoop word gekoester dat hierdie ondersoek 'n

bydrae/.....

bydrae sal wees tot die individuele benadering van die probleem van rehabilitasie van die jeugoortreder in die besonder en tegelyk as 'n prikkel sal dien tot die krities-wetenskaplike ondersoek na die taak en metode van inrigtingsbehandeling in die algemeen.

Die skrywer wil graag langs hierdie weg dank en waardering betuig aan sy promotor, Prof. Dr. J. Chris. Coetzee, vir toegewyde voorligting, waardevolle kritiek en veral vir sy ongedwonge en besielende leiding.

Verder is hy dank verskuldig aan die volgende persone: Dr. G.J. Smit vir die mediese ondersoek van elke geval, Dr. P.J. de Vos en Mnr. B.P. Geldenhuys vir hulp in verband met die afneem en nasien van die toetse, Mnr. Fred le Roux vir die taalkundige versorging van die manuskrip, en Mev. L. Weepener vir die tikwerk. Eindelik ook sy hartlike dank aan almal wat hom tot hulp was in die versameling van die gegewens.

Die Skrywer.

Constantia-Verbeteringskool.
Februarie 1954.

# I N H O U D.


| | | | Bladsy: |
|---|---|---|---|
| **HOOFSTUK I** | | | |
| HISTORIES-KRITIESE INLEIDING: | | | |
| 1. | | Betekenis van Probleem.............. | 1 - 2 |
| 2. | | Jeugmisdaad......................... | 2 - 5 |
| 3. | | Die Jeugmisdadiger: | |
| | (a) | Definisie.................... | 5 - 7 |
| | (b) | Eienskappe................... | 8 - 16 |
| | (c) | Opvoedbaarheid............... | 16 - 18 |
| 4. | | Behandeling en Heropvoeding: | |
| | (a) | Algemene Oorsig.............. | 18 - 20 |
| | (b) | Gebrek aan Doeltreffendheid...... | 20 - 22 |
| 5. | | Kliniese Benadering: | |
| | (a) | Noodsaaklikheid.............. | 22 - 23 |
| | (b) | Ontwikkeling................. | 23 - 24 |
| | (c) | Waarde....................... | 24 - 25 |
| 6. | | Beoordeling van Resultate.......... | 25 - 28 |
| **HOOFSTUK II** | | | |
| DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK: | | | |
| 1. | | Benadering.......................... | 29 |
| 2. | | Doel van Ondersoek.................. | 29 - 30 |
| 3. | | Omvang van Ondersoek................ | 30 - 31 |
| 4. | | Metode van Ondersoek: | |
| | (a) | Algemene Beskrywing.......... | 31 - 36 |
| | (b) | Diagnostiese Gegewens........ | 36 - 44 |
| | (c) | Diagnose..................... | 44 |
| | (d) | Heropvoeding................. | 44 - 45 |
| | (e) | Resultaat.................... | 45 - 47 |


HOOFSTUK III/.....

Bladsy.

HOOFSTUK III

DRIE GEVALLESTUDIES IN NADERE BESONDERHEDE TER TOELIGTING:

1. Inleiding.......................... 48
2. Simbole gebruik.................... 48 - 51
3. Geval I ........................... 51 - 76
4. Geval II .......................... 76 - 96
5. Geval III ......................... 96 - 116

HOOFSTUK IV

DIAGNOSTIESE BEVINDINGE EN INTERPRETASIE:

1. Inleiding.......................... 117 - 118
2. Indeling en Omskrywing van Faktore.. 118 - 119
3. Maatskaplike Agtergrond............ 119 - 125
4. Gesinsagtergrond................... 125 - 144
5. Persoonlike Geskiedenis............ 144 - 159
6. Persoonlikheidseienskappe.......... 159 - 175
7. Samevatting........................ 175 - 178

HOOFSTUK V:

BEHANDELING EN HEROPVOEDING:

1. Inleiding.......................... 179 - 180
2. Taak............................... 181 - 183
3. Beginsels:
   (a) Individuele Benadering.......... 183 - 185
   (b) Dissipline...................... 185 - 186
   (c) Vryheid......................... 186 - 187
   (d) Klassifikasie................... 187 - 188
   (e) Prestasie....................... 188
   (f) Verantwoordelikheid............. 188 - 189

4. Heropvoeding/....

Bladsy:

4. Heropvoeding:
(a) Ontvangsperiode................ 189 - 191
(b) Terapeutiese Onderhoud.......... 191 - 199
(c) Psigoanalitiese Terapie.......... 199 - 209
(d) Hipnoterapie................... 209 - 216
(e) Algemene Vorming............... 216 - 221
(f) Liggaamsversorging............. 221 - 224
(g) Ambagsopleiding................ 224 - 226
(h) Akademiese Opleiding........... 226 - 230
5. Opsomming........................ 230

HOOFSTUK VI

DIE RESULTAAT VAN DIE HEROPVOEDINGSPROSES:
1. Inleiding........................ 231 - 232
2. Skool- en Ambagsvordering......... 232 - 234
3. Persoonlikheidsontwikkeling:
(a) Reaksies....................... 234 - 239
(b) Aanpassing..................... 240 - 245
(c) Temperament................... 245 - 250
4. Opsomming........................ 251

HOOFSTUK VII

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGE EN IMPLIKASIES:
1. Inleiding........................ 252
2. Samevatting:
(a) Diagnosering................... 252 - 258
(b) Heropvoeding................... 258 - 259
(c) Uitwerking van die Heropvoedingsproses.......... 259 - 260
3. Gevolgtrekkings en Implikasies:
(a) Algemeen....................... 260 - 261
(b) Nie-oorsaaklike Faktore........ 261 - 264

(c)/.....

| | | Bladsy. |
|---|---|---|
| (c) | Oorsaaklike Faktore .......... | 264 - 270 |
| (d) | Gekompliseerdheid van Oorsake.. | 270 - 271 |
| (e) | Opvoedingsprobleme en -Moontlikhede..... .......... | 271 - 280 |

BYLAE:

| | | |
|---|---|---|
| I. | Skedule : Kliniese Ondersoek en Diagnose............................ | i - iii |
| II. | Simbole gebruik in die Opsomming van Gegewens oor die Maatskaplike Agtergrond........................ | iv - v |
| III. | Opsomming van Gegewens oor die Maatskaplike Agtergrond............ | vi |
| IV. | Simbole gebruik in Opsomming van Gegewens oor die Gesinsagtergrond.. | vii - x |
| V. (a) | Opsomming van Gegewens oor die Gesinsagtergrond: Fisies, Samestelling, en Eienskappe........................ | xi |
| (b) | Opsomming van Gegewens oor die Gesinsagtergrond: Afwykinge by Gesinslede | xii -xiii |
| VI. | Simbole gebruik in Opsomming van Gegewens oor persoonlike Geskiedenis van Jeugoortreder.................. | xiv - xv |
| VII. | Opsomming van Gegewens oor Persoonlike Geskiedenisse....................... | xvi |
| VIII. | Opsomming van Persoonlikheidseienskappe: I.K.; Algemene Bekwaamheid; Skolastiese Prestasie.................... | xvii |
| IX. | Opsomming van Persoonlikheidseienskappe: Belangstellingsrigting............. | xviii |
| X. | Opsomming van Persoonlikheidseienskappe: Op grond van algemene Indrukke en Onderhoud.......................... | xix |
| XI(a) | Opsomming van Persoonlikheidseienskappe: Persoonlikheidsreaksies: (By Toelating) | xx |
| (b) | -do- (Na 6 maande) | xxi |
| (c) | -do- (Na 12 maande) | xxii |
| (d) | -do- (Na 18 maande) | xxiii |

Bylae XII/.......

Bladsy.

**BYLAE (Vervolg):**


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| XII | (a) | Opsomming van Persoonlikheidseienskappe: Persoonlikheidsaanpassing: | (By Toelating) ... | xxiv |
| | (b) | -do- | (Na 6 maande) ... | xxv |
| | (c) | -do- | (Na 12 maande) ... | xxvi |
| | (d) | -do- | (Na 18 maande) ... | xxvii |
| XIII | (a) | Opsomming van Persoonlikheidseienskappe: Temperamentstrekke: | (By Toelating) ... | xxviii |
| | (b) | -do- | (Na 6 maande) ... | xxix |
| | (c) | -do- | (Na 12 maande) ... | xxx |
| | (d) | -do- | (Na 18 maande) ... | xxxi |

**BIBLIOGRAFIE:** .................................. xxxii - xxxix

# HOOFSTUK I.

## HISTORIES-KRITIESE INLEIDING.

### 1. Betekenis van die Probleem:

Jeugoortreding net soos misdaad by volwassenes, is universeel. Sover bekend was daar oral, te alle tye en in alle vorme en soorte van samelewing individue wat te kort geskiet het aan die elementêrste vereistes van wetlike of toelaatbare gedrag. Om menigerlei en soms onverstaanbare redes tree menslike feilbaarheid, kwaadwilligheid en wan-aanpassing oral na vore waar mense in gemeenskappe saam gegroepeer is. Hoe ingewikkelder en meer gedifferensieerd die gemeenskap word, hoe moeiliker is die aanpassingsproses vir die individu en hoe veelvuldiger word die geleentheid om negatiewe begeertes, of selfs positiewe begeertes op negatiewe wyse te bevredig. Hoe meer wette en konvensies daar is, hoe groter is die moontlikheid dat die individu hom daaraan sal besondig. In die hedendaagse ingewikkelde en geïndustrialiseerde gemeenskap neem misdaad en jeug-misdaad gevolglik steeds groter afmetinge aan en bring jaarliks vir elke moderne staat geweldige uitgawes mee.

Dit is 'n erkende feit dat verreweg die meeste geharde misdadigers hulle loopbane op jeugdige leeftyd begin.[1] Dit volg vanselfsprekend dat dit die gemeenskap baie skade, die staat baie moeite en onkoste en die oortreder self veel verdriet en lyding sal bespaar, sowel as die verkwisting van menslike energie sal voorkom as doeltreffende middele

betyds/.....

---

1. (a) Barnes and Teeters: New Horizons in Criminology, 897.
(b) Burt: The Young Delinquent, 20.
(c) Willemse en Rademeyer: Kriminologie, 27.

betyds aangewend word om hom te red. Die heropvoeding van die jeugoortreder is noodsaaklik nie alleen om te voorkom dat hy 'n gewoontemisdadiger word nie, maar ook omdat dit groter moontlikhede van sukses inhou. Dit is relatief makliker om die faktore agter sy misdadigheid te bepaal en om hom in die lig daarvan te help. Die oorsake van sy wangedrag is dan nog nie so diep verdring en die afwykinge nog nie so sterk vasgelê nie, terwyl die jeugdige se persoonlikheid nog meer plasties en gevolglik meer beinvloedbaar is.[2] Daarom is die heropvoeding van die jeugoortreder van die grootste belang vir elke gemeenskap en vorm dit derhalwe die onderwerp van hierdie studie.

Vir doeltreffende heropvoeding is 'n deeglike begrip van die probleem van jeugmisdaad en van die aard en gehalte van die mensemateriaal waarmee gewerk moet word, noodsaaklik.

2. Jeugmisdaad:

Sonder 'n noukeurige bepaling van die begrip jeugmisdaad is dit nie moontlik om 'n juiste beeld te vorm van die aard en omvang van die taak van heropvoeding nie. In die literatuur oor die onderwerp word uiteenlopende definisies gegee. Kimball Young sê: "Clearly delinquent acts are those which parents, neighbors, schoolteachers, merchants, preachers, policemen, and others define as antisocial in the sense of contrary to morally and legally accepted types of conduct."[3] 'n Nog vaer en dubbelsinniger omskrywing word gegee/.....

2. Burt: The Young Delinquent, 19-20.
3. Young: Personality and Problems of Adjustment, 625.

gegee deur Eissler, wat jeugmisdaad omskrywe as "all these thoughts, actions, desires and strivings which deviate from moral and ethical principles."(4) Definisies van jeugmisdaad in sosiale en sedelikheidsterme is aanvegbaar. So is opvattinge oor die sedelikheid berug uiteenlopend. Daar bestaan tot nog toe geen sedekode wat deur al die individue van 'n bepaalde gemeenskap onderskryf word nie. En die beskrywing van jeugmisdaad as antisosiale gedrag skuiwe wel die klem van die intrinsieke kwaliteit van die daad na die gevolge daarvan. Daar kan egter slegs 'n oppervlakkige oordeel oor die aanvanklike en direkte gevolge van 'n bepaalde daad gevel word; oor die uiteindelike uitwerking daarvan selde 'n oordeel hoegenaamd. En selfs dan nog gaan dit hier om waardes waaroor daar geen eenstemmigheid bestaan nie. Elke gemeenskap besit wel min of meer definitiewe standaarde vir gedrag in bepaalde situasies, maar hierdie norme is nie absoluut nie. Die gevolg is dat 'n bepaalde daad beoordeel word volgens norme wat wissel van persoon tot persoon. Die sosiale definisie is daarom te vaag en onpresies.

Die duidelikste definisie van jeugmisdaad is om dit te omskrywe as gedrag wat deur die kriminele kode verbied word. Die kriminele wette beskrywe allerlei soorte strafbare gedrag en gee name daaraan, soos bv. roof en bedrog. Die probleem met so 'n regskundige definisie is dat dit soms moeilik is om te bepaal of 'n besondere daad binne die omskrywing van die wet val, byvoorbeeld of 'n bepaalde

daad/.....

4. Searchlights on Delinquency, 3.

daad manslag of moord is. Nietemin is die regskundige die enigste praktiese definisie. In dié verband sê Michael en Adler: ".....the legal rules are infinitely more precise than moral judgments or judgments with regard to antisocial character of conduct. Moreover, there is no surer way of ascertaining what kinds of behavior are generally regarded as immoral or antisocial by the people of any community than by reference to their criminal code, for in theory, at least, the criminal code embodies social judgments with regard to behavior and, perhaps, more often than not, fact conforms to theory. Most of the people in any community would probably agree that most of the behavior which is proscribed by their criminal law, is socially undesirable."[5] Ander gesaghebbendes ondersteun hierdie standpunt.[6] Die regskode van 'n land is eintlik niks anders nie as die konkrete, maar ook konserwatiewe vaslegging van standaarde vir gedrag wat op breër grondslag voorgeskrywe word deur die volksgebruike, mores, etiese norme, konvensies en dies meer.

Die kriminele kode onderskei egter nie tussen jeugoortredings en misdaad deur volwassenes nie. Die verskil is nie geleë in die wese van die wet nie. Daar bestaan ook nie afsonderlike kriminele wette vir jeugdiges en volwassenes nie. Die onderskeid berus uitsluitlik op ouderdom. Misdaad is 'n wetsoortreding, terwyl jeugmisdaad 'n wetsoortreding is deur 'n jeugdige ónder 'n bepaalde

deur/....

5. Crime, Law and Social Science, 2-3.
6. (a) Gillin: Criminology and Penology, 9-20.
(b) Gardiner and Lansdown: South African Criminal Law and Procedure, Hoofstuk 1.
(c) Bonger: An Introduction to Criminology, 2-3.

deur die wet voorgeskrewe ouderdom. Oor die algemeen geld dieselfde wette vir beide jeugdiges en volwassenes, maar daar is sekere wetsbepalings ten opsigte van mindere oortredings, soos stokkiesdraai en die gebruik van alkoholiese drank in openbare lokale, wat slegs op kinders en jeugdiges van toepassing is.(7)

Benewens die wetlike, het jeugmisdaad egter ook besliste sosiale, sedelike, sielkundige en opvoedkundige implikasies, die bespreking waarvan nie hier ter sake is nie.

3. Die Jeugmisdadiger.

(a) Definisie:

Uit die voorgaande volg dat 'n jeugmisdadiger 'n jeugdige is wat hom aan 'n oortreding skuldig gemaak het. Daar bestaan egter geen eenstemmigheid oor wanneer 'n jeugdige 'n jeugmisdadiger is nie. Cyril Burt sê: "a child is to be regarded as technically delinquent when his anti-social tendencies appear so grave that he becomes or ought to become the object of official action."(8) So 'n definisie is egter nie afdoende en duidelik nie. Antisosiale neigings is 'n te wye begrip. Daarby beskou Burt ook as jeugmisdadigers diegene teen wie offisiële stappe gedoen behoort te word. Dit is moeilik om te oordeel wanneer dergelike stappe noodsaaklik word. Reckless en Smith, daarenteen, trek die lyn veel nouer wanneer hulle sê dat "the term juvenile delinquent merely denotes a child who has been acted upon officially by

police/.....

7. Neumeyer: Juvenile Delinquency in Modern Society, 16.
8. The Young Delinquent, 15.

police officers or court authorities and does not signify a type of case generally different from cases of non-delinquent problem children or those children whose problems have not been officially recognised."(9) Die algemene standpunt is ~~den ook~~ dat die jeugdige werklik deur 'n hof skuldig bevind moet wees voordat hy as jeugmisdadiger geklassifiseer kan word.(10) Die Regeringskommissie op Straf- en Gevangenishervorming sê: "Die jeugmisdadiger is 'n kind wat werklik deur 'n geregshof weens 'n oortreding gevonnis is."(11)

Die begrip "kind" of "jeugdige" berus op ouderdomme wat deur die wet voorgeskrewe is. Die maksimum verskil in verskillende lande, maar meestal word oortreders onder agtien geklassifiseer as jeugoortreders. In die ~~Unie~~ Republiek van Suid-Afrika word die ouderdom van 'n kind deur die Kinderwet bepaal. Volgens hierdie wet is 'n kind 'n persoon onder negentien jaar; dit omvat ook 'n jong kind d.w.s. onder tien jaar en sluit selfs 'n persoon in wat oor negentien, maar onder een-en-twintig jaar is, ten opsigte van wie 'n bevel uitgevaardig is kragtens sekere sub-artikels van die wet. In soverre dit 'n kind onder die ouderdom van tien jaar betref, word hy egter as ontoerekenbaar beskou en nie as 'n n jeugmisdadiger behandel nie. ~~Hier te lande~~ is 'n jeugmisdadiger dus 'n jeugdige tussen die ouderdomme van tien en negentien jaar, en in sekere omstandighede een-en-twintig jaar, wat deur 'n hof skuldig bevind is aan 'n wetsoortreding.(12)/.....

---

9. Juvenile Delinquency, 13.
10.(a) Michael and Adler: Crime, Law and Social Science, 4.
(b) Neumeyer: Juvenile Delinquency in Modern Society, 16.
11. Verslag van die Kommissie op Straf- en Gevangenishervorming, 27.
12. [illegible]

wetsoortreding.[12]

Die wetlike definisie dek egter op verre na nie al die aspekte van die probleem van jeugmisdaad nie. Die feit dat die jeugdige 'n misdaad gepleeg het, is slegs een kant van sy probleem; dikwels is dit slegs die simptome van dieperliggende persoonlikheidsgebreke of wanaanpassings. In dié verband sê die Gluecks: "Viewed symptomatically, all delinquent behavior, whatever specific form it may take, has the common denominator of maladaptation of the individual to the demands of a social code, be it to the rules of family life, school life, or life in the larger society which is protected by a system of laws. .....From a clinical and prognostic point of view, other forms of maladjustment might be more serious than these types of behavior which the law prohibits."[13] Wanneer 'n jeugdige dus voor 'n hof skuldig bevind word aan 'n oortreding, dan is 'n bepaalde daad slegs in terme van die kriminele kode veroordeel, maar die jeugdige se wesenlike moeilikheid en persoonlikheidswanaanpassing is nog nie bepaal nie. Dit is juis hiermee dat die heropvoeding spesifiek gemoeid is. Die taak van die heropvoeding is trouens om die jeugoortreder te help om hom bevredigend aan te pas by situasies in die gemeenskap en om hom in staat te stel om die hoof te bied aan probleme wat daaruit ontstaan. Hiervoor is kennis aangaande sy persoonlikheid en insig in die dryfvere van sy gedrag noodsaaklik.

(b) Eienskappe:/.....

12. Wet Nr. 31 van 1937, Art. 103(1).
13. Unraveling Juvenile Delinquency, 13.

(b) Eienskappe:

Die mens is 'n psigo-fisiese organisme. Die kind word gebore met sowel fisiese, verstandelike en emosionele vermoëns, as met sekere basiese drange, maar hy ontwikkel ook, soos hy groot word, in wisselwerking met sy omgewing, sekere houdings, gewoontes en tipiese eienaardighede. In die bestudering van die jeugoortreder is dit nodig om al die aspekte van sy samestelling in ag te neem.

(i) Fisies:

Die ontwikkeling van wetenskaplike kennis van die mens as fisiese organisme deur die studie van die anatomie, die fisiologie en die antropologie, het gelei tot die verskuiwing van die klem van die misdaad na die misdadiger. Dit is veral te danke aan die werk van Lombroso[14] en sy tyd- en landgenote Enrico Ferri[15] en Garofalo[16] oor die misdadiger dat ondersoek in verskillende rigtings geprikkel is ten einde hul stellings te probeer bevestig, aan te vul of te verwerp. Volgens Lombroso is die misdadiger 'n produk van atavisme, dit wil sê, 'n ontogenetiese terugslag op 'n oertipe. Hy word gebore met die liggaamlike en geesteseienskappe van die oermens. Hierdie eienskappe maak dit vir hom moeilik om aan te pas by die eise van die moderne gemeenskap en laat hom neig tot misdaad. Verder sou sulke atavistiese individue tekens toon van morele stompsinnigheid en vallende siekte,

waardeur/.....

14. Crime: Its Causes and Remedies.
15. Criminal Sociology.
16. Criminology.

waardeur hulle misdadigheid verder verklaar sou word.

Hierdie opvatting het wye aanhang geniet, maar is ook skerp gekritiseer en eindelik wetenskaplik verwerp. Deur 'n groot aantal misdadigers aan metings te onderwerp, en die resultate te vergelyk met metings wat hy van studente geneem het, het Goring[17] getoon dat daar geen kriminele tipe bestaan nie.

Die opvatting dat die misdadiger fisiologies verskil van die gewone individu het egter in gewysigde en miskien verfynde vorm herleef deur die werk van Earnest Hooton.[18] Uit 'n studie van die liggaamsmate van 'n groot aantal gevangenes en lede van die gewone bevolking het hy tot die gevolgtrekking gekom dat die misdadiger 'n biologiese tipe verteenwoordig, nie noodwendig 'n terugslag op 'n primitiewe tipe nie, maar in liggaamsbou, gesigsvorm en mentaliteit verskillend van wetsgehoorsame burgers.

Ook hierdie stelling is skerp gekritiseer. Hooton is daarvan beskuldig dat hy onwetenskaplike gevolgtrekkings gemaak het om sy vooroordele te bevestig.[19] Hoewel Hooton ook ondersteuners vir sy standpunt het, moet die teorie dat die misdadiger 'n biologiese tipe verteenwoordig, in die lig van die jongste bevindinge,[20] verwerp word. Die moontlikheid van 'n verband tussen liggaamsbou en gedrag kan egter nie sonder meer verwerp word nie. Dit sou van betekenis wees as vasgestel kon word of die

oortreder/.....

17. The English Convict.
18. Crime and the Man.
19. Barnes and Teeters: New Horizons in Criminology, 166-167.
20. (a) Glueck, S. and E.: Unraveling Juvenile Delinquency, 273-274.
(b) Sheldon: Varieties of Delinquent Youth, 751-762.

oortreder in liggaamsbou verskil van die nie-oortreder en of sulke verskille 'n verklaring bied vir hul verskil in gedrag. In 'n vergelykende studie van 500 jeugoortreders en 500 nie-oortreders kom die Gluecks[21] tot die slotsom dat daar geen misdadigertipe bestaan nie, maar dat individue met 'n bepaalde liggaamsbou, indien omstandighede meewerk, beter kandidate is vir 'n misdadige loopbaan as ander. Hulle sê: ".....the delinquents as a group, tend toward the outline of a solid, closely-knit, muscular type, one in which there is a relative predominance of muscle, bone and connective tissue. There may be contradictory dysplastic components in individual instances, but the general tendency is mesomorphic."[22] Sheldon[23] kom tot soortgelyke gevolgtrekkings in 'n studie van 'n groep oortreders en 'n groep nie-oortreders. Hy het bevind dat die oortreders oorwegend die sterk gespierde, mesomorfiese tipes en temperamenteel die lewenslustige nie-geïnhibeerde persoonlikhede is. Hierdie verskynsel het na sy oordeel egter niks te maak met 'n kriminele tipe nie. Trouens, hy verklaar dat gespierdheid, lewenskrag en nie-geïnhibeerdheid juis basiese vereistes is vir sukses in enige lewensrigting. Dit is trekke wat vooraanstaande manne op elke lewensterrein openbaar en wat nie noodwendig tot misdaad lei nie. Hy sê: "To try and predict such a thing as criminality from the somato-type would be like trying to predict where a bullet will strike by describing only the

gun/.....

21. Unraveling Juvenile Delinquency.
22. Ibid, 274.
23. Varieties of Delinquent Youth.

gun and the bullet and powder charge."[24] Daar bestaan dus geen wetenskaplike bevestiging vir die veronderstelling dat die misdadiger 'n eiesoortige fisiologiese tipe verteenwoordig nie.

'n Verdere poging, miskien in vermomde vorm, om misdaad op fisiologiese gronde te verklaar, het ontstaan uit 'n onlangse vertakking van die fisiologie en die sielkunde, naamlik die endokronologie. Hierdie rigting wil misdaad verklaar op grond van afwykende klierwerking.[25] Dit is bekend dat die buislose kliere ingrypende invloed uitoefen op die persoonlikheid. Aangesien versteurings in die werking van hierdie kliere verantwoordelik is vir 'n groot verskeidenheid psigiese abnormaliteite, word daar afgelei dat ook misdaad die gevolg is van sulke versteurings. Dit kan nie ontken word dat die buislose kliere invloed op die persoonlikheid en gedrag uitoefen nie, maar voordat meer wetenskaplike feite in dié verband aan die lig kom, bly dit 'n vraag of misdaad die gevolg is van versteurde klierwerking.[26]

Daar is ewemin bevestiging vir die opvatting dat misdaad en jeugmisdaad die gevolg is van liggaamlike gebreke. Dit is slegs waar van individuele gevalle.[27] Oor die algemeen is die jeugoortreder liggaamlik sterk, gesond, energiek en gespierd.

(ii) <u>Sosiaal</u>:/.....

---

24. Varieties of Delinquent Youth, 745.
25. (a) Schlapp and Smith: The New Criminology, 101.
(b) Berman: The Glands Regulating Personality.
26. Hoskens: Endocrinology.
27. (a) Burt: The Young Delinquent, 249.
(b) Healy: The Individual Delinquent, 130.

(ii) Sosiaal:

Die sosiologie en die sosiale sielkunde het deur die beklemtoning van sosiale faktore in sy vorming belangrike bydraes gelewer tot 'n beter begrip van die jeugoortreder. Armoede en gesinsverval, frustrasie en sosiale verwording in stedelike agterbuurte, kultuurkonflikte en sosiale misleiding is elk op sy beurt benadruk as oorsaaklike faktore in jeugmisdaad.(28) Die jeugoortreder was nie meer slegs die produk van aangebore tekortkominge nie, maar die resultaat van 'n verskeidenheid faktore in die omgewing wat meegewerk het tot sy ontwikkeling.

(iii) Psigies:

Die vraag waarom bepaalde individue onder bepaalde omstandighede misdade pleeg, terwyl duisende ander onder soortgelyke omstandighede normaal aanpas, is hiermee egter nog nie bevredigend beantwoord nie. Dit was die sielkunde wat hierop 'n antwoord moes vind.

Een van die belangrikste bydraes van die sielkunde tot 'n beter begrip van die jeugoortreder, is gelewer deur die tegniek van verstandsmeting. Geruime tyd was dit die algemene opvatting dat die oortreder intellektueel minderwaardig is en gevolglik nie in staat om normale aanpassings te maak nie. Hierdie opvatting het veral sy beslag gekry ten gevolge van die studie van agterlike gesinne, onder

andere/.....

---

28. (a) Burt: The Young Delinquent, 62-205.
(b) Shaw: Delinquency Areas.
(c) Slawson: The Delinquent Boy.
(d) Glueck, S. & E.: (i) 500 Criminal Careers.
(ii) One Thousand Juvenile Delinquents.
(e) Bonger: Crimin ality and Economic Conditions.
(f) Sellin: Culture Conflict and Crime.
(g) Barnes and Teeters: New Horizons in Criminology, Chaps. X - XI.

andere deur Dugdale[29] en Goddard.[30] Dit is verder versterk deur die werk van Goring.[31] Met die ontwikkeling van gestandaardiseerde verstandstoetse het dit moontlik geword om die intellek noukeuriger te meet, en daar is bevind dat die intelligensie van die jeugoortreder effens laer is as die teoretiese gemiddelde,[32] maar dat die verskil nie so ingrypend is dat dit 'n algemene verklaring vir die probleem van jeugmisdaad bied nie. Daarby het Slawson [33] tot die slotsom gekom dat die jeugoortreder hoofsaaklik 'n agterstand toon in woordtoetse, maar weer bo die gemiddelde presteer in handvaardigheidstoetse. Die Gluecks[34] kom tot soortgelyke gevolgtrekkings en som hulle bevindings as volg op: "The delinquents tend to express themselves intellectually in a direct, immediate, and concrete manner rather than through the use of intermediate symbols or abstractions." Die juiste verband tussen intelligensie en jeugmisdaad is egter nog nie bepaal nie. Daar bestaan nietemin geen grond vir die veronderstelling dat jeugmisdaad die gevolg is van intellektuele minderwaardigheid nie.

Die waardevolste bydrae tot 'n beter begrip van die jeugoortreder is gelewer deur die studie van die persoonlikheid. Dit was veral die grondlêers van die dinamiese sielkunde[35] wat hier rigting gegee het. Een na die

ander/.....

---

29. The Jukes.
30.(a) The Kallikaks.
(b) Feeblemindedness: Its Causes and Consequences, 8.
31. The English Convict.
32. Reckless and Smith: Juvenile Delinquency, 99-108.
33. The Delinquent Boy.
34. Unraveling Juvenile Delinquency, 276.
35.(a) Freud: New Introductory Lectures on Psychoanalysis.
(b) Adler: The Practice and Theory of Individual Psychology.
(c) Jung: Contributions to Analytical Psychology.

ander het hulle beklemtoon dat afwykende gedrag 'n probleem is van persoonlikheidsaanpassing. Verskeie navorsers[36] het afsonderlik die probleem van misdaad en jeugmisdaad vanuit hierdie gesigspunt benader en tot die gevolgtrekking gekom dat die jeugoortreder die produk is van 'n proses van wisselwerking tussen die omgewing en die basiese persoonlikheidstruktuur. Jeugmisdaad is dan die gevolg van faktore wat enersyds in die sosiale milieu en andersyds in die geestesgesteldheid van die individu geleë is. Dit is 'n dinamiese proses wat slegs verstaan kan word as dit gesien word teen die agtergrond van die totale ervaring van die persoon wat misdaad pleeg. Dit hang ten nouste saam met die persoonlikheid van die individu. So sê Abrahamsen: "Our acts correspond to our whole personality, because they are an attempt to adapt the personality to the prevailing situation.....This may also be said to be the case regarding a criminal act. Such an anti-social act represents attempts of the personality to adapt itself......Personality, then, is a dynamic unit; upon its functioning the pattern of the person's behavior depends. When we seek to explain the riddle of human conduct in general and of antisocial behavior in particular, the solution must be sought in the personality. .....That different individuals are not able to meet the same

situation/.....

---

36.(a) Adler: (i) Het Moeilijke Kind.
(ii) The Individual Criminal and his Cure.
(b) Healy: (i) The Individual Delinquent.
(ii) Mental Conflict and Misconduct.
----- and Bronner: (i) Delinquents and Criminals.
(ii) New Light on Delinquency and its Treatment.
(c) Karpman: The Individual Criminal.
(d) Abrahamsen: Crime and the Human Mind.

situation is due not to the situation itself, but to the individual, because not only does the personality vary in quantity, but also in the constellation of its different components."(37) Die antisosiale gedrag van die jeugoortreder is dus 'n aanduiding van persoonlikheidswanaanpassing. Hoewel vordering reeds gemaak is, skiet kennis aangaande die persoonlikheid van die jeugoortreder en die oorsake van sy wanaanpassing nog ver kort.(38) Weliswaar is daar bevind dat emosionele konflikte en spanninge belangrike faktore in wangedrag en misdaad is. Healy and Bronner(39) meen dat die dwarsboming van die basiese drange tot hewige emosionele konflikte en onaangename spanninge lei, waarvan die kind ontslae probeer raak deur kompensasie en ontvlugting en soms deur wangedrag en misdaad. Hulle het tot die slotsom gekom dat verreweg die meeste jeugoortreders onder emosionele konflikte en spanning gebuk gaan en dikwels prikkelbaar, humeurig, buierig, gegrief en aggressief is.(40) Verder het Willemse(41) bevind dat infantilisme, beide fisies en psigies, kenmerkend is van die jeugoortreder. In die groeiproses het sekere trekke nie eweredig met die res van die persoonlikheid ontwikkel nie, sodat hy ongebalanseerd is en tekens van onvolwassenheid toon.

Hiermee is egter nog nie alle aspekte van die jeugoortreder se persoonlikheid gedek of die oorsake van sy

wanaangepastheid/.....

---

37. Crime and the Human Mind, 22.
38. Glueck, S. and E.: Unraveling Juvenile Delinquency, 3-4.
39. New Light on Delinquency and Its Treatment, 128-29.
40. Idem, 48.
41(a) Constitution types in Delinquency, 187.
(b) The Road to the Reformatory, 78.

wanaangepastheid bepaal nie. In 'n omvattende ondersoek kom die Gluecks[42] tot die slotsom dat die jeugoortreder liggaamlik essensiëel 'n sterk, gespierde mesomorfiese tipe verteenwoordig; dat hy temperamenteel energiek, impulsief, ekstrovert, aggressief en vernielsugtig is; in houding vyandig, uitdagend, liggeraak, agterdogtig, koppig, selfgeldend, avontuurlustig, onkonvensioneel en ongedissiplineerd; intellektueel geneig tot direkte en konkrete uitdrukking en minder sistematies in die aanpak van sy probleme; sosiaal-kultureel afkomstig uit gesinne met gebrek aan begrip, liefde, stabiliteit en morele beginsels, met ouers wat ongeskik was om doeltreffende leiding en beskerming te gee.

Tog is daar geen skerp skeidslyn tussen die jeugoortreder en die nie-oortreder nie. Die jeugoortreder is 'n wanaangepaste individu, maar nie alle wanaangepaste persone pleeg misdaad nie. Die tipering van die jeugmisdadiger is in die lig van die bestaande kennis daarom 'n vrywel onmoontlike taak. 'n Groot aantal individue, elk met sy besondere persoonlikheid en wanaanpassings, word saamgegroepeer onder die benaming jeugoortreder, en die faktore wat gelei het tot die misdaad van elkeen is menigvuldig en gekompliseerd.

(c) Opvoedbaarheid:

Die beskouinge ~~oor die~~ van jeugoortreder, ~~soos in die voorgaande paragraaf gestel~~, het wesenlike implikasies vir die heropvoeding. As jeugmisdaad oorerflik of/......

42. Unraveling Juvenile Delinquency, 281-82.

of aangebore is, of as die jeugoortreder 'n atavistiese of biologiese tipe verteenwoordig, het die opvoeding geen taak nie. Dan lê die oplossing van die probleem in die permanente afsondering of opsluiting van die jeugoortreder, tensy die mediese wetenskap oor middele beskik waardeur die aangebore fisiese struktuur ten goede gewysig kan word. Indien jeugmisdaad die gevolg is van versteurde klierwerking of liggaamlike gebreke, dan is dit essensiëel 'n mediese probleem. As die jeugoortreder intellektueel minderwaardig is, het die opvoeding nie 'n belowende taak nie.

Daar is egter nie wetenskaplike bevestiging vir hierdie teorieë nie. Die jongste bevindinge dui daarop dat die jeugoortreder hoofsaaklik 'n produk van verkeerde of afwykende ontwikkeling is. Hy is liggaamlik sterk en gespierd; wyk intellektueel nie ernstig af van die gemiddelde nie en toon in dié opsig 'n neiging om prakties en konkreet te wees. Hoewel hy dus in staat is om baat te vind by akademiese onderrig, behoort die klem in die heropvoeding op tegniese opleiding te val.

Dit is in hoofsaak ten opsigte van die persoonlikheid en temperament dat die jeugoortreder afwyk. Sy misdadige gedrag is dikwels die simptome van persoonlikheidsgebreke en wanaanpassings. Die heropvoeding moet daarom gerig wees op die wysiging van sy persoonlikheid. Abrahamsen stel dit as volg:- "Educational measures must necessarily take the form of re-education in order to bring about a rehabilitation of the juvenile offender. To change a person's attitudes, adaptability, and aims, such a re-education must go hand in hand with a modifying of the

personality/.....

personality."[43] Die ontwikkeling van die persoonlikheid en karakter word in beginsel in alle opvoeding aanvaar, tensy ernstige inherente gebreke, organies of funksioneel, dit onmoontlik maak. In die lig van die jongste feite oor die jeugoortreder bestaan daar geen rede om aan te neem dat hy nie opvoedbaar is nie. Die wysiging van die persoonlikheid en gedrag is allig nie 'n maklike taak nie, veral nie as dit gaan om trekke wat oor jare vasgelê is nie, maar dit is daarom nog nie 'n onmoontlike taak nie. Die heropvoeding is 'n tydrowende en langsame proses. Om te herstel wat oor 'n tydperk van jare verkeerd geloop het, is nie 'n proses van maande nie, maar meestal van jare.

4. Behandeling en Heropvoeding:

(a) Algemene Oorsig:

Behandeling en heropvoeding is relatief moderne begrippe, altans in soverre dit die oortreder of ook wel die jeugoortreder betref. Tot betreklik onlangs is oortreders aan die wreedaardigste strawwe onderwerp -- strawwe wat gewissel het van ernstige liggaamlike kastyding tot gevangesetting en doodstraf[44] vir oortredings wat vandag nie as ernstig beskou word nie. Weinig of geen verskil is gemaak tussen jeugoortreders en volwasse misdadigers nie. Die reaksie teen sowel hierdie wreedheid, as teen die weersinwekkende toestande in die tronke en die onmeetlike/.....

---

43. Crime and the Human Mind, 145.
44.(a) Gillin: Criminology and Penology, 195-206.
(b) Barnes and Teeters: New Horizons in Criminology, 397-455.
(c) Howard: State of Prisons.

onmeetlike lyding wat dit meegebring het, tesame met die mislukking van die gevangenisstelsel om die misdadiger te rehabiliteer, en die ontwikkeling van mensliker opvattinge oor sy behandeling, het nie alleen gelei tot gevangenis-hervorming nie, maar ook tot 'n begrip van die ontaarding wat gepaard gegaan het met die opsluiting van kinders en jeugdiges saam met volwasse en geharde misdadigers. Die gevolg was die totstandkoming van verbeteringskole en inrigtings vir die aanhouding van kinders en jeugdiges in feitlik alle beskaafde lande van die wêreld, insluitende Suid-Afrika. Dit het eindelik verder gelei tot die afsonderlike verhoor en mensliker behandeling van die jeugoortreder oor die algemeen. Dat blote straf as afskrikmiddel nie die gewenste resultate lewer nie, word vandag allerweë besef. Tog bied 'n simpatieke benadering, informele hofprosedure en mensliker behandeling nog nie 'n volledige oplossing vir die vraagstuk nie. Daarmee saam moet die opbouende beginsels van heropvoeding, geesteshigiëne en maatskaplike rehabilitasie gaan. Jeugoortreders het almal misdaad gepleeg of hulself skuldig gemaak aan antisosiale gedrag en moet so opgevoed word dat hulle die landswette gehoorsaam en hulself van onmaatskaplike dade weerhou. Dit is vanselfsprekend dat gedragsprobleme, soos diefstal, roof en bedrog, op sigself nie deur behandeling opgelos kan word nie. Dit is in elke instansie die jeugoortreder wat hierdie dade pleeg wat heropgevoed moet word, sodat die behoefte aan sulke gedrag nie langer by hom bestaan nie of sodat so 'n mate van innerlike selfbeheer by hom ontwikkel dat sy antisosiale drange in bedwang gehou kan word. Daar is enersyds die basiese faktore ten grondslag

aan/.....

aan die wangedrag wat verwyder, en andersyds die breëre karakteristiek van die oortreder se persoonlikheid wat gewysig moet word. Verkeerde gewoontes en kompensasie-uitingsvofme moet afgeleer word; emosionele spanninge, repressies en gevoelens van minderwaardigheid moet opgehef word. Gelyktydig hiermee moet die sosiale en emosionele aanpassing gewysig, die drange en begeertes gedissiplineer, die vermoëns en waardebesef ontwikkel, en kennis, beide akademies en beroepskundig, bygebring word.[45] Die her-opvoeding moet dus gerig wees op die ontwikkeling van die totale persoonlikheid van die jeugoortreder.[46] Naas korrektiewe behandeling moet dit dus streef na die ontwikkeling van die kennis, belangstelling, ideale, gewoontes en vermoëns van die jeugoortreder, waardeur hy homself kan verwesenlik en sy plek op waardige wyse in die gemeenskap kan inneem.

Die benadering van jeugmisdaad as essensiëel 'n op-voedkundige vraagstuk veronderstel egter nie dat misdadige gedrag nie ernstig is en met die grootste beslistheid bestry moet word nie. Dit genoodsaak inteendeel 'n intensiewer en opbouender behandeling en heropvoeding as wat gebruiklik en nodig is in 'n stelsel wat hoofsaaklik gerig is op straf.

(b) Gebrek aan Doeltreffendheid:

Ondanks die verhewe doelstellinge van verant-woordelike instansies en 'n betreklik ingewikkelde stelsel vir die voorkoming van jeugmisdaad en die

heropvoeding/.....

---

45. Burt: The Young Delinquent, 574-75.
46. Young: Social Treatment in Probation and Delinquency, 289.

heropvoeding van die jeugmisdadiger, is die praktiese resultate wat daarmee bereik word op verre na nie bevredigend nie. Jeugmisdaad neem nog steeds toe, en te veel van diegene wat behandel is, val weer terug. Onder die baie faktore wat hiervoor verantwoordelik is, moet gebrek aan kennis van die oorsake van wanaanpassing en jeugmisdaad seker as die belangrikste beskou word. In dié verband sê die Gluecks:- "..... from the point of view of preventing and curing the maladaptations of youth, the crucial requisite is still lacking: sufficiently exact knowledge of the causes of youth's maladjustments to the stresses, strains, and prohibitions of modern civilization. Without sound knowledge of the causes of maladapted behavior, the elaborate apparatus set up in the juvenile court statutes -- highly desirable as it is from a humanitarian standpoint -- cannot be too successful in curing or even curbing juvenile delinquency."[47] Sonder 'n deeglike begrip van die faktore wat in elke individuele geval tot misdaad gelei het, moet die heropvoedingswerk steeds skade ly. 'n Verdere belangrike faktor is die gebrek aan doeltreffende behandelingsmetodes. Dit is noodsaaklik om te weet waarom 'n jeugdige misdaad pleeg, maar dit is ewe noodsaaklik om te weet hoé om te herstel wat met hom verkeerd is. Weer stel die Gluecks dit as volg: "If the aim ..... is not only to provide a humane procedure, but also redirect aberrant behavior tendencies into socially acceptable channels, the most promising therapies must be utilized."[48]

Gelukkig/.....

---

47. Unraveling Juvenile Delinquency, 3.
48. Idem, 289.

Gelukkig bestaan daar in hierdie verband reeds enkele belangrike werke waarin riglyne voorsien word vir die doeltreffender behandeling en heropvoeding van die jeugoortreder.[49] Die teoretiese grondslag vir behandeling en heropvoeding is gelê, maar die praktiese toepassing van doeltreffende metodes laat nog veel te wense oor. Dit is slegs in die praktyk dat foute ontdek en geleidelik uitgeskakel kan word.

5. Kliniese Benadering:

(a) Noodsaaklikheid:

Veralgemenings oor die oorsake van jeugmisdaad bied dus nog geen verklaring vir die misdadigheid van 'n individuele geval nie, ewe min as wat behandeling en heropvoeding in die massa sy volledige rehabilitasie kan bewerkstellig. Binne 'n breë raamwerk het elke jeugoortreder sy eie temperament en persoonlikheid, en geld daar besondere omstandighede en faktore wat tot sy probleem aanleiding gegee het. Vir die rehabilitasie van die jeugoortreder is dit daarom noodsaaklik dat sy probleem vanuit die kliniese gesigspunt benader moet word. Immers, die onderskeidende kenmerk van die kliniese benadering is geleë in die metode wat dit gebruik, naamlik die noukeurige objektiewe bestudering van individuele gevalle.[50] Hoewel hierdie metode nie nuut is nie, het dit lank geduur

eer/.....

---

49.(a) Adler: The Individual Criminal and his Cure.
(b) Healy & Bronner: New Light on Delinquency and Its Treatment.
(c) Aichhorn: Wayward Youth.
(d) Friedlander: The Psycho-analytical Approach to Juvenile Delinquency.
(e) Rogers: The Clinical Treatment of the Problem Child.
(f) Lindner, R.M. and R.V. Seliger: Handbook of Correctional Psychology.

50. Wallin: Clinical and Abnormal Psychology, 15.

eer dit algemeen posgevat het, en die toepassing daarvan in die bestudering van persoonlikheids- en gedragsprobleme is hoofsaaklik die gevolg van betreklik onlangse ontwikkelinge in die sielkunde.

(b) Ontwikkeling:

Dit was veral die psigoanalitici,[51] met hulle gedetailleerde ontleding van die menslike gees en die bestudering van die individu teen die agtergrond van sy sosiale ervaring, wat baie bygedra het tot die nuwe benadering en die ontwikkeling van die kliniese tegniek. Groot invloed het ook uitgegaan van die psigobioloë,[52] wat hulle veral toegelê het op die noulettende bestudering van die verband tussen die mens en sy omgewing. Hoewel laasgenoemde skool teenoor eersgenoemde gestaan het, het die twee, in soverre dit die diagnostiese tegniek betref, mekaar aangevul. Die Gestaltsielkundiges[53] het eweeens ingrypende invloed uitgeoefen op die skepping van 'n nuwe oriëntasie: Hulle het weer beklemtoon dat geen juiste beeld van die persoonlikheid moontlik is deur 'n blote opgawe van trekke en die skatting of meting daarvan afsonderlik, sonder om die integrasie van die onderskeie trekke in die persoonlikheid as geheel in ag te neem nie. Die onoordeelkundige toepassing van eendimensiale toetse en die oordrewe waarde wat geheg is aan die resultate daarvan, het hierna geleidelik in onguns geraak.

As/.....

---

51(a) Freud: New Introductory Lectures on Psychoanalysis.
(b) Jung: The Psychology of the Unconscious.
(c) Adler: Individual Psychology.
52(a) Meyer: The Aims and Meanings of Psychiatric Diagnosis.
(b) Mapother: Maudsley Hospital Report.
53(a) Koffka: (i) The Growth of the Mind.
(ii) Principles of Gestalt Psychology.
(b) Kluver: Mechanisms of Hallucinations in Studies in Personality, Chapter X.
(c) Kohler: Gestalt Psychology.

As gevolg van hierdie invloede het die sielkunde gedurende die afgelope halfeeu op 'n funksionele gesigspunt te staan gekom wat veel bygedra het tot 'n beter begrip van persoonlikheids- en gedragsprobleme van 'n individu, insluitende die jeugmisdadiger. Die betekenis van die nuwe benadering het veral daarin gelê dat dit die siektetoestand of gedragsprobleem in verband gebring het met die lewensituasie van die pasiënt. Die onbuigsame, tiperende en klassifiserende metode van diagnose in terme van uiterlik waarneembare simptome, wat veral onder Kraepeliaanse invloed gedurende die negentiende eeu in die mode was, het as gevolg hiervan geleidelik in onguns geraak. 'n Diagnose van 'n geval moes nou in terme van die totale persoonlikheid teen die agtergrond van sy totale ervaring gemaak word.

Terselfdertyd het die sosioloë en die maatskaplike werkers[54] deur die ontwikkeling van die gevallestudie as metode van ondersoek, 'n praktiese bydrae gelewer tot die kliniese tegniek. Intussen het ook die eksperimentele sielkunde geweldige vordering gemaak en 'n groot verskeidenheid meetinstrumente ontwikkel waardeur uiteenlopende vermoëns en trekke min of meer akkuraat getoets kan word.[55] Die toepassing van laboratoriummetodes op die kliniese terrein het die ontwikkeling van die kliniese tegniek finaal afgerond.

(c) <u>Waarde</u>:

Die waarde van die kliniese benadering is dus veral daarin geleë dat dit nie alleen poog om die

aard/.....

---

54. (a) Richmond: Social Diagnosis.
(b) Hamilton: Theory and Practice of Social Case Work.
(c) Young: Social Treatment in Probation and Delinquency.

55. (a) Symonds: Diagnosing Personality and Conduct.
(b) Rapaport: Diagnostic Psychological Testing, Vol.I-II.

aard en graad van die siektetoestand of afwyking te bepaal nie, maar ook om die aanleidende oorsake daarvan te peil en in die lig daarvan middele vir behandeling en herstel te beplan en toe te pas.[56] In dié verband sê Rogers: "It is this grasp of the relationship between symptoms and causes which has significance. Only when this level of diagnosis is reached do we have any indication of the areas towards which our treatment should be directed. .....The fact finding and classifying aspects of diagnosis have their place, but in dealing with the individual child, there must be a diagnosis which goes deeper, discovers the meaning of the various elements, and points the way toward treatment."[57] Met 'n kliniese benadering word die gevaar dat slegs die simptome behandel word, terwyl die wesenlike probleem bly voortbestaan, dus sover moontlik vermy.

6. Beoordeling van Resultate:

Daar is allerweë 'n geregverdigde belangstelling in die mate van sukses wat behaal word met die heropvoeding van die jeugoortreder. Dit is immers die algemene publiek wat slagoffer is van sy aanslae en in werklikheid die geld voorsien vir sy rehabilitasie indien behandeling nodig is wat slegs in inrigtings verskaf kan word. Afgesien hiervan is dit noodsaaklik dat die resultate van behandeling en heropvoeding noukeurig bepaal word. Daarvolgens kan nie alleen die doeltreffendheid van bepaalde prosedures beoordeel word nie, maar ook 'n beter insig verkry word in die persoonlikheid van die jeugoortreder. Gebrek aan bevredigende resultate kan enersyds die gevolg wees van

swak/.....

56. Louttit: Clinical Psychology, 5.
57. The Clinical Treatment of the Problem Child, 17.

swak werk en ondoeltreffende metodes en andersyds te wyte wees aan gebreke in die persoonlikheid en aan onopvoedbaarheid van die jeugoortreder self. Indien 'n besondere prosedure nie bevredigende resultate lewer nie, sou dit tyd- en geldverspilling wees om daarmee vol te hou; boonop sou dit uiters onbillik teenoor die jeugoortreder self wees. Dit is dringend nodig dat pogings aangewend moet word om metodes te vind waardeur die rehabilitasie van die jeugoortreder bewerkstellig kan word. As daar jeugoortreders is met wie behandeling en heropvoeding niks vermag nie, soos dikwels die geval is met die sogenaamde psigopate, moet alternatiewe middele bedink word; dan moet die vraag inderdaad onder oë gesien word of dit nie beter sou wees om hulle permanent van die gemeenskap af te sonder nie.

Dit is egter nie 'n maklike taak om die resultate van die heropvoedingsproses te beoordeel nie. Wanneer is 'n jeugoortreder gerehabiliteer, en wanneer en hoe moet sy rehabilitasie beoordeel word? In die gewone onderwys word aan die end van 'n bepaalde periode 'n eksamen gestel waardeur die resultate van die arbeid getoets word. Diegene wat aan die vereistes van die eksamen voldoen, word aangeteken as suksesse en die res as mislukkings. Die resultate van heropvoedingswerk by jeugoortreders kan nie deur 'n eksamen gemeet word nie. Die jeugoortreder is gerehabiliteer as hy hom nie weer aan 'n wetsoortreding of ernstige onmaatskaplike gedrag skuldig maak nie. Die resultate van die heropvoeding moet dus beoordeel word in terme van wetsgehoorsaamheid en bevredigende sosiale gedrag.

Dit/.....

Dit is gebruiklik om die mate van sukses te beoordeel volgens die aanpassing van die jeugoortreder in die gemeenskap. In dié verband het die Gluecks opvolgingstudies van duisend jeugoortreders gemaak oor 'n periode van vyftien jaar nadat hulle behandel of heropgevoed is.(58) Dergelike ondersoeke is interessant en insiggewend, maar dit het geen regstreekse en onmiddellike waarde vir die heropvoedingstaak nie. Om vyf of tien jaar later te ontdek dat die heropvoeding in bepaalde gevalle misluk het, help nóg die individuele jeugoortreder, nóg diegene wat met sy rehabilitasie belas was. Dit is dan reeds te laat om te herstel wat verkeerd geloop het. Boonop het soveel ander faktore intussen invloed op die jeugoortreder uitgeoefen en moontlik bygedra tot sy verval of sukses dat dit moeilik is om die doeltreffendheid van die heropvoedingsprosedure daarvolgens te beoordeel.

Dit sou daarom veel meer waarde hê as 'n metode gevind kan word om die rehabilitasie te meet onderwyl die heropvoedingsproses nog aan die gang is of op die punt staan om beëindig te word. Dan kan foute nog herstel en uitgeskakel, en die heropvoedingsproses ooreenkomstig die behoeftes van die individu verleng of verkort word.

As misdadige gedrag 'n uitdrukking is van die persoonlikheid van die dader, en jeugmisdaad dikwels net die simptome is van dieperliggende persoonlikheidsgebreke en wanaanpassings, dan moet behandeling en heropvoeding in die eerste plaas gerig word op die wysiging van die persoonlikheid van die jeugmisdadiger sodat hy nie langer behoefte

het/.....

58 (a) One Thousand Juvenile Delinquents.
(b) Juvenile Delinquents Grown up.

het om misdaad te pleeg nie of sodat sy innerlike selfbeheer genoegsaam ontwikkel het om sy antisosiale drange in bedwang te hou. In dié verband sê Pauline Young: "The newer philosophy and methodology of treatment of delinquents are based on the recognition that the total personality of the delinquent, his interests, attitudes, wishes, complexes, and habits must be redefined and modified....."(59) Die resultate van die heropvoedingsproses sou daarom gemeet kan word in terme van persoonlikheidsaanpassing in die veronderstelling dat 'n persoon wat bevredigend aangepas is, nie langer misdaad sal pleeg nie. Die huidige ondersoek is 'n poging in hierdie rigting.

---

59. Social Treatment in Probation and Delinquency, 289.

# HOOFSTUK II.

## DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK.

1. Benadering:

Die probleem van jeugmisdaad word in hierdie ondersoek vanuit die kliniese gesigspunt benader. Trouens, 'n kliniese studie is eerder 'n wyse van benadering as 'n metode(1) van ondersoek of van behandeling en dui in breër sin op die bestudering, diagnose en behandeling van 'n persoon as individu, afgesien van die aard en erns van sy siekte of afwyking.(2) In die studie van probleemgedrag, soos jeugmisdaad, is die kliniese benadering gerig op die so noukeurig moontlike bepaling van die aard en graad van die afwyking of wanaanpassing by die individu, asmede die so noukeurig moontlike verklaring daarvan in die lig van die verkreë gegewens met die oog op die beplanning en toepassing van doeltreffende behandelings- of heropvoedingsmiddele.(3)

2. Doel van Ondersoek:

Die doel van hierdie ondersoek is van drieledige aard en kan kortliks as volg saamgevat word:

(a) Die noukeurige kliniese diagnose van die gedragsprobleme van elk van 'n groep jeugoortreders, d.w.s. 'n noukeurige ondersoek na die persoonlikheidsafwykings van elke jeugoortreder in die groep en die bepaling vir

sover/.....

1. Stagner: Psychology of Personality, 57.
2. Wallin: Clinical and Abnormal Psychology, 17.
3. Louttit: Clinical Psychology, 5.

sover doenlik van die faktore wat hiervoor verantwoordelik was.

(b) Die saaklike beskrywing van 'n bepaalde heropvoedingsprosedure, toegepas met die oog op die herstel van wat verkeerd of afwykend is in die persoonlikheid van elk van hierdie jeugoortreders, d.w.s. 'n algemene beskrywing van die heropvoedingsprosedure, soos toegepas aan die Verbeteringskool, Constantia, met 'n aanduiding van die middele of metodes wat aangewend is in enkele individuele gevalle.

(c) Die noukeurige bestudering van die uitwerking van die heropvoedingsprosedure op die persoonlikheid van elk van hierdie jeugoortreders, d.w.s. 'n beoordeling van die resultate van die heropvoedingsproses in terme van persoonlikheidsaanpassing.

Elk van hierdie afdelings van die ondersoek bestaan noodwendig uit sy eie onderdele, maar die betekenis van die dele word hoofsaaklik bepaal deur hulle verband met die geheel. Trouens, soos in hierdie studie benader, is die heropvoedingsproses 'n reëlmatige, ordelike verloop van diagnose, heropvoedingsprosedure en beoordeling van die resultate wat met die heropvoedingsprosedure behaal is.

3. <u>Omvang van Ondersoek</u>:

Die jeugoortreders oor wie die ondersoek gaan, is 'n monster van gevalle wat voor die voet in volgorde van toelating tot die Verbeteringskool geneem is. Omdat seleksie volgens een of ander beginsel by die monsterneming geen rol gespeel het nie, is die monster verteenwoordigend

van/.....

van die leerlinge in die betrokke inrigting, en as sodanig redelik verteenwoordigend van jeugoortreders oor die algemeen. Aangesien die ondersoek ten opsigte van elke individuele geval omvattend en betreklik intensief gedaan is, moes die groep beperk word tot dertig gevalle. Selfs met hierdie beperking kon alle aspekte van die jeugoortreder, sy ontwikkeling, persoonlikheid en heropvoeding, nie volledig gedek word nie. Daarby is die menslike persoonlikheid ingewikkeld, en die faktore wat dit beïnvloed so veelvuldig en uiteenlopend dat 'n beoordeling daarvan slegs by benadering kan geskied. Tog is in hierdie ondersoek, met die oog op doelgerigte behandeling en heropvoeding, gestreef na 'n deeglike begrip van die aanleidende oorsake en onderliggende motiewe agter die misdadige gedrag van elke geval.

4. Metode van Ondersoek:

(a) Algemene Beskrywing:

In hierdie studie is die kliniese of gevallestudiemetode gevolg. Soos toegepas, is dit 'n samegestelde prosedure wat verskillende metodes gebruik en gegewens uit verskillende bronne betrek. 'n Betreklik noukeurige studie is gemaak van elke geval deur die ondersoek van die volgende aspekte: sy maatskaplike en gesinsagtergrond; sy persoonlike ontwikkeling en kriminele rekord; sy liggaamlike en gesondheidstoestand deur middel van 'n mediese ondersoek; sy persoonlikheidseienskappe deur middel van waarneming, onderhoud, skatting en toetsing. Oor elke geval is dan 'n redelik omvattende gevallestudie opgestel wat sy maatskaplike en huislike agtergrond, sy

persoonlike/.....

persoonlike geskiedenis en huidige toestand of wanaangepastheid insluit. Gegewens is verder bygehou sowel oor sy behandeling en heropvoeding as oor die uitwerking daarvan op sy persoonlikheid en temperament.

(i) Agtergrondstudie:

Hoewel die persoonlikheid van die jeugoortreder die sentrale probleem is waarmee die heropvoeder te doen het, kan die agtergrond waaruit hy ontwikkel het, nie buite rekening gelaat word nie. Omgewingsinvloede speel 'n wesenlike rol sowel in die ontwikkeling van lewenshoudinge en gewoontes, opvattinge en belangstellinge as in gebreke van die karakter en sosiale gewete (waarby ingesluit is verkeerde morele begrippe en geestelike ideale, etiese standaarde en gedragsnorme), wat tot wanaanpassing en misdaad lei. Daarom is in hierdie ondersoek 'n noukeurige studie gemaak van die maatskaplike en persoonlike agtergrond van elke geval ten einde aanduidinge te vind van die oorsaaklike faktore in sy onbevredigende aanpassing.

Besonderhede in hierdie verband is deur middel van skriftelike navrae en persoonlike onderhoude van ouers en ander persone verkry. Aangesien hierdie mense meestal persone is met weinig of geen sielkundige of opvoedkundige kennis nie, was hulle dikwels nie in staat om die wesenlike probleem raak te sien of die oorsake daarvan te peil nie. Die inligting uit hierdie bronne verkry, moes dus oor en weer gekontroleer en geïnterpreteer word. Gapings en onjuisthede het dikwels in die gegewens voorgekom. Ten einde kontrole en vergelyking te vergemaklik, was dit noodsaaklik om uitvoerige inligting uit verskillende bronne te verkry. Die groep jeugoortreders oor wie die ondersoek

gegaan/....

gegaan het, is almal deur die howe na die Verbeteringskool verwys of andersins op bevel van die Minister daarheen oorgeplaas nadat hulle reeds na ander inrigtinge gekommitteer was. Die gegewens kon dus aangevul word sowel uit hofdokumente en oorplasingslasbriewe, waarby gewoonlik 'n geskiedenisstaat van die jeugoortreder aangeheg was, as uit 'n verslag van die proefbeampte en 'n misdaadrekord van die Suid-Afrikaanse Kriminele Buro. Verslae oor al die gevalle is verkry van vorige skole of inrigtings, saam met 'n kumulatiewe verslagkaart (Ed. Lab.I). Waar die Ed.Lab.-rekord nie bygehou was nie, is dit vir voltooiing aan die betrokke skole gestuur. Insiggewende inligting is verder verkry uit private briewe tussen ouer en kind nadat laasgenoemde tot die inrigting toegelaat is.

(ii) Waarneming en Onderhoud:

Dit is van belang om te weet wat ander mense van 'n persoon sê, maar dit is nie minder belangrik om te weet wat die persoon oor homself sê nie. Daarom is persoonlike onderhoude gevoer met elke geval, en die gegewens uit voorgenoemde bronne aangevul en gekontroleer. Die jeugoortreder self is immers beter as iemand anders in staat om lig te werp op sy gewaarwordinge, gevoelens, motiewe en opvattinge. In die onderhoude is direkte vrae tot 'n minimum beperk en is die oortreder sover moontlik vry gelaat om sy eie verhaal te vertel. Aangesien die groep gevalle gedurig byderhand was, kon hulle later weer genader word om punte te verduidelik waaroor daar onsekerheid bestaan het. Tydens die onderhoude is noukeurig gelet op enigiets wat moontlik betrekking kon hê op die misdadige gedrag van die geval. Ontwykende antwoorde,

aanduidinge/.....

aanduidinge van emosie, huiwerigheid by die meedeel van gebeurtenisse en pogings om die eie gedrag te regverdig, is aangeteken sodra daar kans was. Aantekeninge afneem gedurende die onderhoud is sorgvuldig vermy. Daar is sover doenlik gewaak teen rasionalisasies en vooroordele van die jeugoortreder self of van ander persone wat inligting oor hom voorsien, en daar is gepoog om deur te dring na die onderliggende faktore in sy persoonlikheid en agtergrond. Die strewe was steeds om 'n so volledig moontlike beeld van die jeugoortreder teen die agtergrond van sy totale ervaring te verkry ten einde sy persoonlike moeilikhede te verstaan en die aanleidende oorsake van sy misdadige gedrag te bepaal.

Verklaringe van buitestaanders oor 'n bepaalde persoon is dikwels onvolledig en oppervlakkig. Vir 'n volledige studie van elke geval was dit dus noodsaaklik om van eie waarneming gebruik te maak. Die onderhoud het hiervoor 'n uitstekende geleentheid gebied. Aangesien die groep gevalle voltyds in die inrigting was, kon hulle reaksies en houdinge in verskillende situasies noukeurig waargeneem word. Die eie waarneminge kon aangevul en gekontroleer word deur dié van drie ander personeellede wat ingewillig het om mee te werk: 'n onderwyser, 'n instrukteur en 'n huisvader. Die waarneminge van die onderskeie persone kon in samesprekinge vergelyk, onderling gekontroleer en saamgevat word.

Inligting oor die sosiaal-kulturele agtergrond van 'n individu, sy gesinslewe en persoonlike geskiedenis gaan meestal mank aan die weglating of verdraaiing van belangrike feite, of dit nou al van die persoon self of

van/.....

van ander verkry is. Die studie van persoonlikheids-eienskappe deur middel van onderhoude en waarneming bly onderhewig aan subjektiewe faktore, hoe omsigtig die ondersoeker ook al te werk gaan. Daarby kom deur hierdie metodes meestal slegs die opvallender ondervindinge en eienskappe van die persoon aan die lig wat, al sou dit kwalitatief korrek wees, tog onvolledig is en onderhewig bly aan subjektiewe faktore.

(iii) Skatting en Meting:

Ten einde hierdie beperkings sover moontlik te oorkom, is in hierdie ondersoek gebruik gemaak van meetinstrumente of toetse. Hierdeur is gepoog om die subjektiewe seleksie van feite sover moontlik te neutraliseer. Verder het die toepassing van toetse ten doel gehad die inwin van addisionele gegewens wat as aanvulling en kontrole kon dien van die feite wat reeds versamel was. Die toetse het dan kwantitatiewe maatstawwe verskaf vir die min of meer objektiewe meting van verskillende trekke of hoedanighede van die geval, waardeur 'n juister bepaling van sy afwykings of wanaanpassings gemaak kon word.

Elke geval is gevolglik onmiddellik na toelating, d.w.s. binne die eerste twee weke, aan 'n stel toetse onderwerp ten einde sowel sy huidige toestand of wan-aanpassing, as sy vermoëns vir normale aanpassing te bepaal. Hierna is 'n diagnose, met prognose, van elke geval gemaak en die groep gevalle oor 'n periode van agtien maande aan 'n bepaalde proses van heropvoeding onderwerp. Noukeurige rekord is gehou van die reaksies en vordering, al dan nie, van elke individuele geval. Ten slotte is elke geval om

die/.....

die ses maande gedurende die heropvoedingsperiode aan toetse en skatting onderwerp ten einde moontlike wysiginge in sy persoonlikheid te bepaal en die resultaat van die heropvoedingsproses te beoordeel.

Die ondersoek het dus 'n drieledige taak gestel. Diagnostiese gegewens moes oor elke individuele geval ingesamel en geïnterpreteer word. Daarna moes die groep gevalle aan 'n heropvoedingsproses onderwerp word, en eindelik moes toetse toegepas en skattinge gemaak word om die resultaat van die heropvoeding te bepaal.

Vir die insameling van die gegewens is 'n uitgebreide skedule ontwerp (Sien Bylae I). Ten einde alle aspekte van 'n geval behoorlik te dek en om te voorkom dat ondergeskikte, maar tog belangrike feite buite rekening gelaat word, was so 'n skedule noodsaaklik. Daar is egter gewaak teen die gevare verbonde aan 'n vaste patroon van ondersoek, en sover moontlik is gepoog om relevante feite in te win. Om te voldoen aan die eise wat elke individuele geval stel, moes daar noodwendig 'n mate van buigsaamheid in die ondersoek wees.

(b) <u>Diagnostiese Gegewens</u>:

Met die oog op diagnose is 'n noukeurige studie gemaak van sowel die maatskaplike en gesinsagtergrond as die persoonlike geskiedenis en persoonlikheidseienskappe van elke geval.

(i) <u>Maatskaplike Agtergrond</u>:

Ondersoek is hier ingestel beide na die formele en wesenlike aspekte van die maatskaplike agtergrond. Onder formele aspekte word

verstaan/.....

verstaan die uiterlike gesteldheid van die onmiddellike omgewing waarin die jeugoortreder groot geword het, soos o.m. die nabyheid van fabrieke, spoorwegwerwe en myne; die algemene behuisingstoestande in die woonbuurt; die samestelling van die bevolking; die ekonomiese status van die gemeenskap en die fasiliteite vir ontspanning. Die wesenlike aspekte het in hierdie ondersoek betrekking op die belangrikste en tog moeilik omskryfbare sy van die maatskaplike agtergrond, en omvat die tradisies, etiese norme, morele opvattinge en algemene lewenswyse van die mense met wie die jeugoortreder in voortdurende aanraking gekom het.

(ii) <u>Gesinsagtergrond</u>:

Onder die gesinsagtergrond is inbegrepe die behuisingstoestand, die samestelling en gesondheid van die gesin, die morele en godsdienstige beskouinge, die intellektuele en opvoedkundige standaarde sowel as die onderlinge emosionele verhoudinge in die gesin en die huislike atmosfeer. Gegewens is hier ook ingewin oor die beroepskundigheid van die gesinslede, oor die ekonomiese en sosiale status van die gesin en die wyse waarop die gesinslede hulle vrye tyd aanwend. Aandag is verder gegee aan moontlike kultuurkonflikte waaraan die gesin onderworpe was en aan die algemene dissipline in die gesin self.

(iii) <u>Persoonlike Geskiedenis</u>:

Onder die persoonlike geskiedenis van die jeugoortreder is inbegrepe sy liggaamlike, algemene en opvoedkundige ontwikkeling, sy verhouding tot die gesin, die gemeenskap en sy beroepsloopbaan indien hy reeds

gewerk/.....

gewerk het voordat hy na die inrigting verwys is. Daar is gelet op sy gewoontes, sy algemene gedrag, op aanduidinge van wanaanpassing, met die moontlike aanleidende oorsake daarvan, sowel as op die wyse waarop hy sy vrye tyd aangewend het.

(iv) Kriminele Rekord:

Ondersoek is ingestel na die kriminele loopbaan van elke geval, insluitende die ontwikkeling van misdadige neigings, die leeftyd waarop die eerste oortredings begaan is, die omstandighede wat moontlik daartoe aanleiding gegee het, en na die korrektiewe stappe wat reeds geneem is.

(v) Persoonlikheidseienskappe:

Onmiddellik na toelating tot die Verbeteringskool is 'n noukeurige studie gemaak van die persoonlikheidseienskappe van elke geval, insluitende sy gesondheidstoestand en intelligensie, sy bekwaamheid en belangstelling, sy persoonlikheidsreaksies, sy aanpassing en temperament.

Die gesondheidstoestand van 'n individu het vanselfsprekend groot invloed op sy aanpassing en gedrag. Ondervoeding, swaksigtigheid, gehoor- en spraakgebreke of enige ander vorm van liggaamlike abnormaliteit kan 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van wanaanpassing en misdaad. Dit kan ook dien as ernstige hindernisse in die heropvoedingsproses. Daarom is elke geval onmiddellik nadat hy toegelaat is aan 'n deeglike mediese ondersoek onderwerp deur die plaaslike distriksgeneesheer, bygestaan deur 'n gekwalifiseerde verpleër, en die bevindinge is op rekord geplaas.

Daarna/.....

Daarna is elke geval om die ses maande aan 'n roetine-ondersoek onderwerp om moontlike veranderinge in die gesondheidstoestand vas te stel. Waar nodig is gevalle vir verdere ondersoek na spesialiste in Kaapstad geneem.

Intelligensie is nie alleen 'n belangrike aspek van die persoonlikheid nie, maar het ook besondere betekenis vir die opvoedingsproses en nie minder nie vir die heropvoedingsproses. Daarom is elke geval aan 'n intelligensietoets onderwerp. Vir dié doel is die Suid-Afrikaanse Groepverstandstoets gebruik. Die bruikbaarheid van hierdie toets is reeds bewys. Dit was nie nodig om individuele verstandstoetse toe te pas nie, aangesien al die gevalle kon lees en skrywe. Verstandstoetse word blykbaar vandag algemeen in die skole toegepas, sodat dit moontlik was om 'n intelligensiekwosiënt vir byna elke geval van vorige skole te verkry, wat as kontrole kon dien. Waar noemenswaardige verskil voorgekom het, is die geval hertoets met die alternatiewe vorm van die groepverstandstoets.

Jeugmisdaad kan moontlik ook die gevolg wees van skolastiese vertraging. Met die oog hierop is die Skolastiese Toetse van die Buro vir Maatskaplike en Opvoedkundige Navorsing vir die meting van taal- en rekenkundige vermoë in die ondersoek gebruik. Die taaltoets bestaan eintlik uit twee afdelings, naamlik paragrawelees en woordeskat. So bestaan die rekenkundetoets ook uit twee afdelings te wete berekeninge en probleme.

Hoewel die intellektuele vermoë en skolastiese prestasie reeds 'n goeie aanduiding gee van 'n persoon se algemene bekwaamheid, is dit tog nodig om te weet wat sy meer spesifieke aanlegte of tekortkominge is. Daardeur

kan/.....

kan nie alleen geoordeel word of die persoon voorheen opleiding ontvang of werk gedoen het wat in ooreenstemming met sy spesifieke aanleg is nie, maar dit dien ook as belangrike hulpmiddel by die korrekte plasing en opleiding van die persoon in die vak of ambag waarin hy die beste kans op sukses het. 'n Ongeskikte beroep lei dikwels tot ontevredenheid en ongelukkigheid en selfs tot wanaanpassing en misdaad. Daarom is die gestandaardiseerde Bekwaamheidstoets van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing op die groep gevalle toegepas. Die toets bestaan uit afdelings vir verbale redenering, nie-verbale redenering, vormwaarneming, meganiese insig en geheue.

Kennis van 'n persoon se abstrakte intelligensie sowel as van sy spesifieke aanlegte is egter nog nie voldoende vir sy plasing en opleiding in 'n bepaalde beroepsrigting nie. Dit is ook nodig om te weet wat sy besondere belangstelling is. Vir die bepaling hiervan is die Belangstellingsvraelys van die Kaapse Onderwysdepartement gebruik. Die vraelys meet twaalf vorme van belangstelling, wat ooreenstem met die volgende breë beroepsrigtinge: voorliefde vir werk met mense as groepe, of gehore -- dus voorkeur aan die soort werk wat openbare optrede behels; voorliefde vir handeldryf -- voorkeur dus aan die soort werk wat kopers en verkopers doen; voorliefde vir syfers en syferwerk; voorliefde vir lees en letterkundige studie; voorliefde vir kunsstudie -- dus belangstelling in die waardering liewer as in die beoefening van die kuns; voorliefde vir handwerk in teenstelling met masjienwerk; voorliefde vir werk met masjiene en meganiese toestelle; voorliefde vir wetenskaplike en praktiese laboratoriumwerk; voorliefde

vir/.....

vir werk met diere en voorliefde vir werk met plante, en dus ook voorkeur aan tuinboukundige werk.

Die algemene gedrag en persoonlikheidsreaksies van 'n individu is belangrike aanduidinge van wat hy is as mens. Wetenskaplike meting het egter nog nie sover gevorder dat dit instrumente voorsien vir die objektiewe bepaling van alle gedragsverskynsels en persoonlikheidseienskappe nie. Gevolglik is naas meting in hierdie ondersoek ook gebruik gemaak van waarneming. Hoewel hierdie metode tekortkominge het, omdat dit subjektief en ongekontroleer is, was dit nogtans onontbeerlik vir 'n volledige studie van die persoonlikheidseienskappe van die gevalle. Vir dié doel is gebruik gemaak van terloopse sowel as doelgerigte waarneming. Ten eerste het die ondersoeker self, tesame met drie personeellede, gelet op die algemene gedrag en spontane reaksies van elke geval wanneer laasgenoemde vry was om te handel soos hy verkies, asook op sy bewuste handelinge in die skool, werkswinkel en kantoor. Daar is gelet op sy algemene voorkoms en houding, insluitende tekens van emosionaliteit en spanning, van neerslagtigheid, verwardheid of opgewondenheid, van kommer, prikkelbaarheid of onverskilligheid en gevoelloosheid. Die indrukke van die onderskeie waarnemers is in samesprekinge vergelyk en saamgevat, waardeur 'n geheelindruk verkry is van elke individuele geval. Ten tweede is gelet op bepaalde persoonlikheidsreaksies, wat deur die genoemde drie persone op grond van waarnemings volgens 'n voorgeskrewe skaal geskat is. Hiervoor is die persoonlikheidsreaksies vervat in die kumulatiewe verslagkaart (Ed.Lab.I) geneem. Dit bestaan uit die volgende: inisiatief, selfvertroue, pligsbesef, volharding, sosiale

aanpasbaarheid/.....

aanpasbaarheid, gemanierdheid, netheid, betroubaarheid, geaardheid en konsentrasie. Skatting het geskied op die vyf-punt-skaal volgens die voorgeskrewe kode in die aanwysings vir die invulling van die kumulatiewe verslagkaart (Ed.Lab.2). Elke geval is deur die drie beoordelaars geskat ongeveer drie weke na toelating. Vir diagnostiese doeleindes is die gemiddelde van die drie skattings geneem, waardeur die betroubaarheid van die skatting aansienlik verhoog is.

Jeugmisdaad is hoofsaaklik 'n probleem van aanpassing. Die ondersoeker het dus besluit om ook die persoonlikheids-aanpassing van die groep gevalle te bestudeer. Vir hierdie doel is die California-Persoonlikheidstoets gebruik. Hierdie toets is in die eerste plaas bedoel om persoonlikheidsaan-passing te bepaal. Dit bestaan uit twee hoofafdelings. Die eerste dek die selfaanpassing van die individu: sy selfvertroue, eiewaardebesef, gevoelens van vry wees en tuis wees, neiginge tot teruggetrokkenheid en senuweeagtigheid. Die tweede afdeling toon sy sosiale aanpassing: sy kennis van sosiale standaarde, sy sosiale bedrewenheid, sy anti-sosiale geneigdheid, sy verhouding tot die gesin, die skool en die gemeenskap. Die toetsprofiel gee 'n grafiese voorstelling van die persoonlikheidsaanpassing ten opsigte van twaalf verskillende trekke. Afwykinge van die norme is dadelik in die ooglopend, en behandeling kan op die juiste faktor gerig word. Aangesien ongeveer die helfte van die gevalle Afrikaanssprekend was, is die toets in Afrikaans vertaal alvorens hulle dit kon aflê. Met die vertaling is nougesette sorg gedra om nie die inhoud van die vrae te verander nie. Die gevaar het bestaan dat die gevalle die vrae klakkeloos of oneerlik beantwoord. Om dit

te/.....

te voorkom, is elke vraag met 'n geval individueel nagegaan en vasgestel dat die antwoord vir hom die regte was. Dit was 'n tydrowende prosedure, maar die enigste uitweg met individue wie se eerlikheid in die bantwoording van vrae oor hulleself in twyfel getrek kon word.

Die betrokke toets is in die stel ingesluit nadat dit saam met verskillende ander toetse proefondervindelik toegepas is en die doeltreffendste van sy soort geblyk het as diagnostiese instrument met die jeugoortreder. Tog het dit ook sekere gebreke. Dit is in die eerste plaas nie gestandaardiseer vir die bevolking van Suid-Afrika nie. Weliswaar is dit oorspronklik op 'n stedelike bevolking gestandaardiseer, en die groep gevalle, op uitsonderings na, is almal uit stede afkomstig. Stedelike ervaring stem in hooftrekke oral min of meer ooreen. 'n Verdere gebrek is dat die intervalle in die persentielnorme te groot is. Een punt meer of minder in die rou telling beteken soms 'n verskuiwing van vyf en meer punte na die een of ander kant in die persentielnorme, veral aan die onder-punt van die skaal. Nietemin het die toets gedien as 'n waardevolle hulpmiddel in die diagnostiese prosedure.

Wanaanpassing is enersyds te wyte aan die omgewing en veral aan die sosiale situasie, maar andersyds aan faktore wat in die persoon self geleë is. Die bestudering van die fundamentele en karakteristieke gedragsneiginge van die individu is daarom noodsaaklik vir 'n volledige begrip van sy probleem. Derhalwe is 'n temperamenttoets in hierdie ondersoek gebruik. Dit was egter moeilik om 'n geskikte toets te vind vir die meting van temperamentstrekke. Vir die doel van hierdie ondersoek het die Johnson-temperamentanalise die geskikste geblyk. Deurdat die gewone

ontkennende/.....

ontkennende en bevestigende antwoorde wat in die meeste soortgelyke toetse voorkom, vervang is deur drie moontlike antwoorde: "beslis ja", "onseker" en "beslis nee", is die betroubaarheid van die toets verhoog. Deur die grafiese voorstelling van die toetsresultaat in 'n profiel is afwykinge van die norme dadelik in die ooglopend. Die toets meet daarby die volgende wye aantal trekke: rustigheid/senuweeagtigheid, lughartigheid/swaarmoedigheid, lewendigheid/dooierigheid, hartlikheid/koudheid, mensliewendheid/hardvogtigheid, objektiviteit/subjektiviteit, aggressiviteit/onderworpenheid, erkentlikheid/vitterigheid, beheersdheid/impulsiviteit. Ook hierdie toets moes eers in Afrikaans vertaal word. Sorg is met die vertaling gedra om nie die inhoud van die vrae te verander nie. Die toets is ook nog nie vir Suid-Afrikaanse toestande gestandaardiseer nie, maar het nietemin van waarde geblyk in die diagnostiese prosedure. Ook met hierdie toets was dit nodig om die antwoorde met elke geval individueel na te gaan ten einde die betroubaarheid daarvan sover moontlik te verseker.

(c) <u>Diagnose</u>:

Eindelik is al die gegewens opgesom, gerangskik, gekontroleer en geïnterpreteer. Daaruit het gevolg die formulering van 'n gemotiveerde diagnose, met aanbevelinge vir behandeling en heropvoeding ten opsigte van elke individuele geval.

(d) <u>Heropvoeding</u>:

Sodra die diagnose gemaak was, kon behandeling en heropvoeding doelgerig 'n aanvang neem. Die hele

groep/.....

groep gevalle is hierna oor 'n periode van agtien maande aan 'n bepaalde heropvoedingsprosedure onderwerp. Hierdie prosedure word in 'n latere hoofstuk uiteengesit sodat vir die huidige volstaan kan word met enkele algemene opmerkings. Die heropvoedingsproses is meer as metodes. Die beskrywing van bepaalde metodes en behandelingsmiddele dek nog nie al die faktore wat in die Verbeteringskool op die jeugoortreder inwerk nie. Die inrigting voorsien 'n lewensituasie waarin baie subtiele, onwaarneembare en onbepaalbare invloede meewerk tot die vorming of misvorming van die oortreder se persoonlikheid. Daarby beteken 'n gesonde opbouende atmosfeer -- die opvoedkundige klimaat waarin die geval geplaas is -- meer as goeie metodes en spesifieke behandeling.

(e) Resultaat:

Dit is gebruiklik aan die Verbeteringskool, Constantia, om die vordering van elke leerling na agtien maande in oënskou te neem met die doel om te besluit of hy geskik is vir ontslag en of hy nog langer moet bly. Hierdie periode word deur die outoriteite beskou as die minimum wat nodig is vir die doeltreffende rehabilitasie van die jeugoortreder. Dit is egter onwenslik om eers na agtien maande te ontdek dat die heropvoedingspoging geen vrug gedra het nie. Dan het veel tyd en kragsinspanning reeds verlore gegaan. Dit is noodsaaklik dat onbevredigende vordering of aanpassing eerder vasgestel moet word, sodat die redes daarvoor gesoek en moontlike foute in die heropvoedingsprosedure self uitgeskakel kan word. Gevolglik is die vordering en aanpassing van die groep gevalle in hierdie ondersoek al om die ses maande bepaal tot en met agtien

maande/....

maande. Vir hierdie doel is dieselfde prosedure gevolg as wat vir diagnostiese doeleindes by die toelating van 'n geval aangewend is. Die California-aanpassingstoets en die Johnson-temperamenttoets is by herhaling oor genoemde periodes toegepas ten einde enige verskille in die resultaat te bepaal. Hierdie verskille is beskou as 'n aanduiding van verandering ten gevolge van die heropvoedingsproses. Die resultaat van hierdie toetse is aangevul deur 'n skatting van dieselfde persoonlikheidsreaksies deur dieselfde drie personeellede. Hierdie beoordelingsprosedure kan gekritiseer word. Die vraag kan gestel word of die betrokke toetse op verskillende tye dieselfde faktore meet. Kan 'n vraag nie soms verskillend geïnterpreteer word nie? Is dit nie moontlik dat die geval insig in die vrae kan kry en by herhaling van die toets bewus die gunstigste antwoorde kan verstrek nie? Dit is almal moontlikhede wat nie buite rekening gelaat mag word nie en wat die betroubaarheid van die hertoetsingresultaat verlaag. Aan die anderkant kan hierdie besware oordryf word. Ten einde by benadering te bepaal in hoe 'n mate hierdie moontlikhede hulle laat geld, het die ondersoeker die betrokke toetse twee keer op 'n alternatiewe groep toegepas met 'n tydsverloop van 'n week tussen die eerste en tweede toetsing. Die bevinding was dat die gemiddeldes van die twee onderskeie toetsresultate nie noemenswaardig verskil nie. Met langer periodes tussen die toetsing moet die verskil vanselfsprekend nog geringer wees. Verder het die skatting van die persoonlikheidsreaksies 'n mate van kontrole voorsien vir die toetsresultate. Dit is onwaarskynlik dat dieselfde geval in toetse deur drie verskillende

meetinstrumente/.....

meetinstrumente ten gevolge van dieselfde faktore beter of swakker sal vaar.

Verder kan geredeneer word dat verandering in die persoonlikheid van 'n jeugdige nie slegs te danke is aan die opvoedingsproses nie, maar ook die gevolg kan wees van die natuurlike groeiproses. Ook met hierdie argument moet rekening gehou word. Wat die proporsionele verhouding van die twee prosesse tot mekaar in die ontwikkeling en verandering van die persoonlikheid is, kan egter nie bepaal word nie. Dat elk 'n bydrae lewer, kan redelikerwys aanvaar word. As hierdie argument tot die uiterste konsekwensie deurgevoer word, sou dit beteken dat die heropvoedingsproses deur die rypingsproses vervang kan word. Alle wanaangepaste kinders moet dan slegs gelaat word om ouer te word, en hulle wanaangepastheid sal verdwyn. Dan bly die vraag egter: waar kom al die wanaangepaste en misdadige volwassenes vandaan? Daar kan dus redelikerwys aanvaar word dat wysiginge in die persoonlikheid van die geval die gevolg is van die heropvoeding.

# HOOFSTUK III.

## DRIE GEVALLESTUDIES IN NADERE BESONDERHEDE TER TOELIGTING.

### 1. Inleiding:

Hoewel daar in hierdie ondersoek 'n betreklik omvattende studie van elke geval gemaak is, volg dit byna vanselfsprekend dat die insluiting van dertig gevallestudies in die teks nagenoeg 'n onbegonne en selfs onnodige taak sou wees. Dit sou 'n paar boekdele in beslag neem en boonop neerkom op die herhaling van min of meer identiese gegewens. Daarom word in hierdie hoofstuk slegs drie uitgebreide gevallestudies gegee ten einde die werkmetode wat gevolg is, te illustreer. Selfs dit neem baie bladsye in beslag, hoewel die studies nie by benadering volledig is nie, maar slegs 'n saaklike samevatting gee van die belangrikste feite ten opsigte van elke geval.

Die betrokke gevalle is nie spesiaal uitgesoek nie, maar in bepaalde volgorde geneem, naamlik 1, 11 en 21, uit die groep van dertig gevalle. Daar is hierby geen poging aangewend om die groep in tipes in te deel en dan een verteenwoordigende geval van elke tipe te neem nie, omdat 'n tipologiese klassifikasie moeilik versoenbaar is met 'n klinies-dinamiese ondersoek na individuele gevalle.

### 2. Simbole gebruik:

Dit is onmoontlik gevind om die verskillende vorms van belangstelling, die bekwaamhede, reaksies en trekke in die tabelle volledig weer te gee. Die ruimte het daarvoor

ontbreek/.....

ontbreek. Verkortings was dus noodsaaklik. Daarom is die volgende simbole vir elke spesifieke toets, vraelys of skattingskaal gebruik:-

(a) Skolastiese Toetse:

I. Taal: P - paragrawe-lees.
W - woordeskat.

II. Rekenkunde: B - meganiese bewerkinge.
P - probleme.

(b) Algemene Bekwaamheidstoetse:

VR - verbale redenering.
NR - nie-verbale redenering.
GM - geheue.
SP - vormwaarneming.
MI - meganiese insig.

(c) Belangstelling:

SO - voorliefde vir werk met mense as persone of as geselskap, dus ook voorkeur aan sosiale aktiwiteite.

OP - voorliefde vir werk met mense as groepe, of gehore, dus voorkeur aan aktiwiteite wat openbare optrede behels.

B - voorliefde vir handeldryf en dus voorkeur aan die soort werk wat kopers en verkopers doen.

Sy - voorliefde vir syfers en syferwerk.

Sk - voorliefde vir skryfwerk.

L/.....

L - voorliefde vir lees en letterkundige studie.

K - voorliefde vir kunsstudie, dus belangstelling in die waardering van kuns.

H - voorliefde vir werk met die hande en met handgereedskap.

M - voorliefde vir werk met masjiene en meganiese toestelle.

W - voorliefde vir wetenskaplike laboratoriumwerk.

D - voorliefde vir werk met diere.

P - voorliefde vir werk met plante.

(d) Persoonlikheidsreaksies:

Ins.- inisiatief.

Slv.- selfvertroue.

Plb.-pligsbesef.

Vlh.-volharding.

Sap.- sosiale aanpasbaarheid.

Gmh.- gemanierdheid.

Nth.- netheid.

Bth.- betroubaarheid.

Gah.- geaardheid.

Kst.- konsentrasie.

(e) Aanpassing:

SA - selfaanpassing.

SV - selfvertroue.

GE - gevoel van eiewaarde.

PV - gevoel van persoonlike vryheid.

GT - gevoel van tuishoort.

NT/.......

NT - vry van neigings tot terugge-trokkenheid.

SS - vry van simptome van senuwee-agtigheid.

MA - maatskaplike aanpassing.

MS - begrip van maatskaplike standaarde.

MB - maatskaplike bedrewenheid.

AN - vry van antisosiale neigings.

GH - verhouding tot die gesin.

SH - verhouding tot die skool.

MH - verhouding tot die gemeenskap.

(f) Temperament:

S/R - senuweeagtig/rustig.

S/L - swaarmoedig/lighartig.

L/D - lewendig/dooierig.

H/K - hartlik/koud.

M/H - mensliewend/hardvogtig.

S/O - subjektief/objektief.

A/O - aggressief/onderworpe.

E/K - erkentlik/krities.

B/I - beheers/impulsief.

3. Geval I:

(a) Identifikasie:

Naam: Frederick Human.

Ouderdom 20, I.K. 107, Std. VII.

(b) Probleem:

Sosiale wanaanpassing gepaard met geestesver-steurdheid. Gekommitteer op twee aanklagte van diefstal en vervalsing. Daar was ses soortgelyke vorige oortredings waarvoor hy 'n opgeskorte vonnis opgelê is.

(c)/.....

(c) <u>Maatskaplike Agtergrond</u>:

Frederick het in 'n besonder gunstige maatskaplike omgewing groot geword. Hy is in Graaff-Reinet gebore, waar hy gewoon het tot sy sewentiende jaar. Die gemeenskap is gemengd Engels-Afrikaanssprekend en handhaaf min of meer gevestigde tradisies en gesonde sedelike opvattinge. Na dit voorkom, verteenwoordig die ekonomiese status van die mense in die onmiddellike buurt 'n goeie gemiddelde. Aan speelruimte en ontspanningsfasiliteite het dit nie ontbreek nie.

(d) <u>Gesinsagtergrond</u>:

Die gesin bewoon 'n redelik ruim huis met al die nodige geriewe daarin. Die ouers het twee jaar op Queenstown gewoon, maar Frederick het by 'n tante op Graaff-Reinet agtergebly ter wille van sy skool. Mnr. en mev. Human het slegs twee kinders -- 'n seun en 'n dogter. Frederick is die oudste.

Die vader is 'n sterk en gesonde man, maar die moeder ondervind hartmoeilikheid sedert haar jeug en moet dikwels in die bed bly. Na die ouers beweer, was albei kinders in hulle jongdae nie baie gesond nie, maar nie een van die twee het ooit 'n lang siekbed ondervind nie. Die dogter is geruime tyd vir vallende siekte behandel, maar het na bewering volkome herstel. Sy is 'n sensitiewe, senuweeagtige kind.

Die grootouers aan albei kante is redelik gesonde mense. Die oupa en ouma aan vaderskant was neef en niggie en dit skyn of daar erflike gebreke by sommige van die kinders voorkom. Twee broers van die vader is swaksinnig, 'n derde is uiters eksentriek en pak die een onderneming na

die/.....

die ander aan sonder om êrens sukses te behaal, terwyl 'n vierde selfmoord gepleeg het. 'n Ander broer en 'n suster van die vader skyn weer gesond en lewenskragtig te wees en behaal blykbaar sukses in die lewe.

Die ouers is wellewende, burgerlike mense. Die vader is in die polisiediens en 'n pligsgetroue, gerespekteerde amptenaar. Hy verdien £65 per maand. Dit is al inkomste wat die gesin het. Hulle voer 'n goeie bestaan, veral omdat die gesin klein en die ouers sorgsame mense is. Die moeder is 'n sieklike, maar tog bekwame huisvrou. Sy is saggeaard, met 'n neiging tot swaarmoedigheid. Albei ouers stam uit gesiene gesinne. Hulle behoort aan die N.G. Kerk en handhaaf streng morele en godsdienstige beskouinge. Die vader is in die kerkdiens, vroeër as diaken, nou as ouderling. Hy het Std. VIII geslaag. Die moeder was voor haar troue onderwyseres. Albei ouers stel baie belang in die kerklike en kulturele aangeleenthede van die gemeenskap en is, sover geoordeel kan word, onberispelik van lewenswandel. Die gesin staan hoog aangeskrewe by vriende en kennisse. Die huislike atmosfeer is skynbaar gesond, en die gesinslede baie geheg aan mekaar.

Die dogter is ingetoë en aanhanklik van geaardheid en gaan selde sonder die moeder êrens heen. Sy meng nie veel met ander jongmense nie, ondanks die feit dat die ouers haar in dié rigting aanmoedig. Sy is redelik intelligent en studeer vir onderwyseres aan 'n opleidingskollege.

Die huislike dissipline skyn gesond te wees. Die vader was vroeër egter oordrewe streng en het dikwels swaar lyfstraf toegedien vir geringe vergrype, veral aan die seun. Hy beweer dat hy later sy fout besef het en

sedertdien/.....

sedertdien baie anders optree. Vriende van die gesin bevestig hierdie bewering. Die moeder, daarenteen, was altyd sag en begrypend. Sy het haar bes gedoen om 'n matigende invloed op die vader uit te oefen.

Die vader sowel as die dogter speel tennis. Origens wy die gesin hulle vrye tyd aan lees en die ondersteuning van kerklike en sosiale funksies.

(e) Persoonlike Geskiedenis:

(i) Liggaamlike Ontwikkeling:

Volgens die ouers was Frederick se geboorte en liggaamlike ontwikkeling redelik normaal. As jong kind was hy baie senuweeagtig en nie sterk nie, maar met die nodige mediese aandag het hy herstel en uitgegroei tot 'n goed geboude, gesonde seun. Behalwe die gewone kindersiektes -- pampoentjies, waterpokkies, masels en kinkhoes -- het hy geen ander noemenswaardige siekte gehad nie.

(ii) Algemene Ontwikkeling:

Die moeder en 'n tante wat in noue voeling met die gesin verkeer, beweer dat die seun reeds sedert sy vroeë jeug tekens van abnormaliteit getoon het. Blykbaar het die vader dit nie besef nie, en omdat albei bewus was van die hoë verwagtinge wat hy van die seun koester, wou hulle hom nie ontnugter nie. Omdat die vader geen begrip van die seun se toestand gehad het nie, was hy oordrewe streng en kon die besorgdheid van die moeder nie begryp nie. In sy blinde strewe om van Frederick 'n modelkind te maak, het hy hom hardhandig gestraf vir die geringste foutjie. Hierdeur het hy die

seun/.....

seun se vertroue in hom verbeur. Frederick was 'n beangste, senuweeagtige kind wat geleer het om sy vader te vrees. Omdat laasgenoemde bang was dat die seun verkeerde dinge sou aanleer, het hy hom nie toegelaat om met ander kinders te speel nie. Frederick het tot hy moes skool toe gaan alleen groot geword en was later nie in staat om met ander kinders om te gaan nie. Toe die vader eindelik tot die besef kom dat die seun afwykings toon, het hy simpatieker teenoor hom opgetree, maar Frederick het nooit die vrees vir sy vader ontgroei nie. Hierdie vrees is later oorgedra op ander voorwerpe, sodat hy vandag 'n geweldige angs het vir die donkerte en vir water. Tog sal hy nooit erken dat hy bang is nie, maar dit probeer wegsteek agter grootdoenerigheid en grootpraterigheid.

Toe sy afwykings meer in die ooglopend word, het die ouers hulle bes gedoen om hom te help. Hulle het hom na 'n sielkundige en eindelik na 'n psigiater geneem. Albei het gevind dat hy "verstandelik vertraag" is en aanbeveel dat hy in 'n spesiale klas geplaas word. Dit is gedaan, en die onderwyser het besondere aandag aan hom bestee. Die gevolg was dat hy redelik goed gevorder het in sy skoolwerk. Hy het egter ander eienaardighede openbaar: soms in woedebuie uitgebars teenoor die moeder en die dogter; homself dan weer ure lank in sy kamer afgesonder en briewe aan denkbeeldige persone geskrywe; sy kamer met allerlei verspotte prente beplak en soms 'n dag alleen in die veld rondgedwaal, plante versamel en in die agterplaas kom plant net om dit die volgende dag weer uit te trek. Elke dag het hy met 'n splinternuwe plan gekom, maar dit die volgende dag ewe maklik laat vaar. Hy het verder 'n

onbeteuelde/.....

onbeteuelde drang openbaar om dinge uitmekaar te haal: fietse, horlosies en speelgoed, sonder die minste vermoë om dit weer aanmekaar te sit. Hoewel hy intussen reeds die ouderdom van vyftien jaar bereik het, het hy hom in baie opsigte nog soos 'n baba gedra. Hy was besonder kleinserig en het van elke skrapie of kneusplekkie 'n grotigheid gemaak. Die vader het hom aangemoedig om rugby te speel, maar die seun was te bang dat hy sou seerkry.

Hoewel hy dit nog steeds moeilik gevind het om met ander kinders oor die weg te kom, was hy in sommige opsigte innemend van geaardheid, stil en gedienstig. Hy het 'n gebrekkige begrip openbaar van die waarde van geld en sy sakgeld meestal op nuttelose artikels verkwis. Oor die algemeen was hy buitengewoon net en presies op sy klere, maar dan het hy weer oor kort tydperke verval in ernstige slordigheid en hom nie die minste bekommer oor sy voorkoms nie.

Hy het nooit enige dissiplinêre probleme opgelewer tot by skoolverlating nie. Die sielkundige wat hom vroeër behandel het, skryf as volg oor sy gedrag: "His conduct which was very good during childhood days, can perhaps mainly be attributed to the wise guidance and sound education of the parents and aunt." Hy het eers 'n ernstige probleem geword nadat hy die skool verlaat het.

(iii) <u>Opvoedkundige Ontwikkeling</u>:

Hy is op sesjarige leeftyd skool toe.

Aanvanklik was sy vordering uiters swak. Hy was ernstig verstrooid en het dit moeilik gevind om sy aandag by sy werk te bepaal. Op tienjarige leeftyd was hy

nog/.....

nog maar in Std. I. Hy is toe in 'n spesiale klas geplaas, waar die onderwyser baie aandag aan hom gegee het. Boonop het die vader 'n onderwyser gekry om hom na skoolure privaat les te gee. Hierna was sy skoolvordering bevredigend, sodat hy in sy sestiende jaar in Std. VII slaag. Die prinsipaal rapporteer as volg oor hom: "He was hardworking and trustworthy. His conduct was very satisfactory." Nietemin verklaar sy klasonderwyser dat hy kleptomaniese neigings getoon het en dit steeds moeilik gevind het om by ander kinders aan te pas.

(iv) Beroepsloopbaan:

Hy het die skool na Std. VII verlaat om te gaan werk. Hy het as vakleerling in 'n haarkappery begin teen £3 per maand. Hy het egter na 'n paar maande ontdek dat hy nie van die werk hou nie en by die Jeugopleidingsbrigade aangesluit. Hier bly hy slegs drie maande en sluit toe by die S.A. Polisie aan. Toe hy die depot verlaat, word hy in Pretoria gestasioneer en kry 'n salaris van £21 per maand, onderhoudstoelaag ingesluit. Hy kon egter hiermee nie deurkom nie, en toe die vader hom na 'n jaar besoek, het hy oral geld geskuld en lenings aangegaan. Die vader het al sy skulde vereffen en hom gewaarsku dat hy op so 'n wyse in die moeilikheid sou beland. Drie maande later was hy weer in die skuld, en die vader moes weer inspring en sy skuld betaal om hom uit die hof te hou. 'n Maand later word hy gearresteer op aanklag van diefstal. Hy is skuldig bevind, maar die vonnis is vir drie jaar opgeskort. Hy is verder in die sorg van die vader en onder toesig van die proefbeampte geplaas. As gevolg van hierdie oortredings is hy uit die

polisiediens/.....

polisiediens ontslaan. Kort daarna kry hy werk as pakhuis-hulp in 'n motorbandfabriek in Port Elizabeth teen £6 per week. Hy bedank na 'n paar weke om verpleër te word in die Provinsiale Hospitaal. Hier verdien hy £20 per maand. Na nog 'n week bedank hy weer en kry 'n betrekking as telefoonoperateur in die Algemene Poskantoor teen £27 per maand. Veertien dae later kry hy weer 'n soortgelyke aanstelling in die Algemene Poskantoor, Pretoria. Hy bedank 'n paar weke later en tree as kantoorklerk in diens van die "S.A. Trade Union Society" teen £22.5.4d. per maand. Kort hierna is hy gearresteer op aanklagte van diefstal en vervalsing.

(v) Kriminele Rekord:

Benewens die onoordeelkundige skuldmakery om klere en onnodige artikels te koop, het hy ses oortredings van diefstal en vervalsing begaan waarvoor hy die reeds gemelde opgeskorte vonnis gekry het. Daarna is hy skuldig bevind op twee aanklagte van diefstal en vervalsing en is hy na die Verbeteringskool, Constantia, verwys. Die vader verklaar dat hy sy moeder en suster na sy ontslag uit die polisiediens met 'n vuurwapen gedreig het. Hiervoor is daar geen aanklag teen hom ingebring nie.

By sy verhoor op die eerste reeks oortredings is hy op versoek van die vader na 'n psigiater verwys. Laasgenoemde het bevind dat hy nie "mentally disordered or defective within the meaning of the Mental Disorders' Act" is nie. Tydens sy verhoor op die laaste twee oortredings is die saak uitgestel hangende 'n psigiatriese verslag. Hy is op tydelike aanhouding na Weskoppies gestuur. Hiervandaan is as volg oor hom gerapporteer: "No evidence of

mental/.....

mental abnormality was forthcoming. His account of the offences with which he is charged indicates that it was deliberately planned because of his desire to have clothing for which he could not pay." Op grond van 'n pleidooi van sy prokureur word die saak verder uitgestel vir nog 'n psigiatriese verslag. Hy is op borgtog vrygelaat in die sorg van sy tante. Die verslag van die psigiater het nou as volg gelui: "Sy gedrag wys duidelik daarop dat hy 'n psigopaat is met 'n ligte graad van swaksinnigheid. Hy is een van die sogenaamde onstabiele morone en val onder die groep wat die Wet op Geestesgebreke 'social defectives' noem. Deur sy volkome wanaanpassing, gepaard met kinderagtige onverantwoordelikheid en gebrek aan emosionele beheer, tipies van die psigopaat, sal hy homself voortdurend in die moeilikheid beland tensy ernstige pogings aangewend word om hom te rehabiliteer. Straf sal in sy geval niks help nie en moontlik net bydra om 'n geharde misdadiger van hom te maak."

Op grond van hierdie verslag word die saak nogeens uitgestel, en Frederick vir observasie en rapport verwys na die Neuropatiese Hospitaal Tara. Die verslag het as volg gelui: "He is certifiable as a socially defective person under the Mental Disorders' Act. His career since early boyhood, has been punctuated by numerous antisocial acts, which in recent years have brought him under criminal charge. He is not mentally defective in the intellectual sense. What he lacks is a social community. As a result of this defect his conduct appears to be irresponsible and cruel. He knows, however, what he is doing, as evidenced by the premeditated and planned nature of his acts, and

that/.....

that what he is doing is wrong, as evidenced by his concealment of the acts. His sense of shame when discovered is defective and he is little moved by the cruelty which his conduct inflicts on his dupes and relatives. Foresight of discovery and possible punishment is counterbalanced not only by lack of shame and care for others but also by the call, which he finds irresistable, to satisfy immediate needs and requirements. In his case psychological reorientation and moral indoctrination might possibly be achieved with intensive psychotherapy, but there is no certainty of success. My suggestion is, therefore, that he be sent to a Work Colony."

As gevolg van hierdie rapport is hy na die Verbeteringskool gekommitteer in stede van na 'n Werkkolonie. Hy was nou reeds 'n jongman van 20 jaar.

(f) <u>Persoonlikheidseienskappe</u>:

(i) <u>Algemene Indrukke</u>:

By sy toelating tot die inrigting het hy tekens getoon van kinderagtigheid en ernstige emosionele onstabiliteit. Hy het 'n geweldige humeur geopenbaar, maar geredelik kalmer geword en beangs soos 'n klein seuntjie gereageer sodra 'n besliste houding teenoor hom ingeneem word. Verder was hy baie senuweeagtig en bang vir die donkerte of vir alleen wees. Hy het dikwels gekla dat hy visuele en ouditêre hallusinasies ervaar. Aanvanklik is aan die egtheid hiervan getwyfel, maar die angs en ontsteltenis wat hy openbaar het, selfs wanneer hy onbewus was van die feit dat sy reaksies waargeneem word, het die oortuiging gewek dat sy klagtes eg is. Tydens 'n onderhoud het hy verstar en wesenloos voor hom uitgestaar.

Toe/.....

Toe 'n beroep op sy aandag gedoen word, het hy verskoning gevra en gesê dat hy na iets gekyk het. Hy het verduidelik dat sy vader so pas daar voor hom gestaan en met 'n verwyt-ende vinger na hom gewys het. Hy sien dikwels sy vader in hierdie houding, selfs wanneer hy saans gaan slaap of gedurende die nag wakker word. As gevolg hiervan kan hy nie slaap nie. Hy het dit moeilik gevind om te konsentreer, was geestelik verward en versteurd. Hy was sosiaal in so 'n mate defektief en wanaangepas dat hy dit moeilik gevind het om met ander leerlinge oor die weg te kom en dikwels kom kla het dat hulle hom terg of afknou. By nadere ondersoek het dit steeds geblyk goedige spelery te wees. Hy het daarby 'n sterk paranoidale tendensie geopenbaar soos geblyk het uit sy voortdurende aanklaery van ander leerlinge en uit sy geloof dat almal teen hom gekant is. Dit het moeilik gegaan om hom met 'n bepaalde werk besig te hou. Hy het die een taak na die ander ywerig aangepak, maar dit 'n tien minute later net so laat staan en weer iets anders gesoek om mee te begin.

(ii) Liggaamlike Toestand:

Herhaalde mediese ondersoeke voor sy verwysing en na sy toelating tot die inrigting het geen liggaamlike gebrek aan die lig gebring nie. Hy is 'n sterk en gespierde jong man van middelmatige lengte en aangename voorkoms. Tog is hy kronies hardlywig en gepla met dispepsie. Hy is hiervoor medies behandel.

(iii) Intelligensie en Skolastiese Prestasie:

Ondanks vroeëre bevindinge is hy verstandelik normaal met 'n I.K. van 107. Die feit dat hy in staat was om Std. VII te slaag, weerlê die

argument/.....

argument dat hy swaksinnig is. Ondanks hierdie prestasie is hy tog skolasties vertraag, soos uit die volgende toetsresultate blyk:

**Tabel IA.**

**Prestasie in Taal- en Rekenkundetoetse.**

| Toets | Taal. | | Rekenkunde | |
|---|---|---|---|---|
| | P | W | B | P |
| Persentiel | 45 | 30 | 15 | 15 |

Hoewel hy redelik vertoon ten opsigte van taalkennis, is sy rekenvermoë uiters swak. Oor die algemeen is hy skolasties met minstens een jaar vertraag.

(iv) Bekwaamheid:

Die uitslag van die Bekwaamheidstoets dui daarop dat hy geen spesifieke aanleg in 'n bepaalde rigting het nie. Die volgende tabel dui sy prestasie in hierdie toetse aan:

**Tabel II A.**

**Prestasie in Algemene Bekwaamheidstoets:**

| Bekwaamheid | VR. | NR. | GM. | SP. | MI. |
|---|---|---|---|---|---|
| Persentiel | 29 | 37 | 14 | 45 | 22 |

Hiervolgens skyn dit of hy redelik behoort te vaar in die meeste soorte beroepe. Hy blink nêrens uit nie, hoewel hy effens beter gedoen het in die nie-verbale redenerings- en vormwaarnemingstoetse.

(v)/.....

(v) Belangstelling:

Sy prestasies in die verskillende skale van die Belangstellingsvraelys word in die volgende tabel aangegee:

Tabel III A.

Persentiele in Belangstellingsvraelys.

| Vorms van Belangstelling. | SO | OP | B | Sy | Sk | L | K | H | M | W | D | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 95 | 95 | 30 | 65 | 75 | 80 | 80 | 40 | 10 | 40 | 20 | 35 |

Volgens die tellinge in hierdie vraelys toon hy 'n duidelike belangstelling in werk met mense, beide as groepe en as individue. Daarbenewens stel hy belang in lees en letterkundige studie en in kunswaardering. Sy belangstelling in handwerk is swak.

(vi) Reaksies:

Die volgende tabel gee die gemiddelde skatting van sy persoonlikheidsreaksies:

Tabel IV A.

Gemiddelde van drie skattings van Persoonlikheidsreaksies.

| Reaksies | Ins. | Slv. | Plb. | Vlh. | Sap. | Gmh. | Nth. | Bth. | Gah. | Kst. | Tot. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skatting | 3 | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 | 3 | 1 | 2 | 1 | $\frac{17}{50}$ |

Hierdie skatting gee 'n ongunstige beeld van sy persoonlikheidsreaksies. Hoewel hy heelwat inisiatief aan die dag lê, ontbreek die selfvertroue en volharding om vol te

hou/.....

hou met wat hy aangepak het. Die gevolg is dat hy dikwels op sy pligte gewys moet word. Hy is sosiaal ernstig wanaangepas en vind dit moeilik om maats te maak. Hy is gewoonlik goedgemanierd en net, maar teruggetrokke en onbetroubaar. Verder skyn hy geneig te wees om te oordeel sonder om te dink.

(vii) Aanpassing:

Sy persoonlikheidsaanpassing word in die volgende tabel weerspieël:

Tabel V A.

Prestasie in California-Persoonlikheidstoets.

| Trekke | SA | SV | GE | PV | GT | NT | SS | MA | MS | MB | AN | GH | SH | MH | T. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 1 | 10 | 5 | 1 | 5 | 1 | 1 | 10 | 70 | 10 | 5 | 50 | 60 | 5 | 1 |

Volgens die uitslag van hierdie toets laat beide sy self- en sosiale aanpassing veel te wense oor. Hy vertoon vry normaal ten opsigte van sy begrip van sosiale standaarde en norme, en is bevredigend aangepas tot die gesin en die skool. Dit skyn egter of hy die bedrewenheid mis om sosiaal doeltreffend te verkeer. Hy toon hierby sterk antisosiale neigings en is swak aangepas tot die gemeenskap. Oor die algemeen is hy ten opsigte van die self baie ernstiger wanaangepas as ten opsigte van die gemeenskap. Dit ontbreek hom aan selfvertroue en 'n gevoel van eiewaarde. Hy is beklemd, vreemd, teruggetrokke en baie senuweeagtig.

(viii)/.....

(viii) Temperament:

Die temperamenttoets het die volgende resultaat gelewer:

Tabel VI A.

Prestasie in Johnson-Temperamenttoets.

| Trekke | S/R | S/L | L/D | H/K | M/H | S/O | A/O | E/K | B/I |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 90 | 65 | 50 | 75 | 60 | 80 | 85 | 70 | 25 |

Die uitslag van hierdie toets dui daarop dat sy persoonlikheid in hoë mate ongebalanseer is. Hy is senuweeagtig, sensitief en gespanne -- faktore wat moontlik bygedra het tot die verswakking van ander trekke. Sy sensitiviteit sluit aan by sy hoë subjektiviteit: 'n neiging om egosentries te wees en hom gebeure sterk aan te trek. Hy is verder aggressief, oordrewe krities en geneig om swaarmoedig te wees. Hy is aan die anderkant redelik aktief, hartlik en simpatiek, maar besonder impulsief.

(g) Diagnose:

(i) Formulering:

Frederick is 'n redelik intelligente, maar besonder sensitiewe jong man wat gebuk gaan onder ernstige temperamentsafwykings en persoonlikheidswanaanpassings, soos blyk sowel uit die toetsresultate, as uit die feite van sy persoonlike geskiedenis. Sy misdadigheid is die gevolg en simptoom van dieperliggende persoonlikheidsprobleme. Die uitslag van beide die temperament- en aanpassingstoetse dui daarop dat hy buitengewoon senuweeagtig en teruggetrokke is -- trekke in sy persoonlikheid wat ook deur sy familie en kennisse beklemtoon word. Nie alleen

verraai/.....

verraai sy hele loopbaan 'n ernstige onewewigtigheid en impulsiviteit nie, maar hierdie trekke word ook in die temperamenttoets onderstreep. Sy wanaangepastheid, beide ten opsigte van die self en die gemeenskap, word geopenbaar in die California-toets en in sy persoonlike geskiedenis.

Samevattend kan gesê word dat hy oordrewe senuwee-agtig, depressief, aggressief en impulsief is, maar ook teruggetrokke en sku, met 'n neiging om na binne te lewe. Hy openbaar nie maklik uiterlike tekens van spanning en emosie nie. Wanneer emosie wel die oorhand oor sy introversie kry, soos in die geval van humeuruitbarstings, ruk hy onmiddellik na binne sodra 'n besliste houding teenoor hom ingeneem word. Sy uiterlike ongevoeligheid, koudheid en onverskilligheid is blykbaar verdedigingsmeganismes teen wat hy aanvoel as pynlike situasies. Trouens, die temperamenttoets dui daarop dat hy nie werklik so koud, ongevoelig en onverskillig is as wat hy voorkom nie.

As gevolg van sy spesifieke persoonlikheidsamestelling is die intellektuele kontak met sy omgewing swak, en sy algemene gedrag dié van 'n persoon wat nie geneë is om buite homself te reik nie. Hoewel hy 'n goeie begrip het van sosiale standaarde, is hy sosiaal onbedrewe en nie in staat om by ander aan te pas nie, hoofsaaklik omdat hy die probleme waarvoor hy te staan kom, teoreties en idealisties benader. Weens sy besondere subjektiviteit is hy geneig om elke gebeurtenis of opmerking op homself van toepassing te maak. Hy ly aan 'n sterk minderwaardigheidsgevoel. Die gevolg is dat hy gedurig kompenseer deur grootdoenerigheid, meestal in sy verbeelding, en deur mooi klere aan te skaf, wat daartoe gelei het dat hy meer koop as wat hy kan betaal en in verdere

moeilikheid/.....

moeilikheid beland het. Sy sterk selfgeldingsdrang, gepaard met introversie, noop hom om lugkastele te bou ten einde te vergoed vir sy tekortkominge in die werklike lewe. Die hallusinasies wat hy ondervind, is blykbaar die gevolg van 'n kanende skuldgevoel, nie alleen om wat hy verkeerd gedoen het nie, maar ook omdat hy sy ouers teleurgestel het. Hy is in staat om te redeneer en die gevolge van sy dade te voorsien.

Dit val moeilik om sy probleem te diagnoseer. Sy persoonlike loopbaan en sy onverantwoordelikheid, wispelturigheid, kinderagtigheid en impulsiviteit skep die indruk dat hy 'n psigopaat is. Sy hoë mate van subjektiviteit, wat gepaard gaan met aggressiviteit en swaarmoedigheid, dui op skisofrenie, terwyl die feit dat hy so besonder senuweeagtig en depressief is, dit moontlik maak dat hy aan 'n angsneurose ly. Op grond van sy sensitiwiteit, teruggetrokkenheid, asosialiteit en sterk verbeeldingslewe sou dit waarskynlik meer korrek wees om hom te klassifiseer as 'n skisoïdiese persoonlikheid met 'n paranoidale inslag. Trouens, sy hele persoonlike geskiedenis dui daarop.

(ii) <u>Motivering</u>:

Die oorsaak van sy probleem kan moontlik deels konstitusioneel en deels die gevolg wees van omstandighede. Dit is baie waarskynlik dat genetiese faktore 'n rol speel in sy toestand. Daar is reeds gewys op 'n sterk neiging tot abnormaliteit en wanaanpassing in die familie aan vaderskant. Die moontlikheid van 'n aangebore disposisie ten grondslag van sy afwykings en wanaanpassings is dus sterk. Verder het die houding van die ouers, besonderlik dié van die vader, sy teruggetrokkenheid en asosialiteit versterk.

Oordrewe/.....

Oordrewe strengheid en onoordeelkundige beskerming met die doel om die seun te vrywaar van negatiewe beïnvloeding, het as gevolg gehad gebrek aan sosiale ervaring en 'n onvermoë om die probleme van die lewe doeltreffend te hanteer. Toe die vader eindelik sy fout besef en poog om dit te herstel, was die kwaad reeds gedaan. Hoe simpatiek sy optrede toe ook al was, kon hy nooit weer die vertroue van die seun wen nie.

Sy onvermoë om sosiaal aan te pas, saam met sy subjektiviteit en impulsiviteit het as gevolg gehad dat hy gedurig sy werk verander het sonder dat hy êrens genoeg geld verdien het om die klere en ander artikels te koop waaraan hy as gevolg van sy minderwaardigheidsgevoel en sterk selfgeldingsdrang 'n kroniese behoefte het. Sy oortredings spruit vermoedelik ook regstreeks hieruit voort. Hy het begin deur artikels op skuld te koop; toe geld geleen om die skuld te betaal. In die praktyk het hy nooit sover gekom nie, maar sodra hy die geld gehad het, nuwe klere en artikels gekoop en verdere skuld gemaak. Sover moontlik het hy dan sy skuldeisers probeer ontwyk of mislei. Toe hy nie langer hiermee kon volhou nie, het hy diefstal en vervalsing gepleeg ten einde geld in die hande te kry om sy skuld te betaal.

Sy oortredings is waarskynlik eerder die gevolg van onbeheersdheid, onbeholpenheid en onverantwoordelikheid as van oneerlikheid, onverskilligheid en gewetenloosheid. Trouens, hy het 'n goed ontwikkelde begrip van sosiale standaarde en morele opvattinge. Daarby het hy 'n sterk begeerte om sy ouers nie teleur te stel nie. Hy besef baie duidelik hoe diep geskok hulle is, veral sy streng vader, oor sy wangedrag. Hy het homself in so 'n mate gekwel oor sy

vergrype/.....

vergrype as gevolg van 'n ernstige skuldgevoel dat hy eindelik geestelik verward geraak en hallusinasies beleef het waarin die vader, wat met 'n verwytende vinger na hom wys, of hom waarsku, die sentrale rol speel. Sy paranoidale tendensie kan moontlik teruggevoer word tot 'n onbewuste verset teen die hardhandige optrede van sy vader teen hom gedurende sy vroegste kinderjare.

(iii) Aanbeveling:

Hy bied nie veel wat in 'n terapeutiese poging gemanipuleer kan word nie. Sy afwykende gedrag skyn hoofsaaklik die gevolg te wees van 'n aangebore temperament. Hy het daarby geen begrip van sy probleem nie. Dit is duidelik dat in sy geval nie soveel aandag gewy moet word aan uiterlike gedrag nie, as aan die onderliggende emosies en temperamentstrekke. Sy probleem skyn so diepliggend te wees dat 'n lang periode van heropvoeding moontlik nodig sal wees. Daar is selfs dan geen sekerheid van blywende sukses nie. Dit is moontlik dat hy in die beskermende atmosfeer van 'n inrigting bevredigend sal reageer, maar die gevaar bestaan dat sy gedrag altyd in duie sal stort sodra hy met ernstige probleme te doen kry. Daar moet gepoog word om die nodige innerlike dissipline by hom te ontwikkel en die geleentheid te voorsien vir prestasie en selfverwesenliking in die verskillende aktiviteite van die inrigting. Hoewel hy geen besondere aanleg in 'n bepaalde rigting openbaar nie, het hy tog effens beter in die toetse vir nie-verbale redenering en vormwaarneming gepresteer. Dit skyn dus of hy beter sal vaar in 'n praktiese rigting as ambagsman, byvoorbeeld skrynwerker. In die belangstellingstoets toon hy 'n begeerte om met mense

te/.....

te werk. Tog is hy sosiaal juis ernstig wanaangepas en kan in die praktyk moeilik met mense oor die weg kom, soos uit sy persoonlike geskiedenis blyk. Hierdie belangstelling in werk met mense is moontlik bloot kompensasie vir 'n bestaande gebrek. Hy beweer dat hy graag sendeling wil word, maar dit is te betwyfel of hy ooit die vermoë sal ontwikkel om sukses-vol met mense om te gaan.

(h) <u>Heropvoeding</u>:

(i) <u>Terapeutiese Onderhoude</u>:

Deur middel van herhaalde terapeutiese onderhoude is geprobeer om die nodige insig in sy probleme by hom te ontwikkel. Hiermee is slegs beperkte sukses behaal. Weens sy sterk subjektiviteit en emosionaliteit het sy gevoelens sy denke en oordeelsvermoë geïnhibeer. Elke opmerking of optrede het hy op homself toegepas. As byvoorbeeld 'n algemene praatjie met die leerlinge gehou word oor spaarsaamheid of goeie maniere, dan het Frederick bekommerd kom verneem wat hy dan nou weer gesondig het. Die onderhoude het gehelp om emosionele spanninge op te hef en het geskikte geleentheid gebied sowel vir beïnvloeding deur vermaning, oorreding en raad as vir die stimulering van sy gevoelens van eiewaarde en selfvertroue.

(ii) <u>Gedragsvorming</u>:

Kort na sy toelating het hy weggeloop, maar is 'n paar dae later weer teruggebring. Hierdie reaksie was in ooreenstemming met sy algemene neiging om sy probleme te probeer ontwyk, instede van hulle aan te pak en op te los. Sodra hy voor 'n moeilikheid te staan gekom het, het hy probeer om dit te ontvlug. Hy moes dus aan

streng/.....

streng en tog simpatieke dissipline onderwerp word ten einde geleidelik die nodige selfbeheer by hom te ontwikkel en hom daaraan te wen dat hy moeilikhede die hoof moet bied. Hiervoor was dit nodig om verantwoordelikheid op sy skouers te lê en daarop aan te dring dat hy sy pligte moet nakom of anders tevrede moet wees om langer in die inrigting te bly. Hy moes sy voorregte verdien. Daar was nêrens vir hom die moontlikheid om aan hierdie feit te ontkom nie. Weens sy besondere kinderagtigheid en wispelturigheid was dit 'n moeilike proses. Hy het egter geleidelik vordering getoon en redelik bevredigend aangepas. In sport en liggaamlike opvoeding het hy goed gepresteer. Hierbenewens het hy 'n baie godsdienstige lewensbeskouing ontwikkel, miskien by wyse van kompensasie. Hy wou graag iets doen om die godsdienstige belange van die leerlinge te bevorder en het toestemming verkry om 'n Bybelstudiekring te begin, maar as gevolg van sy gebrek aan praktiese sin het dit op 'n mislukking uitgeloop. Aan goeie voornemens en idealisme het dit by hom nie ontbreek nie, maar dit het steeds gehaper aan die uitvoering daarvan.

(iii) <u>Skool- en Ambagsopleiding</u>:

Deur middel van skool- en ambagsopleiding is gepoog om sy energie in opbouende kanale te stuur en goeie werkgewoontes by hom te ontwikkel. Dit het hom gelyktydig die geleentheid vir prestasie gebied. Sy skoolvordering was bevredigend. Na twaalf maande het hy std. VIII geslaag en voortgegaan met std. IX-werk. Op hierdie stadium het hy sonder medewete van die personeel by 'n korrespondensiekollege op 'n B.A.-kursus ingeteken! In die skrynwerkersambag het hy minder goed gepresteer, hoofsaaklik as gevolg van 'n gebrek aan vermoë om te volhard.

Hy was meestal ywerig om met 'n taak te begin, maar het dit laat vaar sodra hy moeilikheid ondervind, om dan weer iets anders aan te pak.

(i) Resultaat:

(i) Algemeen:

Hoewel sy gedrag aanvanklik swak en onberekenbaar was, het dit vinnig verbeter. In die geroetineerde atmosfeer van die inrigting het sy senuweetoestand geleidelik verbeter. Nadat sy probleem van alle kante met hom bespreek is, het die hallusinasies verdwyn. Hy was emosioneel minder gespanne en onstabiel. Oor die algemeen het hy 'n gunstige indruk geskep. Trouens, hy het ontwikkel tot 'n perfeksionis wat nie alleen self baie voorbeeldig gehandel het nie, maar gedurig besorg was oor die foute van sy medeskoliere. Daar was 'n sterk vermoede dat hy op hierdie wyse gekompenseer het vir eie inherente gebreke.

(ii) Persoonlikheidsreaksies:

Die volgende tabel gee die gemiddelde skatting aan van sy persoonlikheidsreaksies:

Tabel VII A/.....

Tabel VII A.

Persoonlikheidsreaksies -- Gemiddelde Skatting van drie Beoordelaars.

| Reaksies. | Skatting. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Bytoelating. | Na 6 maande | na 12 maande | Na 18 maande |
| Inisiatief | 3 | 3 | 3 | 4 |
| Selfvertroue | 1 | 2 | 3 | 3 |
| Pligsbesef | 1 | 2 | 2 | 3 |
| Volharding | 1 | 2 | 2 | 2 |
| Sosiale Aanpasbaarheid | 1 | 1 | 2 | 2 |
| Gemanierdheid | 3 | 3 | 4 | 4 |
| Netheid | 3 | 4 | 4 | 5 |
| Betroubaarheid | 1 | 2 | 3 | 3 |
| Geaardheid | 2 | 2 | 2 | 3 |
| Konsentrasie | 1 | 2 | 3 | 3 |
| Totaal | 17 | 23 | 28 | 32 |

Volgens hierdie skatting het hy in die skool geleidelik verbetering getoon in al die trekke. Ten opsigte van volharding, sosiale aanpasbaarheid en geaardheid was die verbetering gering. Dit wil voorkom of sy probleme in die verlede juis in groot mate voortgevloei het uit gebrek aan volharding, sosiale wanaanpassing en teruggetrokkenheid. Hoewel daar gemiddeld 'n aansienlike verbetering in sy reaksiepatroon ingetree het, is die posisie ten opsigte van spesifieke reaksies nog onbevredigend.

(iii)/...

(iii) Aanpassing:

Die resultate van die aanpassingstoets op verskillende tye word in die volgende tabel gegee:

Tabel VIII A

Prestasies in California-Persoonlikheidsaanpassingstoets.

| Trekke. | Persentiele. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating. | Na 6 mnde. | Na 12 mnde. | Na 18 mnde. |
| 1. Selfaanpassing.............. | 1 | 10 | 55 | 90 |
| (a) Selfvertroue.............. | 10 | 55 | 99 | 99 |
| (b) Gevoel van eiewaarde....... | 5 | 10 | 85 | 85 |
| (c) Gevoel van Persoonlike Vryheid................. | 1 | 15 | 70 | 90 |
| (d) Gevoel van Tuishoort....... | 5 | 25 | 45 | 90 |
| (e) Neigings tot teruggetrokkenheid (vry van)....... | 1 | 10 | 15 | 35 |
| (f) Simptome van Senuweeagtigheid (vry van)......... | 1 | 5 | 25 | 35 |
| 2. Sosiale Aanpassing.......... | 10 | 85 | 85 | 80 |
| (a) Maatskaplike Standaarde.... | 70 | 70 | 90 | 90 |
| (b) Maatskaplike bedrewenheid.. | 10 | 50 | 90 | 80 |
| (c) Anti-sosiale neigings (vry van)............... | 5 | 30 | 65 | 65 |
| (d) Gesinsverhoudinge......... | 50 | 75 | 75 | 75 |
| (e) Skoolverhoudinge.......... | 60 | 85 | 85 | 50 |
| (f) Gemeenskapsverhoudinge..... | 5 | 35 | 95 | 95 |
| Totale Aanpassing | 1 | 30 | 70 | 80 |

Ook die uitslag van hierdie toets toon groot verbetering in sy self- en sosiale aanpassing, maar dieselfde verskynsel tree na vore as in die geval van die skatting van sy persoonlikheidsreaksies. Hoewel die totale aanpassing baie verbeter

het/.....

het, toon die uitslae dat hy nog mank gaan aan neigings tot teruggetrokkenheid en senuweeagtigheid.

(iv) Temperament:

Die temperamenttoets toon 'n ooreenstemmende verbetering aan. Die uitslag word in die volgende tabel aangedui:

Tabel IX A.

Prestasies in die Johnson-Temperamenttoets:

| Trekke. | Persentiele. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Senuweeagtig/rustig......... | 90 | 70 | 60 | 63 |
| Swaarmoedig/lighartig....... | 65 | 50 | 45 | 58 |
| Lewendig/dooierig........... | 50 | 55 | 55 | 54 |
| Hartlik/koud................ | 75 | 85 | 95 | 87 |
| Simpatiek/hardvogtig........ | 60 | 65 | 64 | 64 |
| Subjektief/objektief........ | 80 | 70 | 45 | 47 |
| Aggressief/onderworpe....... | 85 | 60 | 45 | 54 |
| Krities/erkentlik........... | 70 | 55 | 40 | 26 |
| Beheers/impulsief........... | 25 | 35 | 50 | 56 |

Hoewel hy ten opsigte van alle temperamentstrekke verbeter het, is hy nog geneig tot senuweeagtigheid, swaarmoedigheid en impulsiviteit.

(v) Gevolgtrekking:

Sowel die algemene indruk van sy gedrag, as die skatting van sy persoonlikheidsreaksies en die resultate van die aanpassings- en temperamenttoets dui daarop dat hy vordering gemaak het tydens die heropvoedingsproses. Nietemin skyn daar nog basiese tekortkominge in sy persoonlikheidsamestelling te wees wat onder minder gunstige

omstandighede/.....

omstandighede moontlik weer tot verval kan lei.

4. Geval II:

(a) Identifikasie:

Naam: Michael Maikelofsky.

Ouderdom 16, I.K. 108, Std. VII.

(b) Probleem:

'n Ligte graad van geestesversteurdheid, gekenmerk deur innerlike spanning, emosionele onbestendigheid en sosiale wanaanpassing. Oorgeplaas op grond van onbeheerbaarheid.

(c) Maatskaplike Agtergrond:

Die gesin het herhaaldelik van maatskaplike omgewing verander. Sedert Michael se geboorte het die ouers op vyf verskillende plekke in Kaapstad en sy voorstede gewoon. Die eerste drie huise was geleë in 'n digbewoonde, minder gegoede woonbuurt in dieselfde stadsgebied. Die mense in die onmiddellike omgewing was hoofsaaklik Joods, en die behuisingstoestande redelik. Die bevolking was meestal arbeiders of eienaars van klein winkeltjies. Die ekonomiese status van die gemeenskap skyn 'n lae gemiddelde te gewees het. Die huise het dig teen mekaar gestaan met geen oop ruimte vir speel en beweeg nie. In die nabyheid was egter 'n park waarheen kleurlingbediendes soms die kinders geneem het om te speel. Toe Michael agt jaar oud was, het die gesin na 'n swak, gemengde woonbuurt verhuis, waar hulle die daarop volgende ses jaar gewoon het. Die algemene behuisingstoestand hier was swak, die bevolking heterogeen, bestaande uit allerlei slag en kleur. Die ekonomiese status en algemene lewenspeil skyn onder die gemiddelde te gewees het. Die morele opvattinge

en/.....

en gedragsnorme, na dit voorkom, wisselend en het veel te wense oorgelaat. Hiervandaan het die gesin na 'n middelmatige woonbuurt verhuis ten einde die seun weg te neem uit die nadelige gemeenskapsinvloede wat besig was om op hom in te werk.

(d) Gesinsagtergrond:

Die gesin woon op die oomblik in 'n goeie huis met genoeg ruimte vir die klein aantal gesinslede, bestaande uit die vader, moeder en twee kinders. Daar is twee dogters, van wie die jongste vyf jaar ouer is as Michael. Die oudste dogter is reeds geruime tyd gelede getroud en uit die huis. Die grootvader aan moederskant het van die seun se negende jaar af oor 'n periode van vier jaar by die gesin ingewoon. Die moeder werk van die seun se vroeë jeug af, en die huishouding word hoofsaaklik deur 'n kleurlingbediende waargeneem. Nietemin maak die huis 'n sindelike en goed versorgde indruk.

Almal in die gesin verkeer in goeie gesondheid. Langdurige siektes het nooit by een van hulle voorgekom nie.

Die vader is 'n Russiese Jood wat na Suid-Afrika uitgewyk het voor die geweld van die Rooi Revolusie. Hoewel hy weinig skoolopleiding gehad het, maak hy 'n redelik intelligente indruk en lees gereeld 'n Engelse koerant. Hy is stil van geaardheid, soms afgetrokke, maar besonder hardwerkend. Sy salaris as vragmotorbestuurder in diens van 'n handelsonderneming is £40 per maand.

Die moeder is ook van Joodse afkoms, maar is in Suid-Afrika gebore. Sy het Std. VI geslaag en werk as toonbankklerk in 'n winkel teen £25 per maand. Hoewel sy 'n effens swaarmoedige, emosionele tipe is, maak sy 'n redelik gunstige

indruk/.....

indruk.

Die oudste dogter het Std. X geslaag en daarna as tikster by 'n prokureursfirma gewerk totdat sy drie jaar gelede getroud is. Die jongste dogter het Std. VIII geslaag en werk by 'n garage teen £26 per maand. Sy is 'n lewendige, selfversekerde meisie wat 'n eie standpunt oor die meeste aangeleenthede, insluitende die belange van haar broer, daarop nahou. Die grootvader wat vroeër tydelik by die gesin ingewoon het, is 'n knorrige, humeurige oubaas van oor die sewentig.

Die gesin behoort aan die Joodse Kerk en respekteer die tradisionele Joodse feesdae, waarop hulle ook die Sinagoge besoek. Albei ouers is blykbaar konserwatief godsdienstig. Nietemin is die grootvader wrewelig oor die losheid van sy kinders van die Joodse gebruike.

Die huislike atmosfeer en onderlinge gesinsverhoudinge skyn gesond te wees. Die ouers beweer dat die grootvader tydens sy verblyf in die gesin dit dikwels vir hulle moeilik gemaak het. Hy was humeurig en het dikwels met die kinders oor onbenullighede geraas en by geleentheid sy dogter, Michael se moeder, 'n klap gegee. Hulle meen dat hierdie optrede invloed op die seun gehad het. Die ouers is lief vir hulle kinders en is baie besorg oor Michael. Gedurende die afgelope paar jaar het hulle veel gedoen om hom op die regte koers te hou.

Daar was 'n redelike mate van dissipline in die gesin. Die kinders mog nie saans laat rondloop of sonder verlof van die ouers uitgaan nie. Die dogters het nooit moeite gegee nie, maar sedert sy veertiende jaar is baie ergernis met die seun ondervind. Hy het onbeheerbaar geword en dikwels die

rustige/.....

rustige atmosfeer versteur deur wilde humeuruitbarstings. Die ouers was later radeloos, terwyl die dogter gedreig het dat sy die huis sou verlaat as daar nie 'n plan met Michael gemaak word nie. Sy beweer dat sy nie seker van haar lewe was met die broer in die huis nie.

Die gesin het sosiaal slegs met familie verkeer en weinig kontak met die gemeenskap gehad. Hoewel hulle dit vroeër moeilik gevind het om 'n bestaan te maak, is die totale inkomste van die gesin nou ongeveer £90 per maand.

Die ouers en die dogter besoek byna gereeld elke Vrydagaand die bioskoop. Om een of ander rede moet Michael by sulke geleenthede tuis bly. Dit was die gebruik vandat hy klein was. Origens is die vrye tyd deurgebring met lees of kaartspeel. Die dogter behoort aan 'n Eerste-hulpklub waarheen sy een aand per week gaan.

(e) <u>Persoonlike Geskiedenis</u>:

(i) <u>Liggaamlike Ontwikkeling</u>:

Michael het, na die ouers beweer, normaal ontwikkel en nooit 'n ernstige siekbed ondervind nie. Hy het soms gekla oor hardlywigheid en behandeling ontvang wat die moeilikheid verhelp het.

(ii) <u>Algemene Ontwikkeling</u>:

Omdat die moeder gewerk het, is die seun vanaf sy vroegste jeug gedurende die dag aan die sorg van 'n kleurlingbediende toevertrou. Boonop moes hy ook saans wanneer die ouers en die twee dogters uitgaan by die bediende bly aangesien hy soveel jonger was. Selfs toe hy oud genoeg was om saam te gaan, moes hy nog tuis bly, blykbaar omdat dit reeds gewoonte was, of omdat die susters,

wat/.....

wat toe al groot en selfbewus was, nie met die lomp broertjie opgeskeep wou wees nie. Hy is slegs na die sinagoge saamgeneem. Verder het die betreklik onsosiale lewenswyse van die ouers meegebring dat hy weinig kontak met ander kinders van sy eie ouderdom gehad het. Toe die gesin eindelik in 'n swak, gemengde woonbuurt te lande kom, het Michael, wat nou al nege jaar oud was, met die kleurlingkinders maats gemaak, eenvoudig omdat daar niemand anders was nie. Sy Joodse afkoms was oorsaak dat die blanke kinders met wie hy by die skool in aanraking gekom het, hom uitgemaak het vir 'n Jood, hom allerlei minder vleiende byname gegee en die spot met hom gedryf het. So skryf die hoof van een van sy vorige skole: "Sy vreemde optrede en Joodse nasionaliteit het hom ooglopend gemaak en hom die spot en terglus van die mede-leerlinge op die hals gehaal. Hy het hierteen in verset gekom en die ander kinders uitgetart en afgeknou. Sy gedrag was uiters swak. Hy het bepaald 'n nadelige invloed op die ander kinders gehad."

Die gevolg was dat Michael aansluiting by die kleurlinge gesoek en gevind het. Gedurende hierdie tyd woon die grootvader by die gesin in. Sover moontlik probeer die seun uit sy pad bly, waardeur uithuisigheid en nouer kontak met die kleurlingmaats bevorder word. Nóg die susters wat veel ouer as hy was, nóg die vader wat van geaardheid stil en ongesellig was, het ooit met hom maats gemaak. Die moeder, weer, was so besig dat sy geen tyd gehad het om aandag aan die seun te gee nie. Dit wil verder voorkom of die ouers nie naastenby so besorg was oor die opvoeding van die seun as oor dié van die dogters nie. Die dogters is albei na 'n private Joodse skool gestuur, waar hulle in die beste Joodse tradisie

opgevoed/.....

opgevoed is, terwyl Michael na 'n gewone provinsiale skool moes gaan waar hy moeilik aangepas het.

(iii) Opvoedkundige Ontwikkeling:

Hy is op sesjarige leeftyd skool toe. Aanvanklik was sy vordering bevredigend. Dit het later verswak. Nadat hy Std. VI geslaag het, is hy op veertienjarige leeftyd na die hoërskool. Hy slaag Std.VII, maar begin intussen stokkies draai. As rede hiervoor voer hy aan dat die ander kinders hom bespot en soms 'n "smerige Jood" genoem het. Hy was gevolglik baie ongelukkig in die skool. Die onderwysers verklaar dat hy 'n geweldige humeur openbaar het, ernstig ongedissiplineer was en dikwels met ander leerlinge baklei het. Dit skyn in elk geval of die seun geleidelik 'n renons in sy eie identiteit gekry het en sy Joodsheid afgesweer het. Hy het geweier om langer saam met sy ouers na die sinagoge te gaan en die Joodse gebruike te respekteer. Soms het hy woedend van die skool tuis gekom en op so 'n wyse teen sy moeder en suster opgetree dat hulle dit nie langer kon verduur nie. Die gevolg was dat die ouers hom na 'n kosskool op 'n plattelandse dorp gestuur het. Hier het hy herhaaldelik weggeloop en hom só gedra dat hy eindelik die skool belet is. Daarna is hy na 'n hoërskool in die stad, maar moes na enkele weke ook hierdie skool verlaat, omdat hy na bewering 'n nadelige invloed op die mede-leerlinge gehad het. Hy is weer na 'n volgende skool, maar het voortdurend stokkies gedraai en tuis onregeerbaar geword. Daar was geen huis met hom te hou nie. Hy rand sy moeder met 'n mes aan en gooi sy suster met 'n blik ingelegde vrugte. Hulle roep die polisie in en hy word enige weke lank in 'n plek van bewaring aangehou en toe

as/.....

as sorgbehoewend na 'n nywerheidskool verwys. Hier pas hy moeilik aan, loop herhaaldelik weg en word later oorgeplaas na 'n ander nywerheidskool. Hy hou vol met sy weglopery en word eindelik weer oorgeplaas na 'n derde nywerheidskool. Ook hier gee hy baie moeite, bots voortdurend met personeellede en mede-leerlinge en loop weg. Daar het intussen ernstige twyfel ontstaan of hy wel normaal was. Straf het geen uitwerking op hom gehad nie. So skryf die hoof van laasgenoemde inrigting as volg oor hom aan die proefbeampte: "Uit waarneming van sy reaksies het die gedagte by my sielkundige ontstaan dat ons hier met 'n psigotiese geval te doen het." Nadat hy vir die soveelste keer wegloop en by sy ouerhuis amok gaan maak, skryf die hoof as volg aan sy ouers: "My opinion is that Michael is a psychopathic personality suffering from a psychological phenomena (sic!) called paranoia. He thinks everybody hates him and is bent on doing him harm. In these circumstances it seems advisable that he be committed to a mental hospital for observation, where he could be submitted to an electro-encephalograph diagnosis. To my mind he is definitely a mental case which requires special care." Alle middele om Michael tot ander insigte te bring, het gefaal, met die gevolg dat hy eindelik op grond van onbeheerbaarheid na die Verbeteringskool oorgeplaas is.

(iv) Kriminele Rekord:

Hy het voorheen twee oortredings begaan: diefstal en huisbraak en diefstal. Albei oortredings is gepleeg met die doel om kos in hande te kry onderwyl hy as wegloper op pad was.

(f)/.....

(f) Persoonlikheidseienskappe:

(i) Algemene Indrukke:

Michael was 'n moeilike seun met ernstige tekens van afwykendheid. Hy het gebuk gegaan onder ernstige emosionele spanninge en was in verset teen alles en almal. By sy toelating rapporteer die proefbeampte as volg oor hom: "Hy is verwend en nie aan dissipline gewoond nie, daar sy ouers bedags nie tuis was nie en hom eerder met geld-belonings wou omkoop as om hom deur ferme hantering te beheer." In die inrigting het hy oneindig baie moeite gegee; homself die wrewel van die medeleerlinge op die hals gehaal en die geduld van die personeel tot die uiterste beproef. Hy was afstootlik melankolies en het ernstige tekens getoon van emosionele onstabiliteit en verstandelike verwardheid. Sy konsentrasievermoë was swak en sy geheue het hom blykbaar in belangrike opsigte in die steek gelaat. Hy het 'n geweldige humeur geopenbaar en was verbasend kinderagtig. Oor die algemeen het hy 'n baie swak indruk gemaak.

(ii) Liggaamlike Toestand:

Volgens herhaalde mediese ondersoeke voor en na sy toelating tot die inrigting was hy liggaamlik normaal.

(iii) Intelligensie en Skolastiese Prestasie:

Sy I.K. is op 108 bepaal. In die skolastiese toets het hy die volgende prestasie behaal:

Tabel I B.

Prestasie in Taal- en Rekenkundetoetse.

| Toets | Taal | | Rekenkunde | |
|---|---|---|---|---|
| | P | W | B | P |
| Persentiel | 12 | 10 | 45 | 14 |

Sy/.....

Sy telling in beide die taal- en rekenkundetoetse is baie laag. In berekeninge benader hy enigsins die gemiddelde, maar veral in woordeskat en probleme is hy uiters swak. Ondanks 'n I.K. van 108 is hy skolasties gemiddeld met twee jaar vertraag.

(iv) Bekwaamheid:

In die algemene Bekwaamheidstoets het hy persentiele behaal soos in die volgende tabel aangedui:

Tabel II B.

Prestasie in Algemene Bekwaamheidstoets.

| Bekwaamheid | VR | NR | GH | SP | MI |
|---|---|---|---|---|---|
| Persentiel | 5 | 10 | 3 | 16 | 9 |

Hy toon volgens die uitslag geen spesifieke bekwaamheid in 'n bepaalde rigting nie.

(v) Belangstelling:

Die volgende tabel gee die persentiele wat hy behaal het in die verskillende skale van die Belangstellingsvraelys:

Tabel III B.

Persentiele in Belangstellingsvraelys.

| Vorms van. Belang-stelling. | SO | OP | B | Sy | Sk | L | K | H | M | W | D | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 90 | 70 | 90 | 95 | 90 | 40 | 60 | 5 | 10 | 20 | 10 | 20 |

Volgens hierdie resultate het hy 'n uitgesproke

belangstelling/.....

belangstelling vir werk met mense, beide as individue en as groepe. Hy toon verder voorliefde vir handeldryf, syfer- en skryfwerk en sal vermoedelik goed doen as winkelklerk. Sy belangstelling in handwerk van watter aard ook is swak. Hy begeer 'n handelsopleiding met boekhou en rekenkunde.

(vi) Reaksies:

Die gemiddelde skatting van sy persoonlikheidsreaksies word in die volgende tabel gegee:

Tabel IV B.

Gemiddelde van drie Skattings van Persoonlikheidsreaksies.

| Reaksies | Ins | Slv | Plb | Vlh | Sap | Gmh | Nth | Bth | Gah | Kst | T |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skatting | 3 | 2 | 1 | 1 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 15 |

Volgens die skatting is sy persoonlikheidsreaksies onbevredigend. Hoewel hy dikwels inisiatief aan die dag lê, mis hy die selfvertroue en volharding om met 'n taak vol te hou. Gevolglik moet hy dikwels aangespoor en op sy pligte gewys word. Hy is sosiaal teruggetrokke, dikwels ongemanierd en onnet. Daar kan selde op hom staat gemaak word, en hy toon 'n onvermoë om lank op een ding te konsentreer.

(vii) Aanpassing:

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van sy persoonlikheidsaanpassing:

Tabel V B.

Prestasie in California-Persoonlikheidstoets.

| Trekke | SA | SV | GE | PV | GT | NT | SS | MA | MS | MB | AN | GH | SH | MH | T |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 5 | 25 | 1 | 15 | 15 | 10 | 15 | 20 | 45 | 10 | 35 | 30 | 35 | 25 | 10 |

Volgens/.....

Volgens die uitslag van hierdie toets laat beide sy self- en sosiale aanpassing veel te wense oor. Hy toon 'n ernstige gebrek aan selfvertroue en eiewaardegevoel; is beklem en ontuis, teruggetrokke en senuweeagtig. Sy begrip van sosiale standaarde is bevredigend, maar hy mis die bedrewenheid om daaraan gevolg te gee. Hy toon 'n mate van anti-sosiale geneigheid, terwyl ook sy gesindheid teenoor die gesin, die skool en die gemeenskap onbevredigend is. Dit is duidelik dat hy mank gaan aan ernstige persoonlikheidswanaangepastheid.

(viii) Temperament:

Die temperamentstoets het die volgende resultaat gelewer:

Tabel VI B.

Prestasie in Johnson-Temperamenttoets.

| Trekke | S/R | S/L | L/D | H/K | M/H | S/O | A/O | E/K | B/I |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 98 | 98 | 77 | 10 | 19 | 80 | 15 | 89 | 34 |

Die uitslag van die toets dui daarop dat hy uiters senuweeagtig is, soos ook blyk uit waarneembare tekens van rusteloosheid, spanning en gebrek aan selfbeheer. Hy is verder swaarmoedig, onsimpatiek, sterk emosioneel, in so 'n mate krities en impulsief dat verbetering noodsaaklik is. Hy is betreklik lewendig, maar nie baie aggressief nie.

(g) Diagnose:

(i) Formulering:

Michael is 'n redelik intelligente, maar baie senuweeagtige, emosionele en impulsiewe seun.

Hy/.....

Hy gaan verder gebuk onder ernstige wanaanpassing, gekenmerk deur gebrek aan selfvertroue en eiewaardegevoel, sosiale teruggetrokkenheid en onbedrewenheid, onsekerheid en vervreemding. Hierbenewens is hy emosioneel onbestendig en verstandelik verward. Hy skyn besonder infantilisties in sy persoonlikheidsamestelling te wees, getuie daarvan sy onbeheersdheid, egoïsme en asosialiteit. Sy besondere senuweeagtigheid, teruggetrokkenheid, sosiale wanaangepastheid en gebrek aan selfvertroue is nie alleen waarneembaar nie, maar word ook bevestig sowel deur die toetsresultate, as deur die feite van sy persoonlike geskiedenis. Voor sy koms na die inrigting is hy bestempel as 'n psigopaat. Daar bestaan weinig grond vir so 'n tipering. Dit sou waarskynlik meer korrek wees om hom te beskryf as 'n neurotiese persoonlikheid. Trouens, die emosionele onbestendigheid, senuweeagtigheid en swaarmoedigheid dui daarop. Sy onbeheersdheid en wangedrag is waarskynlik die gevolg van 'n psigiese konflik wat voortvloei uit 'n wanverhouding tot sy medemens.

(ii) Motivering:

Sy probleem is klaarblyklik die gevolg van ongelukkige omstandighede wat op 'n sensitiewe en hooggespanne temperament ingewerk het. Met sy besonder emosionele en impulsiewe geaardheid is hy sedert sy vroeë jeug blootgestel aan ouerlike verwaarlosing, sosiale afknouery -- vir sover hy sosiale kontak kon maak -- en gebrek aan geleentheid tot vormende maatskaplike ervaring. Hy het hoofsaaklik as 'n eenling groot geword. Weens gebrek aan ouerliefde en erkenning het sy emosionele lewe en gevoel van eiewaarde nooit behoorlik ontwikkel nie. Die onsosiale lewenswyse van sy ouers het meegebring dat hy sonder maats

groot/.....

groot geword het, met susters te oud en ouderwets vir sy behoeftes. Die enigste bevredigende sosiale kontak het hy buite die gesinsverband gevind. Hierdie kontak was met kleurlingkinders wat 'n nadelige invloed uitgeoefen het op sy ongevormde emosies en wispelturige drange. Dit is moontlik dat die gewelddadigde optrede van sy grootvader verder indruk gemaak het op sy ontvanklike gemoed. Hoewel hy die grootvader gevrees het, is dit moontlik dat hy in eersgenoemde se humeuruitbarstings 'n voorbeeld gevind het vir sy eie optrede as sake nie na sy sin verloop nie. Vandaar die aanranding op sy suster en moeder.

Die belangrikste faktor in die ontwikkeling van sy afwykende gedrag was vermoedelik die botsing met medeskoliere as gevolg van die feit dat hy 'n Jood is. Sy "andersheid", wat uit sy Joodse afkoms voortgevloei het, was oorsaak dat hy die nydige spot en skerts van ander kinders moes verduur. Dit was oral dieselfde in al die verskillende skole wat hy besoek het. Joods van afkoms en agtergrond vind hy dat dit 'n skande en vernedering is om Jood te wees. Daar ontstaan 'n konflik in sy gees om wat hy is en sy verhouding tot die medemens. Hy veg en skel en haal homself daarmee die beskuldiging op die hals dat hy 'n nadelige invloed op die ander leerlinge uitoefen. Eindelik wil hy nie langer Jood wees nie. Hy weier om die sinagoge te besoek en sweer sy eie identiteit af. Sy ouers en onderwysers het geen begrip van sy probleem gehad nie. Hulle het in hom slegs 'n stout kind gesien. Hy voel verstote en veronreg en tree in verset teen alles en almal. Tuis kom hy in opstand teen sy ouers en word weggestuur as onbeheerbaar. Met die ganse wêreld teen hom en in hom 'n

laaiende/.....

'n laaiende emosionele spanning, gebore uit 'n duursame geesteskonflik, kom hy in wilde verset en raak eindelik geestelik verward.

Met sy konstitusioneel senuweeagtige en emosionele geaardheid was hy minder in staat om die ongunstige omstandighede waarvan hy slagoffer was, te verduur. Die gevolg was dat hy by die aanvang van die puberteitsjare voor probleme te staan gekom het waarteen hy, beide uit die oogpunt van emosionele disposisie en opvoedkundige ervaring, nie opgewasse was nie. Doelmatigheid het daarmee die grondslag geword van sy reaksies op sy probleme: veg as hy kans sien en ontvlugting of wegloop as die eerste nie slaag nie.

(iii) Aanbeveling:

Die emosionele spanning, en die geestesverwarring wat allig daaruit voortvloei, is in sy geval so ernstig dat alle pogings tot heropvoeding waarskynlik tot mislukking gedoem sal wees tensy hierdie spanninge verlig word deur terapeutiese onderhoude of psigoanalitiese metodes. Daarna sal 'n lang periode van sistematiese opleiding en streng, maar simpatieke dissipline nodig wees om sy rehabilitasie te bewerkstellig. Dit sal met sy gebrek aan praktiese aanleg nagenoeg nutteloos wees om hom in 'n ambag te plaas. Hy behoort die skool te besoek en sover doenlik 'n handelsopleiding te geniet. Hy toon 'n voorliefde vir werk met mense en handeldrywe en sal vermoedelik met die regte opleiding 'n geskikte klerk of pakhuiswerker word.

(h) Heropvoeding:

(i) Voorligting aan Ouers:

Kort nadat Michael in die inrigting toegelaat is/.....

is, het die ouers hom 'n besoek gebring. Dit was duidelik dat hulle weinig begrip gehad het van sy probleme. Die geleentheid is te baat geneem om die geval in besonderhede met hulle te bespreek. Toekomstige optrede van hulle kant teenoor die seun is noukeurig beplan. Hy wou hulle hoegenaamd nie ontvang nie en het woedend op hulle losgetrek toe hy die hoof se kantoor binnekom en die ouers en suster daar vind. Daarna is besluit dat hulle hom nie weer sou besoek voordat hy daarom soebat nie. Hulle sou ook nie aan hom skrywe of pakkies en sakgeld stuur nie. Hulle is aangeraai om geen verwyte teen hom te rig of te toon dat hulle hom bejammer as hy eindelik toenadering soek, soos verwag is nie. Hy moes vind dat hulle hom, ondanks sy manewales, nie verstoot nie. Hulle optrede moes beheers en simpatiek wees en meehelp om by die seun 'n gevoel van selfvertroue, eiewaarde en selfstandigheid te bevorder. Die ouers het pragtig saamgewerk.

Na drie maande het Michael kom kla dat sy ouers hom nooit besoek, aan hom skrywe of hom iets stuur nie. Dit was duidelik dat hy verstote en ongelukkig gevoel het. Sy optrede teenoor die ouers in die verlede en tydens hulle jongste besoek is in besonderhede met hom bespreek. Hy is daarop gewys dat sy ouers tot geen ander gevolgtrekking kon kom as dat hy hulle nie wil sien of iets van hulle wil ontvang nie. Die fout lê aan sy kant, en hy moet dit herstel. Dit was duidelik dat hy berou gehad het. Hy is aangeraai om hulle om verskoning te vra en te verneem of hulle hom nie weer 'n besoek wou bring nie. Dit het hy gedoen. Die ouers is gelyktydig in kennis gestel dat dit wenslik is om aan die seun se versoek gehoor te gee. Sy optrede teenoor hulle is intussen met hom bespreek, en met hulle besoek het hy sy

waardering/.....

waardering getoon. Sedertdien is gereelde kontak met die ouers gehou, en het die verhouding tussen hulle en die seun baie verbeter.

(ii) Terapeutiese Onderhoude:

In die streng gedissiplineerde atmosfeer van die inrigting, waar hy verhinder is om sy onbeteuelde drange na willekeur te botvier, het die emosionele spanning nog verder toegeneem. Soos in die vorige skole, het ook die leerlinge in die inrigting hom begin spot en terg, hoofsaaklik as gevolg van sy werklik eienaardige gedrag. Ook hier is hy uitgemaak vir 'n Jood en nog wat. Dit het hom nagenoeg rasend gemaak. Toe dit gewaar is, is die leerlinge onmiddellik belet om die seun op enige wyse te molesteer of selfs om hom 'n Jood te noem. Teen 'n paar wat nie hieraan gehoor gegee het nie, is hardhandig opgetree. Intussen wou Michael die wêreld om hom maak en breek, maar hy het hom oral teen die onvermydelike vasgeloop. Sy probleem is in besonderhede met hom bespreek, maar in die emosionele toestand en verset waarin hy verkeer het, was hy nie in staat om 'n begrip daarvan te kry nie. Die verwardheid en spanning het toegeneem, en daar is gevrees dat hy 'n totale senuwee-ineenstorting tegemoet gaan.

In ooreenstemming met sy optrede in ander inrigtinge het hy hier ook pogings aangewend om weg te loop. Hy is gevolglik in die dissiplinêre koshuis geplaas waar hy voortdurend onder noulettende toesig verkeer het. In hierdie koshuis moes hy gedurende die dag harde liggaamlike arbeid verrig sodat hy saans moeg was en snags goed geslaap het. Hy het homself geleidelik uitgespook. Die gereelde lewe het sy senuweegestel goed gedoen. Dit was eindelik moontlik om sy

probleem/.....

probleem met groter vrug met hom te bespreek en sy toekoms saam met hom te beplan. Hy het 'n goeie insig in sy moeilikhede en 'n begrip van die oorsake daarvan ontwikkel en belowe om sy bes te doen. Hierop is hy uit die dissiplinêre koshuis gehaal. Sedertdien was sy vordering konstant.

(iii) Gedragsvorming:

Daar moes nog baie aandag aan hom gegee word. Hy is vermaan en met raad en leiding bygestaan. In die geroetineerde atmosfeer van die inrigting het hy geleidelik bestendige gewoontes ontwikkel en geleer dat hy met 'n wilde humeur en geweld niks vermag nie. Hy het die moeilikhede waarvoor hy te staan gekom het verstandiger en omsigtiger benader. Saam met dié emosionele aanpassing het hy ondervind dat 'n veranderde optrede meer bevrediging gee by wyse van liefde en sosiale erkenning. Die personeel en leerlinge het van hom begin hou. Sy ouers het gereeld geskrywe en besoek afgelê. Hy moes hierbenewens leer om sy voorregte te verdien en nie net op te eis nie.

(iv) Skoolopleiding:

Hoewel hy geen aanleg of belangstelling in 'n ambag gehad het nie, is hy om terapeutiese oorwegings tog daarin geplaas. Hy het kabinetmakery gekies en tog 'n mate van vordering gemaak. Nadat die emosionele spanninge afgewerk en opgelos was, is hy vrygestel van die ambag om voltyds die skool te besoek. Gedurende die eerste paar maande het daar egter van skool- en ambagsopleiding nie veel tereg gekom nie. Sy taak van aanpassing was te groot. Daarna het hy geleidelik verbeter. In die skool het hy uitstekend gewerk en 'n jaar na toelating drie vakke vir std.VIII geslaag. Ses maande later het hy die volle std.VIII-

sertifikaat/.....

sertifikaat verwerf. Sy algemene gedrag in die skool was baie goed.

(i) <u>Resultaat</u>:

(i) <u>Algemeen</u>:

In verhouding tot die erns van sy afwykings en wanaanpassings het hy gedurende die agtien maande in die inrigting uitstekende vordering gemaak. In 'n brief aan sy ouers skryf hy as volg: "Die inrigting het my dissipline geleer; my geleer om te werk en myself te gedra. Ek hoop op 'n goeie toekoms as ek eendag hier uitkom." Oor die algemeen het hy van 'n afstootlike, onbeheerste baba tot 'n gedissiplineerde, aangename en sosiaal vry goed aangepaste jong man ontwikkel.

(ii) <u>Persoonlikheidsreaksies</u>:

Volgens die skatting het sy persoonlikheidsreaksies 'n geleidelike wysiging ten goede ondergaan. Die volgende tabel gee 'n aanduiding hiervan:-

<u>Tabel VII B</u>.

<u>Persoonlikheidsreaksies: Gemiddelde Skatting van drie Beoordelaars</u>.

| Reaksies. | Skatting. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating. | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande. |
| Inisiatief ........... | 3 | 3 | 3 | 4 |
| Selfvertroue.......... | 2 | 3 | 3 | 4 |
| Pligsbesef............ | 1 | 3 | 3 | 4 |
| Volharding............ | 1 | 2 | 3 | 3 |
| Sosiale Aanpasbaarheid | 2 | 3 | 3 | 4 |
| Gemanierdheid......... | 2 | 2 | 3 | 3 |
| Netheid............... | 1 | 2 | 2 | 3 |
| Betroubaarheid........ | 1 | 3 | 3 | 4 |
| Geaardheid............ | 1 | 2 | 2 | 3 |
| Konsentrasie.......... | 1 | 2 | 3 | 3 |
| Totaal | 15 | 25 | 29 | 35 |

(iii) Aanpassing:

Sy vordering in aanpassing word in die volgend tabel aangedui:

Tabel VIII B.

Prestasies in California-Persoonlikheidsaanpassingstoets.

| Trekke. | Persentiele. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toela-ting. | Na 6 mnde. | Na 12 mnde. | Na 18 mnde. |
| 1. Selfaanpassing.............. | 5 | 20 | 40 | 65 |
| (a) Selfvertroue............. | 25 | 60 | 80 | 95 |
| (b) Gevoel van Eiewaarde...... | 1 | 5 | 15 | 50 |
| (c) Gevoel van Persoonlike Vryheid .............. | 15 | 35 | 50 | 70 |
| (d) Gevoel van Tuishoort...... | 15 | 45 | 65 | 90 |
| (e) Neigings tot teruggetrokkenheid (vry van)...... | 10 | 15 | 20 | 50 |
| (f) Simptome van Senuweeagtigheid (vry van)......... | 15 | 25 | 65 | 35 |
| 2. Sosiale Aanpassing......... | 20 | 45 | 65 | 90 |
| (a) Maatskaplike standaarde... | 45 | 70 | 90 | 70 |
| (b) Maatskaplike bedrewenheid. | 10 | 50 | 65 | 65 |
| (c) Anti-sosiale neigings (vry van).............. | 35 | 65 | 30 | 95 |
| (d) Gesinsverhoudinge......... | 30 | 75 | 75 | 95 |
| (e) Skoolverhoudinge.......... | 35 | 40 | 60 | 85 |
| (f) Gemeenskapsverhoudinge.... | 25 | 30 | 80 | 95 |
| Totale Aanpassing | 10 | 30 | 50 | 80 |

Sy algemene aanpassing het 'n groot verbetering ondergaan Na ses maande het hy reeds aansienlike verandering getoon: hy het veral baie meer selfvertroue ontwikkel, hoewel sy gevoel van eiewaarde nog ernstig te kort skiet. Daarby is hy minder beklem, voel meer tuis, is ietwat minder

teruggetrokke/.....

teruggetrokke en senuweeagtig. Sy selfaanpassing is nog baie onbevredigend, maar sy sosiale aanpassing is reeds byna normaal. Op twaalf maande toon hy nog verdere verbetering, en ses maande later is die profiel van sy persoonlikheidsaanpassing besonder gunstig. Hy openbaar nog simptome van senuweeagtigheid, maar sy totale aanpassing is uitstekend.

(iv) Temperament:

Wysiginge in sy temperament word in die volgende tabel aangegee:

Tabel IX B.

Prestasies in die Johnson-Temperamenttoets.

| | Persentiele. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating. | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Senuweeagtig/rustig.. | 98 | 86 | 56 | 51 |
| Swaarmoedig/lighartig | 98 | 97 | 88 | 63 |
| Lewendig/dooierig.... | 77 | 54 | 43 | 54 |
| Hartlik/koud......... | 10 | 30 | 34 | 69 |
| Simpatiek/hardvogtig. | 19 | 25 | 64 | 75 |
| Subjektief/objektief. | 80 | 72 | 61 | 25 |
| Aggressief/onderworpe | 15 | 29 | 29 | 44 |
| Vitterig/erkentlik... | 89 | 86 | 81 | 51 |
| Beheers/impulsief.... | 34 | 59 | 95 | 95 |

Ook ten opsigte van sy temperament was daar aansienlike verbetering gedurende die heropvoedingsperiode. Soos in die aanpassingstoets, toon hy ook in hierdie toets nog 'n mate van senuweeagtigheid. Daar is ook nog die swaarmoedige inslag in sy temperament, maar hy is baie minder

subjektief/.....

subjektief en impulsief. Die profiel van sy temperamentstrekke vertoon oor die algemeen heel gunstig.

(v) Gevolgtrekking:

Oor die algemeen het hy uitstekende vordering gemaak gedurende sy verblyf in die inrigting. Die gunstige indruk wat hy onder waarneming en skatting skep, word bevestig deur die resultate van beide die aanpassings- en temperamentstoetse. Sy skoolvordering en algemene gedrag is in ooreenstemming met die verandering in sy persoonlikheid. Daar is goeie rede om te verwag dat hy nie verder moeilikheid sal gee nadat hy die inrigting verlaat nie.

5. Geval III.

(a) Identifikasie:

Wessel van Heerden.

Ouderdom 19, I.K. 118, Std. VIII.

(b) Probleem:

Wanaanpassing gekenmerk deur onbeheerbaarheid en homoseksualiteit. Gekommitteer op aanklagte van diefstal en motordiefstal.

(c) Maatskaplike Agtergrond:

Wessel het in 'n uitsoekwoonbuurt in Pretoria groot geword. Aan speelruimte en ontspanningsfasiliteite het dit nie ontbreek nie. Die bevolking is gemeng Engels-Afrikaanssprekend; die algemene lewenspeil is bo die gemiddelde, en die etiese standaarde en morele opvattinge skynbaar gesond.

(d) <u>Gesinsagtergrond</u>:

Die gesin bewoon 'n moderne en gerieflike woning in 'n baie goeie omgewing. Die huislike omstandighede is besonder gunstig en die lewenspeil hoog. Die gesinshoof is oorlede toe die seun nege jaar was. Die grootvader, moeder en twee kinders, Wessel en 'n dogter, woon saam. Die grootvader is 'n afgetrede prokureur en reeds oor die tagtig. Hy is besonder welgesteld en leef van sy rente. Die moeder is 'n weduwee. Sy is kinderloos en het die twee kinders kort na mekaar aangeneem. Hulle was toe nog babas. Die eie ouers van hierdie kinders is onbekend.

Die gesondheidstoestand van die gesin is goed, behalwe vir sover die grootvader gedurende die jongste tyd aan allerlei ouderdomskwale ly. Hy is 'n knorrige, konserwatiewe man, met 'n sterk dominerende persoonlikheid. Hoewel baie geheg aan sy dogter, is hy dikwels ontevrede oor die wyse waarop sy die twee kinders opvoed. Na sy oordeel is die dissipline nie streng genoeg nie. Die vader was in lewe hoof van 'n groot skool en, na verneem word, 'n begaafde en fyn opgevoede man. Die moeder was voorheen onderwyseres en later huisvrou. Sedert haar man se dood is sy as sekretaresse aan 'n skool verbonde. Hierbenewens besit sy 'n melkery kort buite die stad. Sy skyn 'n bekwame en aangename persoon te wees en lei 'n hoogstaande sedelike lewe. Die dogter het std. X geslaag en is tikster in die staatsdiens.

Die gesin behoort aan die N.G. Kerk, maar huldig vry liberale beskouinge oor die godsdiens en gaan selde kerk toe. Die moeder en kinders stel baie belang in boeke, kuns en musiek. Hulle reël dikwels musiekaandjies saam

met/.....

met vriende by hulle aan huis.

Die onderlinge emosionele verhoudinge in die gesin en die huislike atmosfeer is nie gesond nie. Daar heers dikwels spanning en onenigheid, wat voortspruit uit die verskil tussen die grootvader en die moeder oor die opvoeding van die kinders. Die moeder gee onbeperkte liefde en sorg aan die kinders en hel duidelik oor na 'n opvatting dat die kinders geleentheid moet kry om hulself uit te lewe ten einde repressies en frustrasies te voorkom. Die kinders kry feitlik alles wat hulle hart begeer. Dit is duidelik dat hulle nie die liefde en opofferinge van die moeder waardeer nie, maar dit as vanselfsprekend aanvaar. Die grootvader kom hierteen in verset. Die moeder en kinders beweer dat sy voortdurende gemor oor dissipline en wat nie al nie 'n neerdrukkende atmosfeer in die huis skep.

Die gesin is finansiëel goed daaraan toe en staan sosiaal hoog aangeskrewe. Hulle beweeg in ontwikkelde kringe en neem baie deel aan kulturele bedrywighede. Niemand in die gesin neem aan sport deel nie, maar hulle gaan dikwels na konserte en goeie vertonings in die bioskoop.

(e) <u>Persoonlike Geskiedenis</u>:

(i) <u>Liggaamlike Ontwikkeling</u>:

Na die moeder verklaar, was Wessel as klein seuntjie nie baie sterk nie en het noulettende sorg geverg. Hy het geleidelik sterker geword en was van sy sewende jaar 'n redelik gesonde kind wat nooit 'n ernstige siekbed ondervind het nie.

(ii) <u>Algemene Ontwikkeling</u>:

Wessel het onder gunstige omstandighede groot

geword/.....

geword en deurgaans 'n uitstekende opvoeding geniet. Die ouers was nie alleen finansieel in staat om op elke wyse in sy behoeftes te voorsien nie, maar het 'n goeie sosiale status geniet, waardeur die seun van kleins af in die beste kringe beweeg het. Hulle het alles in hul vermoë gedoen om hom 'n deeglike opvoeding te gee. Hy was 'n mooi seuntjie en redelik knap. Die gevolg was dat 'n groot ophef van hom gemaak is. Boonop was hy fisies nie sterk nie en is hy baie vertroetel. Hy het alles gekry wat sy hart begeer. Hierdeur is hy oormatig verwen. Die moeder beweer dat hy van kleins af eienaardighede openbaar het. Hy was baie eksentriek en meisieagtig: lief vir popspeel, huiswerk, vroueklere en -skoonheidsmiddele. Op twaalfjarige leeftyd het die moeder hom gevolglik na 'n psigiater geneem, wat bevind het dat hy "emosioneel onvolwasse; seksueel wanaangepas is en aan 'n sterk minderwaardigheidskompleks ly".

Die pleegouers het hom as hulle eie kind groot gemaak en wou voorkom dat hy ontdek dat hy 'n aangenome kind is. Min mense het geweet dat dit nie hulle eie kinders was nie. Die geheim het egter uitgelek. Toe Wessel by geleentheid met 'n ander leerling op skool in 'n woordewisseling betrokke raak, het laasgenoemde opgemerk dat Wessel hom verniet verbeel dat hy wonderlik is; hy is tog maar 'n optelkind. Hy het verontwaardig die storie tuis kom vertel, en die moeder het hom onoortuigend gerus gestel. Soortgelyke insidente het weer voorgekom en is dikwels deur sy verwendheid en grootdoenerigheid uitgelok. Die twyfel oor sy afkoms het geleidelik by die seun gegroei en spanning in sy eie gemoed geskep. Hy beweer dat hy diep ongelukkig was oor hierdie uitlatings. Gerusstelling deur die moeder het nie meer

gehelp/.....

meer gehelp nie. 'n Menigte vrae het hom gedurig gekwel: waarom verskil die gesinslede so baie van mekaar; waarom is hulle geaardhede so uiteenlopend; waarom lyk hy glad nie na sy moeder of vader nie? Hy is 'n besonder sensitiewe kind, en hierdie opmerkings het hom diep getref. Hy was bang om met ander kinders om te gaan. Toe die moeder besef dat sy die seun nie langer met ontwykende antwoorde gerus kon stel nie, het sy besluit om hom die waarheid mee te deel. Hy was toe reeds sestien jaar oud. Daarmee het die kwellende onsekerheid verdwyn, maar 'n nuwe probleem het opgeduik: hy het nie meer tuis gevoel in die huis waarin hy groot geword het en soveel liefde ontvang het nie. Verskilpuntjies het nou duideliker uitgestaan. Daar het verwydering tussen hom en die huisgenote gekom. Hy het mense sover moontlik vermy en in 'n alleenloper ontwikkel. Hy was veral sku teenoor sy voormalige kennisse en het nuwe, soms ongewenste maats gesoek. Sy moeder was gekant teen die vriende wat hy gemaak het, maar hy wou nie van hulle afsien nie. Dit het uithuisigheid in die hand gewerk. Sover doenlik het hy haar in die duister gehou omtrent sy bewegings en sy maats.

Hy beweer dat hy gedurende hierdie tyd 'n geweldige behoefte aan liefde en simpatie gevoel het. In sy omwandelinge het hy met 'n jong getroude paartjie kennis gemaak. Hulle was baie vriendelik teenoor hom en het blykbaar baie van hom gehou. Hy het dikwels by hulle aan huis gekom en hartstogtelik verlief geraak op die jong vroutjie van sy vriend. Omdat hy besef het dat so 'n liefde geen reg van bestaan het nie, het hy daarteen gestry, maar tog nie daarin geslaag om sy gevoelens te verberg nie. Toe die vrou dit agterkom, het sy hom versoek om nie meer by hulle aan huis te

kom/.....

kom nie. Daarna het hy meisies sover moontlik vermy en slegs saam met mans uitgegaan. Hy was blykbaar nie baie oordeelkundig in die keuse van sy vriende nie. Uit hierdie omgang het homoseksuele verhoudinge ontstaan. Hy het die rol van die meisie gespeel en vir homself damestabberds met bypassende jasse, hoede, handskoene en juwele aangeskaf. Hierin uitgedos en soos 'n dame met lipstif en poeier opgemaak, het hy saam met mans uitgegaan. Wanneer sy moeder hom daarop gewys het dat mans nie so optree nie, was sy argument dat hy "anders" is as ander mans. Hy het geredeneer dat dit hom plesier verskaf en dat hy nie kan begryp waarom hy homself nie durf uitlewe nie. Hierdie gedrag het tot seksuele wanpraktyke gelei. Hy erken dat hy as vrywillige deelgenoot homoseksuele ervaringe met sommige van sy sogenaamde mansvriende gehad het. Trouens, hy het dit 'n lonende praktyk gevind.

(iii) Opvoedkundige Ontwikkeling:

Hy is op sesjarige leeftyd skool toe. Aanvanklik was sy vordering goed, maar dit het geleidelik verswak. Vermoedelik het die spanning wat ontstaan het as gevolg van twyfel oor sy afkoms hiermee te doen gehad. Hy was later teensinnig om verder skool te gaan, en dit was met groot moeite dat sy moeder hom sover gekry het dat hy std. VIII geslaag het. Hierna het hy die skool op sestienjarige leeftyd verlaat. Volgens die verslag van die skoolhoof was hy verwen en verwyfd. Hy het 'n ernstige mate van onstabiliteit getoon, was aggressief, selfsugtig, baasspelerig en afknouerig. Daarby het hy aan 'n ernstige minderwaardigheidskompleks gely en gedurig gekompenseer deur

uiterlike/.....

uiterlike vertoon, grootpraterigheid en spoggerige klere.

(iv) <u>Beroepsloopbaan</u>:

Hy het begin werk as leerlingtelegrafis in die hoofposkantoor teen £18 per maand. Nadat hy 'n jaar hier was, word hy oorgeplaas na die Sentrale Poskantoor, waar hy £21 per maand verdien. Hy bedank ses maande later en aanvaar 'n betrekking as klerk by die Departement van Openbare Werke teen £20 per maand. Ses maande later bedank hy, omdat hy nie met sy hoofde kon klaarkom nie en gaan werk in 'n winkel waar hy £21 per maand verdien. 'n Paar maande later bedank hy ook hierdie werk en tree as klerk in diens van die Gesondheidsraad teen £27 per maand. Terwyl hy hier werksaam was, het hy misdaad begin pleeg.

(v) <u>Kriminele Rekord</u>:

Sy kriminele rekord is vry ernstig. Met sy eerste verskyning voor die hof is hy skuldig bevind op dertien aanklagte dat hy 'n vals naam en adres by 'n drankwinkel verstrek het. Hy is gewaarsku en ontslaan. Nie lank hierna nie is hy weer aangekla en skuldig bevind op dertien aanklagte van vervalsing. Die vonnis is uitgestel vir drie jaar op voorwaarde van goeie gedrag. 'n Paar maande later kom hy weer voor op aanklag van vervalsing. Die vonnis word nogeens uitgestel. Ses maande later word hy skuldig bevind op aanklag van motordiefstal en dranksmokkelary en onder toesig van die proefbeampte geplaas. Toesig het ook nie veel gebaat nie, en nog twee maande later word hy op aanklagte van diefstal en motordiefstal na die Verbeteringskool gekommitteer. Benewens hierdie oortredings het hy hom skuldig gemaak aan sodomie en dronkenskap, sonder

dat/.....

dat klagtes teen hom ingedien is.

(f) <u>Persoonlikheidseienskappe</u>:

(i) <u>Algemene Indrukke</u>:

Hy gaan blykbaar mank aan ernstige wanaanpassings. Sy grenslose vermetelheid het hom die wrewel van sy medeleerlinge op die hals gehaal. Hy handhaaf deurgaans 'n houding van hooghartige meerderwaardigheid; is grootdoenerig en spog graag met sy huis, sy moeder se besittinge en sy eie talente. Dit is duidelik dat hy uiters verwen, selfsugtig en ongedissiplineer is. In sy omgang met ander is hy dominerend, wantrouig en krities. Hy is besonder ongevoelig vir die openbare mening, maar openbaar tog 'n hunkering na sosiale erkenning. Hierby toon hy tekens van emosionele onbestendigheid, impulsiviteit en aggressiviteit. Hy is meisieagtig, lief vir skoonheidsmiddele, geneig tot ekshibisionisme en homoseksualiteit. Soms verval hy in buie van neerslagtigheid en is dan humeurig en apaties. Hy het eienaardig verwronge begrippe en 'n totaal hedonistiese uitkyk op die lewe. Hy argumenteer dat hy nie kan insien wat verkeerd daarmee is as hy vryasies met ander mans aanknoop en selfs sodomie pleeg as dit hom bevredig nie. Op een of ander wyse het hy 'n goeie voorraad oppervlakkige sielkundige begrippe versamel wat dien om sy doen en late te regverdig. Onder invloed hiervan argumenteer hy dat 'n mens jou natuurlike drange moet uitleef, anders ontstaan frustrasies en repressies. Hy hou 'n eie intelligente, hoewel verwronge, sienswyse oor sake daarop na. Aan die ander kant is hy 'n groot baba, eiesinnig en wispelturig. Hy het 'n geweldige teensin in handearbeid en kla dat hy nie gewoond is aan kafferwerk as hy saam met ander leerlinge op die terrein moet werk nie. In sy

briewe/.....

briewe openbaar hy 'n gehegtheid aan sy moeder, maar terselfdertyd buit hy haar liefde selfsugtig uit vir sy eie doeleindes. Byna met elke brief volg 'n lang lys van artikels wat sy moet aanstuur, baie waarvan totaal onnodig.

(ii) <u>Liggaamlike Toestand</u>:

Hy is 'n lang, skraal seun, maar redelik goed gebou. Volgens mediese uitspraak is hy liggaamlik gesond.

(iii) <u>Intelligensie en Skolastiese Prestasie</u>:

Hy is 'n skrander seun, met 'n I.K. van 118. Hoewel hy uitstekend gepresteer het in die lees- en woordeskattoetse, het hy weer uiters swak gevaar in die rekenkundetoets, soos blyk uit die volgende tabel:

<u>Tabel I C</u>.

<u>Prestasie in Taal- en Rekenkundetoetse</u>.

| Toets | Taal. | | Rekenkunde | |
|---|---|---|---|---|
| | P | W | B | P |
| Persentiele | 90 | 87 | 1 | 4 |

Volgens die uitslag van hierdie toetse is sy taalkennis ver bo die gemiddelde, terwyl sy rekenvermoë dié van 'n seun van ongeveer tien jaar verteenwoordig.

(iv) <u>Bekwaamheid</u>:

In ooreenstemming met die uitslag van die skolastiese toetse het hy ook uitstekend gevaar in die toets vir verbale redenering, maar swak in vormwaarneming, nie-verbale redenering en meganiese insig. Die resultaat word in die volgende tabel weergegee:

Tabel II C/.....

Tabel II C.

Prestasie in Algemene Bekwaamheidstoets.

| Bekwaamheid | VR. | NR. | GM. | SP. | MI. |
|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 80 | 37 | 12 | 0 | 34 |

Hy het geen aanleg in 'n ambagsrigting nie, maar sal waarskynlik goed vaar as taalonderwyser, klerk of vertaler.

(v) Belangstelling:

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van sy prestasie in die belangstellingsvraelys:

Tabel III C.

Persentiele in Belangstellingsvraelys.

| Vorms van Belang-stelling. | SO | OP | B | Sy | Sk | L | K | H | M | W | D | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 80 | 30 | 85 | 60 | 80 | 80 | 95 | 80 | 10 | 25 | 10 | 90 |

Hy openbaar in hierdie vraelys 'n taamlike wye belangstelling en toon 'n besliste voorkeur vir plante, besigheid, kunswaardering, skryf- en leeswerk en vir werk met mense. Daar is dus verskillende beroepsrigtinge waarin hy sukses kan behaal, o.a. onderwys, besigheid, sekretariële werk en nywerheidskunswerk.

(vi) Reaksies:

Die gemiddelde skatting van sy persoonlikheidsreaksies word in die volgende tabel aangegee:

Tabel IV C/.....

Tabel IV C.

Gemiddelde van Drie Skattings van Persoonlikheidsreaksies.

| Reaksies | Ins | Slv | Plb | Vlh | Sap | Gmh | Nth | Bth | Gah | Kst | T. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skatting | 3 | 4 | 2 | 2 | 1 | 2 | 4 | 1 | 1 | 2 | 22 |

Volgens hierdie skatting van sy reaksies lê hy dikwels inisiatief aan die dag, besit genoeg selfvertroue en is gewoonlik net, maar moet dikwels op sy plig gewys word; hy volhard net solank 'n taak maklik is, maak nie maklik maats nie en is teruggetrokke van geaardheid.

(vii) Aanpassing:

Die profiel van die California-toets bevestig die feit van sy wanaangepastheid. Die volgende tabel gee 'n aanduiding hiervan:

Tabel V C.

Prestasie in California-Persoonlikheidstoets.

| Trekke | SA | SV | GE | PV | GT | NT | SS | MA | MS | MB | AN | GH | SH | MH | T |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 5 | 65 | 15 | 15 | 30 | 1 | 15 | 25 | 70 | 50 | 65 | 10 | 40 | 10 | 10 |

Sy self- sowel as sosiale aanpassing is swak. Hy het heelwat selfvertroue, maar voel daarenteen minderwaardig, beklem, onseker en vreemd. Daar is ernstige neigings tot teruggetrokkenheid en senuweeagtigheid. Hy het 'n goeie begrip van maatskaplike standaarde, is redelik bedrewe in die omgang met ander en betreklik vry van anti-sosiale neigings. Sy verhouding tot die gesin en die gemeenskap, daarenteen, is baie swak.

(viii)/.....

(viii) Temperament:

In die temperamenttoets het hy die volgende prestasies behaal:

Tabel VI C.

Prestasie in Johnson-Temperamenttoets.

| Trekke | S/R | S/L | L/D | H/K | M/H | S/O | A/O | E/K | B/I |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 71 | 88 | 44 | 6 | 61 | 82 | 96 | 88 | 34 |

Die resultaat van hierdie toets toon dat hy temperamenteel uiters onewewigtig is. Met uitsondering van lewendigheid is daar nie 'n enkele trek in sy samestelling wat normaal vertoon nie. Hy is senuweeagtig, depressief, koud en subjektief. Verder staan hy betreklik onsimpatiek teenoor die medemens, is selfsugtig, aggressief, krities en impulsief. Oor die algemeen sluit die uitslag van die temperamenttoets baie goed aan sowel by die resultate van die skatting en die aanpassingstoets, as by die beeld wat deur sy persoonlike geskiedenis en die algemene indrukke deur waarneming gevorm word.

(g) Diagnose:

(i) Formulering:

Uit die gegewens blyk dat hy 'n intelligente seun is, maar emosioneel onewewigtig en infantilisties. Hy ly aan 'n ernstige minderwaardigheidsgevoel in teenstelling met 'n redelike mate van selfvertroue. Daarby is hy koud, subjektief en egosentries. Hy is geneig om alles in terme van homself te meet en het 'n vermetele geloof in sy eie voortreflikheid. Hierdie eienskap is moontlik 'n kompenserende reaksie, net soos sy drang na vertoon en

spoggerigheid/.....

spoggerigheid. Hy is selfsugtig, wantrouig en eiesinnig. Emosioneel is hy meisieagtig en onvolwasse. Hy is verder geneig tot homoseksualiteit en ekshibisionisme. Die temperamenttoets, sówel as die feite van sy persoonlike geskiedenis, toon dat hy aggressief, impulsief en ongedissiplineer is. Beide die aanpassings- en temperamenttoetse beklemtoon die feit dat hy senuweeagtig en depressief is. Hy kry buie van swaarmoedigheid en humeurigheid. Hoewel hy nie aan ernstige anti-sosiale neigings mank gaan nie, is hy wanaangepas en temperamenteel ongebalanseer. Sy misdadigheid is allig die gevolg van faktore wat in sy persoonlikheid self geleë is.

(ii) Motivering:

In hoeverre fisiologiese of organiese faktore ten grondslag van sy probleem lê, en in hoeverre sy probleem die gevolg is van omstandighede, val moeilik te bepaal. Dit skyn nietemin of temperamentele trekke 'n basiese rol gespeel het in sy afwykende gedrag. Hy is besonder sensitief, subjektief en impulsief. As gevolg van hierdie trekke was hy waarskynlik minder bestand teen die emosionele skokke wat hy moes verduur. Sy meisieagtigheid en homoseksualiteit is moontlik die gevolg van organiese faktore, maar ervaring en wanopvoeding het vermoedelik bygedra om hierdie neiginge te versterk. Hy was reeds van kleins af lief vir popspeel en meisieklere. Die ouers het hom hierin nie teengegaan nie, maar eerder die neiging versterk deur vertroeteling en verwenning. As gevolg hiervan het hy emosioneel nie behoorlik ontwikkel nie en bly hunker na liefde en vertroeteling op 'n infantiele vlak. Aanvanklik het die ouers en vriende sy meisieagtigheid heel aardig gevind, sodat hy daardeur aandag en erkenning verkry het. Hy het

homself/.....

homself gevolglik met die vroulike geïdentifiseer. Identifikasie met die vroulike skyn die dinamiese faktor in sy psigiese struktuur te wees. Boonop het hy nooit innerlike selfbeheersing ontwikkel nie, omdat hy van buite nooit die nodige dissipline ondervind het nie. Hy is van kleins af toegelaat om sy drange en begeertes na willekeur uit te lewe en het derhalwe nie die nodige frustrasieduldirg ontwikkel nie. Sy ongevormde drange bepaal nog steeds sy doen en late. Die meeste van sy huidige karaktertrekke het waarskynlik van kleins af ontwikkel as gevolg van vertroeteling en verwenning. Gepaard hiermee gaan die verskille tussen die grootvader en moeder oor die optree teenoor, en die opvoeding van, die kinders. Dit bring onenigheid in die gesin en skep 'n gespanne atmosfeer in die huis. Hy vermy die knorrige grootvader sover doenlik. Hy is feitlik uitsluitlik aangewese op twee vroumense -- sy moeder en suster -- met geen manspersoon in die huishouding met wie hy homself enigsins kan vereenselwig nie. As gevolg van verwenning ontwikkel hy 'n totaal verkeerde begrip van sy eie waarde as mens. Toe volg die ontdekking dat hy 'n aangenome kind is. Niemand weet of kan verklaar wie sy eie ouers is nie. As intelligente seun maak hy allerlei afleidings. Hierdie ontdekking was vir hom 'n geweldige emosionele skok. Dit het sy gevoel van eiewaarde geknak. Hy raak teruggetrokke en vermy sy ou kennisse sover moontlik, want hulle weet almal van sy geheim. In sy emosionele verwonding soek hy na nuwe menslike kontakte, maar is nie baie oordeelkundig in die keuse van sy vriende nie. Die moeder maak beswaar teen hulle, en daarna vermy hy die ouerhuis soveel moontlik. Hy bring soveel moontlik van sy tyd by 'n jong egpaar deur en raak smoorverlief op sy vriend se vrou.

Onder/.....

Onder die besef dat dit 'n verbode liefde is, vermy hy hierdie vriende. Hy besluit om nie meer met meisiemense om te gaan nie, en maak maats met mans van twyfelagtige karakter. Hulle stimuleer opnuut sy homoseksuele neigings. Dit loop uit op sodomie. Die feit dat hy eenmaal verlief was op 'n vrou, maak dit onwaarskynlik dat hy 'n volslae homoseksualis kan wees. Omstandighede het allig 'n bydrae gelewer om hierdie neiging te versterk.

Vermoedelik het 'n gevoel van minderwaardigheid reeds van vroeg af by hom posgevat. Weens sy meisieagtigheid kon hy nooit met ander seuntjies meedoen nie. Dit het hom reeds minderwaardig laat voel, maar sy minderwaardigheidskompleks het vermoedelik finale beslag gekry met die ontdekking dat hy 'n aangenome kind is. Baie van sy ander karaktertrekke word hierdeur beïnvloed. Hy kompenseer deur aggressiviteit en spoggerigheid. Sy misdadigheid is waarskynlik 'n regstreekse gevolg van sy minderwaardigheidsgevoel. Hy hunker na mooi klere om indruk mee te maak en erkenning te verkry. Die geld skiet kort, en hy smokkel drank, pleeg vervalsing en diefstal en selfs sodomie om die middele te bekom waardeur hy die nodige klere vir sy doel kon aankoop. Hy ervaar skuldgevoelens om sy dade, verkeer innerlik in stryd en spanning en verval in swaarmoedigheid en teruggetrokkenheid. As gevolg van sy besondere impulsiviteit handel hy sonder om die gevolge te bereken en beland homself sodoende in al groter moeilikheid.

(iii) Aanbeveling:

Hy bied uit terapeutiese oogpunt 'n ernstige probleem. Vir sy volledige rehabilitasie sal waarskynlik 'n lang periode van nougesette heropvoeding

nodig/.....

nodig wees. Sy probleem moet in besonderhede met hom bespreek word met die doel om die nodige begrip en insig in die oorsake daarvan te ontwikkel. Hy moet leer om sy drange en begeertes in bedwang te hou en het dus streng dissiplinering nodig. Die minderwaardigheidskompleks wat hom op lelike wyse laat kompenseer, moet te bowe gekom word deur hom geleentheid te bied om erkenning deur prestasie te verkry. Hy het hoegenaamd geen aanleg in 'n ambagsrigting nie, maar blink uit in sy taalvermoë en nie-verbale redenering. Gelyktydig openbaar hy belangstelling in verskillende beroepsrigtings. Hy sal waarskynlik sukses behaal as taalonderwyser, vertaler, klerk of nywerheidskunstenaar. Dit is daarom wenslik dat hy vrygestel word van ambagsopleiding en dat hy met sy akademiese studies voortgaan met die oog op die verwerwing van 'n std. X-sertifikaat. In stede van 'n ambag leer, kan hy kuns- of musiekopleiding geniet.

(h) Heropvoeding:

(i) Terapeutiese Onderhoude:

Herhaalde behandelingsonderhoude is met hom gevoer ten einde hom 'n begrip van sy persoonlike probleem en die aanleidende oorsake daarvan te gee. Dit was nie 'n maklike taak nie. Hy was aanvanklik uiters onbestendig en eiesinnig. Hoewel hy intelligent is, was hy so beterweterig, en op die verdediging dat vordering moeilik was. Sy ego kon nie die werklike feite verdra nie, nog minder aanvaar. Op lange laas het die onderhoude vrug afgewerp, en kon met konstruktiewe heropvoedingswerk begin word.

(ii) Gedragsvorming:

Die streng dissipline van die inrigting was

aanvanklik/.....

aanvanklik vir hom ondraaglik. Hy het gedurig kom kla oor hierdie of daardie reël wat dan onnodig sou wees of oor een of ander personeellid wat dan onredelik sou opgetree het. Veel geduld is beoefen om hom tot ander insigte te bring en te lei. Ook hiermee was hy eiesinnig en in verset. Daarby het hy homself beskou as veel beter as al die ander leerlinge en 'n hooghartige meerderwaardigheidshouding teenoor hulle ingeneem. Hierdeur het hy hom hulle wrewel op die hals gehaal en homself voortdurend in die moeilikheid beland. Aan die ander kant het die moeder hom met pakkies en sakgeld oorlaai -- veel meer as wat hy self kon gebruik. Dit het hom in staat gestel om mededeelsaam te wees teenoor ander leerlinge, waardeur hy 'n mate van populariteit by sommige verwerf het. Aangesien daar besef is dat sy persoonlikheid nie kon groei solank hy in staat is om die goeie guns en erkenning van andere te koop, in stede van dit te verdien deur geoeie gedrag en wellewendheid nie, is hieraan 'n einde gemaak. Die moeder is versoek om pakkies en sakgeld tot die minimum te beperk. Sy kon haar aanvanklik nie hiermee versoen nie en het die inrigting besoek om protes aan te teken. Nadat die nadelige uitwerking van haar vrygewigheid op die persoonlikheid van die seun in besonderhede verduidelik is, het sy aan die versoek gehoor gegee. Hierna was die seun in groot verleentheid. Hy het prestige ingeboet by die paar vriende wat hy nog gehad het. Hy was wanhopig, het gekla, rusie gemaak en gedreig, maar moes eindelik voor die onvermydelike swig. Sy houding en gedrag het geleidelik verander. Hy is aangemoedig, vermaan en van raad bedien. Toe hy reeds goed op pad was om vordering te maak, wend hy 'n poging aan om sodomie te pleeg. Die saak is noukeurig met hom bespreek, en hy is gewaarsku.

Toe hy die sodomistiese poging enkele weke later herhaal, is strenger opgetree. Hy het vier houe met 'n rottang gekry. Dit was vermoedelik die eerste liggaamstraf wat hy in sy lewe gekry het en dit het 'n geweldige indruk op hom gemaak. Hierna het hy vordering begin maak en hom onthou van aanstootlike gedrag. Die leerlinge het van hom begin hou, en hy het geleer dat daar ander maniere as grootdoenerigheid en omkopery is om erkenning te verkry.

(iii) Skoolopleiding:

Op skool het hy redelik gevorder en na twaalf maande drie vakke vir die Nasionale Senior Sertifikaat geslaag. Daar bestaan die moontlikheid dat hy ook sukses met die volgende vakke sal behaal. In stede van 'n ambag het hy musiekopleiding geniet. Hierin het hy hard gewerk en met twee agtereenvolgende eksamens onderskeiding verwerf. Sy algemene gedrag op skool was baie goed.

(i) Resultaat:

(i) Algemeen:

Hy skep die indruk dat hy uitstekende vordering oor die afgelope agtien maande gemaak het. Hy is baie minder emosioneel en gespanne, bestendiger en meer gedissiplineer. Sy senuweetoestand het skynbaar verbeter, en sy buie van swaarmoedigheid het verdwyn. Gedurende die laaste nege maande het hy nog nie weer homoseksuele neigings openbaar nie, en dit skyn of hy normaal aanpas.

(ii) Persoonlikheidsreaksies:

Die gemiddelde skatting van sy persoonlikheidsreaksies word in die volgende tabel weergegee:

Tabel VII C/.....

Tabel VII C.

Persoonlikheidsreaksies -- Gemiddelde Skatting van drie Beoordelaars.

| Reaksies. | Gemiddelde Skatting. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating | Na 6 maande | na 12 maande | na 18 maande. |
| Inisiatief............ | 3 | 3 | 3 | 4 |
| Selfvertroue.......... | 4 | 4 | 4 | 4 |
| Pligsbesef............ | 2 | 2 | 3 | 3 |
| Volharding............ | 2 | 2 | 3 | 3 |
| Sosiale Aanpasbaarheid | 1 | 1 | 2 | 3 |
| Gemanierdheid......... | 2 | 2 | 3 | 4 |
| Netheid............... | 3 | 3 | 3 | 3 |
| Betroubaarheid........ | 1 | 2 | 3 | 4 |
| Geaardheid ........... | 1 | 1 | 2 | 3 |
| Konsentrasie.......... | 2 | 2 | 3 | 3 |
| Totaal | 21 | 24 | 29 | 34 |

Volgens hierdie skatting was daar 'n aansienlike algemene verbetering in sy reaksies.

(iii) Aanpassing:

Volgens die resultate van die California-toets het sy aanpassing nie baie verbeter nie. Weliswaar was daar verbetering ten opsigte van enkele trekke, maar ander trekke het weer verswak; gemiddeld bly sy aanpassing onbevredigend.

Die volgende tabel gee die uitslag van die aanpassingstoets:

Tabel VIII C/.....

Tabel VIII C.

Prestasie in California-Persoonlikheidsaanpassingstoets.

| Trekke. | Persentiele. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating | Na 6 mnde. | Na 12 mndr. | Na 18 mnde. |
| 1. Selfaanpassing............... | 5 | 25 | 15 | 25 |
| (a) Selfvertroue............... | 65 | 80 | 90 | 80 |
| (b) Gevoel van Eiewaarde....... | 15 | 70 | 20 | 40 |
| (c) Gevoel van Persoonlike Vryheid................. | 15 | 70 | 50 | 15 |
| (d) Gevoel van Tuishoort....... | 30 | 30 | 15 | 30 |
| (e) Neigings tot teruggetrokkenheid (vry van)....... | 1 | 5 | 1 | 10 |
| (f) Simptome van Senuweeagtigheid (vry van).......... | 15 | 10 | 15 | 35 |
| 2. Sosiale Aanpassing........... | 25 | 35 | 30 | 20 |
| (a) Maatskaplike Standaarde.... | 70 | 90 | 90 | 90 |
| (b) Maatskaplike bedrewenheid.. | 50 | 50 | 30 | 20 |
| (c) Anti-sosiale neigings (vry van)............... | 65 | 65 | 30 | 30 |
| (d) Gesinsverhoudinge.......... | 10 | 30 | 20 | 10 |
| (e) Skoolverhoudinge........... | 40 | 10 | 15 | 40 |
| (f) Gemeenskapsverhoudinge..... | 10 | 35 | 50 | 25 |
| Totale Aanpassing | 10 | 30 | 20 | 20 |

Volgens hierdie tabel was daar 'n redelike mate van verbetering na die eerste ses maande. Daarna het hy weer agteruitgegaan. Die gemiddelde aanpassing op twaalf en agtien maande onderskeidelik is presies dieselfde.

(iv) Temperament:

Die uitslag van die temperamenttoets word

in/.....

in die volgende tabel weergegee:

Tabel IX C.

Prestasie in Johnson-Temperamenttoets.

| Trekke. | Persentiele. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Senuweeagtig/rustig......... | 71 | 93 | 70 | 90 |
| Swaarmoedig/lighartig....... | 98 | 93 | 96 | 95 |
| Lewendig/dooierig........... | 44 | 11 | 30 | 21 |
| Hartlik/koud................ | 6 | 16 | 13 | 14 |
| Mensliewend/hardvogtig...... | 61 | 36 | 70 | 68 |
| Subjektief/objektief........ | 82 | 41 | 55 | 47 |
| Aggressief/onderworpe....... | 96 | 89 | 96 | 94 |
| Erkentlik/krities........... | 88 | 89 | 73 | 81 |
| Beheers/impulsief........... | 34 | 42 | 54 | 65 |

Volgens hierdie toetsresultate is die verandering in sy temperamentstrekke betreklik gering. Daar is slegs noemenswaardige verbetering ten opsigte van twee trekke: subjektiviteit en impulsiviteit.

(v) Gevolgtrekking:

Ondanks sy goeie prestasie op skool en die gunstige indruk en skatting, dui die toetsresultate daarop dat sy persoonlikheid slegs baie geringe wysiging ondergaan het gedurende die heropvoedingsperiode. Basies het sy persoonlikheidsaanpassing en temperament presies dieselfde gebly. Of hy met 'n langer periode van heropvoeding veel verandering ten goede sal openbaar, is onseker.

# HOOFSTUK IV.

## DIAGNOSTIESE BEVINDINGE EN INTERPRETASIE.

1. Inleiding:

In die ontleding van die maatskaplike en gesinsagtergrond van die groep jeugoortreders met die doel om die oorsaaklike faktore in hulle wanaanpassing en misdaad te bepaal, is noodwendig meer besonderlik gelet op die omstandighede wat onmiddellik voor hulle verwysing na die Verbeteringskool geheers het. Dit is vanselfsprekend ewe noodsaaklik om die omgewingsfaktore en -invloede te ontleed wat met die vroegste ontwikkeling gemoeid was. In die vroegste jare word die diepste merke en blywendste indrukke op die gemoed gemaak. Maatskaplike en gesinstoestande is egter dinamies van aard; hulle verander: verbeter of verswak. Gevolglik is dit dikwels moeilik om faktore te peil wat jare gelede werksaam was. Sover doenlik is in hierdie ondersoek gepoog om ook die invloede na te gaan wat in die vroeë kinderjare betekenis gehad het. In baie gevalle het die omstandighede wat tydens die verwysing na die Verbeteringskool geheers het, gedeeltelik reeds baie jare lank, soms van die oortreder se geboorte af, bestaan en invloed op sy ontwikkeling en aanpassing uitgeoefen. Soms het daar verandering ingetree, en was hierdie omstandighede van meer resente datum. In gevalle waar die omgewingstoestande verbeter het, was dit moeilik om 'n indruk te vorm van wat dit vroeër was. Waar daar agteruitgang was, moet die oorsake

vir/.....

vir wangedrag waarskynlik in die meer onlangse toestande gesoek word, en was die taak na verhouding makliker. Daarby is daar in hierdie ondersoek nie van die veronderstelling uitgegaan dat wanaanpassing en misdaad sonder meer die gevolg is van omgewingsfaktore nie, maar daar is gepoog om die basiese faktore in die persoonlikheid en temperament te peil wat in wisselwerking met die omgewing tot wanaanpassing en misdaad gelei het.

2. Indeling en Omskrywing van Faktore:

In 'n ondersoek waarby soveel verskillende aspekte van 'n probleem betrokke is, is dit noodsaaklik om voorsorgmaatreëls te tref om die juistheid, toepaslikheid en eenvormigheid van die gegewens te verseker. Daar moes dus baie voorbereidingswerk gedoen en geëksperimenteer word alvorens besluit kon word oor die finale skedules, die omskrywing van faktore en die indeling daarvan in ondergeskikte kategorieë. Eindelik is bevind dat 'n kategorisering van die kwalitatiewe data in drie klasse -- goed, redelik en swak -- die doeltreffendste is. Fyner indelinge het geblyk ondoeltreffend en onbetroubaar te wees, omdat dit nie altyd moontlik was om tussen die verskillende graderings te onderskei nie. Daarenteen was dit nie moeilik om faktore onder swak of goed te klassifiseer, en alle gegewens wat nie duidelik onder een van die twee tuishoort nie, as redelik te beskryf nie. In die opsomming en tabellering van feite was dit weer nodig om van simbole gebruik te maak. Definisies en simbole in verband met die indeling van gegewens oor die maatskaplike en gesinsagtergrond word onderskeidelik in bylae II en IV verskaf, en dié oor die persoonlike geskiedenis van die gevalle in bylae VI. Vir die verwerking van die resultate van die toetse,

die/.....

die vraelys en die skattingskaal word in hierdie hoofstuk dieselfde simbole gebruik as in hoofstuk III.

3. Maatskaplike Agtergrond:

Benewens 'n algemene beskrywing van 'n omgewing as goed, middelmatig of swak, is 'n ontleding daarvan nodig, sodat geoordeel kan word op watter gronde dit onder 'n bepaalde hoof ingedeel word. 'n Omgewing kan immers in sommige opsigte duidelik swak wees, maar in ander weer in die oog-lopend goed. Daarby kan dit volgens bepaalde maatstawwe as swak beskou word, terwyl dit vanuit opvoedkundige oogpunt baie geskik kan wees. Daarom is die maatskaplike agtergrond hier in breë trekke ontleed in die geografiese ligging daarvan, die uiterlike gesteldheid en behuising, die samestelling en ekonomiese status van die bevolking, en die tradisies, etiese standaarde en morele opvattinge van die gemeenskap.

(a) Geografiese Ligging van Omgewing:

Tabel I D toon dat 21 (70%) van die groep jeug-oortreders uit stede afkomstig is, 5 (16·7%) uit groter dorpe, terwyl slegs 4 (13·3%) vanaf die platteland kom, waarby dorpe met 'n bevolking van minder as 5,000 ingesluit is. In werklikheid is daar slegs een plaasseun onder die groep. Hierdie seun is gekommitteer op grond van oortreding van die immoraliteitswette.

Tabel I D.

Geografiese Ligging van Omgewing waaruit 30 Jeugoortreders kom.

| Beskrywing. | Aantal. | Persentasie |
|---|---|---|
| Stede met 'n bevolking van 25,000 en meer.......................... | 21 | 70·0 |
| Dorpe met 'n bevolking van minder as 25,000 tot 5,000 .......... | 5 | 16·7 |
| Platteland, met plase en dorpe, met 'n bevolking van minder as 5,000 ......................... | 4 | 13·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

(b) Uiterlike Gesteldheid van Omgewing:

Volgens Tabel II D het 14 (46·7%) van die groep ten tyde van hul verwysing na die Verbeteringskool in 'n goeie, uitsluitlik residensiële buurt met gerieflike huise en voldoende oop terrein daarom heen gewoon. Hierby is ingesluit die een geval wat van 'n plaas afkomstig is. In 9 van die 14 gevalle, d.w.s. in 30% van die totale getal gevalle, het die gesinne reeds agt jaar en langer op dieselfde plek gewoon. Verder was 10 (33·3%) woonagtig in middelmatige buurte, met minder ruim huise, 'n gebrek aan oop terrein en bedreig deur die indringing van sake-ondernemings. Van hierdie 10 het 8 of 26·7% van die totaal reeds meer as agt jaar in dieselfde omgewing gewoon. Slegs 6 (20%) het uit armoedige agterbuurte gekom, met verwaarloosde huise in fabrieksgebiede, of geleë in die onmiddellike nabyheid van myne of spoorwegwerwe. Van hulle het 4 of 13·3% van die totaal reeds langer as agt jaar op dieselfde plek gewoon. Uit die totaal het 73·3% van die gevalle reeds langer as agt jaar onder min of meer dieselfde toestande in dieselfde omgewing gewoon, terwyl 26·7% van die gevalle oor dieselfde periode een of meer keer van omgewing verander het.

Uit hierdie feite volg dat die uiterlike gesteldheid van die fisiese omgewing, insluitende behuisingstoestande, hoogstens in 20% van die gevalle 'n bydrae kon gelewer het tot hul wanaanpassing en misdaad. Dit kom kortliks daarop neer dat armoedige agterbuurte hier te lande nie 'n belangrike oorsaak van jeugmisdaad by blankes is nie, altans nie in soverre afleidings uit gegewens oor 'n monster van 30 jeugoortreders geregverdig is nie. Vermoedelik is die rede daarvoor te vind in die feit dat hier, in teenstelling met baie ander lande, nog baie min groot nywerheidstede met

verwaarloosde/.....

verwaarloosde agterbuurte bestaan, veral in soverre dit die blanke gemeenskap raak.

Tabel II D.

Gesteldheid van Omgewing en Behuising ten opsigte van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing. | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| 'n Goeie residensiële buurt, met gerieflike huise en voldoende grond........ | 14 | 46·7 |
| 'n Middelmatige buurt, met minder ruim huise, bedreig deur sake-ondernemings | 10 | 33·3 |
| 'n Armoedige agterbuurt, met swak huise, in 'n fabrieksgebied of naby spoorwegwerwe of myne.................... | 6 | 20·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

(c) Samestelling van Bevolking:

Tabel III D gee 'n aanduiding van die samestelling van die bevolking ten opsigte van die gemeenskappe waaruit die 30 jeugoortreders stam:

Tabel III D.

Samestelling van Bevolking ten opsigte van Gemeenskappe waaruit 30 Jeugoortreders stam.

| Beskrywing. | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| 'n Homogene bevolking, met geringe standsverskille.................... | 11 | 36·7 |
| 'n Heterogene bevolking, met ooglopende standsverskille.................... | 15 | 50·0 |
| 'n Gemengde blank-gekleurde bevolking, met ernstige standsverskille........ | 4 | 13·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Hiervolgens/.....

Hiervolgens kom 11 (36·7%) van die groep uit gemeenskappe bestaande uit 'n min of meer homogene blanke bevolking, met slegs geringe standsverskille; 15 (50·0%) uit gemeenskappe met 'n heterogene blanke bevolking en in die ooglopende standsverskille; terwyl 4 (13·3%) kom uit 'n gemengde blank-gekleurde bevolking met diepgaande standsverskille. Uit die totaal kom 63·3% van die gevalle uit gemeenskappe waarvan die bevolkingsamestelling duidelik veelsoortig is. Hieruit volg nie dat die samestelling van die bevolking veel te maak gehad het met die misdadigheid van die betrokke groep jeugoortreders nie. Trouens, weens die veelsoortigheid van die bevolking in die Unie van Suid-Afrika, veral in die stede en groter dorpe, woon die grootste persentasie van sy mense vermoedelik in gemeenskappe met heterogene bevolkings. 'n Ontleding van die gegewens ten opsigte van elke individuele geval het nog nie oortuig dat heterogeniteit van bevolking 'n belangrike faktor was in die wangedrag van die groep oortreders nie. Slegs in twee gevalle het dit saam met ander faktore duidelik 'n rol gespeel.

(d) Ekonomiese Status van Gemeenskap:

Tabel IV D.

Ekonomiese Status van die Gemeenskappe waaruit 30 Jeugoortreders kom.

| Beskrywing. | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| 'n Welvarende gemeenskap............. | 15 | 50·0 |
| 'n Minder gegoede, maar tog selfstandige gemeenskap............... | 11 | 36·7 |
| 'n Behoeftige en afhanklike gemeenskap | 4 | 13·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Uit/......

Uit tabel IV D blyk dat 15 (50%) van die gevalle afkomstig is uit redelik welvarende gemeenskappe, 11 (36·7%) uit minder gegoede, maar tog ekonomies selfstandige gemeenskappe, en 4 (13·3%) uit arm en ekonomies afhanklike gemeenskappe. Daar is dus geen oortuigende bewys dat die ekonomiese status van die gemeenskap 'n aanleidende oorsaak was tot die misdadigheid van die groep nie.

(e) Speelruimte en Ontspanning:

Tabel V D.

Speelruimte en Ontspanningsfasiliteite ten opsigte van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing. | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Voldoende speelruimte................. | 21 | 70·0 |
| Gebrekkige speelruimte................ | 6 | 20·0 |
| Speelruimte ontbrekend................ | 3 | 10·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Volgens tabel V D was daar voldoende speelruimte en fasiliteite vir ontspanning ten opsigte van 21 (70%) van die gevalle. Vir 6 (20%) van die gevalle was die speelruimte onvoldoende en die fasiliteite gebrekkig, terwyl dit ten opsigte van 3 (10%) gevalle totaal ontbreek het. Slegs in laasgenoemde 3 gevalle is daar 'n moontlikheid dat gebrek aan speelruimte gedeeltelik kon bygedra het tot hulle wangedrag.

(f) Tradisies, Etiese Standaarde en Morele Opvattinge van Gemeenskap:

In soverre die tradisies, etiese standaarde en morele opvattinge van 'n gemeenskap deur

objektiewe/.....

objektiewe waarneming by benadering beoordeel kan word, verskyn die resultate in tabel VI D. In die beoordeling van die gemeenskappe in dié verband is die eie waarneminge aangevul deur dié van die volkswelsynbeamptes, en is verdere getuienis ingewin van magistrate en predikante.

Tabel VI D.

Tradisies, Etiese Standaarde en morele Opvattinge van die Gemeenskappe waaruit 30 Jeugoortreders kom.

| Beskrywing. | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| Gevestigde tradisies, met kontinuïteit in sosiale interaksie en gesonde etiese standaarde, ens. ........... | 13 | 43·3 |
| Gebrek aan bestendige tradisies en kontinuïteit in sosiale interaksie, ens. ............................... | 11 | 36·7 |
| Afwesigheid van tradisie en negatiewe sosiale interaksie, ens. .......... | 6 | 20·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Hiervolgens kom 13 (43·3%) van die gevalle uit gemeenskappe met gevestigde tradisies, kontinuïteit in sosiale interaksie en gesonde etiese standaarde en morele opvattinge; 11 (36·7%) stam uit gemeenskappe met gebrek aan bestendige tradisies en kontinuïteit in sosiale interaksie, met wisselende etiese standaarde en morele opvattinge, hoofsaaklik as gevolg van veelsoortigheid in die samestelling en wisseling van die bevolking. Slegs 6 (20%) kom uit gemeenskappe waar daar 'n klaarblyklike afwesigheid van tradisie is, met negatiewe sosiale interaksie as gevolg van sedeloosheid, morele ontaarding en misdaad.

Daar kan hieruit afgelei word dat gebrek aan tradisie,

etiese/.....

etiese standaarde en morele opvattinge, gepaard met negatiewe sosiale interaksie, minstens belangrike oorsake was van die afwykende gedrag by laasgenoemde ses gevalle. Dat hierdie faktore stellig 'n bydrae gelewer het, val nie te betwyfel nie, maar om hulle te beklemtoon tot uitsluiting van alle ander aanleidende faktore, sou foutief wees. Veral in 5 van die betrokke 6 gevalle was daar ook ander belangrike faktore in die maatskaplike agtergrond, afgesien van die gesinsagtergrond en persoonlikheidstrekke, wat kon bygedra het tot die wangedrag.

(g) Opsomming:

Uit die voorgaande volg dat jeugmisdaad meer spesifiek 'n stedelike probleem is, altans in soverre afleidinge uit gegewens oor so 'n klein monster gemaak kan word. Die oorgrote meerderheid, d.w.s. 86·7% van die totaal, is afkomstig uit stede en groter dorpe. Verder volg dit dat die maatskaplike agtergrond slegs in individuele gevalle moontlik 'n bydrae tot die afwykende gedrag gelewer het. Uit die ontleding van die gegewens is dit duidelik dat faktore in die maatskaplike agtergrond, te wete swak agterbuurte, die heterogene samestelling van die bevolking, gebrek aan speelruimte en die afwesigheid van gevestigde tradisies en negatiewe sosiale interaksie, hoogstens in 6 gevalle aanleidende oorsake van die wanaanpassing en misdaad kon wees.

4. Gesinsagtergrond:

Die belangrikheid van die gesin in die vorming van die mens word allerweë deur sielkundiges en opvoedkundiges beklemtoon. Dit is in die gesin waar die eerste behoeftes

van/....

van die kind bevredig word, waar sy geesteslewe die eerste vorming ondergaan en sy gewoontes, begrippe, sentimente en houdinge beslag kry. Daarenteen is dit ook in die gesin waar die kind sy eerste gevoelens van onsekerheid en angs ondervind, waar sy spanninge en emosionele verwarringe vasgelê word, en die meeste van sy wanbegrippe en wanaanpassings hulle oorsprong het. Dit is daarom van die grootste belang dat die faktore ontleed word wat in die gesinslewe gemoeid was met die ontwikkeling van die groep jeugoortreders. In hierdie verband is daar 'n wye reeks faktore wat aandag verg.

(a) <u>Beweeglikheid van die gesin</u>:

Tabel VII D gee 'n aanduiding van die beweeglikheid van die gesinne waaruit die 30 jeugoortreders kom:

<u>Tabel VII D.</u>

<u>Beweeglikheid van Gesinne van 30 Jeugoortreders</u>.

| Beskrywing. | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Gesinne met bestendige woonplek........ | 22 | 73·3 |
| Gesinne wat twee en meer keer van woonplek verander het............. | 8 | 26·7 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Hieruit blyk dat 22 (73·3%) van die gesinne 'n bestendige verblyf gehad het en sedert die geboorte van die seun nie meer as een keer van omgewing verander het nie, terwyl 8 (26·7%) twee en meer kere van omgewing verander het. Verdere ontleding van die gegewens bring aan die lig dat die gesin van een geval oor 'n periode van veertien jaar tien keer van woonplek verander het. In twee gevalle het die gesinne vyf keer verhuis, in twee gevalle vier keer, en

in/.....

in drie gevalle drie keer. In een geval was die vader van die gesin 'n immigrant. Oortuigende bewys kon slegs in een geval gevind word dat die beweeglikheid van die gesin bygedra het tot die ontwikkeling van die seun se probleme. Dit geld die seun van wie die ouers tien keer van omgewing verander het

(b) Behuising:

Tabel VIII D.

Behuising van Gesinne waaruit 30 Jeugoortreders kom.

| Beskrywing. | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Ruim en gerieflike wonings, met voldoende grond. .................. | 13 | 43·3 |
| Middelmatige wonings, met onvoldoende grond. ............................ | 11 | 36·7 |
| Swak, verwaarloosde en oorbewoonde wonings, onvoldoende gemeubileer, ens. .............................. | 6 | 20·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Tabel VIII D toon dat 13 (43·3%) van die gevalle groot geword het in gerieflike woonhuise, met voldoende ruimte en grond vir speel en beweeg daaraan verbonde; 11 (36·7%) in huise wat op grond van ruimte, meubelment en versorging as redelik beskou kan word, maar waar die speel- en beweeg-ruimte onvoldoende was; 6 (20%) in swak, verwaarloosde en totaal oorbewoonde huise, met onvoldoende meubelment, slordig en onversorg. In laasgenoemde 6 gevalle was die huise ook geleë in armoedige agterbuurte, soos reeds aangedui, en kan die oorbewoning en verwaarlosing van die huise beskou word as slegs een van 'n aantal faktore wat bygedra het tot die probleme van die betrokke gevalle.

(c)/.....

(c) Gesinsamestelling:

Die normale ontwikkeling van die kind kan bes in 'n gesin plaasvind waar albei ouers nog lewe en saamwerk in belang van die kinders. Dit is byna vanselfsprekend dat die opvoeding van die kind ly wanneer een of albei ouers te sterwe kom, of die ouers geskei is. Tabel IX D gee 'n aanduiding van die huwelikstaat van die ouers van die groep jeugoortreders:

Tabel IX D.

Egtelike Staat van Ouers van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Albei ouers in lewe en saam........... | 13 | 43·3 |
| Vader oorlede......................... | 6 | 20·0 |
| Moeder oorlede........................ | 3 | 10·0 |
| Ouers geskei en uit mekaar............ | 6 | 20·0 |
| Buite-egtelik gebore.................. | 2 | 6·7 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

(i) Versteuring van Primêre Verhoudinge:

Hieruit volg dat die huwelikstaat van die ouers normaal was slegs in 13 (43·3%) van die gesinne. In 17 (56·7%) van die gevalle is die primêre betrekkinge in die gesinne versteur deur die dood van die vader of die moeder, of deur egskeiding van die ouers, of weens die feit dat die kind buite-egtelik gebore is. Dit skyn of veral die dood van die vader 'n nadeliger uitwerking het op die vorming van die seun as dié van die moeder. Ses van die gevalle is vaderloos teenoor drie wat moederloos is. Dit blyk verder dat 6 (20%) van die gevalle kom uit

gesinne/.....

gesinne waar die ouers geskei of uit mekaar is, terwyl 2 buite-egtelik gebore is.

Dit is dus duidelik dat versteuring van die primêre verhoudinge in die gesin 'n belangrike aanleidende oorsaak kon wees van die wangedrag en misdaad van 'n aantal gevalle uit die groep.

(ii) Stief- en Pleegouerprobleem:

Tabel X D toon aan in watter ouerlike of ander sorg die gevalle was onmiddellik voor verwysing na die Verbeteringskool.

Tabel X D.

Sorg waarin 30 Jeugoortreders was voor Verwysing.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| Vader en Moeder........................ | 13 | 43·3 |
| Stiefvader en Moeder................. | 8 | 26·7 |
| Vader en Stiefmoeder................. | 4 | 13·3 |
| Vader alleen........................... | 2 | 6·7 |
| Moeder alleen......................... | 1 | 3·3 |
| Grootouers............................. | 1 | 3·3 |
| | 1 | 3·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Uit hierdie tabel blyk dit dat die 13 seuns in wie se gevalle die primêre verhoudinge normaal was, almal by hulle eie ouers groot geword het. In een geval waar die moeder oorlede is en in 'n ander waar die ouers geskei is, het die seuns in die sorg van die vaders verkeer. In 'n derde geval is die ouers uit mekaar, en is die seun in die sorg van die moeder gelaat. Een van die gevalle wat buite-egtelik

gebore/.....

gebore is, het by die grootouers gebly, en die ander by pleegouers. Albei hierdie seuns was tot die puberteitsjare onbewus van hulle buite-egtelike geboorte en onder die indruk dat dit hulle eie ouers was. Die ontdekking van die werklike posisie was skynbaar die belangrikste oorsaak van hulle afwykende gedrag. In 12 (40%) van die gevalle is die versteurde primêre verhoudinge nog verder gekompliseer deur die tussenkoms van 'n stiefouer. Ook hier skyn dit of die stiefvaderprobleem ernstiger gevolge het as die stiefmoederprobleem. Agt (26.7%) van die gevalle het stiefvaders teenoor 4 (13·3%) wat stiefmoeders het.

Dit volg hieruit dat die stief- pleegouerprobleem 'n belangrike bydraende faktor kon wees in die ontwikkeling van afwykende gedrag by 'n aansienlike persentasie van die gevalle.

(d) Eienskappe van Gesinne:

(i) Gesinsgesondheid:

Tabel XI D.

Gesondheidstoestand in Gesinne waaruit 30 Jeugoortreders kom.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Gesondheidstoestand goed.............. | 21 | 70·0 |
| Ernstige siekte van tydelike aard..... | 5 | 16·7 |
| Kroniese siektetoestande.............. | 4 | 13·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Volgens tabel XID was die gesondheidstoestand van 21 (70%) van die gesinne baie goed. In 5 (15·7%) gesinne het siekte van tydelike aard voorgekom, en in slegs 4 (13·3%) gevalle was kroniese siektetoestande in die gesinne van so 'n aard dat dit moontlik die huislike atmosfeer kon beïnvloed

het/.....

het. In een geval was dit die siekte van 'n ander kind en in drie gevalle die siekte van een van die ouers. Daar is in geen geval oortuigende bewys gevind dat die gesondheidstoestand in die gesin 'n rol gespeel het in die wanaanpassing van individuele gevalle nie.

(ii) Etiese Standaarde en Morele Opvattinge:

In soverre dit moontlik is om die etiese standaarde en morele opvattinge van 'n gesin te beoordeel op grond van waarneming en die menings van ander, meer besonderlik magistrate, predikante en volkswelsynbeamptes, word die gegewens in tabel XII D ontleed.

Tabel XII D.

Etiese Standaarde en Morele Opvattinge van 30 Gesinne.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Goed....... | 17 | 56·7 |
| Redelik.... | 4 | 13·3 |
| Swak....... | 9 | 30·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Hiervolgens kom 20 (56·7%) van die groep uit gesinne ten opsigte van wie die etiese standaarde en morele opvattinge as gesond beskou moet word; 4 (13·3%) kom uit gesinne wie se etiese standaarde en morele opvattinge twyfelagtig is, sonder dat iets spesifieks teen hulle in te bring is, terwyl 9 (30%) uit gesinne stam met ernstige gebrek aan etiese norme en morele beginsels. In 7 (26·7% van die totaal) van laasgenoemde gevalle is die vaders verslaaf aan drank, in een geval die moeder, en in 'n ander beide die vader en die moeder. Vier van hierdie vaders (13·3% van die totaal) is/.....

is self ook skuldig bevind aan misdade waarvoor hulle vonnisse van tronkstraf gekry het. Dit is verder bekend dat twee van die moeders en vier van die vaders ook nog 'n onsedelike lewe voer.

Uit hierdie feite blyk dat gebrek aan etiese standaarde en gesonde morele opvattinge, gepaard met drankmisbruik, onsedelikheid en misdaad, waarskynlik belangrike faktore was in die ontwikkeling van wangedrag en misdaad by minstens 9 (30%) van die gevalle.

(iii) Intellektuele en Opvoedkundige Standaarde: In die beoordeling van die intellektuele en opvoedkundige standaarde van die gesinne is veral gelet op die skoolkwalifikasies van die ouers, die belangstelling van die gesin in koerante, boeke en tydskrifte, en op die aard van die werk wat die broodwinner van die gesin verrig, d.w.s. of hy professionele werk doen, of hy 'n geskoolde vakman of 'n ongeskoolde arbeider is. Vir sover die intellektuele en opvoedkundige standaard van 'n gesin op grond van sulke gegewens beoordeel kan word, verskyn die resultaat in tabel XII D.

Tabel XIII D.

Intellektuele en Opvoedkundige Standaarde van 30 Gesinne.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| Goed....... | 7 | 23·3 |
| Redelik.... | 12 | 40·0 |
| Swak....... | 11 | 36·7 |
| | 30 | 100·0 |

Hieruit/.....

Hieruit blyk dat 7 (23·3%) van die gevalle kom uit gesinne waar een of albei ouers minstens std. VI geslaag het, intelligent belangstel in koerante, boeke en tydskrifte, en die broodwinner van die gesin 'n geskoolde vakman is of professionele werk doen. Verder het 12 (40%) van die gevalle gekom uit gesinne waar een of albei ouers minstens std. V geslaag het of geskoolde arbeid verrig, maar geen belangstelling toon in boeke, tydskrifte en koerante nie, terwyl 11 (36·7%) kom uit gesinne waar nie een van die ouers std. V geslaag het nie, en die broodwinner van die gesin ongeskoolde arbeid verrig. In slegs vier van die gevalle het die gesinshoofde 'n betreklik hoë peil van ontwikkeling bereik en beklee hulle professionele status. Dit blyk dus dat in 23 (76·7%) van die gevalle nóg die vader nóg die moeder std. VI geslaag het.

Hoewel geen bewys gevind kon word dat gebrek aan intellektuele en opvoedkundige ontwikkeling van die gesin regstreeks 'n bydrae gelewer het tot die wangedrag en misdaad van individuele gevalle nie, het dit waarskynlik 'n onregstreekse invloed gehad. Intellektuele en opvoedkundige ontwikkeling bepaal in groot mate die aard van die werk wat die broodwinner verrig, sowel as die besoldiging daaraan verbonde. Dit bepaal op sy beurt weer die woonbuurt, behuising en algemene lewenspeil van die gesin. Daarby oefen die ontwikkelingspeil van die ouers 'n subtiele invloed uit op die vorming van die kind, op sy opvattinge, belange en ideale, terwyl die mate van opvoeding aan die individu 'n wyer keuse van motiewe vir optrede gee.

(iv) <u>Emosionele Verhoudinge in die Gesin</u>:

Die onderlinge emosionele verhoudinge in die

gesin/.....

gesin en die huislike atmosfeer is faktore wat moeilik waarneembaar is. Gegewens wat hierop betrekking het, is hoofsaaklik verkry uit getuienis van die ouers self, van die seun en van die proefbeampte wat 'n studie van die geval gemaak het met die oog op 'n hofrapport. Ouers gesels nie maklik oor intieme gesinsverhoudinge nie, terwyl 'n kind uit die swakste huis en met die onmoontlikste ouers nog altyd 'n mate van lojaliteit aan sy huis en sy ouers bewaar. Die inligting wat verkry is, sal daarom eerder 'n gunstiger as swakker beeld gee as wat die werklike toestand is. Tabel XIV D verstrek die gegewens in dié verband.

Tabel XIV D.

Emosionele Verhoudinge in Gesinne waaruit 30 Jeugoortreders kom.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Goed....... | 13 | 43·3 |
| Redelik.... | 5 | 16·7 |
| Swak....... | 12 | 40·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Volgens hierdie gegewens kom 13 (43·3%) van die gevalle uit gesinne waar die onderlinge emosionele verhoudinge bestendig en warm is, waar daar 'n opbouende atmosfeer heers, en geleentheid bestaan om die basiese drange na liefde, erkenning en aktiviteit te bevredig; 5 (16·7%) uit gesinne waar onenigheid en spanning die onderlinge emosionele verhoudinge soms tydelik versteur, maar waar nogtans geleentheid bestaan vir bevrediging van die basiese drange; 12 (40%) is afkomstig uit gesinne waar voortdurende rusie

en/.....

en twis spanning veroorsaak en die emosionele verhoudinge gedurig ernstig versteur, en waar geleentheid ontbreek vir die bevrediging van die basiese drange.

Hieruit is dit duidelik dat 'n ongesonde huislike atmosfeer, gepaard met voortdurende emosionele spanning as gevolg van rusie, twis en tweedrag, waarskynlik 'n baie belangrike rol gespeel het in die wanaanpassing en wangedrag van 'n aansienlike persentasie van die gevalle.

(v) Ekonomiese Status van Gesinne:

Die ekonomiese status van 'n gesin staan in regstreekse verhouding tot sy inkomste per persoon, maar daarby ook tot die wyse waarop die verdienste aangewend word. 'n Sorgsame gesin, met 'n geringe inkomste, kan 'n veel beter status verwerf as dié waartoe 'n spandabele gesin met 'n veel hoër inkomste in staat is. Aangesien dit in die huidige ondersoek nie doenlik was om te bepaal hoe die inkomste van die gesin bestee word nie, is die welvarendheid of behoeftigheid van die gesinne beoordeel op grond van hulle werklike inkomste, die gemak waarop die gesin in sy eie behoeftes voorsien en bates in die vorm van kontant of vaste eiendom opgebou het deur te bespaar. Die gegewens is in elke geval van die gesinshoofde self verkry en sover doenlik gekontroleer. Navraag is ook gedoen na finansiële hulp wat die gesin uit een of ander bron ontvang. Die toestand word aangegee soos dit was ten tyde van die verwysing van die seun na die inrigting.

Die gesinsinkomste word in hoofsaak bepaal deur die aard van die werk wat die broodwinner verrig en die besoldiging daaraan verbonde. Tabel XV D dui die beroepe van die hoofde van die gesinne aan:

Tabel XV D/.....

Tabel XV D.

Beroepe van Gesinshoofde van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Professies, Staatsdiens, Sakelewe..... | 4 | 13·3 |
| Polisie................................ | 1 | 3·3 |
| Spoorweë: Vakman ..................... | 1 | 3·3 |
| Spoorweë: Arbeider ................... | 2 | 6·7 |
| Geskoolde Vakman ..................... | 13 | 43·3 |
| Ongeskoolde Arbeider ................. | 6 | 20·0 |
| Mynwerker ............................ | 2 | 6·7 |
| Pensionaris (Polisie) ................ | 1 | 3·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

In twee gevalle was die moeders die enigste broodwinners, omdat die vader in een geval oorlede is, en die ouers in die ander geval geskei is. In laasgenoemde geval het die vader spoorloos verdwyn en ondersteun hy die gesin glad nie. In nog 7 (23·7%) ander gevalle het die moeders ook gewerk en bygedra tot die totale inkomste van die gesin. Dit is uit die gegewens duidelik dat verreweg die meeste van die gevalle uit gesinne van die arbeidende klasse kom. Een ouer was 'n ingenieur van beroep, twee staatsamptenare en 'n derde 'n sakeman.

Tabel XVI D gee 'n distribusie van die totale maandelikse inkomste van die gesinne waaruit die 30 jeugoortreders kom.

Tabel XVI D/.....

Tabel XVI D.

Distribusie van totale maandelikse Inkomste van 30 Gesinne.

| £ | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| 0 - 20 | 2 | 6·7 |
| 21 - 30 | 6 | 20·0 |
| 31 - 40 | 1 | 3·3 |
| 41 - 50 | 4 | 13·3 |
| 51 - 60 | 4 | 13·3 |
| 61 - 70 | 2 | 6·7 |
| 71 - 80 | 4 | 13·3 |
| 81 - 90 | 2 | 6·7 |
| 91 - 100 | 2 | 6·7 |
| 101 - 110 | 1 | 3·3 |
| 121 - 130 | 1 | 3·3 |
| 131 - 140 | 1 | 3·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Die gemiddelde maandelikse inkomste van die 30 gesinne was £1,841 of £61·37 per gesin per maand. Die gemiddelde aantal persone per gesin was 5·96, sodat die gemiddelde inkomste per capita dus op £10·84 per maand te staan kom. Hoewel die broodwinner in een geval 'n ambagsman met 'n salaris van £56 per maand was, het sy eggenote 'n groot vermoë geërf waarop rente en huurgelde ontvang word, sodat die totale gesinsinkomste in hierdie geval op £140 te staan kom. Die hoë inkomste van hierdie gesin stoot die gemiddeldes onnatuurlik hoog op. As die betrokke gesin buite rekening gelaat word, is die gemiddelde gesinsinkomste

£58·65/.....

£58·65, en die gemiddelde inkomste per capita £9·72 per maand. Die gesinne verteenwoordig hoofsaaklik die arbeidende klasse en 'n gemiddelde maandelikse inkomste per capita van £10·84 kan in hierdie tye van hoë lewensduurte nie as hoog beskou word nie. Daar was ses gesinne uit die totaal wat werklik behoeftig was en van wie twee ondersteuning ontvang het. Tabel XVII D dui die algemene ekonomiese toestand van die gesinne aan.

Tabel XVII D.

Algemene Ekonomiese Status van die 30 Gesinne.

| Beskrywing. | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Welvarend.............................. | 14 | 46·7 |
| Minder gegoed, maar selfstandig....... | 10 | 33·3 |
| Behoeftig.............................. | 6 | 20·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Armoede as sodanig kan in die lig van hierdie feite, in soverre dit die groep gevalle betref, nie per sé as 'n kriminogene faktor beskou word nie. Veertien (46·7%) van die gevalle kom uit ekonomies welvarende gesinne. Nietemin is dit tog duidelik dat die ekonomiese faktor minstens in 6 (20%) van die gevalle 'n invloed gehad het. Dit was blykbaar hoofsaaklik die ekonomiese faktor wat die gesinne waaruit hierdie jeugoortreders kom, in armsalige agterbuurte laat beland het waar hulle aan allerlei onheilsame invloede blootgestel was. Boonop gee armoede 'n sensuele uitkyk op die lewe; dit verhinder die ontwikkeling van die fyner gevoelens en verstomp die gemeenskapsin. Sodra die kind bewus word van die verskil tussen hom en ander kinders, die

verskil/.....

verskil tussen sy huis en dié van ander, ontwikkel hy gevoelens van minderwaardigheid en ontoereikendheid, wat op hulle beurt aanleiding gee tot kompenserende antisosiale gedrag.

(vi) Sosiale Status van Gesinne:

Die sosiale status van die gesinne is beoordeel op grond van inligting verstrek deur persone wat die gesinne van naby ken, meer besonderlik die volkswelsynbeamptes en predikante. Hierdie inligting is aangevul deur eie waarneming.

Tabel XVIII D.

Sosiale Status van die 30 Gesinne.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| Redelik gesiene mense................ | 8 | 26·7 |
| Geen aansien nie, maar ook nie op neergekyk nie (onsydig)........... | 10 | 33·3 |
| Geen aansien nie, word op neergekyk en liefs vermy..................... | 12 | 40·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Volgens tabel XVIII D kom 8 (26·7%) van die gevalle uit gesinne wat redelik gesiene mense in die gemeenskap is, 10 (33·3%) uit gesinne teenoor wie die mense oor die algemeen betreklik onsydig staan, terwyl 12 (40%) uit gesinne kom wat geen aansien geniet nie en liefs vermy word op grond van hul algemene lewenspeil, onsedelikheid, drankmisbruik, misdaad en afstootlike gedrag.

Dat gebrek aan sosiale status gelei het tot gevoelens van minderwaardigheid en miskenning en verder tot ongesonde

kompensasie/.....

kompensasie by laasgenoemde groep, val skynbaar nie te betwyfel nie.

(vii) Dissipline in Gesin:

Tabel XIX D.

Dissipline in Gesinne van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| Goed........ | 6 | 20·0 |
| Redelik..... | 9 | 30·0 |
| Swak........ | 15 | 50·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Tabel XIX D toon dat die dissipline in 6 (20%) van die gesinne goed was, in 9 (30%) redelik en in 15 (50%) swak, d.w.s. gekenmerk deur oordrewe vertroeteling, mishandeling of wispelturigheid. Daar is in drie gevalle aanduidinge gevind dat die vader werklik die kinders mishandel het. In vyf gevalle het oordrewe vertroeteling voorgekom, terwyl die dissipline in sewe ander gesinne uiters inkonsekwent en onbestendig was.

Die persentasie gesinne waarin daar iets gehaper het aan die huislike dissipline is so groot dat die afleiding allig geregverdig is dat gebrek aan konsekwente, simpatieke dissipline 'n aanleidende oorsaak was van die wangedrag van 'n groot aantal gevalle uit die groep. Gesonde dissipline en die regte leiding is nie alleen baie belangrik vir die vorming van suiwer begrippe van die verskil tussen reg en verkeerd en van die onvermydelike gevolg van die een of ander vorm van gedrag by die kind nie, maar verkeerde

dissipline/.....

dissipline kan ook ernstige gevolge hê vir die ontwikkeling van die persoonlikheid en karakter. Gebrek aan eenvormigheid in die dissipline van die ouers, inkonsekwente optrede, oordrewe strengheid of vertroeteling, en die onnodige vertoon van emosie as die kind op een of ander wyse verbrou het, is belangrike oorsake van emosionele verwarring, onbevredigende reaksies en eindelik selfs van minagtig van alle gesag.

(viii) Psigiese en Gedragsafwykings in Gesinne:

Dit is belangrik om te weet watter psigiese en gedragsafwykings by gesinslede en meer spesifiek by die grootouers, ouers, ooms en tantes voorkom ten einde by benadering te bepaal of genetiese faktore moontlik 'n rol gespeel het in die afwykende gedrag van die groep jeugoortreders. Gegewens in dié verband is moeilik bekombaar, omdat gesinne nie geneig is om daaroor te gesels nie. Nietemin is 'n ernstige poging in dié rigting aangewend. Die resultaat verskyn in tabel XX D.

Tabel XX D.

Psigiese en Gedragsafwykings in Gesinne van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing. | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Normaal................................ | 10 | 33·3 |
| Onsedelikheid, dronkenskap en misdaad | 9 | 30·0 |
| Emosionele onstabiliteit en swaarmoedigheid........................ | 5 | 16·7 |
| Kranksinnigheid en swaksinnigheid..... | 4 | 13·3 |
| Onbekend............................... | 2 | 6·7 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Uit/.....

Uit wat so pas gesê is, volg dat hierdie gegewens eerder 'n gunstiger beeld van die stand van sake gee as wat werklik die geval sou wees. Uit die tabel blyk dat in 10 (33·3%) van die gesinne geen ernstige psigiese of gedragsafwykings by gesinslede in breër verband voorgekom het nie. Twee gevalle is buite-egtelik gebore. In een van hierdie gevalle is albei ouers en die verdere verwantskappe onbekend, terwyl in die ander slegs die moeder en haar vertakking van die familie bekend is. Die gegewens met betrekking tot hierdie twee gevalle word dus as onbekend aangegee. In 'n vorige paragraaf is reeds gemeld dat onsedelikheid, dronkenskap en misdaad in 9 (30%) van die gesinne voorkom. In hoeverre sulke gedragsprobleme met psigiese en temperamentele afwykings te doen het, is moeilik om te bepaal. In een van hierdie gevalle het die ouers lank saamgeleef sonder dat hulle getroud was. Die vader het baie gedrink, misdaad gepleeg en eindelik die moeder verlaat nadat vyf kinders uit die verhouding gebore is. In nog 'n geval was albei ouers verslaaf aan drank en het boonop onsedelik gelewe. Misdaad, drankmisbruik en onsedelikheid het in vyf van hierdie gevalle saam voorgekom. In een geval het die vader hom slegs aan drankmisbruik skuldig gemaak. In 'n laaste geval het die vader van jongs af misdaad gepleeg, gedrink en onsedelik gelewe. Met uitsondering van een dogter is al die kinders uit hierdie gesin na inrigtings verwyder. Twee seuns het in die Verbeteringskool beland, terwyl die oudste 'n moord gepleeg het en tot die dood veroordeel is. Dit blyk verder uit die tabel dat ernstige emosionele onstabiliteit en swaarmoedigheid in 5 (16·7%) van die gesinne voorkom. In 4 (13·3%) ander was kranksinnigheid en

swaksinnigheid/.....

swaksinnigheid 'n ernstige verskynsel. In een van hierdie gevalle was die grootouers aan vaderskant niggie en neef. Beide vader en moeder was normaal, maar aan die vader se kant was twee ooms swaksinnig, een het selfmoord gepleeg, en 'n derde was emosioneel uiters onstabiel, terwyl die suster vir vallende siekte behandel is. In 'n tweede geval was daar ewe-eens psigiese afwykings in die familie aan die vader se kant. Die grootmoeder was geestelik afwykend en het uiteindelik in 'n gestig beland, terwyl 'n oom en 'n tante ook in 'n kranksinnige gestig verkeer. In 'n derde geval was beide die grootvader en vader kroniese senuweelyers. Drie ooms en 'n tante aan die vader se kant verkeer in 'n kranksinnige gestig. In die vierde geval was die grootouers, ooms en tantes, sover vasgestel kon word, redelik normaal, maar die moeder was ernstig onewewigtig en het uiteindelik in 'n gestig beland waar sy oorlede is.

Die hoë persentasie (30%) van gesinne in wie psigiese afwykings voorkom, sowel as die omvang en ernstige aard van hierdie afwykings, suggereer baie sterk dat genetiese faktore by 'n aantal van die jeugoortreders in die groep 'n belangrike rol in hulle wanaanpassing en misdaad gespeel het.

(e) <u>Opsomming</u>:

Dit is uit die voorgaande duidelik dat 'n verskeidenheid faktore in die gesinsagtergrond in mindere of meerdere mate bydra tot die ontwikkeling van die jeugoortreder. Die beweeglikheid van die gesinne, swak behuising en gesondheid, sowel as swak opvoedkundige standaarde en ekonomiese status het in verhouding tot ander faktore 'n relatief geringe rol gespeel. Daarenteen word die swak gehalte van die gesinslewe duidelik weerspieël in die bevindinge. Versteurde

primêre verhoudinge, die stief- en pleegouerprobleem, gebrekkige etiese standaarde en morele beskouinge, emosionele wanverhoudinge en 'n gespanne huislike atmosfeer, sowel as gebrekkige sosiale status en swak of ongesonde dissipline, is faktore wat skynbaar sterk bevorderlik is vir wangedrag en jeugmisdaad. Hierbenewens skyn dit of genetiese faktore 'n belangrike rol gespeel het in die afwykende gedrag van 'n aantal gevalle.

5. Persoonlike Geskiedenis:

Nadat die maatskaplike en gesinsagtergrond van die groep jeugoortreders ontleed is, is dit nodig om ook hulle persoonlike geskiedenisse na te gaan ten einde hulle reaksies teenoor hierdie agtergrond in breë trekke te bepaal. In dié verband is die ondersoek gerig op hulle liggaamlike, algemene en opvoedkundige ontwikkeling, op hulle beroepsloopbane, kriminele rekords en reaksies op reeds toegepaste korrektiewe stappe.

(a) Liggaamlike Ontwikkeling:

Tabel XXI D.

Liggaamlike Ontwikkeling van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| Normaal..... | 24 | 80·0 |
| Redelik..... | 4 | 13·3 |
| Swak........ | 2 | 6·7 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Uit tabel XXI D blyk dat 24 (80%) van die gevalle

liggaamlik/.....

liggaamlik normaal ontwikkel het. Behalwe die gewone kindersiektes het geen een van hulle ooit enige ander ernstige siektes ondervind nie. In 4 (13·3%) van die gevalle was die liggaamlike ontwikkeling redelik, en het ernstige siekte van slegs tydelike aard voorgekom. In 2 (6·7%) gevalle was die liggaamlike ontwikkeling swak. Hierdie twee gevalle het gedurig gesukkel met hulle gesondheid en dikwels langdurige siekte ondervind. In een van die twee gevalle het die moeilikheid volgens mediese uitspraak uit ondervoeding ontstaan. Die ander geval het blykbaar van kleins af nie 'n baie sterk gestel gehad nie en moeilikheid ondervind met die bors en longe. Oor die algemeen was die liggaamlike ontwikkeling van die groep dus uitstekend, en bestaan daar geen rede om aan te neem dat fisiese gebreke veel te doen gehad het met hulle afwykende gedrag nie.

(b) Algemene Ontwikkeling:

Daar word hier onderskei tussen algemene ontwikkeling en opvoedkundige ontwikkeling. Die doen en late van die kind by die skool dek nog nie al sy reaksies nie. Hy kan tuis of in die gemeenskap dinge doen en probleme oplewer waarvan die skool heeltemal onbewus is. Tabel XXIID gee 'n aanduiding van die algemene ontwikkeling van die groep.

Tabel XXII D.

Algemene Ontwikkeling van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| Normaal..... | 22 | 73·3 |
| Redelik..... | 3 | 10·0 |
| Swak........ | 5 | 16·7 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Hiervolgens/.....

Hiervolgens het 22 (73·3%) van die gevalle geestelik en gedragskundig normaal ontwikkel en geen buitengewone probleme opgelewer nie; 3 (10%) het klein gedragsprobleme, soos leuentaal, ongehoorsaamheid, koppigheid en teruggetrokkenheid, openbaar; 5 (16·7%) het ernstige gedragsprobleme en persoonlikheidsafwykings, soos agterlikheid, seksperversie, emosionele onstabiliteit en psigopatiese neigings getoon. Die persentasie wat in hulle ontwikkeling een of ander vorm van afwyking openbaar het, is dus betreklik hoog. Dit is duidelik dat die probleme reeds vroeg in die lewens van hierdie gevalle begin het.

(c) Skolastiese Ontwikkeling:

Daar word vandag allerweë aanvaar dat die skool nie 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van die kind se gedrag en karakter of persoonlikheid nie. Nietemin is dit van betekenis om soveel moontlik te weet van die kind se gedrag en vordering op skool, want al sou die skool nie 'n diepgaande invloed uitoefen op die ontwikkeling van die persoonlikheid en gedrag nie, kan die kind deur skoolprestasie, erkenning en emosionele bevrediging verkry, sosiaal aanneemlike ambisies ontwikkel, en kom hy hier in aanraking met persone met wie hy homself kan vereenselwig. Aan die anderkant kan die skool ook merktekens op die kindergemoed nalaat wat moontlike verband kan hou met sy antisosiale bedrywighede en uitdaging aan gesag. Daarby verruim die skool die kind se sosiale kontakte en gevolglik ook die moontlikhede vir negatiewe beïnvloeding.

(i) Gedrag:

Uit tabel XXIII D is dit duidelik dat die

probleemgedrag/.....

probleemgedrag van die groep hoofsaaklik eerder by die skool openbaar of waargeneem is as elders.

Tabel XXIII D.

Gedrag op skool van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| Goed....... | 8 | 26·7 |
| Redelik.... | 5 | 16·7 |
| Swak....... | 17 | 56·6 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Hoewel 73·3% van die gevalle volgens die vorige tabel (XXIID) normaal ontwikkel het en tuis geen noemenswaardige moeite of probleme opgelewer het nie, is die gedrag van 17 (56·6%) op skool aangeteken as swak. Van hulle was 13 (43·3%) gewoonte-stokkiesdraaiers. Verder het probleme van ongedissiplineerdheid, oneerlikheid, traagheid, afknouerigheid, wreedheid, onbeheerbaarheid en ernstige leuentaal by die skool aan die lig gekom. Die verskil tussen die gedrag tuis en dié in die skool mag daaraan te wyte wees dat die ouers meer toegewend of minder suiwer in hulle oordeel is aangaande die doen en late van hulle eie kinders, of mag daaruit ontstaan dat die reëls en eise van die skool strenger is of dat die onderwysers met strenger maatstawwe meet. Dit is in elk geval duidelik dat die meerderheid van die gevalle reeds op skool probleme opgelewer en afwykings openbaar het. Die gedrag van slegs 8 (26·7%) was op skool goed, terwyl die gedrag van 5 (16·7%) aangeteken is as redelik.

Hoewel dit hieruit nie volg dat die skool 'n regstreekse

bydrae/.....

bydrae gelewer het tot die afwykende gedrag van 'n aansienlike persentasie van die jeugoortreders nie, het dit vermoedelik onregstreeks invloed gehad. Die feit dat so 'n groot aantal van die gevalle gewoonte-stokkiesdraaiers was, getuig dat die skool nie daarin geslaag het om hulle gelukkig te maak of om die probleme waarvoor hulle te staan gekom het, doeltreffend te hanteer nie. Die kind wie se gemoedsrus tuis versteur is deur rusie en twis tussen die ouers, neem sy gevoelens van onsekerheid en emosionele spanning saam met hom na die skool. Hy kan gevolglik nie behoorlik konsentreer en sy bes lewer nie. As die skool dan sonder begrip van sy werklike probleem en die oorsake daarvan druk op hom uitoefen, bly daar vir hom geen ander uitweg oor as om die skool te probeer ontwyk nie. Hy begin dan met stokkiesdraaiery, 'n reaksie wat weer 'n nasleep van verdere probleme meebring.

(ii) Vordering:

Tabel XXIV D.

Skoolvordering van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Goed....... | 3 | 10·0 |
| Redelik.... | 6 | 20·0 |
| Swak....... | 21 | 70·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Volgens tabel XXIV D was die skoolvordering van slegs 3 (10%) van die gevalle goed; dié van 6 (20%) redelik, en dié van 21 (70%) swak. Laasgenoemde groep het twee en meer

keer/.....

keer gedruip. Ses van die gevalle het net een keer gedruip, terwyl slegs drie altyd in al die standerds geslaag het. Dit is duidelik dat stokkiesdraaiery en ander gedragsprobleme die nouste verband hou met die gebrek aan vordering op skool. Tabel XXV D gee die standerd-distribusie van die groep aan ten tyde van hul verwysing na die Verbeteringskool.

Tabel XXV D.

Standerd geslaag by Toelating tot Verbeteringskool -- 30 Jeugoortreders.

| Standerd | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| III | 1 | 3·3 |
| IV | 2 | 6·7 |
| V | 6 | 20·0 |
| VI | 15 | 50·0 |
| VII | 5 | 16·7 |
| VIII | 1 | 3·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Sewe van die gevalle was nog op skool toe hulle na die verbeteringsinrigting verwys of oorgeplaas is. Volgens hierdie tabel het 21 (70%) reeds std. VI geslaag voor hulle toelating tot die inrigting. Soos uit tabel XXVI D blyk, was die gemiddelde ouderdom van die groep 17·5 jaar. Ouderdomme is tot die naaste jaar geneem.

Tabel XXVI D/.....

Tabel XXVI D.

Ouderdomsdistribusie van 30 Jeugoortreders by Toelating tot die Verbeteringskool.

| Ouderdom | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| 14 jaar | 1 | 3·3 |
| 15 " | 2 | 6·7 |
| 16 " | 4 | 13·3 |
| 17 " | 7 | 23·3 |
| 18 " | 7 | 23·3 |
| 19 " | 6 | 20·0 |
| 20 " | 3 | 10·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Hieruit blyk dat verpligte skoolbesoek vir 23 (76·7%) van die gevalle reeds agter die rug was by hulle verwysing of oorplasing na die inrigting.

Vir sover gevolgtrekkings uit gegewens oor so 'n klein monster geregverdig is, skyn dit dus of gebrek aan vordering en skolastiese agterstand 'n belangrike faktor was in die afwykende gedrag van die groep.

(d) Beroepsloopbane:

Tabel XXVII D.

Verspreiding van 30 Jeugoortreders volgens Beroepe voor Toelating.

| Beroep | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Diverse beroepe ...................... | 10 | 33·3 |
| Ongeskoolde arbeid .................. | 4 | 13·3 |
| Klerk ............................... | 2 | 6·7 |
| Bode ................................ | 1 | 3·3 |
| Leerlingstoker....................... | 1 | 3·3 |
| Vakleerling-messelaar................ | 1 | 3·3 |
| Geen beroep ......................... | 11 | 36·7 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Uit tabel XXVII D blyk dat 19 (63·3%) van die gevalle reeds een of meer betrekkings beklee het voordat hulle na die inrigting verwys is. Tien van hulle het dikwels van beroep verander sodat hulle verskillende soorte werk verrig het, wat saamgevat word onder diverse beroepe. Dit sluit in konstabel, bode, klerk, vakleerling in verskillende beroepsrigtinge, spoorwegwerker, kelner, stoker en ongeskoolde arbeider. Nog vier ander het ook dikwels van werkgewer verander, maar altyd min of meer dieselfde soort handlanger- of ongeskoolde werk verrig. Daar was slegs 5 bestendige werkers onder die groep. Vier van hulle het 'n jaar of langer dieselfde betrekking beklee. Een het oor 'n periode van 'n jaar twee betrekkings gehad. Die ander 14 het drie en meer keer van werkgewer verander. Altesaam het laasgenoemde groep gemiddeld 30 maande gewerk en oor hierdie periode gemiddeld 5·1 keer van betrekking verander, d.w.s. gemiddeld het elk van hulle ongeveer ses maande in dieselfde betrekking gebly. Dit is verder uit die gegewens duidelik dat slegs 'n klein persentasie van die gevalle enigsins geskoolde arbeid verrig het. Dit kan stellig as normaal aanvaar word dat iemand wat nie vir 'n bepaalde beroep voorberei is nie, veral aanvanklik sal rondval om 'n geskikte werk te vind, maar dit wil tog voorkom of die aantal beroepsveranderinge by hierdie groep te dikwels was en dui op temperaments- of persoonlikheidsgebreke. Van die 14 gevalle wat dikwels van werk verander het, het 1 twaalf keer, 1 agt keer, 4 ses keer, 1 vyf keer, 3 vier keer, en 4 drie keer van werk verander. In watter mate beroepswanaanpassing aanleiding gegee het tot die antisosiale gedrag van die groep, of in watter mate persoonlikheidseienskappe

verantwoordelik/.....

verantwoordelik is vir beide beroepswanaanpassing en jeugmisdaad, kan nie met sekerheid uit die gevallestudies afgelei word nie.

In tabel XXVIII D word die gemiddelde maandelikse loondistribusie van die 19 gevalle wat gewerk het gedurende die jaar onmiddellik voor verwysing na die Verbeteringskool aangedui.

Tabel XXVIII D.

Distribusie van 30 Jeugoortreders volgens gemiddelde maandelikse loon oor 1 jaar voor verwysing na Verbeteringskool

| Bedrag | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| £ 1 - 10 ........................... | 5 | 16·7 |
| £ 11 - 20 ........................... | 11 | 36·7 |
| £ 21 - 30 ........................... | 2 | 6·7 |
| £ 31 - 40 ........................... | 1 | 3·3 |
| Geen (nog nie gewerk nie)........... | 11 | 36·7 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Hieruit blyk dat 14 (73·3%) van die groep wat gewerk het, meer as £10 per maand verdien het. Tesame het die 19 seuns maandeliks £290 verdien. Die gemiddelde maandelikse verdienste per capita was dus £15·3. As hulle kwalifikasies en die feit dat hulle bloot beginners was, in aanmerking geneem word, dan is dit 'n redelike verdienste. Nie een van die gevalle was ooit noodgedwonge werkloos nie. 'n Tekort aan arbeidskragte en hoë lone het dit dus vir ongestadige werkers moontlik gemaak om 'n redelike loon te verdien. Swak besoldiging en werkloosheid was dus nie 'n aanleidende oorsaak van die misdadigheid van die groep nie. Die feit

dat/.....

dat hulle almal met swak skolastiese kwalifikasies en beroepskundig ontoegerus die lewe ingestuur is, was vermoedelik 'n belangrike rede waarom 'n groot persentasie van die een werk na die ander rondgeval het sonder om êrens in te pas. Onregstreeks was dit 'n moontlike oorsaak van hulle verval tot misdaad.

(e) Kriminele Rekords:

Die duur van 'n kriminele loopbaan het belangrike implikasies vir die heropvoeding sowel as vir die diagnose en prognose van 'n geval. Dit volg logies dat misdaadgewoontes dieper vasgelê is by 'n persoon wat oortredings oor 'n lang periode begaan het, as by iemand wat as gevolg van spesiale omstandighede waarin hy hom bevind het, enkele misdade oor 'n kort termyn gepleeg het. Laasgenoemde kan beskou word as 'n toevallige oortreder, wie se heropvoeding nagenoeg voltooi is met die bepaling en verwydering van die oorsake van sy probleem. In eersgenoemde geval het dit vanuit diagnostiese, prognostiese en opvoedkundige oogpunt weinig waarde om die oorsake van die wangedrag te bepaal. Faktore wat vroeër as oorsake gegeld het, mag na verloop van tyd nie meer bestaan nie. So is dit moontlik dat 'n jeugdige begin misdaad pleeg as gevolg van die onderdrukking van sy basiese drange en die daarmee gepaard gaande onaangename emosionele spanninge. Hy soek onbewus bevrediging vir hierdie drange in kompensasies en misdaad. Deur die pleeg van sulke dade oor 'n aantal jare word die spanning verlig en selfs opgelos, maar intussen het 'n veel gevaarliker antisosiale gedragspatroon, verkeerde houdinge en negatiewe waardebegrippe en 'n verstompte gewete ontwikkel. Hierdie toestande is veel moeiliker om te behandel as die oorspronklike probleem en moet eers afgebreek word voordat positiewe eienskappe in die plek daarvan ontwikkel kan word.

Tabel XXIX D/....

## TABEL XXIX D.

### OUDERDOMME MET EERSTE OORTREDING EN BY TOELATING MET OOREENSTEMMENDE DUUR VAN KRIMINELE LOOPBANE TEN OPSIGTE VAN 30 JEUGOORTREDERS.

| Ouderdom met eerste oortreding | Gevalle met ooreen-stemmende ouderdom by toelating. | | | | | | | Gevalle met ooreenstemmende duur van Kriminele Loopbane in Periodes van 6 Maande. | | | | | | | | | | Totaal. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 6 | 12 | 18 | 24 | 30 | 36 | 42 | 48 | 54 | 60 | |
| 12 jaar | | 1 | | 1 | | | | | | | | | 1 | | | | 1 | 2 |
| 13 " | 1 | 1 | | | | | | | 1 | | 1 | | | | | | | 2 |
| 14 " | | | 1 | 1 | 1 | | | | | | | 1 | | 1 | | 1 | | 3 |
| 15 " | | | 2 | 1 | 1 | 1 | | | 1 | 1 | 1 | 1 | | | 1 | | | 5 |
| 16 " | | | 1 | 1 | 1 | | | 1 | 1 | 1 | | | | | | | | 3 |
| 17 " | | | | 2 | 4 | 1 | | 2 | 2 | 2 | 1 | | | | | | | 7 |
| 18 " | | | | | 1 | 2 | 2 | 1 | 2 | 1 | 1 | | | | | | | 5 |
| 19 " | | | | | | 2 | 1 | 2 | 1 | | | | | | | | | 3 |
| Totaal | 1 | 2 | 4 | 6 | 8 | 6 | 3 | 6 | 8 | 5 | 4 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 30 |

Tabel XXIX D dui die ouderdomme van die groep met die eerste oortreding en by toelating tot die Verbeteringskool aan, sowel as die ooreenstemmende duur van die kriminele loopbane. Hieruit blyk dat 23 (76·7%) van die totaal hulle eerste bekende oortredings gepleeg het, nadat hulle die skool op sestienjarige leeftyd verlaat het. Verder het 6 (20%) kriminele loopbane gevolg van minder as ses maande. Laasgenoemde groep was almal sestien jaar en ouer toe hulle die eerste oortredings begaan het. Hulle kan dus beskou word as toevallige oortreders. Agt (26·7%) het misdaad gepleeg oor 'n periode van meer as ses maar minder as twaalf maande. Met uitsondering van twee het hierdie groep ook eers misdaad begin pleeg nadat hulle reeds sestien jaar en ouer was. Vyf (16·7%) het misdaad gepleeg oor 'n periode van tussen twaalf en agtien maande, terwyl 4 (13·3%) kriminele loopbane gevolg het van tussen agtien en vier-en-twintig maande. Verder het 7 (23·3%) misdaad gepleeg oor 'n periode wat wissel van twee tot vyf jaar. Laasgenoemde twee groepe (36·7%) was vermoedelik reeds gewoonte-oortreders, terwyl 'n verdere 16·7% op pad was om sulks te word. Hierdie afleiding word nog duideliker as daar gelet word op die aantal oortredings wat die groep gepleeg het. Gegewens in dié verband verskyn in tabel XXX D.

Tabel XXX D/.....

## Tabel XXX D.

## Duur van Kriminele Loopbane met ooreenstemmende aantal Oortredings.

| Duur van Kriminele Rekord. (In mnde.) | Gevalle met ooreenstemmende aantal Oortredings. | | | | | | | | | | | | | Totaal Gevalle. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 12 | 17 | 30 | |
| 0 - 6 | 1 | 2 | 2 | 1 | | | | | | | | | | 6 |
| 7 - 12 | | 1 | 1 | 2 | 2 | 1 | | | | | 1 | | | 8 |
| 13 - 18 | | | | 1 | 2 | 1 | 1 | | | | | | | 5 |
| 19 - 24 | | | | 1 | 1 | 1 | | | 1 | | | | | 4 |
| 25 - 30 | | | | | 1 | | 1 | | | | | | | 2 |
| 31 - 36 | | | | | | | | 1 | | | | | | 1 |
| 37 - 42 | | | | | | | | | | | | 1 | | 1 |
| 43 - 48 | | | | | | | | | | | | | 1 | 1 |
| 49 - 54 | | | | | | | | | | 1 | | | | 1 |
| 55 - 60 | | | | | | | | 1 | | | | | | 1 |
| Totaal | 1 | 3 | 3 | 5 | 6 | 3 | 2 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 30 |

Dit blyk hieruit dat dieselfde 36·7% ses en meer oortredings begaan het oor 'n periode wat wissel van een na vyf jaar. Elk van hulle was drie en meer kere voor die hof. Dit is hieruit duidelik dat 'n aansienlike persentasie van die gevalle toegelaat is om ver op die verkeerde pad te dwaal en die publiek baie skade te berokken voordat ernstige pogings aangewend is om hulle te rehabiliteer. Die vraag ontstaan of dit vir hierdie oortreders self nie veel beter sou wees, en of die taak van hulle heropvoeding nie veel makliker en

die/.....

en die vooruitsigte op sukses nie groter sou wees as hulle eerder aan die sorg van die Verbeteringskool toevertrou was nie.

Tabel XXXI D.

Aard van Oortredings deur 30 Jeugdiges begaan.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Diefstal (gewoon)...................... | 9 | 30·0 |
| Diefstal en Motordiefstal............. | 10 | 33·3 |
| Diefstal en Vervalsing................ | 3 | 10·0 |
| Huisbraak en Diefstal ................ | 2 | 6·7 |
| Huisbraak, Diefstal en Roof .......... | 2 | 6·7 |
| Diefstal en Kwaadwillige Beskadiging van Eiendom....................... | 2 | 6·7 |
| Diefstal, Motordiefstal en Aanranding. | 1 | 3·3 |
| Immoraliteit.......................... | 1 | 3·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Tabel XXXI D dui die aard van die oortredings aan wat deur die groep gepleeg is. Dit is duidelik dat diefstal (gewoon) en motordiefstal verreweg die mees algemene oortreding is. Elf (36·7%) het saam met ander misdade ook motordiefstal gepleeg. Daar is gevalle wat tot ses motors gesteel en beskadig of verkoop het. Altesaam het die groep van 30 jeugoortreders vier-en-dertig motors gesteel -- gewoonlik van die beste en duurste tipes. As die prys van motorvoertuie in aanmerking geneem word, kan 'n idee gevorm word van die skade wat die publiek ly as gevolg van jeugmisdaad. Dit is daarom duidelik dat sentimentele oorwegings nie in die pad mag staan van besliste optrede om die

heropvoeding/.....

heropvoeding van die jeugoortreder betyds te verseker nie.

Tabel XXXII D.

Inrigtings- of ander Sorg voor Verwysing.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Proefbeamptetoesig.................... | 7 | 23·3 |
| Weeshuis.......................... | 2 | 6·7 |
| Nywerheidskool...................... | 10 | 33·3 |
| Gesertifiseerde Inrigtings............ | 4 | 13·3 |
| Geen .............................. | 7 | 23·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Uit tabel XXXII D blyk dat 23 (76·6%) van die gevalle een of ander vorm van sorg ontvang het voor hulle verwysing na die Verbeteringskool. Sewe (23·3%) was voorheen onder proefbeamptetoesig, terwyl 10 (33·3%) in Nywerheidskole, en 2 (6·7%) in Weeshuise was. 'n Totaal van 16 (53·3%) was voor hulle koms na die Verbeteringskool aan die sorg van ander inrigtings, insluitende Nywerheidskole, Weeshuise en Gesertifiseerde Inrigtings toevertrou. As in aanmerking geneem word dat hierdie groep waarskynlik die mislukkings van daardie inrigtings verteenwoordig, is dit duidelik dat die Verbeteringskool met hulle heropvoeding voor 'n moeilike taak te staan kom.

(f) Opsomming:

By die ontleding van die persoonlike geskiedenisse van die groep kon geen oortuigende bewys gevind word dat liggaamlike gebreke en swak gesondheid 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van hulle misdadige neigings nie.

Geestelik/.....

Geestelik en gedragskundig het die oorgrote meerderheid eweeens normaal ontwikkel. Slegs 'n klein persentasie het van jongs af gedragsprobleme en persoonlikheidsgebreke geopenbaar. Dit was veral op skool en na die aanvang van die puberteitsjare dat die eerste tekens van probleemgedrag aan die lig gekom het. Hoewel daar geen rede is om aan te neem dat die skool regstreeks 'n oorsaaklike faktor was in die ontwikkeling van antisosiale gedrag by die groep nie, is dit duidelik dat die skool nie daarin geslaag het om die probleme van hierdie kinders behoorlik te begryp en doeltreffend te hanteer nie. Gebrek aan vordering en skolastiese agterstand was moontlik 'n belangrike faktor in hulle wanaanpassing. Daarby het hulle met swak skoolkwalifikasies en vakkundig ontoegerus op die arbeidsmark beland, met die gevolg dat hulle van die een werk na die ander rondgeval het sonder om êrens in te pas en koers te kry. Nadat hulle ernstig verbrou het, is onoordeelkundig, wellig met die beste bedoelings, toegelaat dat die persoonlikheid en gedrag van 'n aansienlike persentasie in so 'n mate degenereer dat hulle heropvoeding 'n moeilike taak geword het, en die vooruitsigte op hulle finale rehabilitasie nie belowend is nie. 'n Geringer aantal is blykbaar toevallige oortreders wie se heropvoeding nie met veel moeite gepaard hoef te gaan nie.

6. Persoonlikheidseienskappe:

Jeugmisdaad is, soos reeds gemeld, enersyds die resultaat van omstandighede wat op die individu inwerk, maar andersyds ook van faktore wat in die persoon geleë is. 'n Ontleding van die persoonlikheidseienskappe van die groep jeugoortreders is dus noodsaaklik vir 'n volledige begrip van hulle probleme. In die volgende paragrawe sal dus veral gelet word op

opvallende/.....

opvallende afwykings, intelligensie, bekwaamhede, belangstelling, persoonlikheidsreaksies en -aanpassing, sowel as op temperamentstrekke.

(a) Algemene Indrukke:

Dit is ondoenlik om hier 'n beskrywing te gee van die algemene indrukke ten opsigte van elke individuele geval. Ook is 'n oorsigtelike samevatting van die uiteenlopende eienskappe van die verskillende individue in die groep nouliks moontlik. Nietemin is 'n kort uiteensetting van die algemene indrukke, verkry op grond van waarneming en onderhoud, noodsaaklik ter wille van 'n vollediger beeld van die groep as geheel, aangesien die toegepaste toetse nie al die aspekte van die persoonlikheid dek nie. Soos alle ander mense het elke individuele oortreder in die groep sy eie besondere trekke en hoedanighede wat in 'n kliniese benadering betekenis het. Maar gereelde omgang en onderhoude met hulle, gepaard met noukeurige waarneming, het sekere min of meer gemeenskaplike eienskappe duideliker waarneembaar gemaak. Hier sal gepoog word om die gemeenskaplike kenmerke sowel as die uitstaande afwykings by individuele gevalle te beklemtoon.

Met uitsondering van twee gevalle, van wie een duidelik ondervoed was en die ander aan asma gely het, het die gevalle almal die indruk geskep dat hulle liggaamlik goed ontwikkel, gesond en lewenskragtig was. Daar was geen waarneembare tekens van liggaamlike afwyking en gebrek nie, en met uitsondering van die asmageval en een ander geval, wat gekla het dat hy dikwels met hoofpyn gepla is, het al die seuns verklaar dat hulle gesond voel.

Vyf van die gevalle het die indruk geskep dat hulle geestelik, emosioneel en gedragskundig heeltemal normaal is.

Nog/.....

Nog nege ander was, na dit voorgekom het, redelik normaal, behalwe dat hulle sterk ongedissiplineer en onbeheers was. Trouens, die neiging tot impulsiviteit was by die meerderheid in die ooglopend. Hulle was geneig om te doen wat hulle wil doen, wanneer hulle dit wil doen, sonder om te dink aan , of hulself te bekommer oor, die gevolge. Die indruk is geskep dat 'n aansienlike persentasie emosioneel onvolgroei of infantilisties is. Hul ernstige selfsug, hulle ontsteltenis oor dinge wat betreklik nietig is, -- oor 'n ouerbrief wat nie gekom het nie, oor 'n onbeduidende kneusplekkie, en die geredelikheid waarmee hulle trane stort, -- is treffend. Hierbenewens het agt die indruk gewek dat hulle emosioneel ernstig ongebalanseer en gespanne was. Vier het 'n neiging tot teruggetrokkenheid en swaarmoedigheid openbaar, terwyl twee duidelik emosioneel en geestelik verward was. Slegs een van die gevalle het sterk psigopatiese neigings openbaar, terwyl 'n ander kleptomanies was. Verder was drie betreklik aggressief en in verset teen gesag. Oor die algemeen het die meerderheid van die groep die indruk gewek dat hulle ongedissiplineer, onbetroubaar, oneerlik, onverantwoordelik en verkwisterig was, met 'n ernstige gebrek aan pligsbesef. Hulle het weinig eergevoel, selfvertroue en ambisie openbaar. Hulle was geneig om hulle eie dade te rasionaliseer en die fout meestal elders te soek. By die meerderheid was daar 'n gebrek aan sosiale sentiment en gewete. Eienaardige verskonings is deur sommige aangevoer om hulle oortredings te regverdig. So het een verklaar dat hy net maar van 'n Jood gesteel het; 'n ander dat hy die motor van 'n baie ryk man gesteel het, wat ook tog maar sy besitting op 'n oneerlike wyse bekom het. Verskeie ander het die skuld vir

hulle/.....

hulle oortredings op maats gepak, sonder om te besef dat die maats hulle eie keuse was.

(b) Liggaamlike Toestand:

Noukeurige mediese ondersoek het getoon dat die oorgrote meerderheid van die gevalle liggaamlik gesond en goed ontwikkel was. Die mediese bevindinge word in tabel XXXIII D verstrek.

Tabel XXXIII D.

Liggaamlike Toestand van 30 Jeugoortreders.

| Beskrywing | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Normaal | 23 | 76·7 |
| Ondervoed | 2 | 6·7 |
| Swak Oë | 2 | 6·7 |
| Swak tande | 2 | 6·7 |
| Asmaties | 1 | 3·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Soos hieruit blyk, was 23 (76·7%) fisies normaal; 2 (6·7%) was ondervoed, 2 (6·7%) het slegte tande gehad, terwyl nog 2 (6·7%) ander se oë swak was. Een (3·3%) het aan 'n ligte graad van asma gely. Swak gesondheid en liggaamlike gebreke kan dus nie as 'n faktor in die afwykende gedrag van die groep beskou word nie.

(c) Intellektuele Toestand:

Tabel XXXIV D gee 'n verspreiding van die gevalle volgens algemene intelligensie.

Tabel XXXIV D/.....

Tabel XXXIV D.

Verspreiding van Gevalle volgens Algemene Intelligensie.

| I.K.-Groep. | | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|---|
| 120 - 115 | | 2 | 6·7 |
| 114 - 110 | | 3 | 10·0 |
| 109 - 105 | | 6 | 20·0 |
| 104 - 100 | | 7 | 23·3 |
| 99 - 95 | | 4 | 13·3 |
| 94 - 90 | | 4 | 13·3 |
| 89 - 85 | | 3 | 10·0 |
| 84 - 80 | | 1 | 3·3 |
| Gemiddelde I.K. - 100 6. | Totaal | 30 | 100·0 |

Die gemiddelde intelligensie van die groep was 100·6. Dit slaan ooreen met die gemiddelde intelligensie van die skoolgaande bevolking. Verder blyk dat ongeveer 60% 'n intelligensie bokant die gemiddelde het, terwyl die verstandelike vermoë van ongeveer 40% onder die gemiddelde is. Hierdie verhouding kan moontlik daaraan toe te skryf wees dat die minder intelligente oortreder makliker as die intelligente betrap word en na Nywerheidskole en ander inrigtings verwys word. Die intelligenter oortreder kan waarskynlik fyner planne beraam en langer met sy oortredings volhou, sodat hy eindelik 'n ernstige rekord het en in die Verbeteringskool beland. Daar is slegs een geval onder die groep wat as verstandelik agterlik, en hoogstens sewe wat as dom beskou kan word. Gebrek aan verstandelike vermoë kan dus nouliks beskou word as 'n aanleidende oorsaak in soverre dit die misdadigheid van die monster betref.

(d)/.....

(d) Skolastiese Prestasie:

Soos reeds voorheen vermeld is, was skolastiese vertraging moontlik 'n belangrike faktor in die afwykende gedrag van 'n aansienlike persentasie van die gevalle. Hierdie vermoede word verder versterk deur die resultate van die skolastiese toetse.

Tabel XXXV D.

Gemiddelde Prestasie van 30 Jeugoortreders in die Taal- en Rekenkundetoetse.

| Toets | Taal | | Rekenkunde | |
|---|---|---|---|---|
| | P. | W. | B. | P. |
| Persentiel | 18·1 | 14·2 | 22·9 | 29·2 |

Soos uit tabel XXXV D blyk, het die groep gemiddeld besonder swak gepresteer in die paragraaflees- en woordeskattoetse, terwyl hulle heelwat beter gevaar het in die rekenkundetoetse. Slegs twee gevalle het uitstekend gepresteer in die taaltoetse. Albei hierdie gevalle het betreklik swak gevaar in die rekenkundetoetse. Dit tref verder dat die groep gemiddeld heelwat beter was in rekenkundeprobleme, waarvoor 'n hoër mate van intelligensie nodig is, as in berekene, hoofsaaklik optel en aftrek, waar insig nie in die spel tree nie. Ses gevalle het in probleme 'n prestasie bo die gemiddelde behaal, hoewel al ses betreklik swak gevaar het in die lees- en woordeskattoetse. Gemiddeld was die groep skolasties twee jaar vertraag. Hierdie syfer is verkry deur die graad van vertraging in elke toets ten opsigte van elke geval na te gaan en dan die gemiddelde vir die vier toetse te vind. Nadat die gemiddelde vertraging vir elke geval bepaal

is/.....

is, kon die gemiddelde vir die groep verder bereken word. Daar is slegs twee van die gevalle wat nie vertraag was nie, maar inteendeel ver beter as die gemiddelde vir hulle ouderdom gepresteer het. Dit is dieselfde twee gevalle wat besonder goed gevaar het in die taaltoetse. Dit wil dus voorkom of die skolastiese vertraging van die groep hoofsaaklik te wyte is aan 'n gebrek aan taalvermoë.

(e) Algemene Bekwaamheid:

Dieselfde gebrek aan taalvermoë wat in die skolastiese toetse geopenbaar is, word teruggevind in die Algemene Bekwaamheidstoetse. Tabel XXXVI D dui die resultaat aan.

Tabel XXXVI D.

Gemiddelde Prestasie van 30 Jeugoortreders in die Algemene Bekwaamheidstoetse.

| Bekwaamheid | VR. | NR. | GM. | SP. | MI. |
|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 14·5 | 33·0 | 16·3 | 37·8 | 34·3 |

Hier het die groep gemiddeld weer baie swak gevaar in die toets vir verbale redenering en vir geheue. Daarenteen is 'n veel hoër gemiddelde prestasie behaal in die toetse vir nie-verbale redenering, vormwaarneming en meganiese insig. Hier het dieselfde twee gevalle wat in die taaltoetse besonder goed gepresteer het, weer uitgeblink in die toets vir verbale redenering. As hulle nie so goed gepresteer het nie, sou die reeds lae gemiddelde van die groep in hierdie toets nog laer gewees het.

Die resultaat van die toetse toon baie duidelik dat die aanleg van die jeugoortreder, altans in soverre dit die

betrokke/.....

betrokke groep geld, in 'n meer praktiese rigting geleë is. Hulle is geneig om hulleself intellektueel eerder op 'n regstreekse en konkrete wyse uit te druk as deur middel van taal en abstrakte denke. Dit volg byna logies dat hierdie kinders misplaas was in die akademiese skool, waar hulle dit moeilik gevind het om te presteer. Vermoedelik skuil hierdie verskynsel agter hulle skolastiese vertraging en die daaruit voortvloeiende stokkiesdraaiery en teensin in die skool. In enige poging om hulle her op te voed, sal met hierdie feit rekening gehou moet word.

(f) Belangstelling:

Tabel XXXVII D.

Gemiddelde Persentiel van 30 Jeugoortreders in Belangstellingsvraelys.

| Vorms van Belang-stelling. | So | Op | B | Sy | Sk | L | K | H | M | W | D | P |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele | 46·8 | 39·7 | 51·3 | 52·7 | 47·0 | 42·5 | 60·5 | 78·2 | 59·2 | 51·6 | 35·5 | 52·0 |

Uit tabel XXXVII D is dit duidelik dat die belangstellingsrigtinge van die groep uiteenlopend is. Gemiddeld het hulle 'n telling bokant die algemene gemiddelde vir die Belangstellingsvraelys in sewe verskillende beroepsrigtinge behaal. Dit dui daarop dat die belangstellinge van die groep versprei is oor 'n betreklik wye veld. Nietemin toon hulle met 'n gemiddelde persentiel van 78·2 'n meer besliste voorliefde vir werk met die hande en handgereedskap. Hierna volg belangstelling in kuns en kunswaardering en in werk met masjiene en meganiese toestelle, waarin gemiddelde persentiele

van/.....

van 60·5 en 59·2 respektiewelik behaal is. In aanvulling hierby het 23 (76·7%) verklaar dat hulle 'n ambag, insluitende messelwerk, houtwerk; skilderwerk, motorwerktuigkunde, loodgietery en kleremakery, wil beoefen as hulle eendag die inrigting verlaat. Slegs 5 (16·7%) het verkies om ander beroepe te volg, soos dié van kantoorklerk, verpleër, mynwerker, tekenaar en kondukteur. Een wou kunsonderwyser word, terwyl 2 (6·7%) verklaar het dat hulle nie weet watter soort werk hulle wil doen nie.

Die resultaat van die Belangstellingsvraelys sowel as die besondere beroepskeuse van die gevalle, kom in breë trekke ooreen met die uitslag van die Bekwaamheidstoetse. Dit dui daarop dat nie alleen die aanleg van die jeugoortreder nie, maar ook sy belangstelling in die rigting van die meer praktiese beroepe lê. Daar is individuele gevalle vir wie hierdie stelling nie geld nie, maar hulle skyn die uitsonderings te wees.

(g) Persoonlikheidsreaksies:

Tabel XXXVIII D gee die gemiddelde van die skattings vir die 30 gevalle ten opsigte van hulle persoonlikheidsreaksies.

Tabel XXXVIII D.

Gemiddelde van Skattings van Persoonlikheidsreaksies vir 30 Jeugoortreders.

| Reaksies. | Ins | Slv | Plb | Vlh | Sap | Gmh | Nth | Bth | Gah | Kst | T. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Skatting. | 2·8 | 2·8 | 2·0 | 1·9 | 2·6 | 2·7 | 2·7 | 1·9 | 2·5 | 1·5 | 22·2 |

Uit 'n ontleding van die skattings is dit duidelik dat

daar/.....

daar hier ook groot verskil in die reaksies van verskillende individue voorkom. Die een openbaar 'n hoë mate van inisiatief, terwyl 'n ander byna nooit iets vanself aanpak nie; nog een is 'n allemansvriend, terwyl 'n volgende nie maklik maats maak nie. Nietemin dui die gemiddelde van die skattings vir die hele groep daarop dat hulle oor die algemeen dikwels inisiatief aan die dag lê maar 'n gebrek aan volharding openbaar en maklik tou opgooi as 'n taak effens moeilik word. Hulle moet gevolglik dikwels op hulle pligte gewys word. Oor die algemeen toon hulle selfvertroue in gewone omstandighede, maak maklik maats, is gewoonlik goedgemanierd en meestal redelik gelukkig. Aan die anderkant is hulle betreklik onbetroubaar. Daar kan nie te veel op hulle staat gemaak word nie. Boonop is hulle impulsief en geneig om te oordeel sonder om te dink. Hulle onbetroubaarheid, gebrek aan volharding as hulle moeilikheid ondervind en geneigdheid om haastig te oordeel, kan moontlik faktore wees in hulle wangedrag.

(h) Persoonlikheidsaanpassing:

Uit tabel XXXIX D blyk dat die groep gemiddeld sterk afwyk ten opsigte van persoonlikheidsaanpassing.

Tabel XXXIX D.

Gemiddelde Prestasie van 30 Jeugoortreders in die California-Persoonlikheidsaanpassingstoets.

| Trekke. | SA | SV | GE | PV | GT | NT | SS | MA | MS | MB | AN | GH | SH | MH | T |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persentiele. | 18.5 | 44.3 | 26.0 | 23.4 | 34.5 | 11.6 | 29.8 | 27.6 | 55.5 | 34.2 | 38.4 | 37.8 | 33.1 | 34.3 | 21.8 |

Dit/.....

Dit geld die totale aanpassing sowel as die afsonderlike trekke wat gemeet is, met uitsondering van kennis en begrip van sosiale standaarde, waarin die groep met 'n gemiddelde persentiel van 55·5 effens beter gevaar het as die gemiddelde vir die toets. Met gemiddelde persentiele van 18·5 en 27·6 respektiewelik is die selfaanpassing van die groep, d.w.s. hoe elkeen oor homself dink en voel, swakker as hulle maatskaplike aanpassing, d.w.s. hoe elkeen fungeer as sosiale wese. Daar is besliste aanduidinge van antisosiale geneigdheid (persentiel 38·4), teruggetrokkenheid (persentiel 11·6), en senuweeagtigheid (persentiel 29·8). Hoewel die groep oor die algemeen redelik selfversekerd is (persentiel 44·3), skyn daar 'n gebrek te wees aan gevoelens van eiewaarde, persoonlike vryheid en tuis wees. Ondanks 'n redelike kennis van sosiale standaarde en norme (persentiel 55·5), gaan die groep oor die algemeen blykbaar mank aan 'n gebrek aan maatskaplike bedrewenheid (persentiel 34·2). Hulle slaag nie daarin om suksesvol met andere te verkeer nie. In aansluiting hierby is die verhoudinge tot die gesin (persentiel 37·8), die skool (persentiel 33·1) en die gemeenskap (persentiel 34·3), in die ooglopend onbevredigend.

'n Verdere ontleding van die toetsresultate openbaar 'n ernstige ongebalanseerdheid in persoonlikheidsaanpassing by die oorgrote meerderheid van die gevalle. Dit tref dat baie gevalle uitstekend presteer in sommige trekke, terwyl hulle ten opsigte van ander uiters swak vertoon. Hierdie onewewigtigheid van die persoonlikheid skyn tipies te wees van die meeste gevalle en dui op 'n gebrekkige integrasie van die persoonlikheid en op infantilisme.

Soos tabel XL D aantoon, is daar volgens die uitslag

van/.....

van die toets uit die totaal slegs 4 (13·3%) wat goed aangepas is, hoogstens 2 (6·7%) wat redelik aangepas is, terwyl 24 (80%) ten opsigte van verskillende trekke in verskillende grade wanaangepas is.

Tabel XL D.

Persoonlikheidsaanpassing van 30 Jeugoortreders volgens die uitslag van die California-Persoonlikheidstoets.

| Aanpassing | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Goed........ | 4 | 13·3 |
| Redelik..... | 2 | 6·7 |
| Swak........ | 24 | 80·0 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

In hoeverre hulle misdade 'n uitvloeisel is van persoonlikheidswanaanpassing, wat waarskynlik weer die gevolg is van ander faktore, soos reeds aangestip, is moeilik om te bepaal. Gebrek aan geleentheid vir die bevrediging van die basiese drange tuis, sowel as 'n onvermoë om op skool te presteer, het vermoedelik gelei tot allerlei probleme, emosionele konflikte en persoonlikheidswanaanpassing by baie van die gevalle -- en eindelik tot ongesonde kompensasie, wangedrag en misdaad.

(1) Temperament:

In Tabel XLI D word die gemiddelde prestasie van die groep gegee vir elk van die trekke wat gemeet is. Die uitslag van die toets dui op sekere temperamentsgebreke by die oorgrote meerderheid van die gevalle.

Tabel XLI D/.....

Tabel XLI D

Gemiddelde Prestasie van 30 Jeugoortreders in die Johnson-Temperamenttoets.Ø

| Trekke | S/R | S/L | L/D | H/K | M/H | S/O | A/O | E/K | B/I |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Persen-tiele | 75·6 | 77·7 | 43·9 | 33·1 | 52·1 | 75·5 | 69·5 | 76·2 | 44·6 |

Gemiddeld is hulle in so 'n mate senuweeagtig, rusteloos en gespanne (persentiel 75·6) dat dit sorg baar en terapeutiese aandag vereis. Soos voorheen aangedui, stem die uitslag van die aanpassingstoets hiermee ooreen. In watter mate die graad van senuweeagtigheid versterk is deur ervarings onmiddellik voor verwysing na die Verbeteringskool, gepaard met daaruit voortvloeiende kommer, spanning en krenking van eiewaardegevoel, is moeilik om te bepaal. Hiermee saam gaan 'n neiging tot ernstige swaarmoedigheid (persentiel 77·7). Hulle ontstel hulleself blykbaar maklik buite verhouding tot die erns van die moeilikheid waarvoor hulle te staan kom. Nietemin dui die uitslag van die toets daarop dat hulle energiek en lewenslustig is (persentiel 43·9). Die swaarmoedigheid skyn dus nie 'n permanente toestand te

wees/.....

Ø By die standardisering van hierdie toets is die vyftigste persentiel nie die middelpunt nie. Die middelpunt is verskillend ten opsigte van die verskillende trekke. Bevredigende prestasies in elke afsonderlike trek is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Senuweeagtig | 0-60 | persentiel. |
| Swaarmoedig | 0-60 | " |
| Lewendig | 10-80 | " |
| Hartlik | 30-80 | " |
| Mensliewend | 30-80 | " |
| Subjektief | 10-50 | " |
| Aggressief | 10-50 | " |
| Vitterig | 10-50 | " |
| Beheers | 65-95 | " |

wees nie, veral nie in so 'n ernstige graad nie. Verder is hulle geneig om selfsugtig en koud te wees (persentiel 33·1), maar hulle toon daarenteen 'n redelike mate van menslike meegevoel, (persentiel 52·1). Daarby is hulle oordrewe subjektief (persentiel 75·5), egosentries en geneig om alles en nog wat op hulself van toepassing te bring. Hulle beoordeel blykbaar die lewe en alles om hulle in terme van hulself. Hierin lê vermoedelik ook die grondslag van hulle sterk drang na selfgelding en hul hoë mate van aggressiviteit (persentiel 69·5). Gepaard hiermee gaan 'n neiging tot ontevredenheid en vittery (persentiel 76·2). Eindelik is hulle geweldig impulsief (persentiel 44·6) en handel maklik sonder om te dink. Hulle is skynbaar geneig om hulle drange en begeertes onmiddellik te bevredig sonder om die gevolge vir hulself of vir ander te bereken.

Uit 'n noukeurige studie van die toetsresultate is dit verder duidelik dat daar ook ten opsigte van die temperamentstrekke 'n ernstige ongebalanseerdheid by die meeste gevalle bestaan. Sommige trekke vertoon sterk positief, terwyl ander weer ewe sterk negatief is. Hierdie onewewigtigheid in temperament is moontlik ook 'n gevolg van 'n gebrekkige integrasie van die persoonlikheid en 'n sterk aanduiding van infantilisme by baie gevalle. Die feit dat baie van die gevalle so impulsief, subjektief, selfsugtig en egosentries, so onstabiel en onewewigtig is, getuig verder van onrypheid en infantilisme. Dit is treffend dat drie uit die vier gevalle wie se persoonlikheidsaanpassing besonder goed was, ook gunstig vertoon ten opsigte van die temperamentstrekke. Die vierde geval het 'n heel aanneemlike temperament, maar is koud en effens onsimpatiek. Tabel XLII toon dat ook slegs

4 (13·3%)/.....

4 (13·3%) gevalle enigsins normaal is wat temperament betref, 3 (10%) redelik en 23 (76·7%) ongunstig of swak.

Tabel XLII D.

Temperamentstoestand van 30 Jeugoortreders volgens die Uitslag van die Johnson-Temperamenttoets.

| Toestand | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Goed....... | 4 | 13·3 |
| Redelik.... | 3 | 10·0 |
| Swak....... | 23 | 76·7 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Uit die resultaat van die toets wil dit dus voorkom of die meer fundamentele temperamentstrekke, saam met ander uitwendige faktore, 'n belangrike rol gespeel het in die wanaanpassing en misdadigheid van 'n aansienlike persentasie van die gevalle. In hoeverre hierdie temperamentstrekke self vorming en verminking ondergaan het onder wanopvoeding, wanbeïnvloeding en ongesonde ervaring, val moeilik te bepaal.

(j) Opsomming:

Die bestudering van die persoonlikheidseienskappe van die groep het aan die lig gebring dat hulle gemiddeld liggaamlik sterk, gesond, energiek en lewenslustig is. Gemiddeld is hulle intellektueel normaal, maar skyn mank te gaan aan 'n gebrek aan taalbeheer en vermoë tot abstrakte denke. Daarenteen is hulle blykbaar in staat om hulself doeltreffender op 'n regstreekse en konkrete wyse uit te druk. Beide in aanleg en belangstelling neig hulle in 'n praktiese rigting. Ondanks 'n redelike intelligensie is

hulle/.....

hulle gemiddeld skolasties ernstig vertraag. Waarskynlik is die gebrek aan aanleg vir taal en meer spesifieke belangstelling in handewerk 'n belangrike oorsaak van die vry algemene skolastiese agterstand en die probleme van wanaanpassing wat vermoedelik daaruit ontstaan. Die groep openbaar oor die algemeen dinamiese neigings, maar is sterk impulsiof en onoordeelkundig in hulle optrede. Hulle pak 'n taak of probleem maklik aan, maar mis die nodige pligsbesef en vermoë om daarmee te volhard. Die gevolg is dat hulle rondval van die een taak na die ander, van die een betrekking na die volgende, sonder om êrens vas te trap en welslae te behaal. Daarby is hulle redelik selfversekerd en wispelturig optimisties, maar as hulle ontdek dat die rooskleurige vooruitsigte, wat meestal slegs in hul verbeelding bestaan, in duie stort, is hulle ernstig ontmoedig en verval dan tydelik in buie van swaarmoedigheid. As hulle teleurstellings ondervind, ontstel hulle hulself buite verhouding tot die erns daarvan. Tog leer hulle moeilik uit ervaring en begaan onmiddellik daarna weer dieselfde flaters. Oor die algemeen is hulle goedgemanierd en beleefd, en maak hulle gewoonlik 'n betreklike gunstige indruk, waardeur hulle in staat is om menige onervare persoon om die bos te lei. Hulle is ten opsigte van hulself en die gemeenskap sterk wanaangepas en temperamenteel rusteloos, gespanne, emosioneel, subjektief en aggressief. Daarby is hulle uiters selfsugtig en onverskillig teenoor die belange van ander. As geheel skyn die groep mank te gaan aan 'n gebrek aan integrasie van die persoonlikheid en aan basiese kinderagtigheid. Hulle is onryp en onewewigtig.

In hoeverre hulle persoonlikheid en temperament in verband staan met hulle oortredings, val moeilik te bepaal.

Dit/.....

Dit wil nietemin voorkom of daar 'n oorsaaklike verband is.

7. Samevatting:

In die voorgaande paragrawe is die lewensomstandighede waaronder die verskillende gevalle groot geword het, in breë trekke ontleed. Daar is verder gewys op faktore wat in die persoonlikheid van die jeugoortreder self geleë is. Duidelikheidshalwe kan die bevindinge hier kort saamgevat word.

Uit die gegewens volg dat 'n verskeidenheid van faktore bygedra het tot die wanaanpassing en misdadigheid van die groep Dit skyn verder duidelik te wees dat hulle antisosiale gedrag selde die gevolg was van 'n enkele faktor of selfs van 'n aantal faktore uit 'n bepaalde situasie, maar dat dit eerder die resultaat was van 'n veelvoud van faktore wat vanuit verskillende rigtinge en situasies in die spel getree het.

Verskeie faktore wat op een of ander tydstip deur kriminoloë en ander beklemtoon is as belangrike aanleidende oorsake van jeugmisdaad, het volgens die feite van hierdie ondersoek en in soverre dit die bepaalde monster betref, weinig of geen betekenis gehad nie. Dit geld hier veral die uiterlike gesteldheid van die fisiese omgewing, insluitende die algemene behuisingstoestande; die heterogene samestelling van die gemeenskap en die daarmee gepaard gaande kultuurkonflikte; swak gesondheid, liggaamlike afwykings en gebrek aan algemene intelligensie. Dit blyk verder dat die beweeglikheid van die gesin, gebrek aan speelruimte en ontspanning, en swak intellektuele en opvoedkundige standaarde in die gesin weinig of geen kriminogene betekenis gehad het nie. Afwesigheid van gevestigde tradisies en negatiewe sosiale interaksie as gevolg van sedeloosheid, morele ontaarding en verval in betreurenswaardige agterbuurte, en ekonomiese agterstand

het/.....

het slegs in 'n beperkte sin betekenis gehad. Daarenteen het versteurde primêre betrekkinge en die daarmee gepaard gaande emosionele spanninge; ongesonde gesinsverhoudinge en 'n gespanne huislike atmosfeer; gebrek aan ouerlike dissipline en inkonsekwente optrede; sosiale miskenning en minagting, moontlik 'n belangrike rol gespeel in die wangedrag en misdadigheid van die groep. Dit volg vanselfsprekend dat dit hier gaan om saamgestelde faktore, wat weer verder ontleed kan word in gebroke gesinslewe deur dood, huweliksontbinding en verlating; onbevredigende emosionele verhoudinge tot pleeg- en stiefouers; dronkenskap, rusie en twis en onsedelikheid, misdaad en morele verval. Hierbenewens was gebrek aan skolastiese prestasie en vertraging 'n belangrike faktor in die wanaanpassing van die groep en waarskynlik 'n aanleidende oorsaak van hulle misdadigheid. Hoewel dit vrywel onmoontlik is om te onderskei tussen aangebore en verworwe eienskappe, dui die feite tog daarop dat genetiese faktore 'n betekenisvolle rol gespeel het in die antisosiale gedrag van 'n aantal gevalle. Kranksinnigheid en swaksinnigheid, emosionele versteurdheid en onbestendigheid, dronkenskap, onsedelikheid en misdaad het in die grootste aantal van die gesinne, of gesinne van die grootouers, voorgekom. In hierdie verband is dit veral treffend dat die eie ouers van twee gevalle normale goed ontwikkelde en betreklik vooraanstaande mense was, met 'n gesonde huweliksverhouding en gesinslewe, maar dat kranksinnigheid by die grootouers, ooms en tantes voorgekom het.

Dit is duidelik dat faktore in die omgewing, en meer spesifiek in die gesin, in groot mate verantwoordelik was vir die ontwikkeling van antisosiale gedrag by die groep.

Hierteenoor/.....

Hierteenoor staan die intellektuele en temperamentele trekke van die groep self. Hulle gemiddelde intelligensie stem ooreen met die algemene gemiddelde, maar hulle openbaar 'n gebrek aan taalvermoë en abstrakte denke. In die woordeskat- en paragraweleestoetse, sowel as in die toets vir verbale redenering, het hulle besonder swak gepresteer. Hierteenoor het hulle veel beter gevaar in die toetse vir nie-verbale redenering, vormwaarneming en meganiese insig. Hulle vertoon beter in rekenkundige vermoë as in taalvermoë. Oor die algemeen skyn hulle aanleg in 'n meer praktiese rigting te lê, en is hulle geneig om hulself intellektueel op 'n regstreekse en konkrete wyse uit te druk. In aansluiting hierby is hulle belangstelling ook meer spesifiek gerig op werk met die hande. Hierdie neiging bied in 'n mate 'n verklaring vir hulle skolastiese vertraging en hul wrewelige teensin in die skool, soos weerspieël word in hulle traagheid om skoolwerk te doen en in hul stokkiesdraaiery, wat weer tot verdere probleme en wanaanpassings aanleiding gegee het.

Dit is moontlik dat hierdie neiging verband hou met hul temperamentstrekke. Daar is bevind dat hulle temperamenteel oor die algemeen onstabiel, rusteloos en impulsief is. Daar is 'n ernstige gebrek aan selfbeheersing en frustrasiedulding by die meerderheid te bespeur. Hulle is geneig om hulle drange en begeertes onmiddellik te bevredig sonder om die gevolge in ag te neem. Verder is hulle koud en onverskillig teenoor die belange van ander; selfsugtig, subjektief, aggressief en vernielsugtig. In houding is hulle ongedissiplineer, vermetel, uitdagend, agterdogtig en koppig, met 'n hunkering na selfgelding en sosiale erkenning. Hulle

benader/....

benader hulle probleme teoreties en idealisties, toon min ambisie en vooruitstrewendheid en staan betreklik onkrities teenoor hulself. Waarskynlik het hierdie temperamentstrekke en houdinge 'n belangrike rol gespeel in hulle persoonlikheidswanaanpassing, wat gekenmerk word deur ongebalanseerdheid, kinderagtigheid, emosionele onstabiliteit en gebrek aan integrasie.

# HOOFSTUK V.

## BEHANDELING EN HEROPVOEDING.

### 1. Inleiding:

Die beskrywing wat hier volg, is van die heropvoedingsproses soos dit algemeen toegepas word aan die Verbeteringskool, Constantia, en geld nie slegs ten opsigte van die beginsels en metodes wat aangewend is met die oog op die rehabilitasie van die groep gevalle wat bestudeer is nie. Die algemene opvoedkundige prosedure wat hier uiteengesit word, is deur die skrywer verwerk, gesistematiseer en gedurende die afgelope aantal jare toegepas. As sulks verskil dit heelwat van die algemene beleid van vorige jare, hoewel die huidige benadering hoofsaaklik evolusionêr en nie revolusionêr is nie. Die stelsel is aanvanklik as 'n eksperiment begin en is mettertyd proefondervindelik gewysig om in die behoeftes van die inrigting te voorsien. Kliniese behandeling en heropvoeding veronderstel dat die probleme van elke geval afsonderlik benader word. 'n Beskrywing van die prosedures wat gevolg is met elke geval, sal nie alleen onnodige ruimte in beslag neem nie, maar ook dikwels herhaling meebring. Daarom word die algemene beskrywing van die toegepaste metodes sover moontlik toegelig met voorbeelde. Soos hier benader, is die heropvoedingsproses dan ook 'n gekompliseerde prosedure wat van verskillende metodes gebruik maak en hulle aanwend ooreenkomstig die behoeftes van elke individuele geval.

Die begrip behandeling word hier in enger sin gebruik vir die sielkundige en geneeskundige prosedures wat aangewend is met die oog op die verwydering of genesing van psigiese of fisiese toestande wat ten grondslag lê aan die misdadige gedrag en dikwels belemmerend inwerk op die rehabilitasie van 'n geval. Heropvoeding, daarenteen, omvat al die prosedures, insluitende behandeling, waardeur gepoog is om die persoonlikheid en gedrag van die jeugoortreder te wysig. Die skrywer vereenselwig hom met die standpunt van Shaffer wat sê: "All the methods of psychotherapy may be summarized by a single concept -- re-education."[1] Trouens, behandeling en heropvoeding is ineenlopend en aanvullend. Behandeling kan nouliks geskied sonder dat dit 'n mate van heropvoeding meebring, terwyl heropvoeding skaars onderneem kan word sonder dat dit met behandeling gepaard gaan. Die jeugoortreder gaan dikwels gebuk onder ernstige emosionele spanning. Heropvoeding kan nouliks slaag voordat die emosionele spanning eers deur terapeutiese behandeling verlig is. Daarenteen kry die geval gedurende behandelingsonderhoude bv. 'n beter begrip van die oorsaaklike faktore in sy afwykende gedrag en ontwikkel 'n beter insig in sy probleme. Deurdat hy homself beter verstaan en die redes vir sy optrede begryp, verdwyn die behoefte dikwels om op ongesonde wyse te kompenseer. Die behandelingsprosedure het dus gelyktydig heropvoedend gewerk.

2/.......

1. The Psychology of Adjustment, 481.

2. Taak:

In die behandeling van die individu vir gedragsafwykinge, soos vir enige siektetoestand, is die eerste en belangrikste stap die bepaling en verwydering van die aanleidende oorsake van die toestand. Uit die vorige hoofstuk is dit duidelik dat die oorsake van wanaanpassing en jeugmisdaad, in soverre dit die groep van 30 gevalle betref, in 'n groot mate geleë is in die maatskaplike omgewing waarin hulle groot geword het en meer spesifiek in die gesin. In die meeste gevalle is die omstandighede en toestande wat ten grondslag aan hierdie probleme lê, reeds voldonge feite waaraan niks meer verander kan word nie. Waar die misdadigheid van 'n geval byvoorbeeld voortgevloei het uit die egskeiding van die ouers en uit die emosionele spanninge en onsekerheid wat daarmee saam gegaan het, of waar dit die gevolg was van 'n stiefouer-kind-verhouding, kan aan hierdie omstandighede nie veel gedoen word nie. Selfs in gevalle waar die oorsake van die wangedrag voortspruit uit nog bestaande wanverhoudinge in die gesin, kan die Verbeteringskool hoogstens beperkte invloed uitoefen deur middel van korrespondensie en geleentheidsonderhoude, waarin die ouers met raad en leiding bygestaan word. Die gesinne uit wie seuns na die Verbeteringskool kom, is geografies oor die hele land versprei, sodat die inrigting self weinig kan doen om die kriminogene faktore in die gesin te verwyder. Daarby is die kwaad meesal reeds onherroeplik gedaan, en het bearbeiding van die gesin, al sou dit moontlik wees, in die meeste gevalle nie veel betekenis vir die kind nie, wat reeds ernstig wanaangepas is, misdaad begaan het en na 'n inrigting verwyder is. Verwysing na die inrigting bring in elk geval mee dat

die/.....

die jeugoortreder minstens tydelik verwyder word uit die onheilsame invloede van die sosiale milieu en emosionele spanninge van die huislike atmosfeer. Hierdie stap kan op sigself reeds belangrike betekenis hê vir die uiteindelike rehabilitasie van die geval. Daardeur word die faktore in die gesin, die gemeenskap en die agterbuurt, of die ongekontroleerde sosiale kontakte wat moontlik aanleidende oorsake was van sy misdadigheid, minstens geneutraliseer. Hy kan nou die omstandighede en toestande wat tot sy wanaanpassing gelei het in beter perspektief sien, omdat hy dit vanaf 'n afstand betrag en meer objektief daarteenoor staan. Soms dien dit reeds om hom tot ander insigte te bring, en is die taak van die heropvoeding hoofsaaklik om sy energie in nuwe en nuttige kanale te lei. Maar meestal is hy slegs gevrywaar van die daaglikse inwerking op hom van die nadelige invloede uit die ongunstige omgewing. Die merktekens wat op sy gemoed nagelaat is en die wanaangepastheid van sy persoonlikheid is nog nie herstel nie. Hiervoor is dikwels 'n lang termyn van intensiewe behandeling en heropvoeding in 'n gesonde en gedissiplineerde atmosfeer nodig.

Die jeugoortreder self is dus die sentrale probleem waarop behandeling en heropvoeding gerig is. Vir sy effektiewe rehabilitasie is ten eerste nodig 'n deeglike begrip van sowel die aard van sy moeilikheid as van die aanleidende oorsake daarvan. Ten tweede is kennis en begrip nodig van die motiewe agter menslike gedrag, van die faktore wat tot wanaanpassing aanleiding gee, sowel as van die middele om dit te verhelp. Die heropvoeding omvat dus die beginsels en metodes van beide die algemene opvoeding en die psigoterapie. Dit is nie in die eerste plek gerig op intellektuele

ontwikkeling/....

ontwikkeling nie, maar op die aankweek van gesindhede en die ontwikkeling van die persoonlikheid. Dit hou nie vir die jeugoortreder die verwydering of oplossing in van sy uitwendige probleme nie, maar wel so 'n mate van aanpassing en dissiplinering van sy persoonlikheid dat hy in staat is om sy drange en begeertes te beheers en sy moeilikhede doeltreffend te hanteer.] In dié verband staan die heropvoeding voor 'n dubbele taak. Ten eerste moet die faktore wat regstreeks verantwoordelik was vir die oortreding opgehef word deur toepaslike behandelingsmetodes. Waar die misdadige gedrag byvoorbeeld die gevolg was van emosionele spanning, frustrasie of liggaamlike gebrek, moet hierdie faktore eers herstel word alvorens opvoedingswerk sukses kan hê. Ten tweede moet verkeerde gewoontes, wanbegrippe en perversies afgeleer en deur positiewe eienskappe vervang word; sosiaal aanvaarde gedragsvorme moet die plek inneem van ongesonde en skadelike kompensasies; terwyl die breëre karakteristiek van die persoonlikheid geleidelik gewysig moet word deur die dissiplinering van die drange en begeertes en die ontwikkeling van die vermoëns, belangstellinge en gesindhede.

3. Beginsels:

Met die heropvoeding van die jeugoortreder aan die Verbeteringskool, Constantia, word van sekere algemene beginsels uitgegaan. 'n Saaklike uiteensetting van hierdie beginsels kan bydra tot 'n beter begrip van die opvoedkundige atmosfeer waarin die groep gevalle geplaas is, en van die onbepaalde invloede wat meegewerk het tot hulle vorming.

(a) Individuele Benadering:

Uit wat reeds voorheen gesê is, volg dit dat daar

geen/....

geen sprake kan wees van eenvormigheid in die heropvoeding van alle jeugoortreders nie. Nie alleen verskil jeugoortreders onderling in temperament en persoonlikheid, in aanleg en belangstelling nie, maar die faktore wat tot hulle misdadige gedrag gelei het, is uiteenlopend en hul probleme verskillend. Sommige is in sielkundige sin betreklik normaal ander toon geringe gedragsafwykings, terwyl nog ander mank gaan aan vry ernstige geestessteuringe en persoonlikheidsgebreke. In sommige gevalle kan die nodige reaksie by hulle verkry word deur 'n simpatieke onderhoud, met ander is 'n lang termyn van streng dissiplinering of tydrowende terapeutiese behandeling nodig. Die inrigting strewe daarom na 'n gedifferensieerde program van behandeling en opleiding ooreenkomstig die eienskappe en behoeftes van elke geval. 'n Prosedure wat noukeurig beplan is vir elke individu en waarvolgens pogings aangewend word om sy persoonlikheid so te beinvloed dat dit uitdrukking vind in sosiaal aanvaarde gedragsvorme, geld as heropvoeding. Die sensitiewe seun sal byvoorbeeld geredelik reageer op onderrig wat bedoel is om respek te kweek vir die gevoelens van ander, terwyl dieselfde onderrig vrugteloos sou wees in die geval van 'n emosioneel stompsinnige. Ewe-eens sou dit nutteloos wees om die seun wie se oortredings voortvloei uit ernstige emosionele konflikte, dieselfde behandeling te gee as die geval wie se misdade die gevolg is van antisosiale gedragsvorming in 'n swak ouerhuis en ongesonde sosiale omgewing.

Individuele benadering veronderstel egter nie sosiale isolering nie. Dikwels lê die probleem van die jeugoortreder juis in sy gebrekkige sosiale aanpassing, d.w.s. in sy onvermoë om sonder botsing en spanning tevrede en gelukkig

onder/.....

onder mense te beweeg. In die inrigting word dus sover moontlik gepoog om hom emosioneel op te voed en reg in te stel teenoor sy medemens.] Hy moet leer om met ander oor die weg te kom. Trouens, persoonlikheid kan alleen gedy in 'n sosiale milieu. Daarom word onderlinge samewerking, spangees en hulpvaardigheid sover moontlik aangemoedig om van neigings tot selfsug, eiegeregtigheid en oordrewe individualisme teen te werk.

(b) Dissipline:

Dissipline vorm die grondslag van alle opvoedingswerk in die inrigting. Die jeugoortreder is dikwels selfsugtig, impulsief en onbeheers. Hy moet deur middel van gesonde dissipline die nodige frustrasieduldíng aanleer om sy drange en begeertes in bedwang te hou. Boonop is al die leerlinge teen hulle sin na die inrigting verwys. Baie van hulle is gewoonte-weglopers uit vorige skole en inrigtings. Feitlik almal het betreklik ernstige misdade gepleeg en die publiek veel skade berokken. Die inrigting het dus 'n verantwoordelikheid teenoor sowel die algemene publiek as die leerling self. Dit durf nie met allerlei eksperimente in persoonlike vryheid toelaat dat 'n leerling wegloop, die publiek skade aandoen, die staat koste op die hals haal en homself verder verongeluk nie. Dit volg daarby vanselfsprekend dat die heropvoeding van 'n geval alleen moontlik is as hy in die inrigting verkeer en nie terwyl hy êrens ronddwaal nie. [Gesonde dissipline is dus 'n voorwaarde vir sy aanhouding en sy heropvoeding. Hierdie dissipline kan streng wees en tog nie onderdrukkend nie; ferm en tog simpatiek.] Dit skep nie alleen 'n atmosfeer van ordelikheid en rustigheid in die inrigting nie, maar gee aan die leerling

self/.....

self 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit -- gewaarwordinge wat dikwels ontbreek het in sy vorige ervaring. Liggaamstraf word in die reël sover moontlik beperk, en die nodige reaksie verkry deur oorreding en leiding, deur die terughou of wegneem van voorregte en deur beloning vir goeie gedrag en prestasie. Leerlinge moet hulle vorrregte, insluitende hulle ontslag met vergunning, verdien. Hierdie vereiste dien in die meeste gevalle as 'n sterk prikkel om die nodige dissipline te verseker.

(c) Vryheid:

Vir opvoeding en ontwikkeling is 'n mate van vryheid noodsaaklik. Daarenteen vereis aanhouding dat streng dissipline gehandhaaf en beperkings op die vryheid van die leerlinge gelê word. Die Verbeteringskool verkeer dus steeds in 'n ernstige dilemma ten opsigte van die vereistes vir vryheid en dissipline. Daarom word gepoog om hierdie vereistes sover moontlik te versoen. Hoewel die inrigting streng en konsekwente dissipline na buite handhaaf, laat dit binne sy eie opset soveel vryheid moontlik toe. Met die oog hierop is die gewone skoolrooster afgeskaf. Die skool is wel 7½ uur per dag aan die gang, maar die leerling besluit self hoe hy sy tyd wil aanwend -- onderhewig natuurlik aan die voorwaarde dat hy konstruktief moet besig bly. Hy hou homself met daardie werk besig waaraan hy 'n behoefte voel, en hy kan van werk verander sodra die behoefte bevredig is. Die personeel is steeds op die agtergrond gereed om raad en leiding te gee, maar die leerling oordeel self watter gedeelte van die werk sy aandag nodig het. Hy kan nie al sy tyd aan een vak bestee ten koste van die ander nie, want sy verdienstelikheid word beoordeel op grond van sy prestasie in

elke/....

elke afdeling van die werk. Hy moet dus sy onderwysers en instrukteurs oortuig dat hy minstens sy bes gedoen het in die afdeling van die werk waarvoor elk verantwoordelik is. Reëls is tot die minimum beperk, maar hy moet dié wat wel bestaan, nougeset nakom. Namate hy dit verdien, word die dissipline verslap, en al meer vryheid en voorregte toegestaan, soos verder uit die volgende paragrawe sal blyk.

(d) Klassifikasie:

Die jeugoortreders wat na die inrigting verwys word, wissel in ouderdomme van 13 tot 21 jaar. Om die jongstes, wat nog aan die begin van die puberteitsjare staan, saam te groepeer met die oudstes, wat reeds volwasse mans is, is uiters ongewens. Om weglopers en weerstrewiges saam met toevallige oortreders en nuwelinge te huisves, sou wees om die bestes bloot te stel aan negatiewe beïnvloeding deur die swakstes. 'n Stelsel van klassifikasie is daarom noodsaaklik. Gevolglik beskik die inrigting oor 'n aantal gegradeerde koshuise wat uit die volgende bestaan: 'n junior koshuis vir leerlinge onder die ouderdom van 16 jaar; 'n toelatingskoshuis vir ander nuwelinge; 'n dissiplinêre koshuis vir weglopers en ander moeilike gevalle; 'n semi-bevoorregte koshuis vir meer verdienstelike gevalle en eindelik 'n bevoorregte koshuis vir gevalle wat reeds sover gevorder het dat gereelde toesig nie meer nodig is nie. Vanaf die dissiplinêre en toelatingskoshuise beweeg leerlinge op grond van verdienste na die semi-bevoorregte en later aan na die bevoorregte koshuis, waar hulle betreklik vry is. Hulle kan oral op die terrein rondbeweeg, maar mag dit nie verlaat nie. Sover moontlik word daarna gestreef om die essensiële waardes van die ouerhuis in die koshuise te skep.

Die/....

Die leerlinge leef saam met die huisouers en hulle gesinne. Hulle speel en ontspan saam. Hulle sien nie alleen 'n normale gesinslewe in werking nie, maar deel in 'n mate daarin. Hier leef hulle hulself dikwels meer spontaan en volledig uit as op skool en in die werkswinkel. Hier ontwikkel hulle 'n gevoel van saamhorigheid en tuis wees. Dit is immers nie fasiliteite en metodes wat die beslissende faktore is in die heropvoedingsproses nie, maar die onderlinge menslike verhoudinge in 'n opbouende atmosfeer.

(e) Prestasie:

Dit is aksiomaties in die geesteshigiëne dat 'n gevoel van prestasie noodsaaklik is vir persoonlike ontwikkeling en geestesgesondheid.(2) Die swak skolastiese prestasie en gedurige verwisseling van werk van baie jeugoortreders dui op herhaalde mislukkings op skool en in die beroepslewe. Hierdie mislukkings het vermoedelik baie bygedra tot hulle wanaanpassing. Prof. Willemse sê: "The happiest, mentally and socially soundest personalities are those which have made sufficient progress in all the main directions of achievement and self-realization."(3) Die Verbeteringskool poog daarom om aan elke leerling geleentheid te bied vir prestasie in soveel rigtinge moontlik: in die skool en die ambag, in sport en ontspanning en in die sosiale en kulturele aktiviteite van die inrigting.

(d) Verantwoordelikheid:

Eindelik gaan die inrigting van die standpunt uit

dat/.....

2. Rogers: "The Clinical Treatment of the Problem Child." 122.
3. "The Road to the Reformatory", p. 50.

dat die verantwoordelikheid vir sy rehabilitasie in die eerste plek by die leerling self berus. [Fasiliteite en geleenthede word gebied, maar die leerling besluit self watter gebruik hy daarvan wil maak. Die personeel is daar en altyd gereed om te help en met raad en leiding by te staan, maar die leerling moet self sy eie heil uitwerk.] Daar word baie vir hom gedoen maar nie sonder dat hyself ook 'n bydrae lewer nie. Elke leerling kan sy ontslag na 'n minimum periode van 18 maande verdien deur sy algemene gedrag en prestasie in die skool en die ambag. As hy versuim of verbrou, moet hy langer bly. Al die leerlinge het minstens die begeerte om so gou moontlik uit die inrigting te kom en 'n nuwe begin in die lewe te maak. Hierdie gemeenskaplike strewe word dus ingespan in belang van hulle eie rehabilitasie. Hulle word voortdurend aangemoedig om hulle bes te doen sodat hulle nie langer hoef te bly as wat volstrek noodsaaklik is nie. Sodoende word hulle inisiatief geprikkel en hulle verantwoordelikheidsin versterk.

4. Heropvoeding:

(a) Ontvangsperiode:

By die aankoms van elke geval word hy onmiddellik na die toelatingskantoor geneem, waar 'n lêer vir hom aangelê en die nodige identifiserende besonderhede aangeteken word. Daarna word hy in die pakhuis uitgerus met inrigtingsklere -- kakie vir weeksdrag en 'n sportbaadjie met flenniebroek vir spesiale geleenthede. Onmiddellik hierna word elke geval deur die hoof en onderhoof onderskeidelik ontvang. Hierdie amptenare voer elkeen 'n vriendelike gesprek met hom en bewerkstellig 'n noodsaaklike kontak.

Die/.....

Die reëls van die inrigting en die fasiliteite vir skolastiese en vakkundige opleiding word verduidelik. Hy verneem dat hy sy voorregte, insluitende sy ontslag, moet verdien en word aangemoedig om sy bes te doen sodat hy nie sy verblyf in die inrigting onnodig verleng nie. Aan elkeen word verduidelik dat hy sy lotgevalle in die inrigting in sy eie hande hou. Daar is personeellede wat bereid sal wees om te help wanneer nodig, maar die uiteindelike verantwoordelikheid berus by homself.

So gou doenlik hierna -- meestal die volgende dag -- volg 'n noukeurige mediese ondersoek, en kry liggaamlike en gesondheidsgebreke aandag. Gedurende die volgende week of twee word elke geval aan 'n reeks toetse onderwerp ten einde sy verstandelike vermoë, sy aanleg en belangstelling, sowel as sy persoonlikheidsaanpassing en temperamentstrekke te bepaal. Lang vertroulike onderhoude volg, met die doel om die oorsake van sy moeilikheid te peil. Sy plasing in die skool en in 'n ambag, sowel as sy belangstelling in sport en sosiale aktiviteite, word bespreek. Sy uiteindelike aanpassing in die gemeenskap word gelyktydig beplan met die aanvang van die heropvoedingsproses. Intussen het die belangrikste gegewens oor hom aangekom, en is 'n gevallestudie met voorlopige diagnose voltooi. Onmiddellik hierna word hy in die skool en in 'n ambag geplaas. Hy word toegelaat om uit ses verskillende ambagte die een te kies waarin hy belangstel, maar hy ontvang leiding van die sielkundige by sy keuse. Volgens reël ontvang beide die onderwyser en die instrukteur hom vriendelik en bespreek sy belangstelling en aanleg vir 'n bepaalde vak of ambag met hom. Daar word verduidelik dat hy van ambag mag verander indien hy ontdek dat hy verkeerd gekies het/.....

het, maar dat dit binne die eerste drie maande moet geskied. Hy word aangesê om so selfstandig moontlik volgens 'n taakstelsel te werk. Die personeel sal altyd daar wees om hom te help, en hy moenie versuim om daarom te vra as hy hulp nodig het nie. Hy besoek die skool en werkwinkel om die beurt al om die ander week, maar moet sorg dat hy voldoende werk het om gedurende studieperiodes in die aand besig te bly.

(b) Terapeutiese Onderhoud:

Hierna volg 'n aantal terapeutiese onderhoude ooreenkomstig die behoeftes van elke geval. Deur middel van hierdie onderhoude word die leerling onder die indruk gebring dat hy as persoon betekenis het. Daarmee word sy gevoel van eiewaarde geprikkel, en sy vooroordele en vrees vir die inrigting oorwin. Dit is vir baie gevalle waarskynlik die eerste keer in hulle lewe dat hulle geleentheid kry om hulle eie kant van hul saak te stel en openhartig oor hulle moeilikhede te gesels met iemand wat addisionele feite oor hulself aan hulle kan voorsien. Deurdat hy sy hart kan uitpraat, word veel van sy emosionele spanninge, veroorsaak deur frustrasie, innerlike konflikte en wanaanpassing, verlig. Weg van die omstandighede wat sy probleem veroorsaak het, kry die leerling nou kans om daaroor na te dink en sy eie aandeel in sy moeilikhede te bepaal. Gelyktydig word rasionalisasies waar nodig ontmoedig, en die leerling gelei om sy drange en begeertes met die werklikheid te versoen. Dit volg vanself dat hy geneig sal wees tot kompensasie solank hy nog nie sy probleme begryp nie en weier om die minder lofwaardige neigings in homself te erken. Sodra hy sy gevoelens en drange begryp, is hy beter in staat

om/.....

om hulle te beheers, en verdwyn die behoefte aan ongesonde kompensasie. Deurgaans word daar dus gepoog om die gevalle stelselmatig te lei tot 'n objektiewe begrip van hulle probleme, sowel as van die oorsake daarvan. Hulle word daarby gehelp om die nodige korrektiewe stappe te begryp. Deur hulself te verstaan en hulle eie beperkinge te aanvaar, vind hulle moontlik ook die innerlike krag en vermoë tot integrasie, waardeur hulle vermoedelik in staat sal wees om die probleme van die lewe die hoof te bied. Gelyktydig hiermee word genoegsaam geleentheid gevind vir vermaning, oorreding, raad en leiding.

Hierdie onderhoude is van groot waarde in die behandelingsprosedure. In die meeste gevalle is dit voldoende om hulle die nodige rigting te gee, en kan die heropvoeding voortgaan deur middel van dissiplinering en skool- en ambagsopleiding.

Dit is nie moontlik om hier 'n weergawe te gee van die onderhoude met elk van die dertig gevalle nie, maar by wyse van toeligting volg 'n opsomming van 'n gevallestudie met die toepassing en betekenis van die onderhoud.

Voorbeeld:

(i) <u>Identifikasie</u>:

Naam: Henry Lash:

Ouderdom 19. I.K. 102. Std. VIII.

(ii) <u>Probleem</u>:

Gekommitteer op grond van herhaalde diefstalle.

Toon tekens van antisosiale gedragsvorming en emosionele spanning.

(iii)/.....

(iii) Maatskaplike en Gesinsagtergrond:

Sover vasgestel kon word, is Henry se ouers albei oorlede toe hy nog baie klein was. Hy is in 'n weeshuis te Pietermaritzburg opgeneem, waar hy gebly het tot sy vyftiende jaar.

(iv) Persoonlike Geskiedenis:

Die Weeshuis is om besonderhede gevra en het sy lêer en 'n brief gestuur, waarin dit as volg lui: "We regret to learn that this boy is now in the Reformatory. He happened to be a brilliant student and his conduct was excellent while with us. We were convinced that he might have made good." Dit het verder geblyk dat Henry std. VIII geslaag en die skool verlaat het toe hy 15 jaar was. Daarna het die Weeshuis kontak met hom verloor.

Hy het daarna 'n aantal jare lank by vriende in Johannesburg gebly en verskillende betrekkings beklee. Die vriende was blykbaar baie goed vir hom, omdat hy 'n weeskind was.

Hy het herhaaldelik diefstal gepleeg en was meer as 'n jaar lank onder toesig van die proefbeampte.

(v) Persoonlikheidseienskappe:

Henry was 'n uiters moeilike tipe. Hy het sigbare tekens van senuweeagtigheid, rusteloosheid en emosionele spanning openbaar en was in wrewelige verset teen alles en almal. Die grootste moeite is ondervind om die minste inligting uit hom te kry. Hy het deurgaans 'n norse houding van verset ingeneem. Sy invloed onder die mede-leerlinge was swak. Hy het gedurig 'n klompie van die moeilikste seuns om hom versamel en klaarblyklik 'n nadelige

invloed/....

invloed uitgeoefen. Hy was onbetroubaar, traag en soms regstreeks moedswillig. Sy I.K. is op 102 bepaal. Hoewel hy volgens die inligting std. VIII geslaag het, was hy skolasties ruim twee jaar vertraag. Hy het dit moeilik gevind om std. VI-werk te doen, óf omdat hy nie kon nie, óf omdat hy nie wou nie. Nietemin het hy goed gepresteer in die toetse vir vormwaarneming en meganiese insig. Hy het belangstelling getoon in werk met die hande en verkies om messelaar te word. Soos uit die toetse geblyk het, was hy ernstig wanaangepas, met sterk antisosiale neiginge, en temperamenteel aggressief, impulsief en koud.

(vi) Diagnose:

Hy is verstandelik normaal, met 'n besonder sterk drang na selfgelding. Verder openbaar hy 'n neurotiese neiging van verset, wat vermoedelik gebore is uit vrees dat hy nie daarin sal slaag om homself sosiaal te laat geld nie. Die drang na sosiale erkenning en die vrees vir mislukking veroorsaak 'n innerlike konflik waaruit geweldige emosionele spanning ontstaan. Hoe meer hy teengegaan word, hoe sterker word die behoefte aan selfgelding, en hoe meer neem die spanning toe. Hy is emosioneel onryp en het 'n sterk behoefte aan 'n gevoel van tuis wees en veiligheid. Daarby openbaar hy besliste tekens van antisosiale gedragsvorming.

(vii) Prognose:

Hoewel hy 'n moeilike geval is, sal hy vermoedelik bevredigend reageer as hy geleentheid kry om te presteer en sosiale erkenning te verwerf. Hy sal waarskynlik goed vaar as messelaar, maar moet veral aangemoedig

word/.....

word om aan sport en groepsaktiviteite deel te neem ten einde goedgekeurde kanale te vind waarlangs hy hom sosiaal kan laat geld. Die hoë spanning sal egter eers deur middel van terapeutiese onderhoude verlig moet word.

(viii) Behandeling:

Daar het teenstrydighede voorgekom in die seun se eie verhaal en die gegewens wat van elders verkry is. Dit was ongerymd dat hy std. VIII geslaag het, maar skaars in staat was om die werk van std. VI te doen. Verder het hy gedurende die diagnostiese onderhoude teenstrydige bewerings gemaak. Hy is versigtig ondervra, maar sodra druk op hom uitgeoefen is, het hy in stuurse teruggetrokkenheid verval. Langsamerhand het die oortuiging posgevat dat hy iets wegsteek, maar daar is tevergeefs geprobeer om vas te stel wat dit was. Die sleutel tot sy geheim is toevallig ontdek. By geleentheid is verneem dat een van sy vriende hom as "Macdee" aanspreek. Toe hy gevra is waar hy aan die naam kom, was sy verklaring dat dit 'n bynaam is. Sy vriende noem hom maar so, maar hy weet self nie hoe die naam ontstaan het nie. Ander seuns kon ook nie lig op die saak werp nie. Daar was reeds al 'n sterk vermoede dat hy nie werklik Henry Lash is nie, of altans nie dieselfde Henry Lash is wat in die Weeshuis was nie. Waarvoor sou "Macdee" staan? Dit kon moontlik MacDonald of so iets wees. Daar is besluit om 'n troef te waag. Met die volgende onderhoud, is hy kortaf gevra: "Wel, Henry Mac Donald, wat besiel jou om onder 'n vals naam te gaan?" Dit het skielik op hom afgekom, en verbouereerd het hy geantwoord: "Ek wou voorkom dat my moeder uitvind waar ek is. Ek wil haar nie graag verdere verdriet aandoen nie,

en/.....

en boonop, meneer, soek die polisie nog na my in Durban."

Toe het dit aan die lig gekom dat hy glad nie die persoon is wat hy voorgegee het om te wees nie. Dit het geblyk dat hy die werklike Henry Lash in Johannesburg ontmoet het. Die twee was eers goeie vriende, en van Lash het hy die verhaal van dié se lewe verneem en ook dat hy in 'n weeshuis groot geword het. Toe hy in die moeilikheid beland, het hy die voormalige vriend se naam gerieflik gebruik om sy eie identiteit te verberg en die polisie te ontwyk. Gedeeltelik was sy stugheid en botheid te wyte aan vrees dat iemand sy geheim sou ontdek. Toe die belangrikste skans waaragter hy geskuil het in dui stort, was daar ook nie veel rede om die res van die feite te verswyg nie. Hy het sy eie lewensgeskiedenis vertel, die adres van sy moeder verstrek en bely dat hy oortredings begaan het waarvoor hy nog nie aangeklà is nie. 'n Brief is aan die moeder gerig. Haar antwoord het sy verhaal bevestig en getuig van gemengde gevoelens: "I have so often wondered where he could be, but God is good and answered my prayers......Henry has been a great worry and trouble to me since my first husband's death." Hy was die jongste en enigste seun van ses kinders en die oogappel van sy vader. Op sy beurt was hy baie geheg aan sy vader.

Die vader is oorlede toe die seun ses jaar oud was. Nou nog onthou hy die aankondiging baie duidelik: "Sonny, where is your mother? Your father fell into a mill and is dead."

Die volgende dag het hy van die huis verdwyn en is eers laat die nag teruggebring deur verbygaande motoriste wat hom buite die stad gevind het. Sedertdien het hy moeite gegee, dikwels van die huis weggeraak en in die buurt rondgedwaal

asof/.....

asof hy iemand soek Kort na die dood van die vader is hy skool toe. Hier het hy dieselfde simptome openbaar en soms van die skool verdwyn. Toe hy groter was, het hy soms selfs ander leerlinge se fietse geneem en daarmee koers gekry, sonder dat hy later presies kon sê waarheen hy eintlik op pad was. Nietemin het hy bevredigend gevorder en std. VI geslaag toe hy 14 was.

As gevolg van sy stokkiesdraaiery het die moeder hom verlof gegee om die skool te verlaat en te gaan werk. Sy eienaardige gedrag het voortgeduur. Hy het twee jaar in Durban gewerk en toe spoorloos verdwyn. Die moeder het nie weer van hom gehoor totdat sy van die inrigting verneem het waar hy was nie. Hy is blykbaar na Johannesburg, waar hy allerlei ervaringe en ontberinge beleef en onder 'n jeugbende verval het, saam met wie hy 'n reeks diefstalle gepleeg het. Hy was later een van die leiers van hierdie bende. Eindelik is hy betrap en onder toesig van die proefbeampte geplaas, terwyl mnr. en mev. Lambert hom as ouerlose kind in hulle sorg geneem het. Hy het meer as 'n jaar by hulle gebly, was skynbaar gelukkig, maar het onverwags verdwyn. Hy het weer kontak met sy ou makkers gemaak en word later na die Verbeteringskool verwys.

Dit het dus geblyk dat belangrike gegewens waarop die voorlopige gevallestudie en diagnose gegrond is, vals was. Veel van die emosionele spanning en verset het verdwyn onderwyl hy sy eie lewensverhaal vertel het, en daar niks verder was om weg te steek nie. Sy moeilikheid was egter nog nie halfpad opgelos nie Hy het geen insig in sy eie probleem en in die oorsake daarvan gehad nie. Die skielike verlies van sy vader was vermoedelik die direkte oorsaak van

sy/.....

sy wanaanpassing. Dit was duidelik 'n geweldige skok waaruit die meeste van sy probleme voortgevloei het. Dit het vermoedelik gelei tot emosionele frustrasie, waaraan sy emosionele onrypheid en behoefte aan veiligheid moontlik te wyte is. Aanvanklik was sy wegdwalery die gevolg van 'n gevoel van intense verlange en gemis, maar dit het later 'n gewoonte-reaksie geword. In 'n ouerhuis waar daar slegs die moeder en susters was, kon hy nie 'n vadersubstituut vind nie. Terwyl hy in Johannesburg is, kom hy in aanraking met verkeerde maats, onder wie se invloed hy sterk antisosiale neigings ontwikkel, dagga leer rook en verslaaf raak aan drank.

Sy probleem is van alle kante met hom bespreek. Hy het geleidelik groter insig in sy eie moeilikhede gekry. Die emosionele spanninge het verdwyn. Deur middel van die terapeutiese onderhoud is die grondslag dus gelê vir ander psigoterapeutiese metodes en vir skolastiese en vakkundige opleiding om die heropvoedingsproses te voltooi. Hy het belowe om sy bes te doen, maar dit het aanvanklik nie goed gegaan nie. Oor die jare heen het 'n gewoontestruktuur ontwikkel wat met die verwydering van die spanning en die verkryging van insig nog nie verdwyn het nie. Voordat hierin verandering kon kom, het hy homself skuldig gemaak aan etlike inrigtingsoortredings, o.a. wegloop en dagga-smokkel. 'n Lang periode van dissiplinering en heropvoeding was nog nodig. Die verhouding tussen hom en sy moeder moes nog herstel word. Aanvanklik het hy geweier om aan haar te skrywe, maar eindelik ingewillig en om vergiffenis gevra vir al die verdriet wat hy haar aangedoen het. Dit het moeilik gegaan om hom sover te kry om ook sy identiteit

aan/.....

aan die Lamberts te openbaar en hulle te vertel dat hy hulle bedrieg het. Later het hy dit ook gedoen.

Die polisie in Durban het geantwoord dat hulle geen verdere sake teen hom het nie. Sy vordering was onbestendig en geleidelik Hy moes gedurig aangemoedig en gehelp word. In sy heropvoeding het geleentheid tot prestasie in die skool en die werkswinkel sowel as in sport en die sosiale aktiviteite van die inrigting 'n belangrike rol gespeel. Na 18 maande was hy een van die knapste seuns in sy ambag, kaptein van die rugbyspan, 'n goeie krieketspeler, en een van die leerlingleiers.

......

Daar was vyf gevalle uit die groep by wie die persoonlikheidsafwykings, soos repressie, perversie en emosionele versteurdheid, van so 'n ernstige aard was dat die terapeutiese onderhoud nog nie die gewenste resultaat gelewer het nie. In hulle gevalle moes ander metodes aangewend word. Drie van hierdie gevalle is psigoanalities behandel, terwyl met twee hipnoterapie toegepas is.

(c) Psigoanalitiese Terapie:

Dit is onnodig om hier 'n uiteensetting te gee van die grondbeginsels van die psigoanalitiese terapie. Die psigoanalise is 'n Freudiaanse prosedure waardeur gepoog word om die onbewuste drange en konflikte wat die wanaanpassings veroorsaak het, in die bewussyn te roep met die doel om sowel die emosionele spanning te verlig en sodoende insig te vergemaklik, as om bewuste kontrole oor die gedrag te bevorder deur die ego bloot te stel aan onopgeloste emosionele konstellasies wat hy dan moet leer om te beheers.

Dit/....

Dit is 'n metode van vrye assosiasie van gedagtes, droom-ontleding en die interpretasie van die sogenaamde oordrag-situasie. Dit is gelyktydig 'n prosedure van ondersoek en behandeling en is in hierdie studie veral gebruik by gevalle waar daar 'n vermoede was dat 'n onbewuste motief die belangrikste oorsaak van die afwykende gedrag was. Die bedoeling was om die leerling te help om 'n konsekwente en rasionele verklaring van sy gedrag te verstaan en emosioneel te aanvaar.

Die volgende opsomming dien om die toepassing van die psigoanalitiese metode by een geval toe te lig:

Voorbeeld.

(i) <u>Identifikasie</u>:

Naam: Douglas Malcolm.

Ouderdom 19. I.K. 102. Std. VII.

(ii) <u>Probleem</u>:

Geestelike versteurdheid gekenmerk deur spanning, emosionele onbestendigheid en sosiale wanaanpassing. Verwys op grond van diefstal en vervalsing.

(iii) <u>Maatskaplike en Gesinsagtergrond</u>:

Die gesin het in 'n goeie woonbuurt in een van die voorstede van Kaapstad gewoon. Die vader was rekenmeester van beroep, maar het 'n som geld verduister en tydens die geboorte van die seun 'n vonnis van twee jaar tronkstraf gedien. Hy was hierbenewens 'n volslae dronkaard. Na sy ontslag het hy ongereeld gewerk en baie gedrink. Die huislike omstandighede was uiters onbevredigend. Die verhouding tussen die ouers het veral vertroebel as gevolg van die misdaad van die vader, sy verwaarlosing van die gesin en

sy/.....

sy dronkenskap. Hoewel die moeder in staat was om die gesin te versorg, was daar voortdurend wrywing en spanning in die huis. Toe die seun dertien was, het die ouers mekaar verlaat. Hulle het geruime tyd afsonderlik gewoon en eers drie jaar voor Douglas na die inrigting verwys is, wetlik geskei. Onder hierdie omstandighede het die moeder al haar liefde op die seun gekonsentreer, terwyl die vader onverdraagsaam was en hom vroeër soms mishandel het. Die moeder is 'n hoërskoolonderwyseres. Sy is 'n opgevoede vrou uit 'n gesiene familie. Aangesien die vader haar en Douglas, die enigste kind, nie kon onderhou nie, was sy verplig om skool te hou van kort na die seun se geboorte af.

(iv) <u>Persoonlike Geskiedenis</u>:

Onder hierdie omstandighede het die seun sy eerste indrukke gekry, indrukke wat sy lewensuitkyk ingrypend beïnvloed het. Hy is op sesjarige leeftyd skool toe en het aanvanklik goed gevorder, maar vanaf sy elfde jaar het hy begin stokkiesdraai, met die gevolg dat die moeder hom na 'n kosskool gestuur het. Hy loop weg, omdat hy daar nie gelukkig was nie en gaan na 'n ander skool met dieselfde gevolg. Daarna besoek hy nege verskillende skole sonder dat hy êrens aanpas. Sy skoolvordering is gevolglik uiters swak, en hy vind dit moeilik om std. VI te slaag. As gevolg van vertroeteling deur die moeder is hy totaal verwen en wou hom eenvoudig nie aan dissipline onderwerp nie. Van sy veertiende jaar af het hy gedragsafwykinge openbaar, was aggressief en onbeheerbaar. Op sestienjarige leeftyd verlaat hy die skool en begin werk as leerling-pakhuiswerker. Hy was dikwels afwesig van sy werk en nalatig in die uitvoering van sy pligte, en na 'n paar maande kry hy sy ontslag. Hierna

was/.....

was hy ongeneë om werk te soek en het selfs geweier om betrekkings te aanvaar wat die moeder vir hom gekry het. Hy het nietemin geëis dat die moeder hom van genoeg sakgeld vir sy buitensporige behoeftes voorsien. As sy nie die geld wou gee nie, het hy gedreig om haar aan te rand, met die gevolg dat hy sy sin gekry het. Eindelik het hy 'n betrekking as leerlingstoker aanvaar, maar gou gekla dat hy nie die werk kon doen nie, omdat hy maagpyn kry en dikwels vomeer. Hy het egter geweier om 'n dokter te raadpleeg, sy werk laat vaar en na Durban gery-loop. Hier het sy moeder hom gaan haal. Sy het vir hom werk gekry op 'n vissersboot, maar na die eerste rit het hy bedank, geweier om ander werk te aanvaar, ledig rondgeslenter en met swak maats geassosieer.

In hierdie stadium het die moeder besef dat hy ferme dissiplinering nodig het en aan 'n gereelder leefwyse onderwerp moet word. Hy was reeds 18, is voor die Jeughof gebring en op grond van onbeheerbaarheid na 'n gesertifiseerde hostel verwys. Werk is vir hom gevind, maar hy was traag en is gevolglik ontslaan. Hy loop weg, word in Port Elizabeth opgespoor en teruggestuur na die hostel. Pogings om hom te help, was vrugteloos. Hy was werksku en het 'n verderflike invloed uitgeoefen op ander seuns in die hostel. Kort na sy hertoelating loop hy weer weg en laat die volgende brief aan die huisvader:-

> "Goodbye Sir, I think I am mentally ill. I am sure, I know I'm a cat. I walk softly, purr and meaw like a cat. I cannot go on living with you without killing you. I am going to drown myself. I hear a throbbing in my head. Bluff Mom as long as you can. Thanks for all your help. I am sorry it must end like this. I mean to drown myself. Good luck."

Hy/.....

Hy het hom nie gaan verdrink nie, maar by sy moeder se woonstel ingebreek en 'n rewolwer met patrone en ander artikels gesteel. Die moeder wou nie 'n saak maak nie, maar hy word op Piketberg gevang en aangekla van diefstal en vervalsing. Dit het geblyk dat hy aan geheueverlies ly. 'n Psigiater het hom ondersoek en bevind dat sy klag eg was. Hy is vir observasie na Valkenberg gestuur, herwin sy geheue en wend 'n poging aan om selfmoord te pleeg deur 'n slagaar af te sny. Nadat hy mediese behandeling ontvang het en weer gesond was, is hy voor die hof gebring. Tydens die verhoor het hy redelik normaal gereageer, maar toe hy na die Verbeteringskool verwys word, maak hy amok, stamp 'n polisiebeampte uit die pad en bestorm die magistraat. Die inrigting is vooruit gewaarsku dat hy aggressief en gevaarlik is.

(v) Persoonlikheidseienskappe:

By sy toelating was hy 'n uiters moeilike geval wat die geduld van die personeel tot die uiterste beproef het. Hy het 'n halsstarrige neiging openbaar om altyd regstreeks die teenoorgestelde te doen van wat hy gesê is en het homself daardeur gou die misnoeë van sy medeleerlinge op die hals gehaal. As hy berispe of gevra is waarom hy so maak, was die antwoord dat hy dit nie kon verhelp nie. Hy voel net 'n onweerstaanbare drang om ander te irriteer, ....."to drive them on until they are getting mad". Hierdie drang was blykbaar hoofsaaklik gerig teen persone wat gesag oor hom gehad het.

Sy I.K. is op 102 bepaal, maar was vermoedelik veel hoër. As gevolg van sy emosionele toestand kon hy waarskynlik nie goed konsentreer nie, terwyl dit te betwyfel is of hy sy bes gedoen het. Dit is gerade geag om nie in

hierdie/.....

hierdie stadium sy bekwaamheid en belangstelling te probeer bepaal nie. Hy was ernstig wanaangepas en temperamenteel aggressief en impulsief, senuweeagtig en subjektief. Hy was emosioneel gespanne en onstabiel, het aanvalle van geheueverlies gekry en gekla van maagpyn. Verstandelik en emosioneel was hy duidelik ernstig versteur. Hy het 'n lewendige verbeelding openbaar, visuele en ouditêre hallusinasies belewe en soms heeltemal in 'n verbeeldingswêreld opgegaan.

(vi) Diagnose:

Hy is blykbaar emosioneel 'n besonder sensitiewe seun wat onder onbevredigende omstandighede ernstig wanaangepas en geestelik versteur geraak het. 'n Gespanne huislike atmosfeer as gevolg van rusie en twis tussen die ouers, 'n onderdrukkende optrede van die vader, vertroeteling en verwenning deur die moeder en gebrek aan dissiplinering, gepaard met 'n aangebore emosionele disposisie, was vermoedelik die belangrikste oorsake van sy huidige toestand. As konstitusioneel sensitiewe en hooggespanne kind was hy waarskynlik minder in staat om die uitwerking van die ongunstige invloede te weerstaan. Hy kon gevolglik nie emosionele bestendigheid en gevoelens van veiligheid en selfvertroue ontwikkel nie. Met die aanvang van die puberteitsjare het hy dus voor probleme te staan gekom waarteen hy uit die aard van sy emosionele gesteldheid en opvoedkundige ervaring nie opgewasse was nie. Hy het die leiding, opleiding en die sosiale ervaring gemis wat hom doeltreffend kon toerus vir die lewe in 'n gemeenskap. Hy het inteendeel 'n soort persoonlikheid ontwikkel wat gekenmerk word deur onrypheid, impulsiwiteit en selfsugtigheid. Sy reaksie op

probleme/.....

probleme is een van doelmatigheid: van ontwyking deur weiering en wegloop, of ontvlugting aan die werklikheid in die verbeeldingslewe, of reaktiewe aggressiviteit as die eerste nie moontlik is nie. Gesamentlik is hierdie faktore vermoedelik die oorsaak van verstandelike en emosionele verwarring en spanning by hom.

(vii) Prognose:

Hy is skynbaar 'n grensgeval tussen kranksinnigheid en geestelike normaliteit en het waarskynlik 'n lang termyn van intensiewe behandeling en dissiplinering nodig. Die emosionele spanninge en psigiese versteurdheid is daarby in sy geval so ernstig dat pogings tot rehabilitasie gedoem is, tensy die spanninge verlig word deur psigoterapie.

(viii) Behandeling:

Hy is onmiddellik aan 'n noukeurige mediese ondersoek onderwerp, maar daar kon geen fisiologiese basis gevind word vir sy pyne op die maag nie. Hierdie pyne is vermoedelik veroorsaak deur versteuring van die spysvertering as gevolg van emosionele aandoeninge. Pogings om die emosionele spanning te verlig en die dieperliggende oorsake van die geestelike versteurdheid deur middel van terapeutiese onderhoude te bepaal, het misluk. Weens die feit dat hy in die inrigting nie so maklik kon uiting gee aan sy ongedissiplineerde drange, aan sy gewoonte om te ontvlug en weg te loop sodra iets nie in sy smaak val nie, het die spanning nog verder toegeneem en nagenoeg breekpunt bereik. Hy het verstandelik en emosioneel in so 'n mate verward geraak dat allerlei inkonsekwente en irrasionele reaksies na vore getree het, en nuwe begripsvorming feitlik

onmoontlik/.....

onmoontlik was. Soms het hy die vrae van die ondersoeker heeltemal geïgnoreer en in 'n hewige argument met 'n denkbeeldige persoon gewikkel geraak.

Daar is besluit om deur middel van die psigoanalitiese prosedure verligting te probeer bring in sy toestand. Dit was 'n uiters moeilike taak, want hy was in onverbiddelike verset, onmagtig om te ontspan en sy gedagtes deur vrye assosiasie 'n loop te gee en ongeneë om saam te werk. Dit het tyd gekos om 'n mate van kontak op te bou en sy samewerking te verkry. Die analitiese prosedure het maande van intensiewe arbeid in beslag geneem. Die aantekeninge het so 'n omvang aangeneem dat 'n volledige weergawe daarvan self 'n boekdeel sou beslaan. Daar is gelyktydig gebruik gemaak van vrye assosiasie en droomontleding. Hy het bowendien 'n onweerstaanbare drang geopenbaar om allerlei dinge te skrywe, onsin vir die leek, maar waardevol vir die ontrafeling van sy moeilikheid. Die volgende brief dien slegs as voorbeeld van die baie eienaardige vlugte wat sy verbeelding geneem het en werp gelyktydig waardevolle lig op sy probleem. Dit is gerig aan sy moeder:

> "Knowing that the time of my withdrawal from this beautiful planet of yours is near, I would like to disclose some significant facts to you. I am sure that you have no idea how sorry I am to tell you that I am not really your son. True, I am inhabiting his body, but that is all..... My real name is Syra Dinga. My actual place of birth is Myra. Through some strange power, I accidentally came to be inhabiting your son's body on this planet, called Una. The time has come that I must return to my own planet. My

people/.....

people are longing to see me again and, as a matter of fact, I am longing to be back there myself. I hate Una and her people. .....The reason why I am writing to you about these things, is to make it more easy for you. There is but one chance out of a hundred that you will see your son again. For your part, I hope you do. Everything of the best and may the Almighty Power of all Creation lay his blessing hand upon you. Yours sincerely, Syra Dinga."

Deur 'n proses van vrye assosiasie is die inhoud van hierdie brief, tesame met 'n massa bykomende materiaal, verder ontleed. Geleidelik het hieruit 'n eenheidsbeeld gegroei. In werklikheid het hierdie brief sy oorsprong gehad in 'n droom wat hy jare gelede gehad het. Hy het naamlik gedroom dat 'n beeldskone en baie eienaardige vrou vóor sy bed staan. Sy het haar hand oor hom uitgestrek en aan hom gesê dat hy nie werklik Douglas Malcolm was nie, maar Syra Dinga. Hy is oorspronklik van Myra en leef slegs tydelik in die liggaam van Douglas op die aarde of Una. Hy moet egter weer na die planeet Myra terugkeer. Hierdie droom het 'n geweldige indruk op hom gemaak, en gedurende die eerste weke daarna het hy 'n eienaardige gevoel gehad van nie homself te wees nie. Later het hy blykbaar die droom vergeet, want dit het tyd gekos om sy assosiasies daarheen terug te voer. Maar die inhoud daarvan het in sy verbeeldingslewe teruggekeer en 'n soort dubbele persoonlikheid geskep, waarin deel van sy persoonlikheid feitlik volledig losgemaak is van die res. Die gedisassosieerde persoonlikheid, waarin die normale self en sy drange blykbaar onderdruk is, het 'n selfstandige en georganiseerde bestaan verskillend van sy normale self gevoer.

Wanneer/.....

Wanneer hy weer na die normale self terugkeer, was hy blykbaar nie in staat om die abnormale episodes te onthou nie.

Hierdie verskynsel, sowel as verskillende ander reaksies, het aan die lig gebring dat hy as gevolg van die onaangename verhouding tot die vader nie sy werklike self wou wees nie. Hy het 'n geweldige afkeer daarin gehad om Douglas Malcolm te wees, die seun van Eric Malcolm, wat hom en sy moeder mishandel en skande oor hulle gebring het. Die begeerte om iemand anders te wees as wat hy werklik was, het in vermomde vorm tot uiting gekom in sy drome en was oorsaak van die ontvlugting aan die werklikheid in die verbeelding. Die behoefte aan liefde vir, en identifikasie met, die vader in stryd met die haat en veragting vir hom, het 'n voortdurende emosionele konflik veroorsaak. Die woede teenoor die vader is onderdruk, omdat hy nie in staat was om hom teen die vader te verset nie. Die onderdrukte haat is later oorgedra op alle persone wat gesag oor hom uitgeoefen het. Die psigiese versteurdheid was blykbaar die gevolg van emosionele spanning, wat veroorsaak is deur onderdrukte emosies van woede en haat in sy vroeë lewe. Sy aggressiviteit sowel as sy misdadigheid is vermoedelik wraakreaksies waardeur hy bevrediging soek vir die onderdrukte begeerte om die vader te straf. As gevolg van verwenning deur die moeder en 'n basiese emosionele onbestendigheid het hy nooit voldoende selfbeheer ontwikkel om die drange en spanninge in bedwang te hou nie.

Met die vordering van die analitiese prosedure het die spanninge geleidelik afgeneem. Deur die onderdrukte besinksels in die onbewuste na die bewussyn terug te bring, en die betekenis daarvan vir sy gedrag aan hom te verduidelik, is baie van sy moeilikhede verwyder. Hy moes nie alleen gelei

word/.....

word om die verklaring van sy gedrag te begryp nie, maar ook om dit emosioneel te aanvaar. Toe die emosionele spanning verlig is, het die hallusinasies en die geestelike verwardheid ook geleidelik verdwyn. Op dié wyse is die grondslag gelê vir verdere heropvoeding deur dissiplinering, opvoeding en opleiding in die skool en ambag. Sy vordering was stadig en wisselvallig, maar sy toestand het steeds verbeter. Na afloop van die analitiese prosedure het hy die volgende brief aan sy vader geskrywe:

> "Sir, I have not seen or heard from you for quite a time. .....There is just one thing I want you to do for me. You are not married to my mother anymore. Please leave her alone. We have both suffered a lot through your actions and I would be very glad if you could do me this one favour. Our ways have parted and I am really sorry for you, but please do not worry my mother."

Wat sy verhouding tot sy eie vader moet wees, was 'n wesenlike probleem vir die toekoms.

..........

(d) <u>Hipnoterapie</u>:

Hiptoterapie is essensieel 'n verkorte vorm van psigoanalitiese terapie. Die doel is dieselfde, naamlik om spanning te verlig en insig te bevorder deur 'n metode van assosiasie onder hipnose. Dit is dus 'n psigoanalitiese prosedure uitgevoer in 'n gekontroleerde situasie. Die hipnoanalise het besondere voordele daarin dat dit minder tyd in beslag neem, deurdat hipnose aangewend word sowel om

kontak/.....

kontak te bewerkstellig en verset te verminder, as om die onderdrukte materiaal in die onbewuste na die bewussyn terug te bring. Dit het veral besondere voordele met passiewe en ongenaakbare gevalle. Die ondersoeker het herhaaldelik gevind dat vergete herinneringe makliker opgeroep word onder hipnose en dan na die wakker toestand oorgedra kan word deur na-hipnotiese suggestie. Ewe-eens is suggesties wat tydens hipnose gemaak word en opgevolg word met na-hipnotiese suggesties, waardevolle middele om spanninge te verlig en antisosiale gedragsvorme teen te werk. Inligting wat gedurende hipnose verkry is, kan daarna met die geval bespreek en geïnterpreteer word. Daar is meestal oordrag na die wakker toestand, veral as die suggestie gemaak is dat die geval alles sal onthou nadat hy wakker gemaak is. Hy trek dus onregstreeks voordeel uit die openbaringe onder hipnose deurdat hy geleidelik self tot 'n begrip van sy moeilikhede geraak. Met die verligting van die spanning deur die bewusmaking van onderdrukte materiaal, en met die ontwikkeling van insig wat dit meebring, word die grondslag gelê vir die verdere heropvoeding van die geval. Hipnoterapie is dikwels 'n waardevolle hulpmiddel om die simptome te behandel en die geval oor die eerste stappe heen te help. Hoewel hierdie metode dikwels in die inrigting met moeilike gevalle gebruik word, is dit slegs op twee gevalle uit die onderhawige groep van dertig toegepas. 'n Opsomming van die behandeling van een geval volg hier by wyse van toeligting:

Voorbeeld.

(i) <u>Identifikasie</u>:

Naam: Charlie Liversage.

Ouderdom 17. I.K. 109. Std. VI.

(ii)/.....

(ii) Probleem:

Beweerde onbeheerbaarheid, weglopery, misdaad en drankmisbruik. Verwys op aanklag van fietsdiefstal.

(iii) Maatskaplike en Gesinsagtergrond:

Die gesin woon in 'n betreklik goeie woonbuurt in Johannesburg. Die vader was 'n skrynwerker van beroep, maar is volgens die moeder oorlede toe Charlie dertien was. Die moeder behartig die huishouding. Die huis is goed versorg en skoon. Daar is vier kinders in die gesin, van wie Charlie die derde en enigste seun is. Die twee oudste dogters werk reeds. Die gesin staan goed aangeskrewe en is gereelde kerkgangers.

(iv) Persoonlike Geskiedenis:

Charlie het blykbaar liggaamlik en geestelik normaal ontwikkel. Hy het std. VI geslaag toe hy pas veertien was en daarna die skool verlaat om te gaan werk. Hy het as bode by die poskantoor begin. Sy dienste was aanvanklik bevredigend, maar het na 'n paar maande verswak sodat hy ontslaan is. Gedurende die volgente twee jaar het hy by die S.A. Munt en die S.A. Spoorweë gewerk. Sy werk was bevredigend, behalwe dat hy soms sonder gegronde rede afwesig was.

Tuis was sy gedrag blykbaar nie goed nie. Die moeder het gekla dat hy nie sy geld huis toe bring nie, dat hy hom skuldig maak aan drankmisbruik en onbeheerbaarheid. Sy het by die proefbeampte gaan kla oor die seun se gedrag en gevra dat hy na 'n inrigting gestuur word. Charlie het die beskuldiginge teen hom ontken, maar daarna 'n fiets gesteel

en/.....

en van die huis weggeloop, met die gevolg dat hy na die Verbeteringskool verwys is.

(v) <u>Persoonlikheidseienskappe</u>:

Sy I K. is op 109 bepaal. Hy was skolasties meer as 'n jaar vertraag, maar het redelik goed gevaar in die Bekwaamheidstoetse. Hy het aanleg en belangstelling getoon in praktiese werk en verkies om passer en draaier te word. Hy was blykbaar sterk wanaangepas, met gebrek aan selfvertroue en eiewaardegevoel en met tekens van senuweeagtigheid. Sy temperamentele samestelling het redelik gunstig vertoon. Hy was betreklik impulsief en subjektief, maar origens normaal. Nietemin was dit duidelik dat hy onder ernstige emosionele spanning verkeer en emosioneel en intellektueel verward is. Dit was tiperend van sy toestand dat hy iets vertel en dan die draad totaal kwyt raak, verbouereerd om hom rond kyk en dan met 'n ander gedagte begin. Dit was veral die geval as hy oor sy huis gesels. Hy kon eenvoudig nie konsentreer nie. Boonop het hy nou met liefde oor sy moeder en die ander kinders gesels en dan onverwags vasgesteek, 'n lelike skelwoord op hulle gelos, 'n rukkie gewag en weer sy gesprek voortgesit. Sy emosionele onbestendigheid en psigiese verwardheid het duidelik aan die lig gekom uit briewe aan die gesinslede. Die volgende uittreksel uit 'n brief aan 'n suster dien as voorbeeld hiervan:

> "Ek verlang baie om tuis te wees. Sê groete aan Hennie of kom hy nie meer daar nie? Dalk het julle hom ook alweer belieg net soos julle met daardie onnosele proefbeampte gemaak het. Ek wens ek sien julle nooit weer nie. Ek wil niks met so 'n

tweegesig/.....

tweegesig spul te doen hê nie. Of wat dink jy van 'n ma wat oor haar kind loop en lieg.............. Julle moet tog gereeld skrywe. Sê vir ma ek kyk uit na haar brief. Ek bid vir julle almal en mag die Here julle seën."

(vi) <u>Diagnose</u>:

Dit is moeilik om die oorsake van sy wanaanpassing en misdaad te peil. Ewe-eens is dit moeilik om sy intellektuele en emosionele verwardheid te verklaar. Die beskikbare gegewens werp hierop geen lig nie. Hy beweer dat die moeder " 'n klomp leuens" oor hom vertel het, maar dit is moeilik om aan te neem dat dit hom so ernstig sou aantas, selfs al sou sy bewering gedeeltelik waar wees.

(vii) <u>Prognose</u>:

Besliste pogings moet aangewend word om die oorsake vir die geestesverwardheid te bepaal en die spanninge te verlig alvorens die heropvoedingsprosedure sukses kan hê. Deur intensiewe psigoanalise of hipnoanalise mag dit moontlik wees om die geheim van sy probleem te ontdek.

(viii) <u>Behandeling</u>:

Met die terapeutiese prosedure is aanvanklik nie veel sukses behaal nie. Tydens die behandelingsonderhoud was hy passief en ongeneë om oor sy moeilikhede te gesels. Met die psigoanalitiese prosedure is ook geen sukses behaal nie. Gevolglik is besluit om hipnoterapie toe te pas. Na herhaalde pogings is daarin geslaag om hom onder diephipnose te plaas. Dit is vanselfsprekend onmoontlik om 'n gedetailleerde weergawe te gee van die verloop van die hele hipnotiese prosedure. Daarom volg slegs die feite wat lig

op/.....

op sy probleem werp.

Die ondersoeker het die suggestie gemaak dat Charlie weer 'n klein seuntjie is. Nadat die suggestie 'n paar keer herhaal is, het die ondersoeker gesê: "Jy herleef nou weer alles wat jy ondervind het kompleet asof jy droom, en jy vertel jou droom aan my." Sy herinneringe het teruggegaan tot sy derde jaar. Brok- en stuksgewys het hy vandaar die belangrikste ervaringe van sy lewe in herinnering geroep. Die volgende feite het op dié wyse aan die lig gekom. Hy was blykbaar 'n gelukkige seun in 'n gelukkige gesin tot ongeveer sy dertiende jaar. Toe het 'n sekere Van Niekerk as loseerder op die toneel verskyn. Daar het sonder die wete van die vader 'n verhouding tussen die moeder en Van Niekerk ontstaan. Charlie het die twee per toeval in die moeder se slaapkamer in 'n intieme verhouding betrap. Dit was 'n geweldige skok vir hom. Hy het aan sy vader gaan meedeel wat hy gesien het. Sy vader was woedend, en daar het 'n hewige rusie tussen hom en Van Niekerk ontstaan, waarin die moeder haar aan die kant van Van Niekerk geskaar het. Die vader was hieroor nog erger gebelg en het gesê: "Goed, as sake so staan, dan gee ek pad en kan jy in jou eie gemors braai." Daarop het hy Van Niekerk 'n afranseling gegee en die huis verlaat om nooit weer terug te keer nie. 'n Paar dae later het die moeder berig ontvang dat hy in 'n motorongeluk betrokke was en oorlede is. Die ongeluk het 'n paar honderd myl van hulle tuiste af plaasgevind, en die moeder is alleen na die begrafnis, terwyl die kinders tuis moes bly.

Hierdie sameloop van omstandighede het aan die wortel van Charlie se moeilikheid gelê. Dit was 'n gekompliseerde

situasie/.....

situasie waaruit menige emosionele probleem vir die seun voortgevloei het: botsende gevoelens van liefde en haat teenoor die moeder om wat sy die vader, homself en die ander kinders aangedoen het; skuldgevoelens en selfverwyt oor sy eie aandeel aan die ongelukkige gebeurtenisse; twyfel of hy reg gehandel het om sy vader in te lig -- hoeveel ellende het hy nie daardeur veroorsaak nie? -- en twyfel of die vader regtig dood is. Soms het hy homself wysgemaak dat die moeder 'n storie versin het omtrent die vader se dood. Waarom het hy nooit die brief of telegram gesien nie? Waarom is hulle kinders nie saam na die begrafnis nie? Dan herleef hy weer die hele rusie tussen sy vader aan die een kant en die moeder en Van Niekerk aan die ander kant -- 'n rusie waarvan hy ooggetuie was. Botsende emosies het sy gevoelslewe heen en weer geslinger en geweldige spanninge in sy gemoed veroorsaak. Hy het blykbaar later 'n gedeelte van die gewaarwordinge onderdruk, maar in die onbewuste het die storm voortgewoed en eindelik gelei tot emosionele en intellektuele verwardheid.

Dit was verder duidelik dat Charlie 'n besonder sensitiewe seun was op wie die gebeure 'n diepe indruk gemaak het. Daarby het sy optrede skynbaar die verhouding tussen homself en die moeder vertroebel. Hy het geen vertroue meer in haar gehad nie, en op haar beurt was sy bitsig onverdraagsaam teenoor hom. Haar beskuldiginge was in baie opsigte oordrewe. Die wanverhouding tussen moeder en seun was weer oorsaak van verdere spanninge.

Hoewel die gebeure nog in die betreklik onlangse verlede gelê het en slegs gedeeltelik onderdruk was, het die seun geen begrip gehad van die verband tussen hierdie

feite/.....

feite en sy geestelike toestand nie. Dit was vir hom pynlike gebeurtenisse waaroor hy nie graag gepraat het nie, en daar moes versigtig te werk gegaan word om die posisie aan hom te verklaar. Gedurende die behandeling het hy nietemin 'n mate van spontaneïteit en openhartigheid ontwikkel, hoewel dit nog geruime tyd geduur het eer hy die nodige kontrole oor sy gedagtegang en die kontinuïteit in sy gevoelens herwin het. Sy vordering was stadig, maar bestendig. Hy het bevredigend aangepas, was eerlang 'n aangename en hardwerkende seun en na 'n verblyf van 18 maande in die Verbeteringskool die hoofleier onder die leerlinge.

..........

(e) <u>Algemene Vorming</u>:

Die terapeutiese onderhoud, die psigoanalitiese terapie en die hipnoterapie was waardevolle hulpmiddele in die heropvoeding van die groep, maar nie voldoende om hul rehabilitasie te bewerkstellig nie. Dit was nuttige metodes om onderdrukte drange, komplekse en repressies bewus te maak en daarmee die emosionele spanninge te verlig en insig te bevorder. Daardeur is slegs die grondslag gelê vir die doeltreffende voortsetting van die heropvoedingsproses. Uit die diagnostiese gegewens was dit duidelik dat slegs 'n klein minderheid onder ernstige emosionele spanninge gebuk gegaan het. Weliswaar het die groot meerderheid hulle kriminele loopbane begin as gevolg van komplekse, frustrasies en vae angsgevoelens. Hulle misdade was dikwels, na dit voorgekom het, kompenserende gedrag waardeur hulle bevrediging gesoek het vir onderdrukte drange, maar gelyktydig het dit gedien om die komplekse en frustrasies op te los en die spanninge te

verlig/.....

verlig. In die meeste gevalle was die terapeutiese onderhoud voldoende om hulle tot die nodige insig in hulle gedrag te lei, maar daarmee was die ou reaksiepatroon waarvolgens elke geval in die verlede gehandel het, nog nie gewysig nie. Hulle was nog altyd impulsief, subjektief en onbeheers. Die genot-beginsel was nog steeds die dominerende faktor in hulle doen en late. Daarby het die oorgrote meerderheid gedurende hulle loopbane as misdadigers gevaarlike negatiewe waardebegrippe, verkeerde gewoontes en antisosiale gedragsvorme aangeleer. Met die opheffing van onbewuste motiewe en emosionele spanninge en die ontwikkeling van insig in hulle probleme, is hierdie probleme nog nie verwyder of 'n nuwe gedragspatroon gevorm nie. Daarvoor was nog 'n lang periode van intensiewe dissiplinering, opleiding en opvoeding noodsaaklik. Hierin is van die veronderstelling uitgegaan dat elke geval in homself die vermoë besit om harmoniese betrekkinge met die werklikhede van sy lewe te ontwikkel; dat hy deur krag wat in homself geleë is, hierdie vermoëns skeppend en vormend ten opsigte van homself kan aanwend, afgesien van wat voorafgegaan het. Net soos met die terapeutiese onderhoud en die analitiese terapie, was die doel met die algemene prosedure steeds om bewuste kontrole oor sy gedrag by die leerling te ontwikkel.

(i) <u>Aksie-terapie</u>:

Met die oog hierop is doelgerigte pogings aangewend om sy ego te versterk deur die ontwikkeling van gevoelens van eiewaarde en selfvertroue, en die wysiging van emosioneel onvolwasse houdinge. Gelyktydig is gestrewe na die uitskakeling van ongesonde trekke, gewoontes en gedragsvorme en die ontwikkeling van positiewe

eienskappe/.....

eienskappe in die plek daarvan. In dié verband het die voorsiening van substitute vir die vroeër skadeliks aktiviteite 'n belangrike funksie vervul. In die heropvoeding van die jeugoortreder is daar waarskynlik niks wat meer waarde het as die voorsiening van gesonde kanale waarlangs hy sy basiese drange kan bevredig en nuwe en gesonde belangstellinge kan ontwikkel nie -- of die wangedrag nou al veroorsaak is deur een of ander onbewuste motief of die gevolg is van temperamentele trekke. Met sy veelvuldige aktiviteite en sy stelsel van gegradeerde take beide in die skool en ambag, het die inrigting ruime geleentheid vir elke geval gebied om homself besig te hou met een of ander taak wat aansluit by sy bekwaamheid en aanleg. Gesonde opbouende arbeid was die waardevolste faktor in die heropvoeding van die groep. Daarmee kon elkeen 'n alternatief vind vir sy vroeër negatiewe bedrywighede, en is sy gedagtes afgelei van homself en die dinge waaroor hy hom bekommer. Sy energie is in gesonde kanale gelei. Hy is aangemoedig en gehelp en het gevind dat hy kan presteer. Deur die genot van sukses te ervaar, is hy nie alleen aangemoedig tot groter inspanning nie, maar is sy selfvertroue en gevoel van eiewaarde geprikkel.

Hierby is spesifieke aandag aan individuele probleme gegee, en die leerling is gehelp om sy moeilikhede die hoof te bied. Die volgende voorbeeld dien as verduideliking van wat in dié verband gedoen is:

Die verhouding tussen Siebert en sy vader was uiters troebel. Dit was duidelik dat hierdie verhouding die belangrikste oorsaak van sy afwykende gedrag was. Die seun het botweg geweier om iets met die vader te doen tè hê en kon op geen wyse oorreed word om van sienswyse te verander

nie/.....

nie. Hy was emosioneel ontsteld en gespanne, maar wou nie die rede vir sy houding verstrek nie. Die vader het nogtans gereeld aan die seun geskrywe, maar laasgenoemde het halstarrig geweier om die briewe te ontvang en gevra dat die vader versoek moet word om nie langer aan hom te skrywe nie. Daar is aan die hand gegee dat Siebert self so 'n brief skrywe en dan in besonderhede aan die vader vertel waarom hy selfs nie 'n brief van hom wil ontvang nie. Hy moes die brief by die kantoor inhandig en dan sou dit afgestuur word. Twee dae later het hy die brief gebring. Dit was 'n verbasend astrante en tog insiggewende brief. Dit is voorlopig teruggehou, en die seun is versoek om nog 'n paar dae oor die saak te dink voordat daar finaal besluit word of die brief moet gaan. Na nog 'n paar dae het hy versoek dat die betrokke brief stukkend geskeur word. Hy sou 'n ander een skrywe. Die tweede brief was heeltemal aangenaam en het niks ingehou wat die vader aanstoot kon gee nie.

Die leerling moes hier self die verantwoordelikheid aanvaar vir die oplossing van die probleem waarvoor hy gestaan het. Hy het raad en leiding ontvang, maar hy moes self iets doen aangaande die verhouding tot sy vader. Deur die skrywe van die eerste brief is die emosionele spanning, wat vermoedelik agter die moeilikheid met die vader geskuil het, opgelos. Hy kon nou sy probleem in beter perspektief sien en was dus in staat om dit later te hanteer. Die verhouding met die vader is herstel, en Siebert het hierna goeie vordering gemaak.

(ii) Opleiding en Dissiplinering:

Uit die diagnostiese gegewens was dit duidelik dat die meerderheid van die gevalle

selfsugtig/.....

selfsugtig, impulsief en emosioneel kinderagtig was. Deur middel van nougesette dissiplinering en opleiding is gepoog om die nodige selfbeheer by hulle te ontwikkel. In die inrigting moes hulle volgens 'n vaste roetine beweeg en leer om 'n gereelde lewe te voer binne die raamwerk van 'n gegewe stel reëls. Hulle moes verder leer om hulle eie belange en begeertes te versoen met dié van die groep. Op dié wyse is hulle selfsug getemper. In 'n stelsel waar elkeen sy voorregte moet verdien en verantwoordelik is vir sy eie vordering, moes hulle ervaar dat 'n bepaalde stel gewoontes en gedragsvorme onbevredigend en nutteloos is en dat ander gewoontes en reaksies ontwikkel kan word wat doeltreffender is en meer bevrediging verskaf. Hierin is hulle voortdurend bygestaan met raad en leiding en waar nodig teengegaan met vermaning en straf. Sover moontlik is die ontwikkeling van morele waardes en etiese standaarde beklemtoon, sowel as die deugde van arbeidsaamheid en sorgsaamheid, eerlikheid en betroubaarheid. Die leerling was bewus daarvan dat daar punte toegeken word vir sy persoonlikheid en gedrag en dat hierdie punte by die toekenning van voorregte meer gewig dra as sy prestasies in die skool en ambag.

(iii) <u>Godsdienstige Vorming</u>:

In die heropvoeding van die groep, soos van alle leerlinge in die inrigting, het godsdienstige vorming 'n belangrike plek ingeneem. Aand- en oggendgodsdiens is gereeld gehou. Die kerkdienste is gereeld bygewoon, terwyl 'n groep vrywillige werkers elke Sondagmiddag 'n spesiale diens gehou het. Diegene wat nog nie tot lidmaat van een of ander kerk aangeneem is nie, het voorbereidende onderrig ontvang deur geestelikes van die

kerke/.....

kerke waaraan hulle behoort.

(f) Liggaamsversorging:

Die eeuoue waarheid dat 'n gesonde liggaam bevorderlik is vir die ontwikkeling van 'n gesonde gees, word vandag in alle opvoeding erken. In die heropvoeding is liggaamlike geskiktheid en gesondheid ewe-eens van die grootste belang. Hoewel die diagnostiese bevindinge daarop gedui het dat die groep liggaamlik oor die algemeen sterk en gesond is, het die ontwikkeling en versorging van die liggaam ingrypende betekenis vir die ontwikkeling van die persoonlikheid. In die heropvoeding aan die Verbeteringskool word hoë eise aan die leerling gestel. Hulle daaglikse program strek van 6 vm. tot 10 nm. Hiervan gaan slegs 5 uur af vir etes, ontspanning en rus. Die res van die tyd word gewy aan konstruktiewe arbeid, opleiding en studie. Die leerling kan slegs aan hierdie eise voldoen as hy liggaamlik goed versorg word. Dit hou onder meer in behoorlike mediese versorging, voldoende voedsame kos, liggaamlike opvoeding, sport en ontspanning.

(i) Mediese Versorging:

Elke geval is by toelating aan 'n deeglike mediese ondersoek onderwerp en daarna elke ses maande aan 'n roetine-ondersoek. Afwykings of ongesteldhede wat by hierdie ondersoeke aan die lig gekom het, is onmiddellik behandel. Verder word gereelde siekteparades elke oggend gehou, sodat gevalle wat aan geringer ongesteldhede ly, dadelik behandel kan word en ernstiger moeilikhede na 'n geneesheer-spesialis verwys kan word. Vir hierdie doel beskik die inrigting oor die dienste van die distriksgeneesheer,

wat/.....

wat daagliks die inrigting besoek en bygestaan word deur 'n gekwalifiseerde verpleër wat voltyds aan die personeel verbonde is, terwyl die dienste van spesialiste ingeroep word waar en wanneer nodig. In die geval van nie-funksionele gebreke, byvoorbeeld gebrek aan tande, word in die behoeftes voorsien ten einde moontlike gevoelens van minderwaardigheid te oorkom.

(ii) Voeding:

Voeding hou die nouste verband met gesondheid, geluk en werkvermoë. Die verontagsaming van hierdie feit lei tot ontevrede, ongelukkige en onbekwame, antisosiale wesens. Jeugoortreders is oor die algemeen reeds wanaangepaste individue met allerlei temperamentsprobleme. Hulle is daarby almal in die puberteitsjare en openbaar 'n gesonde eetlus, kenmerkend van hierdie periode. Swak voeding kan dus die beste heropvoedingsprogram verydel. Daarom is voldoende voedsame en goed voorbereide kos 'n belangrike onderdeel van die heropvoedingsprogram aan die Verbeteringskool. Die leerlinge in die inrigting, insluitende die groep van dertig gevalle, word gevoed op 'n voorgeskrewe rantsoenskaal wat opgestel is deur 'n senior amptenaar van die Nasionale Raad vir Voeding en Gesondheid. Die rantsoene is voldoende en maak voorsiening vir die nodige verskeidenheid. Gevalle wat by toelating aan ondervoeding ly, word op 'n spesiale diëet geplaas, soos voorgeskrywe deur die geneesheer. Daar was twee gevalle in die groep van dertig wat ondervoed was en spesiale aandag moes kry. Die voedingsprobleem is egter nog nie opgelos met 'n gebalanseerde rantsoenskaal en goed voorbereide kos nie. Leerlinge kom dikwels na die inrigting met swak eetgewoontes. Vleis, brood, aartappels en pap is

die/.....

die geliefkoosde geregte. Die grootste moeite word ondervind om hulle sover te kry om groente te eet of melk te drink.

(iii) Liggaamlike Opvoeding:

Die waarde wat aan liggaamlike opvoeding geheg word, is die gevolg van 'n holistiese beskouing dat die funksies van liggaam en gees onderling afhanklik van mekaar is. In dié verband sê Cattell: "Science has become more and more impressed by the evidence of intimate connection of mind and body and is inclined to speak of a unity -- body-mind -- a single organic whole."(4) Die funksies van liggaam en gees dra afsonderlik en gesamentlik by tot die ontwikkeling van die hele persoonlikheid. Daar word dus hier van die veronderstelling uitgegaan dat liggaamlike opvoeding ook waarde het vir die rehabilitasieproses, en gerig is op die veelsydige ontwikkeling van die menslike organisme ten einde die individu in staat te stel om 'n volwaardige en produktiewe bestaan te voer. Gevolglik is veel aandag gegee aan die liggaamlike opvoeding van die onderhawige groep. Hulle het daagliks met uitsondering van naweke 'n uur liggaamsopleiding ontvang. Drie gevalle het volgens mediese bevinding aan geringe afwykings mank gegaan. Hulle het gedurende die eerste ses maande daagliks 'n halfuur onderrig in korrektiewe oefeninge ontvang.

(iv) Sport en Ontspanning:

Daar word algemeen aanvaar dat kinders wat aan opbouende fisiese aktiwiteite deelneem, nie maklik tot wangedrag oorgaan nie, en dat sport en spele van groot waarde is vir die geestesgesondheid. Dit tref dat/.....

4. "General Psychology", 208.

dat nie 'n enkele geval uit die groep van dertig voor sy koms na die inrigting aan sport en spele deelgeneem het nie. In die heropvoedingsprogram is hulle verplig om benewens swem aan minstens een sportsoort deel te neem. Hulle kon kies uit rugby, tennis, ringtennis, pluimbal, krieket en jukskei, en kon saam met ander leerlinge in die inrigting in die meeste van hierdie sportsoorte teen publieke spanne kompeteer. Dit was dus vir elkeen moontlik om 'n sportsoort te vind waarin hy kon presteer. Daarmee is pogings aangewend om oortollige energie in gesonde kanale te lei en geleentheid te voorsien vir prestasie, opbouende kompetisie en sosiale verkeer. Sukses in sport en spele kon bydra tot die ontwikkeling van selfvertroue en moed en tot die oorkoming van gevoelens van minderwaardigheid en frustrasie. Daar is nouliks iets wat die gevoel van eiewaarde by 'n seun sterker prikkel as 'n goed geboude liggaam en vaardige spiere. Liggaamsbou en spierkrag bepaal in groot mate sosiale aansien en prestige, veral onder jongmense. Op die sportveld moes hulle leer om die reëls van die spel te respekteer, gedissiplineer te handel en hulle kragte aan te wend in belang van die groep en nie vir selfsugtige doeleindes nie.

Deur middel van liggaamlike opvoeding, sport en ontspanning is dus gestreef na die ontwikkeling van aanneemlike persoonlikheidstrekke en sosiale deugde by die groep.

(g) <u>Ambagsopleiding</u>:

Uit die diagnostiese gegewens het geblyk dat die aanleg en belangstelling van die groep, met uitsondering van twee gevalle, gerig is op praktiese vakke. Die gewone akademiese opleiding het nie in hulle behoeftes voorsien nie. Die meerderheid het reeds beroepskundig

ontoegerus/.....

ontoegerus in die arbeidsmark beland voor hulle koms na die inrigting. Vermoedelik was beide hierdie feite belangrike oorsake van hulle wanaanpassing en misdaad. Hoe hulle in die gemeenskap aanpas na ontslag uit die inrigting sal waarskynlik in groot mate bepaal word deur die aard van die werk wat hulle kry. In dié verband sal beroepsvaardigheid en kennis van die grootste betekenis wees. In hulle heropvoeding moet tegniese opleiding dus 'n belangrike rol speel. Dit is nie moontlik om volwaardige vaklui van hulle te maak in die tydperk wat hulle in die inrigting verkeer nie. Daarby is vakleerlingskap die enigste kanaal van toegang tot vakmanstatus. Die helfte van die opleidingstyd in die inrigting word egter erken vir afslag op die duur van die vakleerlingperiode. In die heropvoedingsprogram word daarom ruim voorsiening gemaak vir tegniese opleiding en gepoog om elke leerling deeglik vertroud te maak met die grondbeginsels en vaardighede in minstens een ambag. Die leerling kan onder leiding van die sielkundige 'n keuse doen uit ses verskillende ambagte, naamlik messel- en pleisterwerk, kabinetmakery en skrynwerk, pas- en draaiwerk, loodgietery en plaatmetaalwerk, en hout- en stoffeerwerk. Die opleiding is so georganiseer dat die leerling in die praktyk altyd 'n keuse tussen twee ambagte het. Met uitsondering van die twee gevalle, wie se aanleg en belangstelling in 'n akademiese rigting geleë is, het almal ambagsopleiding geniet.

Die doel met ambagsopleiding is egter nie slegs beroepsbekwaming nie, maar ook persoonlikheidsvorming. Die opvoedkundige waarde van handearbeid word vandag allerweë erken. Daar is 'n noue verband tussen handvaardigheid en selfbeheer of wilskrag. So sê Stanley Hall: "Muscles are in a most

intimate/.....

intimate and peculiar sense the organs of the will. They have built all the roads, cities and machines in the world, written all the books, spoken all the words, and, in fact, done everything man has accomplished with matter. .......... Muscles are the vehicles even of manners and customs........ skill, endurance and perseverance may almost be called muscular virtues, and fatigue, caprice, ennui, restlessness, lack of control and poise, muscular faults.[5] Ambagsopleiding bevorder die ontwikkeling van inisiatief, volharding, verantwoordelikheid en selfvertroue. Daardeur word onderdrukte energie gesublimeer, en die drang na aktiviteit in gesonde kanale gelei. In die werkswinkel moet die leerling leer om die reëls na te kom, sy gereedskap en materiaal te versorg en bevele te gehoorsaam. In die uitvoering van sy daaglikse taak ontwikkel hy gesonde werkgewoontes en nuwe houdinge wat deel van sy persoonlikheid word.

(h) Akademiese Opleiding:

Met uitsondering van enkele gevalle was die groep skolasties ernstig vertraag. Daarby het hulle 'n ooglopende gebrek getoon aan aanleg vir, en belangstelling in, teoretiese vakke, soos taal en rekenkunde. Hiermee saam gaan die feit dat hulle 'n wrewelige teensin gehad het in skoolgaan, soos blyk uit die feit dat die grootste persentasie voorheen gewoontestokkiesdraaiers was. Die meerderheid was reeds geruime tyd uit die skool voor hulle verwysing na die inrigting en ongeneë om weer met skoolwerk te begin. Nietemin word elke leerling in die inrigting verplig om skool te/.....

5. "Adolescence: Its Psychology and its Sociology, Sex, Crime, Religion and Education." 255.

te gaan. In baie gevalle is die skolastiese agterstand sodanig dat hulle nie die beste voordeel uit ambagsopleiding kan trek tensy die skoolprestasie verbeter nie. Daarby het die meerderheid nog nie die skolastiese kwalifikasies verwerf waardeur hulle kwalifiseer vir toelating tot 'n vakleerlingskap nie, al sou hulle verkies om beroepskundig in 'n tegniese rigting te gaan. In die meeste ambagte is die toelatingsvereiste vir vakleerlingskap vandag minstens std. VII.

In die heropvoeding moet dus besliste pogings aangewend word om hulle skoolkwalifikasies te verbeter. Met die oog hierop is spesiale onderrig gegee in lees, skryf en rekenkunde aan al die gevalle wat nog nie std. VI geslaag het nie. Twee gevalle het besondere aanleg vir, en belangstelling in, teoretiese vakke geopenbaar en is toegelaat om 'n suiwer akademiese kursus te volg. Die res moes van std. VII af minstens vier skoolvakke volg, bestaande uit die volgende: die twee offisiële tale, wiskunde of werkswinkelberekene en geometriese tekene. Saam met ambagsteorie en werkwinkelpraktyk kon hulle hiermee 'n std. VII- of std. VIII-sertifikaat behaal.

Ten einde die teensin in skoolwerk te oorkom, is so min dwang moontlik uitgeoefen. Daar is eerder gepoog om hulle te oortuig van die noodsaaklikheid om hulle skoolkwalifikasies te verbeter. Aan elke geval is verduidelik dat dit in belang van sy toekoms is dat hy minstens std. VII slaag. Daarsonder is die moontlikheid baie groot dat hy vir die res van sy lewe ongeskoolde arbeid sal moet verrig. Verder is die feit beklemtoon dat hy sy voorregte en eindelik sy ontslag uit die inrigting na 'n minimum periode van 18 maande moet verdien en dat dit nie moontlik is sonder die nodige prestasie

in/....

in die skoolvakke nie. Dit berus by homself wat hy hieromtrent wil doen. Die fasiliteite vir skoolopleiding word voorsien, maar hy moet self besluit watter gebruik hy daarvan wil maak. Verwaarloos hy sy skoolwerk, beteken dit dat hy sy verblyf in die inrigting onnodig verleng. Die begeerte om so gou moontlik hulle ontslag te verkry, was by die meeste gevalle voldoende om hulle tot die nodige inspanning te prikkel.

In verband met die skoolwerk is verder sover moontlik 'n beroep gedoen op die leerling se eie inisiatief en verantwoordelikheidsin. Die onderrig was uitsluitlik individueel. Die primêre leerlinge is in klasse vir elke standerd ingedeel met 'n klaskamer en klasonderwyser vir elke klas, maar is toegelaat om volgens 'n individuele taakstelsel te werk. In die sekondêre afdeling is weggedoen met die tradisionele klasindeling en gewone skoolrooster waarop 'n bepaalde periode vir 'n besondere vak aangewys is. Voorsiening is gemaak vir vakkamers waarin 'n onderwyser verantwoordelik is vir die onderrig van 'n bepaalde vak. Die leerplan in elke vak vir elke standerd is verdeel in 40 gegradeerde take. Daar is van die standpunt uitgegaan dat 'n leerling 'n taak per week moet afhandel sodat hy die leerplan binne 'n jaar kan dek. Hy moet self besluit hoe hy sy tyd tussen die verskillende vakke wil verdeel. Hy kan 'n vakkamer besoek wanneer hy behoefte voel om in 'n bepaalde vak te werk en daar bly totdat die behoefte bevredig is. Hy word toegelaat om op sy eie tempo ooreenkomstig sy eie bekwaamheid te werk. Waar nodig, word hy aangemoedig en gehelp, maar hy moet self sy probleme in verband met sy werk ontdek en daarmee na die onderwyser gaan. In 'n bepaalde vakkamer kan leerlinge uit verskillende standerds en met werk versprei oor die hele leerplan op

dieselfde/.....

dieselfde tydstip vergader en aan daardie gedeelte van die werk aandag gee waaraan elk behoefte het. Die skoolonderrig bestaan dus nie uit klasgee en luister nie, maar uit die bestudering van verskillende handboeke onder leiding van die onderwyser en die toepassing van die opgedane kennis in 'n geskrewe taak.

Hierdie reëling is in hoofsaak deur omstandighede genoodsaak. Leerlinge word dwars deur die jaar aan die inrigting toegelaat. Dit is dus onmoontlik om diegene wat laat in die jaar aankom met dieselfde werk te laat begin as ander wat reeds van die begin af besig was en ver gevorder het. In 'n stelsel waar dit van elke leerling verwag word dat hy sy voorregte moet verdien, stel dit verder die skrander of hardwerkende leerling in staat om onbelemmerd voort te werk sonder dat hy teruggehou word deur ander wat traag en onwillig is. Sodra 'n taak voltooi is, word dit nagesien en punte daarvoor toegeken. Foute word met die leerling bespreek, en sy kennis van die werk deur middel van vrae getoets. Die besprekings van die werk bied geskikte geleentheid vir kontak met, en leiding aan, die leerling. Die onderwysers is verantwoordelik vir die beoordeling van sy persoonlikheidsreaksies, en die leerling is bewus daarvan dat vordering in gedrag by die oorweging van sy ontslag selfs meer gewig dra as sy prestasie in die skool en ambag. In die skool kry hy ruime geleentheid vir die ontwikkeling van inisiatief, selfstandigheid en verantwoordelikheid. Naas die verbetering van kwalifikasies is die doel met skolastiese opleiding ewe-eens die ontwikkeling van 'n goed aangepaste en geïntegreerde persoonlikheid.

5./.....

5. Opsomming:

Die heropvoedingsproses, soos hier toegepas, was 'n gekompliseerde prosedure wat van bepaalde beginsels uitgegaan, verskillende metodes aangewend en 'n veelheid van invloede laat meewerk het in 'n poging om die rehabilitasie van 'n groep jeugoortreders te bewerkstellig. Met die beginsels van individualisasie en klassifikasie; van opbouende dissipline gepaard met beperkte vryheid; van geleentheid tot prestasie en verantwoordelikheid vir sy eie rehabilitasie, is getrag om die basiese voorwaardes te voorsien vir opvoedkundige vorming en ontwikkeling. Deur 'n intensiewe ondersoek, toetsing en diagnose is met die oog op heropvoedende behandeling gestreef na 'n duidelike begrip van die probleme en persoonlikheidseienskappe van elke individuele geval. Deur middel van behandelingsonderhoude en analitiese terapie in enkele gevalle is gepoog om emosionele spanninge te verlig, insig te bevorder en bewuste kontrole oor die gedrag te vergemaklik. Gelyktydig is gevoelens van eiewaarde, selfvertroue en sekuriteit geprikkel en impulsiewe reaksies aan bande gelê deur die ontwikkeling van bestendigheid, selfbeheer en verantwoordelikheidsin. Deur dissiplinering en opleiding is getrag om verkeerde gewoontes en antisosiale gedragsvorme af te leer en met sosiaal-aanvaarbare reaksies en houdinge te vervang. Liggaamsversorging, sport en ontspanning het die ontwikkeling van positiewe trekke in die persoonlikheid ten doel gehad. Verder was die strewe om hierdie eienskappe te versterk deur skool- en ambagsopleiding, waarin van die leerling verwag is om so selfstandig moontlik volgens 'n individuele taakstelsel te werk. Hierby is sover moontlik gepoog om die opleiding te laat aansluit by die individuele behoeftes, aanleg en belangstelling van elke geval.

# HOOFSTUK VI.

## DIE RESULTAAT VAN DIE HEROPVOEDINGSPROSES.

### 1. Inleiding:

Die besef dat hy hulp nodig het, en die bereidwilligheid om hom aan behandeling te onderwerp, is vereistes vir die doeltreffende rehabilitasie van 'n persoon. In dié verband het die groep jeugoortreders wie se heropvoeding hier onderneem is, die eerste probleem gelewer. Hulle het hulleself nie uit eie keuse aan behandeling en heropvoeding onderwerp nie, maar is daartoe gedwing deur 'n hofbevel of Ministerslasbrief. Hulle was in verset teen hierdie feit en ongeneë om hulle samewerking te verleen. Boonop het hulle nie besef dat daar iets met hulle skort nie. Die gedwongenheid van die behandeling en die gebrek aan besef dat hulle hulp nodig het, het die heropvoedingsproses bemoeilik en het moontlik ook die resultate beïnvloed.

Soos in die voorgaande hoofstuk aangedui, is deur middel van die behandelingsonderhoud gepoog om die verset af te breek, insig in sy eie probleme by die jeugoortreder te ontwikkel en sy medewerking te verkry. Deur verder die verantwoordelikheid vir sy eie rehabilitasie op die jeugoortreder self te plaas, is sy begeerte om so gou doenlik sy vryheid te herwin ter bevordering van die heropvoedingspoging ingespan. Hy moes deur skool- en ambagsprestasie en voorbeeldige gedrag sy voorregte, insluitende sy ontslag, verdien. Vir baie was hierdie vereiste aanvanklik 'n onoorkoomlike probleem. Hulle het nie die moed, geduld, volhardingsvermoë

of/.....

of goeie wil gehad om daaraan te voldoen nie en het allerlei uitweë probeer vind. Party het deur hulle ouers herhaaldelik by die Minister aansoek gedoen om hulle ontslag, terwyl 9 mislukte pogings aangewend het om weg te loop. Tabel I E gee 'n aanduiding van die gedragsprobleme wat met die heropvoeding van die groep ondervind is.

Tabel I E.

Gedragsprobleme gelewer deur 30 Jeugoortreders gedurende die Heropvoedingsproses.

| Probleem. | Aantal | Persentasie. |
|---|---|---|
| Geen.................... | 11 | 36·7 |
| Pogings om weg te loop.. | 9 | 30·0 |
| Diefstal en Oneerlikheid | 5 | 16·7 |
| Traagheid.............. | 4 | 13·3 |
| Sodomie ................ | 1 | 3·3 |
| Totaal | 30 | 100·0 |

Elf (36·7%) van die gevalle het geen moeilikheid gelewer nie en sedert hulle toelating bestendige vordering gemaak. Toe die res eindelik ontdek dat daar geen ander uitweg is nie, het die meerderheid van hulle in die onvermydelike berus en ook hulle bes gedoen.

2. Skool- en Ambagsvordering:

Akademiese kwalifikasies en vakkundige vaardigheid dien nog nie as bewyse dat die jeugoortreder gerehabiliteer is nie. Skool- en ambagsopleiding is ~~egter~~ belangrike hulpmiddele in sy heropvoeding en stel hom boonop in staat om hom beroepskundig suksesvol aan te pas. Beroepskundige prestasie kan

moontlik/.....

moontlik 'n belangrike faktor wees om hom van verdere misdaad te weerhou. Tabel II E gee die standerd- en ambagsverspreiding van die groep aan nadat hulle 18 maande in die inrigting was.

Tabel II E.

Verspreiding van 30 Jeugoortreders volgens Standerd en Ambag na 'n Heropvoedingsproses van 18 Maande.

| Ambagte | Skoolstanderds | | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | V | VI | VII | VIII | IX | X | |
| Geen ambag......... | | | | | 1 | 1 | 2 |
| Meubelmakers....... | | 5 | 2 | 1 | | | 8 |
| Messelaars......... | | 2 | 2 | 1 | | | 5 |
| Loodgieters........ | | | 2 | | 1 | | 3 |
| Skilders........... | 1 | 3 | 2 | | | | 6 |
| Passers en Draaiers | | | | 2 | | 1 | 3 |
| Stoffeerders....... | | 2 | 1 | | | | 3 |
| Totaal | 1 | 12 | 9 | 4 | 2 | 2 | 30 |

Die skolastiese vordering van die groep blyk uit 'n vergelyking van tabel II E met tabel XXV D. Hieruit volg dat 8 gedurende hierdie periode in std. V geslaag het; 11 in std. VI; 7 in std. VII; 3 in std. VIII, en 2 in std. IX. Aangesien hulle vir tegniese eksamens ingeskrywe was, waar die twee ambagsvakke, teorie en praktyk, meetel vir die behaal van 'n sertifikaat, staan hulle ambagsvordering in direkte verhouding tot hul skoolvordering. Twee gevalle het geen aanleg in 'n ambagsrigting getoon nie en het gevolglik voltyds skoolgegaan. Oor die algemeen was die skool- en ambagsvordering bevredigend. Een geval het twee standerds

afgelê/.....

afgelê, terwyl die res almal een standerd geslaag het sedert hulle toelating tot die Verbeteringskool.

3. Persoonlikheidsontwikkeling:

Die heropvoeding het hier meer omvat as akademiese opleiding en beroepsbekwaming. Dit was in die eerste plaas gerig op persoonlikheids- en gedragsvorming. In die volgende paragrawe word daarom 'n ontleding gegee van die uitwerking van die heropvoedingsproses op die reaksies, aanpassing en temperament van die groep.

(a) Reaksies:

In tabel III E word die gemiddelde van die skattings gegee ten opsigte van die persoonlikheidsreaksies van die groep gedurende die verloop van die heropvoedingsproses.

Tabel III E.

Persoonlikheidsreaksies -- Gemiddelde van Skattings t.o.v. 30 Jeugoortreders gedurende die verloop van die Heropvoedingsproses.

| Reaksies. | Gemiddelde van Skattings. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Inisiatief.................. | 2·8 | 2·4 | 2·5 | 2·9 |
| Selfvertroue................ | 2·8 | 2·6 | 2·7 | 3·1 |
| Pligsbesef.................. | 2.0 | 2·3 | 2·5 | 2·9 |
| Volharding.................. | 1·9 | 2·2 | 2·5 | 2·8 |
| Sosiale Aanpasbaarheid...... | 2·6 | 2·4 | 2·7 | 3·1 |
| Gemanierdheid............... | 2·7 | 2·9 | 3·0 | 3·6 |
| Netheid .................... | 2·7 | 2·7 | 2·9 | 3·3 |
| Betroubaarheid.............. | 1·9 | 2·4 | 2·9 | 3·5 |
| Geaardheid ................. | 2·5 | 2·4 | 2·6 | 3·0 |
| Konsentrasie................ | 1·5 | 2·2 | 2·7 | 3·1 |
| Totaal | 23·0 | 24·5 | 27·1 | 31·3 |

Hieruit/.....

Hieruit blyk dat die gemiddelde van die skattings vir inisiatief, selfvertroue, sosiale aanpasbaarheid en geaardheid na ses maande effens laer was as by die eerste beoordeling ongeveer twee weke na toelating. Die laer telling mag daaraan te wyte wees dat die eerste skatting minder suiwer was, omdat die beoordelaars toe nog nie die groep so goed geken het nie, maar dit kan ook 'n aanduiding wees van 'n werklike verswakking in die reaksies. Vermoedelik het albei faktore hier in die spel getree. Sowel verset teen aanhouding in die inrigting en aanvanklike onwil by 'n aantal gevalle om hulle bes te doen, as faktore in die sosiale situasie van die inrigting, waar hulle met 'n uitsluitlik misdadige en wanaangepaste leerlinggroep kontak gemaak het, kon agteruitgang in die reaksiepatroon veroorsaak het. In die eerste maande na toelating het die leerling nog nie behoorlik rigting gevind nie: in die vreemde omgewing van die inrigting is hy nog ontuis en onseker van homself en in groot mate op sy makkers aangewys vir leiding. Daarby is hy nog nie in staat om die situasie en die moontlikhede wat dit bied, in perspektief te sien en tussen die positiewe en negatiewe faktore daarin te onderskei nie. In die gemoedstoestand waarin hy verkeer, is hy meer dikwels geneig om by die negatiewe kant aansluiting te soek.

Dat daar nie 'n ooreenstemmende verswakking in die meer sigbare reaksies ingetree het nie, kan daaraan te danke wees dat pligsversuim, ongemanierdheid en onbetroubaarheid nie sonder gevolg aan die dag gelê kan word in die streng gedissiplineerde atmosfeer van die inrigting nie.

Tabel IV E dui die verandering aan in die aantal gevalle wat volgens die gemiddelde van die skatting onbevredigend vertoon het ten opsigte van spesifieke reaksies tydens die duur van die heropvoedingsproses.

Tabel IVE/.....

Tabel IV E.

**Verandering in die Aantal Gevalle wat volgens die Gemiddelde van die Skatting onbevredigend vertoon t.o.v. spesifieke Persoonlikheidsreaksies tydens die duur van die Heropvoedingsproses.**

| Reaksies. | Aantal Gevalle. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Inisiatief.................. | 12 | 18 | 16 | 6 |
| Selfvertroue............... | 12 | 12 | 9 | 2 |
| Pligsbesef ................ | 24 | 19 | 15 | 8 |
| Volharding.................. | 25 | 19 | 16 | 8 |
| Sosiale Aanpasbaarheid...... | 17 | 17 | 10 | 4 |
| Gemanierdheid ............. | 12 | 5 | 3 | 1 |
| Netheid .................. | 9 | 10 | 8 | 4 |
| Betroubaarheid ............ | 21 | 18 | 9 | 1 |
| Geaardheid................. | 18 | 17 | 13 | 6 |
| Konsentrasie .............. | 30 | 20 | 10 | 3 |
| Gemiddeld van Reaksiepatroon | 27 | 25 | 22 | 9 |

'n Reaksie is beskou as onbevredigend as die gemiddelde van die skattings 2 en minder uit die moontlike 5 punte was.

Hieruit is dit duidelik dat daar na ses maande 'n vermindering was in die aantal gevalle wat onbevredigend gereageer het. 'n Reaksie is beskou as onbevredigend as die gemiddelde van die skattings 2 en minder punte uit 'n moontlike 5 was. Hoewel die gemiddelde van die skattings vir sekere reaksies na ses maande laer was as by die eerste beoordeling, het die groep as geheel ten opsigte van hulle

reaksies/.....

reaksies oor dieselfde periode effens verbeter. Uit 'n verdere bestudering van die opsommingstabelle (sien Bylae XI a-b) word hierdie skynbare teenstrydighede daaruit verklaar dat die gevalle wat by die tweede skatting agteruitgang getoon het, meestal diegene was wat by die eerste skatting betreklik goeie tellinge behaal het. Hoewel hulle reaksies verswak het, was dit na ses maande nog nie onbevredigend nie. Uit tabel IVE blyk verder dat 18 gevalle na ses maande gebrek aan inisiatief openbaar het, teenoor 12 kort na toelating. Hierdie verskynsel is vermoedelik, soos reeds gestel, die gevolg van die verset en gebrek aan goeie wil. In selfvertroue en sosiale aanpasbaarheid het die getalle oor die betrokke periode onverander gebly.

Uit albei tabelle IIIE en IVE is dit duidelik dat daar na die eerste ses maande 'n geleidelike verbetering in die reaksie van die groep as geheel ingetree het. Die verandering ten goede was deurgaans betreklik gering en geld ook nie vir al die gevalle nie. Tabel V E gee 'n indeling van die groep ooreenkomstig die wysiging in hulle persoonlikheidsreaksies gedurende die verloop van 18 maande:

Tabel V E.

Indeling van 30 Jeugoortreders ooreenkomstig wysiging in hulle Persoonlikheidsreaksies gedurende die verloop van die Heropvoedingsproses.

| Wysiging in Reaksie volgens gemiddelde Skatting. | Aantal Gevalle. | | |
|---|---|---|---|
| | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Verbetering.......................... | 14 | 17 | 24 |
| Geen.................................. | 13 | 11 | 4 |
| Agteruitgang ......................... | 3 | 2 | 2 |
| Totaal | 30 | 30 | 30 |

As die gemiddelde van die skattings met slegs een punt afwyk van die vorige, is dit beskou as geen verandering.

Soos hieruit blyk, het die reaksies van 14 gevalle gedurende die eerste ses maande verbeter, terwyl dit in 13 gevalle nagenoeg geen verandering ondergaan het nie, en in 3 agteruitgang getoon het. Op 12 maande het 17 verbetering, 11 geen verandering en 2 agteruitgang getoon. Na 18 maande was die verspreiding van die groep in dié verband respektiewelik 24, 4 en 2. Dit volg dat 6 van die gevalle na verloop van 18 maande volgens die skatting van hulle persoonlikheidsreaksies nog geen baat gevind het by die heropvoedingspoging nie.

Uit die verskillende tabelle is dit verder duidelik dat besliste verbetering eers na 12 maande intree. Hierdie feit kan daaraan te danke wees dat die opvoedingsarbeid dan eers begin vrug dra, maar kan ook die gevolg wees van 'n ernstige poging by die meerderheid van die groep om 'n gunstige indruk te skep, omdat hulle weet dat elke geval na 18 maande met die oog op moontlike ontslag deur die Raad van Beheer oorweeg word. Indien laasgenoemde veronderstelling juis is, dui die gunstige wending nie op 'n werklike verbetering by die meerderheid van die gevalle nie, maar op blote gunssoekery.

Tabel VI E gee 'n indeling van die groep volgens die standaard van hulle reaksies gedurende die verloop van die heropvoedingsperiode.

Tabel VI E.

Indeling van 30 Jeugoortreders ooreenkomstig die Standaard van hulle Persoonlikheidsreaksies gedurende die verloop van die Heropvoedingsproses.

| Standaard van Reaksies volgens Skatting. | Aantal Gevalle. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating. | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Goed............. | 3 | 5 | 8 | 21 |
| Redelik ......... | 21 | 21 | 22 | 9 |
| Swak ............ | 6 | 4 | 0 | 0 |
| Totaal | 30 | 30 | 30 | 30 |

Goed -- Gemiddelde van Skatting 60 persent en oor.
Redelik -- " " " 41 tot 59 persent.
Swak -- " " " 40 persent en onder.

Hieruit blyk ewe-eens dat die reaksies, in soverre dit die aantal gevalle betref, ingrypend verander het vanaf 12 maande. Op 18 maande was die gedrag van 21 goed en 9 redelik. By laasgenoemde getal is die ses ingesluit wie se reaksies geen verandering ondergaan het nie en wat blykbaar geen vordering gemaak het nie.

Hoewel die skielike verbetering in die ses maande onmiddelik voor die oorweging van 'n moontlike ontslag agterdog wek dat die verandering by 'n aantal gevalle nie baie eg is nie, wil dit tog voorkom of daar oor die algemeen 'n geleidelike en besliste verbetering was in die reaksiepatroon van die meerderheid.

(b) Aanpassing/.....

(b) Aanpassing:

Tabel VII E.

Persoonlikheidsaanpassing -- Gemiddelde van die Prestasies van 30 Jeugoortreders in die California-Persoonlikheidstoets gedurende die verloop van die Heropvoedingsproses.

| Aanpassing. | Gemiddelde van Persentiele. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Met toelating. | Na 6 Mnde. | Na 12 Mnde. | Na 18 Mnde. |
| 1. Selfaanpassing.................... | 18·5 | 23·7 | 38·1 | 48·8 |
| (a) Selfvertroue.................. | 44·3 | 52·0 | 61·1 | 63·7 |
| (b) Gevoel van Eiewaarde.......... | 26·0 | 30·2 | 39·2 | 51·4 |
| (c) Gevoel van Persoonlike Vryheid. | 23·4 | 33·2 | 42·8 | 53·6 |
| (d) Gevoel van Tuiswees........... | 34·5 | 37·6 | 46·0 | 61·2 |
| (e) Neigings tot teruggetrokkenheid (vry van)............. | 11·6 | 18·3 | 24·1 | 30·8 |
| (f) Simptome van Senuweeagtigheid (vry van).................. | 29·8 | 23·7 | 42·2 | 50·3 |
| 2. Sosiale Aanpassing............... | 27·6 | 33·4 | 47·3 | 58·1 |
| (a) Maatskaplike Standaarde........ | 55·5 | 52·9 | 68·5 | 69·3 |
| (b) Maatskaplike Bedrewenheid...... | 34·2 | 42·2 | 52·2 | 58·5 |
| (c) Antisosiale Neigings (vry van). | 38·4 | 38·9 | 42·8 | 52·0 |
| (d) Gesinsverhoudinge.............. | 37·8 | 43·8 | 56·7 | 65·6 |
| (e) Skoolverhoudinge............... | 33·1 | 35·4 | 47·7 | 58·9 |
| (f) Gemeenskapsverhoudinge......... | 34·3 | 36·7 | 57·8 | 66·5 |
| 3. Totale Aanpassing................ | 21·8 | 29·3 | 41·4 | 53·1 |

Tabel VII E/.....

Tabel VII E gee die gemiddelde prestasies van die groep in die California-Persoonlikheidstoets by toelating en na elke ses maande vir die duur van die heropvoedingsperiode. Die resultaat stem in hooftrekke ooreen met die uitslag van die skatting van die persoonlikheidsreaksies, maar bevestig nie die bevinding dat die grootste verbetering eers na 12 maande intree nie. Dit blyk ook uit hierdie tabel dat die vordering oor die eerste ses maande betreklik swak was. Die groep het gemiddeld ongunstiger vertoon ten opsigte van senuweeagtigheid en begrip van maatskaplike standaarde. Die persentiel vir antisosiale neigings het feitlik dieselfde gebly as wat dit onmiddellik na toelating was. Die swakker vordering gedurende die eerste ses maande is vermoedelik daaraan te wyte dat die leerling in hierdie periode 'n tweeledige leerproses moet deurgaan. Die by hom gevestigde gewoontes en gedragsvorme deug nie in die nuwe omgewing waarin hy nou te staan gekom het nie en moet afgeleer word. gelyktydig moet hy nuwe aanpassings maak. By die afleer van die ou en verkeerde gewoontes en maniere van doen, en by die aanleer van nuwe gewoontes en gedragsvorme wat nog nie behoorlik gefundeer is nie, maak hy 'n periode van onsekerheid en koersloosheid deur voordat hy rigting vind en bestendig vorder. Daarby sal, soos reeds gemeld, die geestesgesteldheid van verset en onwil waarin hy verkeer, verder bydra om sy vordering en aanpassing te belemmer. Gedurende die laaste twee periodes van ses maande elk was daar besliste en bestendige verbetering in die algemene aanpassing van die groep. Op 18 maande het hulle nog sterk neigings tot teruggetrokkenheid openbaar, maar hulle was origens normaal in al die trekke wat deur die toets gemeet is. Ten opsigte van teruggetrokkenheid het hulle deurgaans ongunstig vertoon.

Tabel VIII E/.....

## Tabel VIII E.

**Verandering in die Aantal Gevalle wat volgens die Resultate van die California-toets onbevredigend vertoon t.o.v. Spesifieke Persoonlikheidstrekke tydens die duur van die Heropvoedingsproses.**

| Aanpassing. | Aantal Gevalle. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Met toelating. | Na 6 Mnde. | Na 12 Mnde. | Na 18 Mnde. |
| 1. Selfaanpassing.................. | 26 | 23 | 16 | 13 |
| (a) Selfvertroue.................. | 16 | 11 | 7 | 7 |
| (b) Gevoel van Eiewaarde.......... | 20 | 21 | 16 | 11 |
| (c) Gevoel van Persoonlike Vryheid. | 23 | 19 | 14 | 12 |
| (d) Gevoel van Tuiswees........... | 19 | 17 | 13 | 9 |
| (e) Neigings tot Teruggetrokkenheid.(vry.van)............. | 27 | 26 | 22 | 8 |
| (f) Simptome van Senuweeagtigheid.. (vry van).................. | 23 | 24 | 18 | 16 |
| 2. Sosiale Aanpassing.............. | 22 | 20 | 11 | 9 |
| (a) Maatskaplike Standaarde........ | 8 | 11 | 6 | 6 |
| (b) Maatskaplike Bedrewenheid...... | 20 | 15 | 15 | 10 |
| (c) Antisosiale Neigings (vry van). | 18 | 14 | 15 | 10 |
| (d) Gesinsverhoudinge.............. | 15 | 16 | 10 | 8 |
| (e) Skoolverhoudinge............... | 18 | 17 | 8 | 5 |
| (f) Gemeenskapsverhoudinge......... | 20 | 19 | 9 | 6 |
| 3. Totale Aanpassing .............. | 24 | 21 | 15 | 13 |

Uit/......

Uit tabel VIII E blyk dat nie minder as 27 van die gevalle by toelating ernstige neigings tot teruggetrokkenheid openbaar het nie. Hoewel die getal oor die periode van 18 maande tot 8 verminder het, was die toestand by hulle nog so ernstig dat dit die gemiddelde persentiel op 30·8 te staan gebring het.

Tabel VIII E dui die verandering aan in die aantal gevalle wat volgens die resultaat van die aanpassingstoets op die bepaalde toetsmomente onbevredigend vertoon het ten opsigte van spesifieke persoonlikheidstrekke. Hieruit is dit duidelik dat daar 'n geleidelike vermindering was in die aantal gevalle wat in elke afsonderlike trek wanaangepas was. Nietemin was daar op 18 maande nog 'n aansienlike persentasie wat ongunstig vertoon het in die verskillende trekke.

Tabel IX E gee 'n indeling van die groep ooreenkomstig die verandering in persoonlikheidsaanpassing gedurende die verloop van die heropvoedingsproses.

Tabel IX E.

Indeling van 30 Jeugoortreders ooreenkomstig verandering in Persoonlikheidsaanpassing gedurende die Heropvoedingsproses volgens die Resultaat van die California-Persoonlikheidstoets.

| Verandering in Aanpassing. | Aantal Gevalle. | | |
|---|---|---|---|
| | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Verbetering.................... | 13 | 21 | 22 |
| Geen ........................ | 7 | 7 | 6 |
| Agteruitgang ................ | 10 | 2 | 2 |
| Totaal | 30 | 30 | 30 |

Dit/.....

Dit blyk dat 13 gevalle na die eerste ses maande verbetering getoon het, terwyl daar in 7 gevalle geen verandering was nie, en 10 agteruit gegaan het. Op 12 maande was 21 beter aangepas, 7 het nie verander nie, en 2 het verswak. Op 18 maande was hierdie toestand nog onveranderd.

In tabel X E is die groep ingedeel ooreenkomstig die kwaliteit van hulle aanpassing na verloop van die verskillende periodes van ses maande elk.

Tabel X E.

Indeling van 30 Jeugoortreders ooreenkomstig Persoonlikheidsaanpassing gedurende die Heropvoedingsproses volgens die Resultaat van die California-toets.

| | Aantal Gevalle. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating. | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Goed | 4 | 7 | 9 | 16 |
| Redelik | 2 | 2 | 6 | 1 |
| Swak | 24 | 21 | 15 | 13 |
| Totaal | 30 | 30 | 30 | 30 |

Goed -- persentiel 60 en oor.
Redelik -- " van 41 tot 59.
Swak -- " 40 en onder.

Hieruit blyk dat 4 goed, 2 redelik en 24 swak aangepas was by toelating tot die inrigting. Ses maande later was 7 goed aangepas, 2 redelik en 21 swak. Op 12 maande was 9 goed aangepas, 6 redelik en 15 swak, terwyl die getalle op

18 maande/.....

18 maande onderskeidelik 16, 1 en 13 was. Hoewel daar oor die algemeen aansienlike verbetering was in die aanpassingsprofiel van die groep, was 13, van wie 8 hoegenaamd geen vordering gemaak het nie, na 18 maande nog sterk wanaangepas. Dit is treffend dat 6 van die laasgenoemde gevalle ook volgens die skatting van hulle persoonlikheidsreaksies geen vordering getoon het nie.

(c) Temperament:

Daar word algemeen aangeneem dat temperament selfs onder die gunstigste omstandighede nie ingrypend verander nie. Hierdie veronderstelling word bevestig deur die resultate wat verkry is met die toepassing van die temperamenttoets na verloop van bepaalde periodes. Tabel XI E dui die resultaat aan.

Tabel XI E.

Temperamentsverandering -- Gemiddelde van Prestasie van 30 Jeugoortreders in die Johnson-temperamenttoets gedurende die verloop van die Heropvoedingsproses.

| Trekke. | Gemiddelde van Persentiele | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Senuweeagtig/rustig......... | 75·6 | 73·6 | 63·1 | 59·8 |
| Swaarmoedig/lighartig....... | 77·7 | 80·7 | 78·2 | 73·1 |
| Lewendig/dooierig........... | 43·9 | 42·0 | 45·3 | 43·6 |
| Hartlik/koud................ | 33·1 | 39·6 | 39·0 | 43·6 |
| Simpatiek/hardvogtig........ | 52·1 | 51·8 | 52·8 | 53·6 |
| Subjektief/objektief........ | 75·5 | 69·2 | 64·1 | 60·8 |
| Aggressief/onderworpe....... | 69·5 | 66·8 | 67·2 | 64·4 |
| Vitterig/erkentlik ......... | 76·2 | 72·4 | 70·1 | 65·3 |
| Beheers/impulsief........... | 44·6 | 54·5 | 61·3 | 62·7 |

Hieruit blyk dat die temperamentstruktuur van die groep as geheel slegs geringe wysiging tydens die duur van die heropvoedingsproses ondergaan het.

By die eerste toets onmiddellik na toelating is bevind dat die groep besonder senuweeagtig was, met 'n gemiddelde persentiel van 75·6. Gedurende die heropvoedingsperiode het daar 'n geleidelike verbetering ingetree, en na 18 maande het die groep gemiddeld normaal vertoon ten opsigte van senuweeagtigheid, met 'n gemiddelde persentiel van 59·8. Hierdie resultaat stem nie heeltemal ooreen met die uitslag van die aanpassingstoets nie.

Die gemiddelde prestasie van die groep ten opsigte van swaarmoedigheid/lighartigheid was by toelating 77·7, en na 18 maande 73·1. Hulle was dus deurgaans geneig tot ernstige swaarmoedigheid en het slegs geringe verbetering getoon gedurende die behandelingsperiode. Na verloop van die eerste ses maande was die toestand ernstiger, met 'n gemiddelde persentiel van 80·7. In dié verband wil dit voorkom of swaarmoedigheid, soos deur die toets bepaal, nie betrekking het op 'n permanente emosionele gesteldheid nie, maar eerder dui op 'n wisselende gemoedstoestand. In die daaglikse omgang met die groep is daar gevind dat hulle dikwels opgeruimd en lighartig kan wees, maar dat hulle maklik by die geringste teleurstelling in buie van neerslagtigheid verval. Hulle het gewoonlik as hulle voor probleme of teleurstellinge te staan kom 'n mate van ontsteltenis getoon wat totaal buite verhouding was met die erns daarvan. Die toename in swaarmoedigheid gedurende die eerste maande is vermoedelik te wyte aan die feit dat die wêreld hulle eindelik vasgevat en hulle vryheid regmatig aan hulle ontneem het. Dit was blykbaar vir die meerderheid 'n

bittere/.....

bittere lot wat hulle getref het. Met hulle ongedissiplineerde drange en impulsiewe neigings kon hulle hulself moeilik hiermee versoen.

Hulle was by toelating effens koud, ongevoelig en betreklik hardvogtig. Ten opsigte van hierdie trekke was daar ook slegs geringe verbetering. By die eerste toets is bevind dat hulle buitengewoon subjektief en vitterig was, met persentiele van 75•5 en 76•2 onderskeidelik. Na verloop van 18 maande was die persentiele vir die betrokke trekke 60•8 en 65•3 respektiewelik. Hulle het dus ten opsigte van hierdie trekke nog nie 'n toestand bereik wat as bevredigend beskou kan word nie. Die verandering in die persentiele vir aggressiviteit was betreklik gering (69•5 by toelating en 64•4 na 18 maande). Ten opsigte van impulsiviteit het die grootste verbetering ingetree. Hier wissel die persentiele van 44•6 by toelating na 62•7 op 18 maande. Hierdie verandering is vermoedelik die gevolg van intensiewe opleiding en ferme dissiplinering Trouens, die heropvoeding van die groep was miskien in groter mate gerig op die ontwikkeling van selfbeheer as op enige ander aspek van die persoonlikheid. Tog het hulle beswaarlik die stadium bereik waar hulle gemiddeld as 'n gedissiplineerde en beheerste groep beskryf kan word.

Tabel XII E gee 'n aanduiding van die verandering in die aantal gevalle wat volgens die temperamenttoets op verskillende tydstipte afwykings getoon het. Die getalle word vir elke spesifieke trek afsonderlik gegee.

Tabel XII E/....

Tabel XII E.

Verandering in die aantal Gevalle met Temperamentsafwykings gedurende die Heropvoedingsproses volgens die Resultaat van die Johnson-Temperamenttoets.

| Temperamentstrekke. | Aantal gevalle wat afwyk t.o.v. spesifieke trekke. | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Senuweeagtig................ | 23 | 21 | 15 | 15 |
| Swaarmoedig................ | 24 | 25 | 22 | 22 |
| Dooierig.................... | 0 | 2 | 1 | 1 |
| Koud........................ | 18 | 16 | 13 | 13 |
| Hardvogtig.................. | 7 | 7 | 6 | 6 |
| Subjektief.................. | 21 | 19 | 15 | 15 |
| Aggressief.................. | 17 | 17 | 15 | 15 |
| Vitterig.................... | 24 | 20 | 18 | 19 |
| Impulsief................... | 21 | 17 | 16 | 16 |
| Totale Temperamentstruktuur. | 23 | 20 | 17 | 13 |

Dit is hieruit duidelik dat die grootste meerderheid hulle basiese temperamentstrekke behoú het. By die aanvang van die heropvoedingsproses was 23 volgens die toetsresultaat afwykend. Sewe was redelik normaal. Na verloop van 18 maande was 13 nog ernstig afwykend.

Tabel XIII E gee 'n indeling van die groep ooreenkomstig die verandering in temperamentstrekke volgens die resultaat van die toets:

Tabel XIII E/.....

Tabel XIII E.

Indeling van 30 Jeugoortreders ooreenkomstig Verandering in Temperamentstrekke gedurende die Verloop van die Heropvoedingsproses volgens die Resultaat van die Johnson-Temperamenttoets.

| Verandering in Temperamentstrekke. | Aantal Gevalle. | | |
|---|---|---|---|
| | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Verbetering.................... | 15 | 18 | 20 |
| Geen.......................... | 8 | 6 | 8 |
| Agteruitgang ................. | 7 | 6 | 2 |
| Totaal | 30 | 30 | 30 |

Hieruit blyk dat 15 gedurende die eerste ses maande verbeter het, 8 geen verandering ondergaan het nie, en 7 agteruitgegaan het. Op 12 maande was die ooreenstemmende getalle respektiewelik 18, 6 en 6, en op 18 maande onderskeidelik 20, 8 en 2. Tien gevalle het dus nagenoeg geen temperamentsverbetering getoon na afloop van die heropvoedingsproses nie.

In tabel XIV E word die groep ingedeel volgens temperamentsgesteldheid.

Tabel XIV E/.....

Tabel XIV E.

Indeling van 30 Jeugoortreders ooreenkomstig Temperamentsgesteldheid gedurende die Verloop van die Heropvoedingsproses volgens die Resultaat van die Johnson-Temperamenttoets.

| Temperament. | Aantal Gevalle | | | |
|---|---|---|---|---|
| | By toelating | Na 6 maande | Na 12 maande | Na 18 maande |
| Normaal.................... | 4 | 6 | 9 | 10 |
| Redelik normaal............ | 3 | 4 | 4 | 7 |
| Afwykend .................. | 23 | 20 | 17 | 13 |
| Totaal | 30 | 30 | 30 | 30 |

By toelating was 4 normaal, 3 redelik normaal en 23 afwykend. Na 6 maande was 6 normaal, 4 redelik normaal en 20 afwykend, terwyl die ooreenstemmende getalle op 12 maande 9, 4 en 17 was. Op 18 maande het 10 normaal vertoon, 7 redelik normaal en 13 afwykend. Normaliteit en afwykendheid is betreklike terme, des te meer waar dit gaan om die gelyktydige beoordeling van verskillende trekke, waarvan sommige volgens die toetsresultaat normaal of redelik normaal vertoon, terwyl ander ver afwyk van die norm. Met die beoordeling van afwykendheid is so toegewend moontlik te werk gegaan. Slegs as 'n geval ten opsigte van verskeie trekke ernstig van die norme afgewyk het, is hy beskou as afwykend. Dit tref dat die gevalle wat temperamenteel afwykend was, volgens die uitslag van die persoonlikheidstoets ook wanaangepas was, terwyl hulle reaksies volgens die skatting ewe-eens onbevredigend was.

4./.....

4. Opsomming:

Uit die voorgaande paragrawe is dit duidelik dat die heropvoeding geen maklike taak is nie. Daar bestaan geen wondermiddel om wanaangepaste en antisosiaal geneigde individue skielik in goed aangepaste en wetsgehoorsame persone te verander nie. Hulle rehabilitasie kan alleen bewerkstellig word deur moeisame arbeid en opvoedkundig gesonde metodes. Selfs dan kan geen haastige resultate verwag word nie. 'n Aansienlike persentasie van die gevalle het betreklik langsaam gereageer op 'n program van intensiewe behandeling, opleiding en dissiplinering. Daar het nie 'n vinnige en ingrypende verandering in hulle persoonlikheid en gedrag ingetree nie. Dit was 'n stadige en geleidelike ontwikkeling.

Uit die ontleding van die resultaat van die heropvoedingsproses het geblyk dat dit relatief maklik is om die leerling sover te kry om skolasties te presteer en ook om hom toe te rus met die basiese vaardighede in een of ander ambag. Met akademiese vorming en beroepsbekwaming is die heropvoedingsproses egter nog nie afgehandel nie. Hoewel die groep oor die algemeen bevredigend gevorder het op skool en in die ambag, het daar na verloop van 18 maande nog veel gehaper aan hulle persoonlikheid en gedrag. Volgens die skatting van hulle persoonlikheidsreaksies het 6 gevalle nagenoeg geen baat gevind by die heropvoedingsproses nie, terwyl 8 volgens die aanpassingstoets geen vordering gemaak het, en 10 geen verbetering in temperamentstrekke getoon het nie.

Gemiddeld het 8 (26·7%) dus geen baat gevind by die heropvoedingsproses nie. Op grond van die gemiddelde van al drie metodes waarvolgens die resultaat bepaal is, het 73·3% vordering gemaak. As slegs die resultaat van die temperamenttoets, waarin die groep gemiddeld die swakste vertoon het, in aanmerking geneem word, het minstens 67·3% vordering getoon.

# HOOFSTUK VII.

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGE EN IMPLIKASIES.

1. Inleiding:

[Vir doeltreffende behandeling en heropvoeding is sowel 'n deeglike begrip nodig van die aanleidende oorsake in die misdadige gedrag, as 'n behoorlike insig in die persoonlikheidsprobleme van die jeugoortreder.] Daarom is in hierdie ondersoek 'n betreklik omvattende studie gemaak van elke individuele oortreder in die groep. Die gegewens is verwerk en saamgevat in gedetailleerde gevallestudies, met klinies verklarende diagnoses en saaklike aanduidinge van die toegepaste metodes van behandeling en heropvoeding. Vyf van die gevallestudies verskyn in die teks by wyse van toeligting. Die plasing van meer sou onnodige ruimte in beslag neem en boonop neerkom op die herhaling van soortgelyke feite. Daarom is die diagnostiese gegewens, die uiteensetting van die heropvoedingsprosedures en die uitwerking daarvan op elke individuele geval ten opsigte van die groep as geheel, in agtereenvolgende hoofstukke behandel. Die bevindinge word hier kortliks saamgevat voordat enkele algemene gevolgtrekkinge daaruit gemaak word.

2. Samevatting:

(a) Diagnosering:

In hoofstuk IV is die diagnostiese bevindinge ten opsigte van die groep as geheel ontleed.

(i)/.....

(i) <u>Fisiese Omgewing</u>:

Daaruit het geblyk dat die oorgrote meerderheid van die gevalle uit die stede en groter dorpe afkomstig is en nie dikwels van omgewing verander het nie. Slegs 'n geringe persentasie kom van die platteland, terwyl net 26·7% van die gesinne waaruit die groep stam, twee of meer kere sedert die geboorte van die geval verhuis het.

Die uiterlike gesteldheid van die omgewings waarin die verskillende lede van die groep groot geword het, insluitende sowel die aard van die woonbuurt en behuising as die fasiliteite vir ontspanning en speelruimte, was oor die algemeen bevredigend. Net 20% het gekom uit swak huise geleë in verwaarloosde agterbuurte. Hierdie huise was van binne beknop, onversorg en oorbewoon, met geen speelruimte buite nie behalwe die straat. In 10% van die gevalle was daar selfs geen oop ruimte of park in die onmiddellike omgewing waar die kinders kon gaan speel en ontspan nie.

(ii) <u>Sosiale Omgewing</u>:

Die maatskaplike agtergrond van die meerderheid was betreklik gunstig. Van die totaal het 36·7% gekom uit homogene gemeenskappe met slegs geringe standsverskille, 50% uit heterogene gemeenskappe met ooglopende standsverskille en 13·3% uit gemengde blank-gekleurde gemeenskappe met ingrypende standsverskille. Sover geoordeel kon word, het 43·3% van hierdie gemeenskappe relatief gevestigde tradisies, gesonde etiese standaarde en morele opvattinge gehandhaaf. Dit was terselfdertyd bestendige gemeenskappe met kontinuïteit in sosiale interaksie. In 36·7% van die gemeenskappe was daar blykbaar 'n gebrek aan gevestigde tradisie en kontinuïteit in sosiale interaksie, met wisselende

etiese/.....

etiese standaarde en morele opvattinge as gevolg van veelsoortigheid in die samestelling en wisseling van die bevolking. Twintig persent van die gevalle het gekom uit gemeenskappe met 'n duidelike gebrek aan gesonde tradisies. Hier het negatiewe sosiale interaksie as gevolg van sedeloosheid, ontaarding en verval 'n belangrike rol gespeel.

In dié verband was die toestande in die gesinne self betreklik ongunstig. In 56·7% van die gevalle was die etiese standaarde en morele opvattinge relatief gesond, in 13·3% redelik en in 30% swak. Dronkenskap, onsedelikheid en misdaad was in die gesinne van laasgenoemde groep ernstige verskynsels. Hierdie faktore het vermoedelik in groot mate ook die sosiale status van die gesinne bepaal. In 26·7% van die gevalle was die gesinne in redelike aansien, in 33·3% het die gemeenskap betreklik onsydig teenoor hulle gestaan, en in 40% is hulle liefs vermy en selfs geminag op grond van hul algemene lewenspeil en afstootlike gedrag, soos onsedelikheid en misdaad.

Die gesinsdissipline het in 50% van die gevalle veel te wense oorgelaat as gevolg van oordrewe strengheid of toegewendheid. Die dissipline was dikwels inkonsekwent en onbestendig.

Die gesondheidstoestande in die gesinne self was oor die algemeen betreklik gunstig. Kroniese siektes het net in 13·3% van die gevalle voorgekom.

Verder was die ekonomiese toestande, beide van die breëre gemeenskappe en die gesinne self, redelik bevredigend. In 50% van die gevalle was die gemeenskappe waaruit die groep gekom het ekonomies welvarend, in 36·7% betreklik arm, maar selfstandig, en in 13·3% behoeftig en afhanklik.

Hierteenoor/.....

Hierteenoor was 46·7% van die gesinne self welvarend, 33·3% minder gegoed, maar selfstandig, en 20% hulpbehoewend.

(iii) <u>Intellektuele en Emosionele Toestande</u>: Die intellektuele en emosionele toestande in die gesinne was oor die algemeen betreklik swak. Die oorgrote meerderheid van die ouers het skaars sover as std. V gevorder. Hulle was gemiddeld verstandelik onontwikkel en het op 'n lae kulturele vlak beweeg, met weinig belangstelling in die fyner dinge van die lewe. Opbouende leesstof in watter vorm ook het meestal ontbreek. In slegs 23·3% kon die intellektuele en opvoedkundige standaarde beskou word as enigsins gesond, terwyl dit in 40% hoogstens redelik en in 36·7% duidelik swak was.

Die onderlinge emosionele verhoudinge was in 40% van die gesinne onbevredigend. Hier het rusie en twis voortdurend spanning veroorsaak en die emosionele atmosfeer vertroebel. Verder was die primêre ouer-kindverhoudinge in 56·7% van die gevalle versteur deur die dood van 'n ouer of deur egskeiding en verlating, of as gevolg van buite-egtelikheid in enkele gevalle. Die versteurde primêre verhoudinge is in 40% van die gevalle nog verder gekompliseer deur die tussenkoms van 'n stiefouer.

In soverre betroubare gegewens in verband met psigiese en gedragsafwykings verkry kon word, het dit geblyk dat dronkenskap, onsedelikheid en misdaad of emosionele onstabiliteit en swaarmoedigheid by 46·7% van die ouers voorgekom het, en kranksinnigheid of swaksinnigheid in 13·3% van die gevalle by een van die ouers, grootouers of by ooms en tantes.

(iv)/.....

(iv) Persoonlike Ontwikkelinge:

Uit 'n studie van die persoonlike geskiedenisse van die groep het dit geblyk dat hulle oor die algemeen liggaamlik gesond en normaal ontwikkel het. Slegs 6·7% het kroniese moeilikheid ondervind. Hierteenoor het 16·7% van kleins af betreklik ernstige gedragsprobleme en persoonlikheidsafwykings openbaar. Oor die algemeen het 73·3% normaal ontwikkel en tuis nie noemenswaardige probleme gelewer nie. Die meerderheid het die eerste tekens van probleemgedrag op skool getoon, waar die gedrag van 56·6% op grond van ongedissiplineerdheid, oneerlikheid, traagheid, afknouerigheid en stokkiesdraaiery, aangeteken is as swak. Die skoolvordering van 70% was swak.

'n Groot aantal het reeds die skool verlaat voordat hulle na die Verbeteringsinrigting verwys is. Van die totaal het 63·3% een of meer betrekkings beklee. Slegs 16·7% van hulle was enigsins bestendige werkers. Die res het van die een betrekking na die ander rondgeval sonder om êrens sukses te behaal. Hierdie gedurige verwisseling van werk was vermoedelik die gevolg van sowel gebrek aan beroepskundige kennis en bekwaamheid as van temperamentsgebreke, soos onstabiliteit en impulsiviteit.

Hoewel die meerderheid reeds probleemgedrag op skool openbaar het, het hulle kriminele bedrywighede in die meeste gevalle eers 'n aanvang geneem nadat hulle die skool verlaat het. Volgens die aantal en erns van hulle oortredings, en ooreenkomstig die duur van hulle kriminele loopbane was 80% reeds gewoontemisdadigers of goed op pad om dit te word. Van die totaal het 60% misdaad gepleeg oor 'n periode wat wissel van om en by twee jaar na om en by vyf jaar, terwyl 76·7% vier en meer oortredings begaan het voordat hulle na die

Verbeteringskool/.....

Verbeteringskool verwys is. Dit blyk verder dat 76·7% van die gevalle die een of ander vorm van sorg of behandeling ondervind het voor hulle koms na die inrigting.

(v) <u>Persoonlikheidseienskappe</u>:

Die groep as geheel was by toelating liggaamlik gesond, goed ontwikkel en sterk. Net 6·7% van die totaal het aan kroniese moeilikhede van minder ernstige aard gely.

Oor die algemeen was hulle intellektueel normaal. Sestig persent het 'n I.K. bo die gemiddelde gehad en 40% 'n I.K. daaronder. Nietemin was hulle skolasties gemiddeld met minstens twee jaar vertraag. Hulle het veral 'n ernstige agterstand getoon in taalvermoë en verbale redenering. Daarenteen het hulle veel beter gepresteer in rekenkundige vermoë, nie-verbale redenering, vormwaarneming en meganiese insig. Dit skyn dus of hulle intellektueel beter in staat is om hulself op praktiese en konkrete wyse uit te druk as deur middel van taal en abstrakte denke. Hulle belangstellings sluit in hoofsaak hierby aan en is byna uitsluitlik gerig op praktiese beroepe en werk met die hande. Net 6·7% het aanleg en belangstelling getoon in 'n meer teoretiese, akademiese rigting.

'n Ontleding van hulle persoonlikheidsreaksies dui daarop dat hulle oor die algemeen inisiatief en selfvertroue aan die dag lê, maar mank gaan aan die nodige vermoë om te volhard en aan 'n gebrek aan pligsbesef. Hulle is gewoonlik betreklik goedgemanierd, maar onbetroubaar en effens teruggetrokke.

Tagtig persent was betreklik ernstig wanaangepas. Hulle was gemiddeld veel beter aangepas teenoor die gemeenskap as

teenoor/.....

teenoor die self. Dit het veral gehaper aan hulle gevoelens van eiewaarde, persoonlike vryheid en tuis wees. Ook in die aanpassingstoets het neigings tot teruggetrokkenheid en senuweeagtigheid aan die lig gekom. Hulle het gemiddeld 'n redelike begrip getoon van sosiale standaarde, maar te kort geskiet in die bedrewenheid om maatskaplik effektief te verkeer. Daarby het hulle duidelike neigings tot antisosiale gedrag geopenbaar en was vyandig in hulle persoonlike verhoudinge tot gemeenskapsituasies.

Temperamenteel het hulle skynbaar aan ernstige gebreke mank gegaan. Hulle was oor die algemeen energiek en lewenslustig, maar in hoë mate senuweeagtig, rusteloos en impulsief, met 'n neiging om hulself oor teleurstellinge buite verhouding tot die erns daarvan emosioneel te ontstel. Gepaard hiermee gaan 'n oordrewe vitterigheid en gebrek aan menslike meegevoel. Hulle was oor die algemeen selfsugtig, subjektief, aggressief en impulsief. Temperamenteel skep hulle 'n totale indruk van onvolwassenheid en onewewigtigheid. Volgens die resultaat van die temperamenttoets het 13·3% relatief normaal vertoon, 10% redelik en 76·7% in minder of meerdere mate afwykend.

(b) Heropvoeding:

In hoofstuk V is die heropvoedingsproses, soos op die groep toegepas, uiteengesit. Hier kan dit baie kort saamgevat word.

In die heropvoeding van die groep is ten eerste uitgegaan van die beginsels van individualisasie, dissiplinering, klassifikasie en prestasie, met sovéél vryheid moontlik binne die perke wat die inrigting stel, en met die verantwoordelikheid vir sy eie rehabilitasie geplaas op die jeugoortreder

self/.....

self in 'n opbouende atmosfeer wat geleentheid bied vir groei en ontwikkeling onder leiding en raad van die personeel. Deur middel van behandelingsonderhoude, en in uitsonderlike gevalle van analitiese terapie, is gestreef na die ontwikkeling van begrip by die jeugoortreder van die oorsake van sy misdadige gedrag en na insig in sy persoonlike probleme. Deur vorming en dissiplinering is gepoog om verkeerde gewoontes en wanaanpassings af te leer en 'n sosiaal aanvaarbare gedragspatroon te kweek. Die heropvoedingsproses is verder uitgebrei deur skool- en ambagsopleiding, waarin gestreef is om sy energie in gesonde kanale te voer, goeie werkgewoontes te ontwikkel, en die leerling gelyktydig voor te berei vir 'n beroepsloopbaan wanneer hy die inrigting verlaat. Die totale heropvoedingsproses was steeds gerig op die ontwikkeling en integrasie van die jeugoortreder se persoonlikheid in 'n poging om die behoefte aan die pleeg van misdaad by hom te laat verdwyn, of andersins om die innerlike selfbeheer by hom te ontwikkel waardeur hy sy drange en begeertes in bedwang kan hou.

(c) Uitwerking van die Heropvoedingsproses:

In hoofstuk VI is die uitwerking van die heropvoedingsproses op die persoonlikheid van die jeugoortreder ontleed. Uit die skatting van die persoonlikheidsreaksies het geblyk dat 70% goeie vordering gemaak het, 10% redelik gevorder, en 20% nagenoeg geen verandering ondergaan het nie. Na verloop van 18 maande het 30% nog betreklik swak vertoon ten opsigte van hulle persoonlikheidsreaksies.

Volgens die resultaat van die aanpassingstoets was 53.3% van die gevalle na verloop van die heropvoedingsperiode betreklik goed aangepas, 3.3% redelik en 43.3% swak. Twintig

persent/.....

persent het nagenoeg geen verandering getoon nie, terwyl 6 7% verswak het. In beide die reaksiepatroon en aanpassing was daar gemiddeld aansienlike verbetering na 18 maande. Daarenteen het die groep oor dieselfde periode slegs geringe wysiging in temperament ondergaan. Volgens die uitslag van die temperamenttoets het 67·7% van die gevalle verbeter, 27·6% geen verandering getoon nie en 6·7% verswak.

As die resultaat van die heropvoedingsproses beoordeel word op grond van die gemiddelde van die drie metodes waarvolgens die uitwerking daarvan op die persoonlikheid bepaal is, blyk dit dat 6·7% van die gevalle agteruitgegaan het, 20% nagenoeg geen verandering getoon het nie en 73·3% in minder of meerdere mate verbeter het.

Dit het verder geblyk dat 'n aansienlike persentasie van die gevalle gedurende die eerste ses maande van die heropvoedingsperiode verswak het in persoonlikheidsreaksies, aanpassing en temperament. Daarna was daar by die meerderheid 'n geleidelike en konsekwente verbetering.

3. Gevolgtrekkings en Implikasies:

(a) Algemeen:

Dit was dikwels moeilik om die probleme van 'n geval te bepaal of om die oorsake daarvan te peil. Die wanaanpassings en afwykings was soms verskuil agter allerlei kompensasies en verskonings, terwyl die werklike oorsake daarvan dikwels versteek was agter oppervlakkige en misleidende verskynsels en voorwendsels. Vir korrekte diagnose is 'n noukeurige studie van elke individuele geval dus noodsaaklik. [In die ontleding van die oorsaaklike faktore is in hierdie ondersoek veral gelet op toestande wat

bestaan/.....

bestaan het voordat die antisosiale gedrag 'n aanvang geneem het. Faktore wat later in die spel getree het, kon nie dien om die oorsprong van die probleem te verklaar nie, behalwe in soverre dit miskien lig gewerp het op dieperliggende motiewe in die persoonlikheid van die jeugoortreder wat eers in die puberteitsjare na vore getree het, soos byvoorbeeld inherente selfsug, impulsiviteit of emosionele onewewigtigheid. Die oorsake van die wangedrag was by die verskillende gevalle duidelik uiteenlopend.] In die volgende paragraaf sal gepoog word om die moontlike funksionele verband tussen 'n verskeidenheid van faktore gesamentlik, en die antisosiale gedrag van die groep as geheel aan te dui. In die eerste plaas kan daardie omstandighede of toestande uitgeskakel word wat in die lig van die feite geen of weinig betekenis vir die ontwikkeling van die wangedrag gehad het nie. Daarna kan die aandag bepaal word by faktore wat, na dit voorkom, vir die wanaanpassings en misdaad by die groep verantwoordelik was.

(b) Nie-oorsaaklike Faktore:

(i) Fisiese Omgewing:

Dit is moeilik om in te sien hoe die uiterlike gesteldheid van die fisiese omgewing, insluitende swak behuisingstoestande, gebrekkige geriewe vir ontspanning en speelruimte, van veel betekenis was in die ontwikkeling van die misdadige gedrag van die groep. Weliswaar het 'n redelike persentasie van die gevalle uit swak, oorbewoonde huise in armoedige agterbuurte gekom, maar dan nog was daar soveel ander faktore wat hier saamgeloop het dat die wangedrag moeilik gewyt kan word aan 'n enkele faktor, wat dikwels reeds die gevolg is van ander dieperliggende

oorsake/.....

oorsake. Dit is miskien juister om te sê dat die mens sy omgewing kies of skep. Die feit dat die betrokke gesinne verkies het om in verwaarloosde agterbuurte te woon, of onvermydelik daar beland het, getuig allig reeds van minderwaardigheid en gebrek aan positiewe eienskappe, wat waarskynlik 'n ingrypender invloed op die vorming van die kind uitgeoefen het as die suiwer fisiese omgewing.

Die groot klem wat dikwels op swak behuisingstoestande en gebrek aan voldoende speelruimte as belangrike kriminogene faktore gelê word, skyn in die lig van die gegewens wat met hierdie ondersoek verkry is 'n mistasting of minstens 'n ernstige oordrywing te wees. Die vraag is of baie van die agterbuurtbewoners, al sou hulle in 'n gunstige omgewing geplaas word, nie al gou 'n nuwe agterbuurt sou skep nie. Daarby kan die feit nie buite rekening gelaat word nie dat duisende kinders in dieselfde swak omgewing groot word sonder dat hulle moeilikheid gee of ernstige antisosiale neigings ontwikkel, terwyl die oorgrote meerderheid van die groep self uit goeie of minstens redelik goeie residensiële woonbuurte kom. Dit is blykbaar, mits die noodsaaklikste geriewe net bestaan, eerder die menslike faktor in die omgewing wat bepaal wat van die kind gaan word as die geboue, mure en meubels.

(ii) <u>Mobiliteit van Gesinne</u>:

Die beweeglikheid van die gesinne het nouliks enige bydrae gelewer tot die ontwikkeling van antisosiale gedrag by die groep. In 'n enkele geval het dit slegs onregstreeks invloed gehad deurdat die herhaalde verwisseling van skole tot skolastiese vertraging gelei en ander probleme veroorsaak het wat regstreeks aanleiding gegee

het/.....

het tot die wangedrag.

(iii) Veelsoortigheid van Bevolking:

Heterogeniteit van die bevolking, met die daaruit voortvloeiende kultuurkonflikte, was nie 'n oorsaaklike faktor van betekenis in die misdadige gedrag van hierdie groep nie. Hoewel die meerderheid kom uit gemeenskappe waarvan die bevolkingsamestelling duidelik veelsoortig was, kon bewys slegs in enkele gevalle gevind word dat hierdie feit 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die antisosiale gedrag. Ook in hierdie gevalle was daar ander, nog belangriker, faktore wat invloed gehad het. Weens die veelsoortigheid van die bevolking hier te lande, veral in die stede, word die meeste kinders in sulke gemeenskappe groot sonder dat hulle ernstige wanaanpassings ontwikkel of wangedrag openbaar.

(iv) Ekonomiese Toestande:

Ekonomiese faktore was nie 'n aanleidende oorsaak van misdaad in soverre dit die onderhawige groep betref nie. Hoewel 'n klein persentasie uit arm gemeenskappe of behoeftige gesinne kom, was daar selfs in hierdie gevalle geen oortuigende bewys dat armoede 'n direkte invloed uitgeoefen het op die ontwikkeling van hul misdadige neigings nie. Die meerderheid van die gevalle kom daarby uit ekonomies welvarende of minstens selfstandige gemeenskappe en gesinne. Armoede skyn alleen dan 'n invloed te hê wanneer dit in sterk kontras staan teenoor die rykdom en weelde van die gemeenskap waarin die gesin hom bevind.

(v) Gesondheidstoestande:

Die gesondheidstoestand van die gesin sowel

as/.....

as dié van die jeugoortreder self het geen rol gespeel in die ontwikkeling van misdadige gedrag by die groep nie. Nie alleen kom die oorgrote meerderheid uit gesinne waarin daar niks aan die gesondheid gehaper het nie, maar die oorgrote meerderheid van die gevalle was self gesond.

(vi) <u>Intelligensie</u>:

Daar is geen aanduiding dat intelligensie 'n rol gespeel het in die wangedrag van die groep nie. Gemiddeld was die groep verstandelik normaal.

(vii) <u>Sekere Temperamentstrekke</u>:

Dit is te betwyfel of daar enige verband bestaan tussen die misdadigheid van die groep en die volgende uiterstes in temperamentstrekke, soos deur die Johnson-toets bepaal: senuweeagtigheid/rustigheid, lewendigheid/dooierigheid en hartlikheid/koudheid.

(c) <u>Oorsaaklike Faktore</u>:

(i) <u>Stedelikheid</u>:

Die gegewens oor die groep dui daarop dat jeugmisdaad 'n spesifiek stedelike probleem is. Hierdie feit is vermoedelik te wyte aan die losse opeenhoping van mensemassas en die ingewikkeldheid van sosiale interaksie in die stad; aan die onpersoonlike, sekondêre en wisselende aard van die menslike kontakte; aan onbestendige morele en etiese standaarde; aan die kontraste en veelheid van indrukke wat verwarrend inwerk op die gees van die kind en sy aanpassing bemoeilik. As gevolg van die anonimiteit van individue en die atomisering van gemeenskappe speel die openbare mening met sy bindende en rigtinggewende invloed 'n minder belangrike rol in die stad. Daar is geen mening,

opvatting/.....

opvatting of beginsel wat as algemene norm geld nie. Verder skep die stad steeds behoeftes wat dit normaalweg nie bevredig nie. Daarmee saam gaan die verleidinge en menigvuldige geleenthede vir die jeugdige om hom aan vergrype skuldig te maak. In die stad vind die energieke, avontuurlustige seun dikwels ook nie die beweegruimte om sy drange langs gesonde kanale te bevredig nie. Jeugmisdaad begin dikwels met klein onbesonne vergrype wat aangroei tot ernstige oortredings.

Met die industrialisering van die land en die daaruit voortvloeiende vinnige verstedeliking van die bevolking sal jeugmisdaad vermoedelik steeds toeneem.

(ii) Swak Etiese Standaarde en Morele Opvattinge:

Gebrek aan gesonde etiese standaarde en morele opvattinge in die gesin, gepaard met negatiewe sosiale interaksie as gevolg van dronkenskap, sedeloosheid en ontaarding, was 'n belangrike aanleidende oorsaak in die misdadigheid van 'n aansienlike persentasie van die gevalle. Gebrek aan, en wisseling in, die etiese en morele norme van die groeiende stedelike bevolkings sal in die toekoms vermoedelik lei tot 'n toename in jeugmisdaad.

(iii) Swak Intellektuele en Opvoedkundige Standaarde:

Selfs volgens die elementêrste vereistes kom die oorgrote meerderheid van die gevalle uit gesinne waarin die intellektuele en opvoedkundige standaarde hoogstens redelik of swak was. Dit is dus duidelik dat die verstandelike ontwikkeling en opvoedkundige

agtergrond/.....

ontbinding vooraf gaan en onrus, ongemak en onsekerheid in die gemoed van die kind wek -- dinge wat op hulle beurt aanleiding gee tot kompenserende antisosiale gedrag.

(v) Emosionele Wanverhoudinge:

Emosionele wanverhoudinge in die gesin, veral tussen die ouers, het 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van wanaanpassings en wangedrag by die groep. Dit is in die emosionele atmosfeer van die ouerhuis waar die diepliggendste en duursaamste persoonlikheidseienskappe ontwikkel, en ook verwronge emosies en opvattinge vasgelê word. Die voortdurende rusie en twis tuis veroorsaak onaangename spanninge in die gemoed van die kind, waaraan hy onbewus probeer ontkom deur kompenserende gedrag en soms deur misdaad.

(vi) Swak Sosiale Status van Gesinne:

'n Aansienlike persentasie van die gevalle kom uit gesinne wat geen aansien geniet het in die gemeenskappe waarin hulle gestaan het nie. Gebrek aan sosiale status was vermoedelik 'n belangrike bydraende faktor tot die misdadigheid van die groep. Dit het waarskynlik gelei tot gevoelens van minderwaardigheid en miskenning en tot 'n antisosiale geneigdheid.

(vii) Swak Dissipline in Gesin:

Onbestendige en inkonsekwente dissipline was duidelik 'n belangrike aanleidende oorsaak van die misdadige gedrag van die groep. Gesonde dissipline weerhou die kind nie alleen dikwels van die geleenthede om hom aan vergrype skuldig te maak nie, maar is noodsaaklik vir die ontwikkeling van die nodige selfbeheer

waardeur/....

waardeur hy in staat gestel word om sy drange en begeertes in bedwang te hou.

(viii) Skolastiese Vertraging:

Hoewel geen afdoende bewys gevind kon word dat die skool regstreeks 'n bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van wanaanpassings en wangedrag by die groep nie, het dit vermoedelik onregstreeks 'n belangrike invloed gehad. Feit is dat die groep skolasties gemiddeld ernstig vertraag was en 'n wrewelige teensin in skoolgaan openbaar het. Hieruit volg dat die gewone skool nie daarin geslaag het om hulle gelukkig te maak of in hulle behoeftes te voorsien nie. Dit het verder geblyk dat hulle aanleg en belangstelling byna sonder uitsondering in 'n praktiese rigting lê. Hulle was dus meestal misplaas in die gewone skool, met sy akademies georiënteerde leerplan, en kon gevolglik nie bevredigend vorder nie. Dit is 'n erkende waarheid in die geesteshigiëne dat 'n gevoel van prestasie noodsaaklik is vir persoonlikheidsontwikkeling en geestesgesondheid. Die feit dat hulle nie op skool kon presteer nie, het gelei tot stokkiesdraaiery, wanaanpassing en eindelik tot misdaad.

Die skool het nog in 'n ander verband in sy taak teenoor hierdie leerlinge te kort geskiet. Dit is duidelik dat die emosionele atmosfeer tuis dikwels uiters troebel was. Die vermoede is dat die toestand selfs swakker was as wat die gegewens toon. Daar is nog altyd onderstrominge in emosionele verhoudinge wat selfs met 'n noukeurige ondersoek nie aan die lig kom nie. Die kind uit die ongelukkige huis dra sy kommer en emosionele spanninge saam met hom na die skool. Hy is verstrooid en kan nie konsentreer nie. As die

onderwyser/.....

onderwyser dan sonder begrip van sy probleem druk op hom uitoefen, bly daar vir hom nie veel anders oor nie as om aan sy moeilikhede te ontvlug óf in dagdromery as hy geneig is tot introversie, óf in stokkiesdraaiery as hy sterker geneig is tot ekstroversie.

(ix) Temperamentstrekke:

Dit is verder duidelik dat dit nie slegs omgewingsfaktore was wat aanleiding gegee het tot die misdadige gedrag van die groep nie. Duisende kinders word onder soortgelyke omstandighede groot of ondervind soortgelyke probleme, soms in dieselfde gesin, sonder dat hulle ernstige wanaanpassings ontwikkel of misdaad pleeg. Dit is die onderlinge wisselwerking tussen basiese temperamentstrekke en omgewingsfaktore wat tot afwykende gedrag en misdaad lei.

In dié verband het die Johnson-toets daarop gedui dat die groep gemiddeld lewenslustig en sterk impulsief is; dat hulle emosioneel sensitief is en geneig om hulle uitermate te ontstel oor teleurstellings en probleme wat hulle mag ondervind; dat hulle sterk subjektief is en geneig om hulle dinge persoonlik aan te trek; dat hulle betreklik onverskillig staan teenoor die vreugde en leed van ander; dat hulle buitengewoon vitterig en aggressief is en mank gaan aan 'n gebrek aan selfbeheer. Daar is uitsonderings, maar oor die algemeen was hierdie trekke kenmerkend van die groep.

Die algemene indrukke tydens waarneming en onderhoud bevestig in 'n groot mate die toetsresultaat. Hier is gevind dat hulle liggeraak, agterdogtig en kinderagtig is en maklik veronreg voel; dat hulle wellustig, egosentries en

selfsugtig/.....

selfsugtig is; dat hulle koppig, ongedissiplineer en uitdagend is en hulself nie maklik aan gesag onderwerp nie; dat hulle minder ambisieus en gewetenstrou is; dat hulle onkonvensioneel is in hulle gedrag en onrealisties in die benadering van hulle probleme, en dat hulle dikwels emosionele konflikte en spanninge openbaar wat voortvloei uit botsinge met die maatskaplike omgewing. Hulle het oor die algemeen die indruk geskep van emosionele onvolwassenheid en onewewigtigheid.

Die groep was gemiddeld ernstig wanaangepas. Die belangrikheid van genoemde trekke in hulle wanaanpassing en uiteindelik misdadigheid is voor die hand liggend. Daar word feitlik algemeen aanvaar dat temperamentstrekke hoofsaaklik aangebore is. Uit die ontleding van die gegewens het dit geblyk dat genetiese faktore in ooreenstemming hiermee moontlik 'n belangrike rol gespeel het in die wanaanpassings en afwykings van 'n aansienlike persentasie van die gevalle.

(d) <u>Gekompliseerdheid van Oorsake</u>:

Dit is duidelik dat 'n verskeidenheid van faktore in onderlinge wisselwerking verantwoordelik was vir die ontwikkeling van die groep tot oortreders. Hierdie faktore was nie alleen veelvuldig en ingewikkeld nie, maar het ook verskil van geval tot geval. Selfs in individuele gevalle het verskillende faktore uit meer as een situasie bygedra tot die ontwikkeling van die misdadige gedrag. 'n Geïsoleerde faktor het nie in 'n enkele geval tot misdaad gelei nie. Hieruit volg dat die jeugmisdadiger 'n produk is van verskillende sosio-kulturele, temperamentele en

intellektuele/.....

intellektuele faktore in wisselwerking met mekaar.

(e) Opvoedingsprobleme en Moontlikhede:

(i) Verwydering van Oorsake:

In die heropvoeding van die groep was dit nie moontlik om al die faktore te verwyder wat verantwoordelik was vir die wangedrag nie, veral nie in soverre hierdie faktore buite die persoonlikheid van die jeugoortreder self geleë was nie. As gebrek aan gesonde etiese en morele beginsels of swak intellektuele en opvoedkundige standaarde in die gesin byvoorbeeld die belangrikste oorsake was, kan die opvoeder nie veel doen om hierdie toestande te verander nie. Hierdie probleem is waarskynlik eie aan alle heropvoedingspogings. Dan nog kan die verwydering van omgewingsoorsake in baie gevalle nie die moeilikheid oplos van die persoon wat reeds wanaangepas of afwykend is nie, ewe min as wat maatreëls om te voorkom dat hy aansteek, die persoon kan help wat reeds 'n siekte onder lede het.

Die heropvoedingspoging was dus, soos dit steeds moet wees, in die eerste plaas gerig op die jeugoortreder self. In soverre die oorsake van sy moeilikheid in homself geleë was, kon pogings aangewend word om dit sover doenlik te verwyder, en sy persoonlikheid so te ontwikkel dat hy in staat sou wees om die probleme die hoof te bied waarvoor hy te staan kom. Die mislukte primêre verhoudinge wat dikwels die belangrikste oorsaak van die moeilikheid was, kon meestal nie meer herstel word nie, maar daar kon getrag word om die jeugoortreder self te reoriënteer teenoor hierdie verhoudingsprobleme. Deurdat hy verwyder was uit die probleemsituasie kon hy meer objektief daarteenoor staan

en/.....

en dit van 'n afstand in beter perspektief sien. Met die ontwikkeling van begrip van die oorsake van, en insig in, sy persoonlike moeilikhede sou hy allig in staat wees om die emosionele wanverhoudinge waarvan hy voorheen 'n slagoffer was, nou beter te hanteer. In gevalle waar die primêre verhoudinge nie reeds onherstelbaar tot niet gegaan het nie, kon die ouers deur middel van persoonlike onderhoude en briewe gewys word op die betekenis van die toestand in die wangedrag van die seun, en kon hulle dikwels beïnvloed word om hulle geskille in belang van sy rehabilitasie by te lê. Oor die algemeen het daar tydens die heropvoedingsproses verbetering ingetree in die verhoudinge van die groep tot die gesinne en meer spesifiek tot die ouers.

(ii) <u>Noodsaaklikheid van Tydige Behandeling</u>:

Dit was uit die ondersoek duidelik dat 'n aansienlike persentasie van die gevalle reeds op skool moeilikheid gegee het, sonder dat besliste pogings aangewend is om hulle te help. Meestal is hulle misdade voorafgegaan deur ander vorme van probleemgedrag. Indien die oorsake van hulle moeilikhede betyds bepaal was, en hulle die nodige behandeling ontvang het, sou baie van hulle allig nie later in die Verbeteringskool beland het nie. Dit volg dat probleme soos skolastiese vertraging en stokkiesdraai in 'n ernstige lig gesien moet word, nie bloot uit die oogpunt van negatiewe straf nie, maar met die oog op positiewe hulp aan die leerling. Dit is probleme wat noukeurig ondersoek behoort te word. Waar die oorsake dikwels tuis gesoek moet word, is die dienste van 'n deeglik opgeleide huisbesoek-onderwyser klaarblyklik noodsaaklik. In soverre die oorsake

in die leerling self geleë is, sal dit 'n taak wees vir die onderwyser-sielkundige. Op enkele uitsonderings na het die groep 'n gebrek aan taalvermoë openbaar, terwyl hulle aanleg en belangstelling hoofsaaklik gerig was op praktiese werk. Hulle skolastiese vertraging is vermoedelik in 'n groot mate hieraan te wyte. As sulke probleme betyds ontdek, en die nodige voorsiening in hulle intellektuele behoeftes gemaak was, sou hulle waarskynlik beter gepresteer en meer bevredigend aangepas het.

(iii) Noodsaaklikheid van beslister Optrede:

Dit is die gees van die Kinderwet, en ook die algemene strewe van die geregshowe en staatsdepartemente wat daarby betrokke is, om die jeugoortreder solank moontlik van die Verbeteringskool weg te hou en die heropvoeding sover moontlik binne die gemeenskap te onderneem. Die gedagte wat ten grondslag hiervan lê, is dat die behoeftes van die kind op die beste en natuurlikste wyse binne die gesin en die gemeenskap bevredig kan word. Hierdie beginsel behoort egter nie in te hou dat daar toegelaat word dat die persoonlikheid van die jeugoortreder in so 'n mate verval dat sy heropvoeding, afgesien van die skade wat hy intussen aan die algemene publiek besorg het, nagenoeg 'n onbegonne taak word nie.

Dit het geblyk dat die meerderheid van die groep nie alleen betreklik lang kriminele loopbane gevolg en ernstige misdaadrekords opgebou het nie, maar ook dat hulle baie ernstig wanaangepas en in individuele gevalle selfs geestelik versteur was voordat hulle vir behandeling en heropvoeding na die Verbeteringskool verwys is. Die grootste persentasie

het/.....

het reeds een of meer vorme van mislukte behandeling ondervind voordat daar beslister teenoor hulle opgetree is. In sommige gevalle is toegelaat dat die misdadige neigings so diep wortel skiet dat dit 'n lang termyn van behandeling sal verg om te herstel wat verkeerd geloop het. By 'n aantal gevalle was die kwaad reeds so diep vasgelê dat die poging tot rehabilitasie op 'n mislukking uitgeloop het. Dit het geblyk dat 'n gemiddelde van 26·7% van die gevalle na 'n heropvoedingsperiode van 18 maande nog geen verbetering getoon het nie. As daar betyds opgetree is, sou die moontlikhede om hulle te rehabiliteer waarskynlik gunstiger gewees het. Dit skyn of die onmoontlike soms van 'n verbeteringskool verwag word.

Sentimentele oorwegings in die goeie naam van menslikheid dien dikwels nie alleen om misdaad ten koste van die algemene publiek in die hand te werk nie, maar is op slot van sake wreed, omdat dit toelaat dat die jeugoortreder 'n gewoontemisdadiger word aan wie nie meer veel gedaan kan word nie en wat baie jare van sy lewe agter tralies sal deurbring.

Solank die Verbeteringskool beskou word as 'n strafinrigting in plaas van 'n skool vir gedragsafwykendes, net soos 'n hospitaal daar is vir pasiënte met liggaamlike en geestelike afwykings of siektes, sal hierdie probleem bly voortbestaan. As 'n skool vir gedragsafwykendes behoort 'n verbeteringskool toegerus te wees met die beste opvoedkundige fasiliteite en 'n bekwame personeel wat weet hoe om die modernste opvoedkundige en terapeutiese metodes ten behoewe van elke individuele geval aan te wend.

(iv)/.....

(iv) Afsondering van die Gemeenskap:

Die heropvoeding van die groep jeugoortreders moes noodwendig in 'n verbeteringskool onderneem word, omdat alle ander middele, insluitende lyfstraf, boete, opgeskorte vonnisse, proefbeamptetoesig en behandeling gesertifiseerde inrigtings of nywerheidskole, reeds gefaal het, of omdat die oortredings so ernstig was dat alternatiewe middele nie oorweeg kon word nie. Hulle het die publiek toe al reeds veel skade berokken, sodat dit in belang van die gemeenskap en hulle eie rehabilitasie noodsaaklik was om hulle in 'n inrigting af te sonder. Nietemin bring verwydering uit die gemeenskap vir die heropvoeding self probleme mee. Gesonde geestelike en maatskaplike ontwikkeling kan bes in die gesin en in die gemeenskap geskied, waar die kind se behoeftes op die natuurlikste wyse in 'n ongedwonge atmosfeer bevrediging kan vind, en waar hy menigvuldige geleenthede het om 'n keuse te doen of erkenning te verkry. Op sy beste bly 'n verbeteringskool 'n kunsmatige omgewing, met beperkte geleenthede om werklike keuses te doen of met werklike lewensituasies of probleme kennis te maak. In 'n sekere sin voorsien die inrigting sosiale lewe op 'n vereenvoudigde vlak, sodat dit nie 'n groot kuns is om aan die eise daarvan te voldoen nie. Die leerling verkeer veral aanvanklik onder voortdurende toesig en het weinig geleentheid om op eie inisiatief te kies tussen reg en verkeerd. Om hiervoor enigsins te vergoed, is die toesig en dissipline geleidelik verslap, terwyl die leerling reeds van die begin af soveel vryheid moontlik binne die inrigtingsmure geniet.

(v) Gedwongenheid van die Heropvoedingsproses:

Uit wat reeds gesê is, volg dit dat die groep

hulself/.....

hulself nie vrywillig aan behandeling en heropvoeding onderwerp het nie. Hulle het geen besef gehad dat daar iets radikaals met hulle verkeerd was nie; nog minder het hulle 'n begeerte vir herstel of rehabilitasie geopenbaar. Die heropvoeding moes op hulle afgedwing word, met die gevolg dat hulle veral aanvanklik in bittere verset daarteen was. Die gedwonge afsondering van die gemeenskap, hoe goed ook al bedoel, is deur hulle as "straf" vertolk. Dit was gevolglik uiters moeilik om hulle te oortuig dat die verlies van vryheid, met die streng dissipline wat noodwendig daarmee moes saamgaan, wesenlik in hulle eie belang was. Vermoedelik was hierdie verset gedeeltelik die rede waarom die groep gedurende die eerste ses maande swak gevorder het, en 'n aantal gevalle selfs agteruitgang getoon het. Dit was duidelik dat 'n geval dadelik vordering gemaak het sodra hy tot die besef gekom het dat hy hulp nodig het.

(vi) <u>Doeltreffendheid van die Heropvoedingsproses</u>:

In die voorgaande paragrawe is enkele van die probleme gestel wat by die heropvoeding van die jeugoortreder voorkom. Hierdie probleme bemoeilik nie alleen die taak van die heropvoeding nie, maar belemmer ook die vordering van die leerling. Soos geblyk het, dui die resultaat nietemin daarop dat die grootste persentasie tog baat gevind het by die toegepaste prosedures. Dit was verder duidelik dat die periode onmiddellik na toelating tot die Verbeteringskool deurslaggewend is vir die rehabilitasie van 'n geval. Meestal is die vordering na verloop van die eerste maande geleidelik en bestendig. Nie alleen was die groep na 18 maande gemiddeld skolasties en beroepskundig beter toegerus nie, maar hulle algemene gedrag en

persoonlikheidsaanpassing/.....

persoonlikheidsaanpassing was veel beter. Dit skyn dus moontlik te wees om die persoonlikheidsreaksies en --aanpassing deur doelgerigte behandeling en heropvoeding te wysig in die veronderstelling dat die jeugoortreder nie langer deur middel van antisosiale gedrag sal kompenseer as sy wanaanpassings verdwyn, en sy persoonlikheid beter geïntegreer is nie.

Die basiese temperamentstrekke het met verloop van die heropvoedingsproses slegs geringe wysiging ondergaan. Dit wil dus voorkom of omgewings- en opvoedingsinvloede nie ingrypende veranderinge in temperament te weeg kan bring nie. Die meeste waarop die opvoeder en die heropvoeder dus kan hoop, is waarskynlik om die persoonlikheid van die leerling so te ontwikkel dat hy sy temperamentele neigings, byvoorbeeld sy emosionaliteit, impulsiwiteit en aggressiwiteit behoorlik kan beheers of opbouend kan aanwend. Dit was trouens uit die resultaat duidelik dat die groep jeugoortreder in die gereelde en gedissiplineerde atmosfeer van die inrigting baie meer selfbeheers geraak het.

Dit het verder geblyk dat 'n aansienlike persentasie van die gevalle selfs na 'n heropvoedingsperiode van 18 maande nog geen vordering getoon het nie. Daar kan twee redes hiervoor wees. Die gebrek aan vordering kan te wyte wees aan verkeerde diagnose en gevolglik verkeerde metodes van behandeling en heropvoeding; of dit kan die gevolg wees van inherente gebreke, soos byvoorbeeld diepliggende psigopatiese neigings. Die waarheid lê vermoedelik aan albei kante. In soverre die fout by die eerste moontlikheid gesoek moet word, beklemtoon dit slegs die noodsaaklikheid van intensiewe ondersoek na die probleme van elke individuele geval en die toepassing van wetenskaplike metodes van

behandeling/....

behandeling en heropvoeding. As die gebrek aan vordering te wyte is aan faktore wat in die jeugoortreder self lê, noodsaak dit 'n lang termyn van afsondering met deskundige behandeling in 'n poging om die geval te rehabiliteer. Dit is in belang van die algemene publiek en van die jeugoortreder self dat hier te lande 'n inrigting vir psigopate tot stand gebring word, waar 'n spesiale studie van sulke gevalle gemaak en hulle oor 'n lang periode aan 'n proses van intensiewe behandeling onderwerp kan word. Sulke gevalle het dikwels 'n goeie intelligensie, sodat hulle energie onder die nodige toesig produktief aangewend kan word.

Die resultaat van die heropvoedingsproses dui daarop dat daar geen wondermiddel bestaan waarmee die jeugoortreder maklik en gou gerehabiliteer kan word nie. Sy heropvoeding verg geduld, moeisame arbeid en die beste opvoedkundige en terapeutiese metodes. Wat die geval self betref, is dit 'n proses van geleidelike ontwikkeling en aanpassing.

(vii) <u>Beoordeling van die Resultaat</u>:

In die gewone skool word die resultaat van die onderrig en opleiding by benadering bepaal deur middel van 'n eksamen. Die medikus gebruik 'n koorspen om vas te stel of sy pasiënt geskik is om die bed te verlaat. Dit is ewe noodsaaklik dat middele gevind moet word om die uitwerking van die heropvoedingsproses doeltreffend te bepaal. Op die oomblik word 'n leerling uit die Verbeteringskool ontslaan op grond van sy vordering op skool en in 'n ambag en sy algemene gedrag in die inrigting. Dit sou meer waarde hê as sy ontslag toegestaan kon word op grond van sy vermoë om suksesvol aan te pas in die gemeenskap.

Die/.....

Die beoordeling van die uitwerking van die heropvoedingsproses op die persoonlikheid van die jeugoortreder, soos in hierdie studie gedaan, is 'n poging in dié rigting. In soverre dit dié besondere afdeling van die studie betref, was dit slegs 'n ondersoek na die moontlikheid van 'n meer wetenskaplike bepaling van die resultaat as aanvulling van die bestaande maatstawwe. Vir dié doel is van bestaande toetse gebruik gemaak, sowel as van skatting.

Die uitslag dui daarop dat dit moontlik sou wees om noukeuriger en meer wetenskaplike metodes te vind waarvolgens die geskiktheid al dan nie van die leerling vir ontslag bepaal kan word. Nie alleen stem die uitslae van die drie maatstawwe van beoordeling, naamlik die skatting van die persoonlikheidsaanpassing en temperament, in hooftrekke ooreen nie, maar dit was ook deurgaans dieselfde gevalle wat swak of goed gepresteer het. As die skatting swak was, het dit geblyk dat die prestasie in die toetse in die meeste gevalle ooreenstemmend swak was.

Die skatting van die persoonlikheidsreaksies het min of meer betrekking gehad op die leerling se gedrag in 'n vereenvoudigde en relatief kunsmatige situasie in die inrigting. Dit was nie moontlik om hulle reaksies in die gemeenskap te beoordeel nie. Dit is 'n gebrek, maar die veronderstelling is dat daar 'n moontlike oordrag van die een situasie na die ander sal wees. Verder het die skattings 'n neiging getoon om na die gemiddelde te beweeg en was gevolglik minder geldig. Daarteenoor het die toetse 'n beter verspreiding gelewer. Albei die toetse is vir 'n algemene doel gestandaardiseer en het nie spesifiek op die inrigtingsituasie betrekking nie. Hulle toets die algemene

vermoë/.....

vermoë van die individu om in 'n normale gemeenskapsituasie aan te pas en is as sodanig bevredigender instrumente vir die beoordeling van die geskiktheid van 'n leerling vir ontslag.

Die toetse is egter nie spesifiek vir die jeugoortreder ontwerp om sy vermoë tot normale aanpassing in die gemeenskap te bepaal nie. Indien toetse spesifiek vir hierdie doel ontwerp en gestandaardiseer kon word, sou dit waarskynlik moontlik wees om die geskiktheid van die jeugoortreder vir ontslag uit die inrigting en assimilasie in die gemeenskap meer effektief te bepaal. Die ontwerp van sodanige toetse is 'n taak wat jare van ondersoek sal verg.

# BYLAE I.

## S K E D U L E.

## KLINIESE ONDERSOEK EN DIAGNOSE.

1. Identifiserende Data:

Nommer:________ Naam:______________________________________

Gebore op:________ Ouderdom:____________

Huisadres:______________________________

__________________________

_____________________

2. Probleemstelling:

(Aard en graad van afwyking of wanaanpassing; algemene liggaamlike en geestesgesteldheid; Gronde van toewysing.)

3. Maatskaplike Agtergrond:

(a) Formele Aspekte:

(Uiterlike gesteldheid van omgewing, nabyheid van fabrieke, spoorwegwerwe en myne, behuisingstoestand, samestelling van bevolking, ekonomiese status van gemeenskap, ontspanningsfasiliteite en speelruimte.)

(b) Wesenlike Aspekte:

(Tradisies, etiese standaarde en norme, morele opvattinge en algemene lewenswyse.)

4. Gesinsagtergrond:

(a) Behuising:

(Grootte en aard, oorbewoning of geen ingeval van kinders wat in inrigtings groot word.)

(b) Gesinsamestelling:

(Grootte, volledigheid of gebrokenheid insluitende kinders wat in inrigtings opgegroei het en geen ouers het nie, sowel as inwonendes onder dieselfde dak.)

(c)/.....

(c) <u>Gesinseienskappe</u>:

(i) <u>Gesondheid</u>: (Langdurige of kroniese siektetoestande in die gesin, lewenskragtigheid of swakheid van individuele gesinslede).

(ii) <u>Opvallende eienskappe van individuele gesinslede</u>.

(iii) <u>Morele en Godsdienstige Beskouinge</u>.

(iv) <u>Intellektuele en Opvoedkundige Standaarde</u>.

(v) <u>Onderlinge emosionele Verhoudinge en huislike Atmosfeer</u>.

(vi) <u>Beroepskundigheid van gesinslede</u>.

(vii) <u>Dissipline in Gesin</u>.

(viii) <u>Sosiale Status van die Gesin</u>.

(ix) <u>Ekonomiese Status van die Gesin</u>.

(x) <u>Kultuurkonflikte</u>.

(xi) <u>Vryetydsbesteding</u>.

5. <u>Persoonlike Geskiedenis van Jeugoortreder</u>:

(a) <u>Kriminele Rekord</u>: (Volgens Hofstukke).

(b) <u>Liggaamlike Ontwikkeling</u>.

(c) <u>Algemene Ontwikkeling</u>: (Volgens inligting verkry van ouers en ander in noue kontak met geval).

(d) <u>Opvoedkundige Ontwikkeling</u>: (Volgens verslae van skole, tehuise, of ander inrigtings).

(e) <u>Beroepsloopbaan</u>: (Indien die leerling reeds gewerk het voor verwysing. Verslae van werkgewers).

(f) <u>Persoonlikheidseienskappe</u>:

(i) <u>Algemene Indrukke</u> (Onderhoud en waarneming).

(ii) <u>Liggaamlike Toestand</u> (Volgens mediese ondersoek).

(iii) <u>Intellektuele Vermoë</u> (Volgens I.K.-toets) en skolastiese prestasie (volgens Taal- en Rekenkundetoetse).

(iv) <u>Algemene Bekwaamheid</u> (Volgens Bekwaamheidstoets).

(v)/......

(v) Belangstelling.(Volgens Belangstellingskaal).

(vi) Persoonlikheidsreaksies (Volgens gemiddelde van drie skattings).

(vii) Persoonlikheidsaanpassing.(Volgens California-Persoonlikheidstoets).

(viii) Temperament.(Volgens Johnson-Temperamenttoets).

(ix) Ander toepaslike Gegewens.

6. Diagnose:

(a) Formulering.

(b) Motivering.

(c) Aanbeveling.

7. Heropvoeding: (Beskrywing van prosedures toegepas en reaksie van geval).

8. Resultaat: (Volgens skatting van Persoonlikheidsreaksies en toetsing van Persoonlikheidsaanpassing en Temperament):-

(a) Na verloop van 6 maande.

(b) Na verloop van 12 maande.

(c) Na verloop van 18 maande.

9. Gevolgtrekking.

## BYLAE II.

## SIMBOLE GEBRUIK IN DIE OPSOMMING VAN GEGEWENS OOR DIE MAATSKAPLIKE AGTERGROND.

(a) Formele Aspekte:

1. Geografiese Ligging van Omgewing: stad, dorp of platteland:

S - Stad met 'n bevolking van 25,000 en meer.

D - Dorp met 'n bevolking van minder as 25,000 maar meer as 5,000.

P - Platteland met plase, en kleiner dorpe.

2. Gesteldheid van Omgewing en Behuising, d.w.s. die uiterlike waarneembare Aspekte van die fisiese Omgewing:

G - Goed ('n Goeie uitsluitlik residensiële woonbuurt met gerieflike woonhuise en voldoende grond.).

R - Redelik (Middelmatige woonbuurt met minder ruim woonhuise, gebrek aan grond en bedreig deur besighede).

S - Swak ('n Armoedige woonbuurt met verwaarloosde huise in 'n fabrieksgebied of grensende aan mynhope en spoorwegwerwe).

3. Samestelling van Bevolking: d.w.s. die eensoortigheid, veelsoortigheid en stratifikasie van die bevolking:

G - 'n Min of meer homogene bevolking met slegs geringe standsverskille.

R - 'n Heterogene blanke bevolking met in die ooglopende standsverskille.

S - 'n Gemengde blank-gekleurde bevolking met ernstige standsverskille.

4. <u>Ekonomiese Status van die Gemeenskap</u>:

G - 'n Welvarende gemeenskap.

R - 'n Minder gegoede maar tog selfstandige gemeenskap.

S - 'n Behoeftige gemeenskap met sommige gesinne afhanklik.

5. <u>Speelruimte</u>:

G - Voldoende.

R - Gebrekkig.

S - Ontbrekend.

(b) <u>Wesenlike Aspekte</u>, d.w.s. die meer subtiele en moeiliker waarneembare sy van die sosiale omgewing insluitende die tradisies, etiese standaarde en morele opvattinge van die gemeenskap:-

G - Gevestigde tradisies met kontinuïteit in sosiale interaksie en gesonde etiese standaarde en morele opvattinge.

R - Gebrek aan bestendige tradisies en kontinuïteit in sosiale interaksie met wisselende etiese standaarde en morele opvattinge, hoofsaaklik as gevolg van veelsoortigheid in die samestelling en wisseling van die bevolking.

S - Afwesigheid van tradisie en negatiewe sosiale interaksie, morele ontaarding, sedeloosheid en misdaad.

## BYLAE III.

### OPSOMMING VAN GEGEWENS OOR MAATSKAPLIKE AGTERGROND.

| Gevalle. | Formele Aspekte. | | | | | Wesenlike Aspekte. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aard van Omgewing. | Gesteldheid van omgewing en behuising. | Samestelling van Bevolking. | Ekonomiese Status van Gemeenskap. | Ontspanningsfasiliteite en speelruimte. | Tradisies, Etiese Standaarde en morele opvattinge. |
| 1 | D | G | R | G | G | G |
| 2 | P | R | G | R | G | G |
| 3 | S | R | R | R | R | R |
| 4 | D | R | G | G | G | R |
| 5 | S | R | R | R | R | R |
| 6 | S | R | R | R | G | R |
| 7 | S | R | R | R | R | R |
| 8 | S | R | R | G | G | G |
| 9 | S | G | R | G | G | G |
| 10 | S | G | G | R | G | G |
| 11 | S | S | S | R | R | S |
| 12 | S | G | R | G | G | R |
| 13 | D | G | G | G | G | G |
| 14 | S | S | S | S | S | S |
| 15 | S | G | G | G | G | G |
| 16 | S | G | R | G | G | G |
| 17 | P | G | G | G | G | R |
| 18 | S | G | G | G | G | R |
| 19 | S | G | R | G | G | G |
| 20 | S | S | R | S | S | S |
| 21 | S | G | R | G | G | G |
| 22 | S | S | S | S | R | S |
| 23 | P | R | R | S | G | R |
| 24 | D | R | R | R | G | R |
| 25 | S | S | S | R | S | S |
| 26 | S | G | G | G | G | G |
| 27 | S | G | G | G | G | G |
| 28 | D | R | G | R | G | R |
| 29 | S | S | R | R | R | S |
| 30 | P | G | G | G | G | G |

# BYLAE IV.

## SIMBOLE GEBRUIK IN OPSOMMING VAN GEGEWENS OOR DIE GESINSAGTERGROND.

1. Beweeglikheid:

BS - bestendig.

B2 - verander van woonplek met syfer om aantal kere aan te dui dat gesin verhuis het.

I - immigrant.

VI - vader immigrant

2. Behuising:

G - ruim en gerieflike woning met voldoende grond vir beweging daaraan verbonde.

R - middelmatige woning met onvoldoende ruimte daarom, redelik gemeubileerd, net en skoon.

S - swak woning, verwaarloos en oorbewoon, onvoldoende gemeubileerd en slordig.

3. Samestelling:

(a) Ouers:

VM - ouers lewe albei.

OO - ouers albei oorlede.

OV - vader oorlede.

OM - moeder oorlede.

OG - geskei.

BE - buite egtelik gebore.

(b) Bly by:

VM - vader en moeder.

SVM - stiefvader en moeder.

SMV - stiefmoeder en vader.

SO - stiefouers.

AO/.....

AO - aangenome ouers.

GO - grootouers.

GV en GM - grootvader en grootmoeder.

4. Gesondheid:

G - goed.

R - siekte van tydelike aard.

S - kroniese siektetoestand.

5. Morele en Godsdienstige Beskouinge:

G G - gesond.

R T - twyfelagtig.

S S - swak:- SD - swak, dronkenskap.

SO - swak, onsedelik.

SM - swak, misdadigheid.

bv. SVD - swak vader dronklap.

6. Intellektuele en Opvoedkundige Standaarde:

G - een of albei ouers het minstens Std. VI geslaag of beroepsopleiding geniet wat die broodwinner in staat stel om geskoolde arbeid te verrig. Die gesin stel verder redelik intelligent belang in koerante, tydskrifte en boeke.

R - een of albei ouers het minstens Std. IV geslaag of verrig geskoolde arbeid, maar stel weinig belang in wat in die wêreld om hulle aangaan, lees nie koerante, ens., nie.

S - geen een van ouers het Std. IV geslaag nie, of verrig ongeskoolde arbeid en stel geen belang in lees nie.

7./....

7. Emosionele Verhouding en Huislike Atmosfeer:

G - gesond: onderlinge emosionele verhoudinge bestendig en warm, met opbouende atmosfeer en geleentheid om die basiese drange na liefde, erkenning en aktiviteit te bevredig.

R - onenigheid en spanning kom af en toe voor, die onderlinge emosionele verhoudinge word soms tydelik versteur, maar oor die algemeen nog geleentheid vir die bevrediging van die basiese drange.

S - onderlinge emosionele verhoudinge ongesond as gevolg van rusie, twis en duursame spanning, met gebrek aan geleentheid vir die bevrediging van basiese drange.

8. Beroepskundigheid:

P - professie, staatsdiens, besigheid en boer.

PS - pensionaris.

Mw - mynwerker.

Ga - geskoolde arbeider.

OP - ouderdoms- of ongeskiktheidspensioen.

W - werkloos.

F - fabriekswerker.

Oa - ongeskoolde arbeider.

Sp - spoorwegberoepswerker.

S - spoorwegarbeider.

9. Ekonomiese Status:

G - welvarend.

R - minder gegoed, maar selfstandig.

S - behoeftig (afhanklik).

10./....

10. <u>Sosiale Status</u>:

G - gerespekteerd, neem leiding.

R - geen besondere aansien nie, maar daar word ook nie op gesin neergekyk nie.

S - word liefs vermy.

11. <u>Dissipline</u>:

G - gesond: streng maar liefdevol.

R - onbevredigend: oordrewe streng of oordrewe toegewend.

S - swak: geen of inkonsekwent en onbestendig; vertroeteling of mishandeling.

BYLAE V(a).

OPSOMMING VAN GEGEWENS OOR GESINSAGTERGROND.

| | Fisies. | | Samestelling. | | Eienskappe. | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Gevalle. | Beweeglikheid. | Behuising. | Primêre Verhoudinge. | Sorg. | Gesondheid. | Morele en Godsdienstige. | Intellekt. en Opvoed. stand. | Emosionele Verhoudinge. | Beroepskundigheid. | Gemiddelde Inkomste per maand. | Ekonomiese Status. | Sosiale Status. | Dissipline. |
| 1 | BS | G | VM | VM | S | G | G | G | Po | £ 65 | G | G | R |
| 2 | BS | S | VO | SVM | R | R | S | G | S | £ 28 | S | R | R |
| 3 | BS | R | VO | SVM | R | S | S | S | Mw | £ 52 | R | S | S |
| 4 | B10 | R | VO | SVM | S | G | S | G | Oa | £ 30 | S | R | R |
| 5 | BS | R | VO | SVM | G | R | S | G | S | £ 35 | S | R | R |
| 6 | BS | R | OG | SVM | G | R | R | S | Ga | £ 90 | R | R | G |
| 7 | BS | R | VM | VM | S | S | R | S | Ga | £ 44 | R | S | G |
| 8 | BS | G | VM | VM | G | G | G | G | P | £ 80 | G | G | R |
| 9 | BS | G | VM | VM | G | G | G | G | Sp | £ 60 | G | G | S |
| 10 | BS | G | BE | GV/SGM | G | G | R | R | P | £ 40 | R | G | S |
| 11 | VI.B3 | R | VM | VM | G | G | R | G | Ga | £ 81 | G | R | R |
| 12 | BS | R | MO | SMV | R | G | S | S | Oa | £ 18 | S | R | G |
| 13 | BS | G | VM | VM | G | S | R | S | Ga | £140 | G | S | S |
| 14 | BS | S | VO | SVM | G | S | R | S | Ga | £ 57 | R | S | S |
| 15 | BS | G | VM | VM | G | G | G | R | P | £125 | G | G | G |
| 16 | BS | G | OG | SVM | G | G | G | S | P | £ 50 | R | R | G |
| 17 | B4 | R | VM | VM | G | G | S | G | Oa | £ 30 | S | R | S |
| 18 | B5 | R | VM | VM | G | G | R | G | Ga | £ 80 | G | R | R |
| 19 | BS | G | OG | SVM | G | S | R | S | Ga | £ 75 | G | S | S |
| 20 | B3 | S | VM | VM | R | R | S | R | Oa | £ 26 | S | S | S |
| 21 | BS | G | BE | AM | G | G | G | R | P | £100 | G | G | R |
| 22 | B4 | S | VM | VM | G | S | S | S | Ga | £ 75 | G | S | S |
| 23 | BS | R | MO | SMV | G | G | R | G | Ga | £ 62 | G | S | S |
| 24 | B5 | G | VM | VM | S | G | R | G | Ga | £ 60 | G | G | G |
| 25 | BS | G | MO | V | R | G | R | S | Ga | £ 50 | R | S | S |
| 26 | BS | G | OG | VSM | G | S | G | S | Ga | £110 | G | G | R |
| 27 | BS | G | VO | SVM | G | G | S | G | Mw | £100 | G | R | S |
| 28 | B3 | S | OG | M | G | S | S | G | Oa | £ 13 | S | S | S |
| 29 | BS | S | OG | V | G | S | R | S | Ga | £ 50 | R | S | S |
| 30 | BS | R | VM | VM | G | S | S | R | Oa | £ 25 | S | S | S |

## BYLAE V(b).

## OPSOMMING VAN GEGEWENS OOR GESINSAGTERGROND.

| Gevalle | Afwykinge by Gesinslede. |
|---|---|
| 1. | Genetiese faktore moontlik: 2 ooms swaksinnig, 1 pleeg selfmoord; 'n derde onstabiel en suster behandel vir vallende siekte. |
| 2. | Moeder 'n afgesloofde, versukkelde, sentimentele vrou; erg melankolies. |
| 3. | Vader en moeder leef saam sonder dat hulle getroud was. Vader drink baie, pleeg misdaad en verlaat moeder nadat daar 5 kinders was. |
| 4. | Geen. |
| 5. | Geen. |
| 6. | Geen. |
| 7. | Vader skuldig aan drankmisbruik. |
| 8. | Geen. |
| 9. | Genetiese faktore moontlik: psigopatiese afwykinge in familie aan vaderskant: oom en tante in kranksinnige gestig; grootmoeder ook geestelik afwykend. |
| 10, | Buite-egtelik gebore; eie vader onbekend. |
| 11. | Moeder 'n senuweeagtige, swaarmoedige tipe. |
| 12. | 'n Broer in nywerheidskool. Moeder senuweeagtig en emosioneel ernstig onstabiel. |
| 13. | Albei ouers leef onsedelik en verslaaf aan drank. |
| 14. | Vader verslaaf aan drank en pleeg misdaad, |
| 15. | Geen. |
| 16. | Geen. |
| 17. | Geen. |
| 18. | Geen. |
| 19. | Vader verslaaf aan drank; leef ook onsedelik. |
